DIE POSISIE VAN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES BINNE DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

deur

SUSANDRA JACOBA CLAASSENS

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER ATRIUM

in die vak

OU NABYE OOSTERSE STUDIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF. P S VERMAAK

MAART 2007

DEKLARASIE VAN EIE WERK

"Ek Susandra Jacoba Claassens verklaar hiermee dat 'Die posisie van die antieke Mesopotamiese versamelings en inskripsies binne die antieke Mesopotamiese regstradisies' my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het."

....

Susandra Jacoba Claassens **Datum**

SUMMARY

The Mesopotamian inscriptions and collections in ancient Mesopotamia consist of different meanings extended over long time-periods and with social, political, economic and ethnic differences. Scholars in determining whether the texts are an authentic source for Mesopotamian law traditions developed different theories and each of these theories has different variations.

In a literature study to obtain if the inscriptions and collections are an authentic source, the different theories and methodologies of the inscriptions and collections were mentioned and the inscriptions and collections were tested in accordance with the characteristics of the Mesopotamian law traditions.

Until new interpretation of documents of daily activities and legal activities, which can prove, that these texts are an authentic source, the interpretation of the collections and inscriptions on the legal issues of ancient Mesopotamians must be applied with caution and studied together with the greater corpus of cuneiform texts.

Keywords:

Ancient Mesopotamia, legal source, reforms, inscriptions, edicts, law collections, law codes, Mesopotamian Law, symbolism, multi-sensory communication, non-verbal communication, scholastic exercises, scribal schools, law tradition

OPSOMMING

Die antieke Mesopotamiese inskripsies en versamelings het verskillende betekenisse oor ’n lang tyd van sosiale-, taal-, politiese-, ekonomiese- en etniese verskille. Verskillende teorieë is deur hedendaagse skrywers ontwikkel om te bepaal of die tekste as ’n gesaghebbende bron vir die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

In ’n omvattende literatuurstudie is die bestaande en nuwe teorieë ondersoek, metodologieë uitgelig en die Mesopotamiese versamelings en inskripsies aan die hand van die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies getoets om te bepaal of die versamelings en inskripsies as gesaghebbende bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

Totdat spykerskrif-dokumente oor alledaagse en regsaktiwiteite spesifiek aandui dat die versamelings en inskripsies ’n onbetwiste gesaghebbende bron in die Mesopotamiese regstradisies is, moet enige interpretasie van die versamelings en inskripsies op die regslewe van die antieke Mesopotamiërs met versigtigheid bejeën word en eerder saam met die groter groep spykerskrif-dokumente ge-evalueer word.

Vir Hennie & Louis

ERKENNINGS

Hierdie studie is voltooi danksy die volgehoue ondersteuning en motivering van die volgende persone wat my gehelp het om hierdie studie te kon voltooi:

* My studieleier, Prof. P S Vermaak. Baie dankie vir die waardevolle leiding en raad wat u aan my verleen het.
* My eggenoot Hennie, seun Louis, ouers en skoonouers baie dankie vir julle besondere geduld en motivering in die jaar wat ek nie altyd daar vir julle kon wees toe ek wou nie. Hierdie taak sou ek nie sonder julle ondersteuning kon voltooi het nie.

SOLI DEO GRATIA

Susandra J. Claassens
Maart 2007

In *Thus Spoke Zarathustra* Nietzsche announced that the spirit has undergone three metamorphoses. In the first one the spirit becomes a camel; then the camel becomes a lion; and finally the lion becomes a child. While a camel, the spirit allows itself to be loaded with any values of beliefs humanity wants to load it with. But while speeding into the desert the spirit undergoes a second metamorphosis and the camel becomes a lion. The lion is the animal in revolt against the values and beliefs it was loaded with before. The lion is the spirit of negativity that substitutes 'I will' for 'thou shalt'. But because it merely acts against, the lion is a purely negative being, incapable of creating new values to replace the old ones. In order to take this further step the spirit must undergo a third metamorphosis through which the lion becomes a child. As a child the spirit is innocent and forgetting, it is a new beginning, the creation of new values. Only then will the spirit will its owns will and conquer its own world."

(Boaventura de Sousa Santos 1987:279)

INHOUD

DEKLARASIE VAN EIE WERK ii

SUMMARY iii

OPSOMMING iv

ERKENNINGS vi

INHOUD VIII

LYS VAN AFKORTINGS xv

HOOFSTUK 1 XVI

INLEIDING XVI

1.1 INLEIDING xvi

1.2 NAVORSINGSVRAE xvii

1.3 NAVORSING DOELSTELLINGS xviii

1.4 REDE EN NUT VAN NAVORSING xx

1.5 PROBLEEMSTELLING xx

1.6 ONDERLIGGENDE AANVAARDINGS, OMVANG EN BEPERKINGE VAN STUDIE xx

1.7 HOOFSTUKINDELING xxi

DEEL 1 1

HOOFSTUK 2 1

TERMINOLOGIESE STUDIE 1

2.1 INLEIDING 1

2.2 TERMINOLOGIE VAN VERSKILLENDE BEGRIPPE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 1

2.2.1 Inleiding 1
2.2.2 Mesopotamiese regstradisies 2
2.2.3 Die term versamelings 5
2.2.4 Die term edik 7
2.2.5 Multi-sintuiglike opvoering van regshandelinge 9

2.3 TERMINOLOGIE VAN SEKERE KONSEPTE EN TERME IN VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES 10

2.3.1 *Mīšarum*/ nìg-si-sá en *kittum*/ nìg-gi-na 10

2.3.2 *Andurārum* 13
2.3.3 *Sar mīšarum* 15
2.3.4 *Dīnāt mīšarum* 15
2.3.5 *Lex Talionis* 18

2.4 SAMEVATTING 21

DEEL I 22

HOOFSTUK 3 22

DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE BESTUDERING VAN ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 22

3.1 INLEIDING 22

3.2 DIE ONTWIKKELINGSPERIODES VAN GOETZE 23
3.2.1 "Pioniersperiode" 24
3.2.2 "Pan-Babiloniese" periode 24
3.2.3 "Periode na die Eerste Wêreldoorlog" 25

3.3 NUWE ONTWIKKELINGE 26
3.3.1 Argeologiese ontwikkelinge 26
3.3.2 Ontwikkeling van Assiriologie 27

3.4 DIE VERSKILLENDE DENKSKOLE 28

3.5 DIE WETENSKAPVELDE SE BENADERING EN INVLOED OP DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 29
3.5.1 Inleiding 29
3.5.2 Mesopotamië: die begrippe kultuur en Kultuur Studies 30
3.5.3 Mesopotamië en Antropologie 32
3.5.4 Mesopotamië en Argeologie 34
3.5.5 Mesopotamiese regstradisies en die hedendaagse juris 37
3.5.5.1 Inleiding 37
3.5.5.2 Regsmetodologie in antieke regstradisies en die juris 39
3.5.6 Mesopotamië en Bybel Studies 43
3.5.7 Samevatting 45

3.6 SAMEVATTING 45

DEEL I 47

HOOFSTUK 4 47

OORSIG OOR DIE BRONNE VAN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 47

4.1 INTERPRETASIE PROBLEME VAN GESKREWE BRONNE 47

4.2 GESKREWE WOORD TEENOOR MONDELINGSE TRADISIE 50

4.3 PRAKTIESE GEBRUIKE VAN GESKREWE BRONNE 51

4.4 FUNKSIE EN BETEKENIS VAN 'N BRON IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 52

4.5 BESPREKING VAN BRONNE 53

4.6 . BRONNE VAN TEORIEË: INSKRIPSIES, VERSAMELING EN ANA ITTIŠU/SKOLASTIESE 53
4.6.1 Inskripsies 53
4.6.1.1 Inleiding 53
4.6.1.2 Inskripsie van koning Enmetena (Sumeries) 54
4.6.1.3 Inskripsie van koning Gudea van Lagaš (Sumeries) 55
4.6.1.4 Inskripsie van koning Urukagina / Uruinimgina (Sumeries, 2350 v.C.) 55
4.6.1.5 Inskripsie van koning Ammi-saduqa (Ou-Babiloniese periode – Hammurabi dinastie) 56
4.6.2 Versamelings 58
4.6.2.1 Inleiding 58
4.6.2.2 Versameling van koning Bilalama van Ešnunna (ca.. 2268–2259 v.C.) 58
4.6.2.3 Versameling van koning Ur-Nammu (Sumeries, 2112–2095 v.C.) 59
4.6.2.3.1 Die twee konings Ur-Nammu en Shulgi 59
4.6.2.3.1.1 Koning Ur-Nammu 59
4.6.2.3.1.2 Koning Shulgi 60
4.6.2.3.2 Wie het LU geskryf? 62
4.6.2.4 Versameling van Lipit-Ishtar (Sumeries, 1934–1924 v.C.) 63
4.6.2.5 Versameling van X (ca. 2050–1800 v.C.) 65
4.6.2.6 Versameling van Ešnunna (Babilonies, 1900 v.C.) 65
4.6.2.7 Versameling van Hammurabi (Babilonies, 1792–1750 v.C.) 66
4.6.2.7.1 Koning Hammurabi 68
4.6.2.8 Middel-Assiriese Versameling (Assur ca. 1076 v.C.) 69
4.6.2.9 Neo-Babiloniese Versameling (Sippar ca. 700 v.C.) 70
4.6.3 Ana ittišu of skolastiese tekste 70
4.6.3.1 Sumeriese Handboek van Vorme (Laat-Babilonies ca. 1700 v.C.) 71
4.6.3.2 Sumeriese Regsoefening-tablet (ca. 1800 v.C.) 72
4.6.3.3 Wette rondom 'n verhuurde os 73

4.7 BRONNE VAN DIE REG: REGSDOKUMENTE 74
4.7.1 Transaksierekords of sogenaamde regsdokumente 74
4.7.2 Hofrekords 76

4.8 ANDER BRONNE: NIE-REGSDOKUMENTE 78
4.8.1 Voorskrifte 78
4.8.2 Koninklike inskripsies 79
4.8.3 Leksikale tekste 80
4.8.4 Handels- en administratiewe dokumente 80
4.8.5 Literatuur 81
4.8.6 Briewe 82

4.9 SAMEVATTING 82

DEEL II 84

HOOFSTUK 5 84

VERSKILLENDE TEORIEË RONDOM DIE INTERPRETASIE VAN DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES AS 'N GESAGHEBBENDE BRON IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 84

5.1 INLEIDING 84

5.2 GESKIEDKUNDIGE VERLOOP VAN ONTWIKKELING VAN TEORIEË 85

5.3 TEORIEË VAN POSISIE VAN INSKRIPSIES IN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 87
5.3.1 Inleiding 87
5.3.2 Koninklike proklamasies van vryheid 88
5.3.3 Die koning se sosiale program - herinstel van vorige orde 90
5.3.4 Samevatting 92

5.4 HUIDIGE TEORIEË VAN DIE POSISIE VAN DIE VERSAMELINGS IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 93
5.4.1 Inleiding 93
5.4.2 Positiewe reg 94
5.4.2.1 Standpunte ten gunste van die teorie van positiewe reg/presedenteleer 94
5.4.2.1.1 Enkele skrywers se opmerkings ter ondersteuning van die teorie 94
5.4.2.1.2 Diamond se standpunte 95
5.4.2.1.3 Driver & Miles se standpunte 96
5.4.2.1.4 Steele se standpunte 97
5.4.2.1.5 Versteeg se standpunte 98
5.4.2.1.6 Lemche se standpunte 98
5.4.2.1.7 Good se standpunte 99
5.4.2.2 Standpunte ten gunste van die 'n kodifikasie van die reg dienende as 'n riglyn vir besluitnemers 99
5.4.2.2.1 Westbrook se standpunte 99
5.4.2.2.2 Medenhall se standpunte 101
5.4.2.2.3 Sassoon se standpunte 102
5.4.2.3 Kritiek teen die teorie van positiewe reg/presedenteleer 103
5.4.2.3.1 Roth se kritiese standpunte 103
5.4.2.3.2 Bottéro se kritiese standpunte 105
5.4.2.4 Samevatting van die teorie van die positiewe reg 107
5.4.3 Produk van skrywerskool 108
5.4.3.1 Skrywerskool in die Vroeë-Babiloniese tydperk 108
5.4.3.2 Standpunte ten gunste van die teorie van die produk van die skrywerskool 110
5.4.3.2.1 Roth se standpunte 110
5.4.3.2.2 Bottéro se standpunte 111
5.4.3.2.3 Westbrook se standpunte: sogenaamde "wetenskaplike verhandelinge" 113
5.4.3.3 Kritiek teen die teorie van die produk van die skrywerskool 115
5.4.3.4 Samevatting van die teorie van die produk van die skrywerskool 116
5.4.4 Propaganda van die koning en die rol van die koning 116
5.4.4.1 Inleiding 116
5.4.4.2 Standpunte ten gunste van die teorie van die propaganda van die koning 117
5.4.4.2.1 Ander skrywers 117
5.4.4.2.2 Finkelstein se standpunte 118
5.4.4.2.3 Oppenheim se standpunte 120
5.4.4.2.4 Bottéro se standpunte 121

5.4.4.4.5 Westbrook en Roth se gekwalifiseerde standpunte: sogenaamde "godsdienstige-historiese raamwerk" 121
5.4.4.4.6 Zaccagnini se standpunte 122
5.4.4.3 Kritiek teen die teorie van die propaganda van die koning 123
5.4.4.4 Samevatting van die teorie van die propaganda van die koning 123

5.5 SAMEVATTING 124

DEEL II 126

HOOFSTUK 6 126

VERSKILLENDE METODOLOGIEË VIR DIE INTERPRETASIE VAN DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES 126

6.1 INLEIDING 126

6.2 GOETZE SE SISTEEM VAN STATE 128

6.3 JACKSON SE KOGNITIEWE ANALISE 130

6.4 WESTBROOK SE GEMENE WETENSKAPLIKE TRADISIE 133
6.4.1 Eie siening van Westbrook se teorie 139

6.5 ROTH SE SOSIALE KATEGORIEË 140

6.6 ROTH SE SAAK-METODE 143

6.7 SIMBOLIESE EN MULTI-SINTUIGLIKE SENSORIESE PRAKTYKE: 'N NAVORSINGSMETODE 147
6.7.1 Inleiding 147
6.7.2 Multi-sintuiglike kommunikasie en die opvoering van die reg 149
6.7.2.1 Inleiding 149
6.7.2.2 Visuele kommunikasie 149
6.7.2.3 Ouditiewe kommunikasie 150
6.7.2.4 Taktiele kommunikasie 151
6.7.2.5 Smaak-en-reuk kommunikasie 152
6.7.3 Simboliese handelinge 153

6.8 SAMEVATTING 153

DEEL II 156

HOOFSTUK 7 156

KENMERKE VAN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 156

7.1. INLEIDING 156

7.2 DIE VRAAG: WAT IS DIE REG? EN 'N DEFINISIE VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 157
7.2.1 Wat is die reg? 158

7.2.2 Definisie van die Mesopotamiese regstradisies 162

7.3 MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES IN VERGELYKING MET ANDER REGSTELSELS 162

7.4 AARD VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 165

7.5 KENMERKE VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 169
7.5.1 Inleiding 169
7.5.2 Ongespesialiseerde beoefening van regstradisies 169
7.5.3 Persoonlike aard van regstradisies 171
7.5.4 Groepsoriëntering 171
7.5.5 Koningskap-ideologie of sentrale gesag 173
7.5.6 Konkrete aard 179
7.5.7 Openlikheid/Publieke aard 180
7.5.8 Bewaring van *status quo* 180
7.5.9 Dinamies 181
7.5.9 Mnemoniese strategie 181
7.5.10 Godsdienstige karakter 183
7.5.11 Tydloosheid 184
7.5.12 Instandhouding van harmonie 185

7.6 SAMEVATTING 185

DEEL II 187

HOOFSTUK 8 187

EVALUERING VAN TEKSTE 187

8.1 INLEIDING 187

8.2 INSKRIPSIES SE POSISIE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES 187
8.2.1 Inleiding 187
8.2.2 Inskripsie van koning Urukagina / Uruinimgina (Sumeries, 2350 v.C.) 188
8.2.3 Inskripsie van koning Ammi-saduqa (Ou-Babiloniese periode – Hammurabi dinastie) 191

8.3 VERSAMELINGS SE POSISIE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES ... 192
8.3.1 Inleiding 192
8.3.2 Versameling van koning Ur-Nammu (Sumeries, 2112–2095 v.C.) 192
8.3.2.1 Koningskap ideologie 192
8.3.2.2 Samevatting van koningskap ideologie en eie mening van die posisie van LU 194
8.3.4 Versameling van Hammurabi (Babilonies, 1792–1750 v.C.) 195
8.3.4.1 Ongespesialiseerde beoefening van die regstradisies en Groepsoriëntering 196
8.3.4.2 Koningskap-ideologie 197
8.3.4.3 Godsdienstige aard 197
8.3.4.4 Openlikheid/Publieke aard 200
8.3.4.5 Konkrete aard 202
8.3.4.6 Bewaring van status quo en instandhouding van harmonie 203
8.3.4.7 Tydloosheid 203
8.3.4.8 LH as ʼn gesaghebbende bron? 203

8.3.4.9 Samevatting 204

8.4 SAMEVATTING 204

HOOFSTUK 9 206

SLOT 206

9.1 OPSOMMING VAN BEVINDINGE 206

9.2 VERDERE NAVORSING 210

AFKORTINGS VAN TYDSKRIFARTIKELS 212

BIBLIOGRAFIE 214

AANHANGSEL A TERMINOLOGIE LYS 232
Romeinse Reg en Latynse uitdrukkings en terminologie 232
Antieke Mesopotamiese Kultuur en Regstradisies se terme en begrippe 234
Ander terme en begrippe 238

AANHANGSEL B TYDLYN VAN DIE SKRIF IN ANTIEKE MESOPOTAMIË MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES 239

AANHANGSEL C KAART VAN ANTIEKE MESOPOTAMIË MET PLEKAANWYSING WAAR VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES GESKRYF OF ONTDEK IS 243

LYS VAN AFKORTINGS

Die lys van afkortings wat hierna volg word algemeen deur geleerdes in die bespreking van die Ou Nabye Ooste se regstradisies en -kultuur gebruik.

Afkorting	Engelse beskrywing	Afrikaanse beskrywing
ONO	Ancient Near East	Ou Nabye Ooste
<u>Mesopotamiese Inskripsies</u>		
Ed Am	Edict of Ammi-saduqa	Inskripsie van Ammi-saduqa
	Edict of Samsu-iluna	Inskripsie van Samsu-iluna
	Edict of Urukagina	Inskripsie van Urukagina
	Edict of X	Inskripsie van X
<u>Mesopotamiese Versamelings</u>		
LE	Laws of Ešnunna	Versameling van Ešnunna
LH	Laws of Hammurabi	Versameling van Hammurabi
LL	Laws of Lipit-Ishtar	Versameling van Lipit Ishtar
LNB	Neo-Babylonian Laws	Neo Babiloniese Versameling
Lox	Laws about a Rented Oxen/Ox Laws	Os Versameling
LU	Laws of Ur-Nammu	Versameling van Ur-Nammu
LX	Laws of X	Versameling van X
MAL	Middle Assyrian Laws	Middel Assiriese Versameling
MAPD	Middle Assyrian Palace Decrees	Middel Assiriese Paleis Dekrete
SLEx	Sumerian Laws Exercise Tablet	Sumeriese Wette Oefening Tablet
SLHF	Sumerian Laws Handbook of Forms	Sumeriese Wette handboek van Vorme

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Die hedendaagse interpretasie van Mesopotamiese regstradisies het ’n interessante “evolusie” vanaf die laaste gedeelte van die vorige eeu tot vandag ondergaan. Die Mesopotamiese regstradisies is eeue lank tot ’n groot mate misken en die afgelope eeu is die aanwending daarvan tot die kultuur en regstradisies van die Ou Nabye Ooste[1] geleidelik deur geleerdes ondersoek. Mesopotamiese regstradisies is vandag ’n onafhanklike dissipline in die algehele studie van die Ou Nabye Oosterse kulture en regstradisies, waar hedendaagse geleerdes soos Martha Tobi Roth[2], Raymond Westbrook[3], Meir Malul[4] en vele ander in verskillende komplekse onderwerpe en kategorieë van die Mesopotamiese regstradisies spesialiseer.

Die sogenaamde wetkodes of versamelings[5] en edikte[6] of inskripsies wat tradisioneel as gesaghebbend tot die Mesopotamiese regstradisies beskou word, is sedert die 19de eeu ontdek, later ontsyfer en vorm deel van derduisende ontdekte spykerskrif-dokumente. Geleerdes soos Diamond[7], Boecker (1980), Epsztein (1986), Hertz (1928) en andere het in die gees van die tyd

---

[1] Van de Mieroop (2007:1) beskou die versamelnaam *Ou Nabye Ooste* as ’n term wat nie vandag wyd gebruik word nie en dat dit afkomstig is van die 19de eeuse geleerdes om die oorblyfsels van die Ottomaanse Ryk te beskryf. Vandag word daar soms na die term Midde-Ooste verwys en word dit as ’n geografiese area beskou, maar die antieke geskiedskrywers en argeoloë van hierdie gebied is meer geneig om na die term Ou Nabye Ooste te verwys. Oor die algemeen beslaan die Ou Nabye Ooste of die Midde-Ooste die geografiese gebied vanaf die Egeïese See van Turkye tot Midde-Iran en vanaf die noorde van Anatolië tot die Rooi See. Egipte word soms nie by hierdie gebied ingesluit nie.

[2] Sien Roth (1995, 1987, 1998) waar sy familie en huweliksaangeleenthede van Mesopotamië met die klem op die Neo-Babiloniese tydperk bespreek het. Roth (2001) is tans met navorsing oor die hofsake van die Ou Nabye Ooste besig. Sy het met behulp van die sogenaamde saakmetode in dié artikel ’n hofsaak met sekere van die versamelings vergelyk. In deel 2, hoofstuk 2 sal hierdie metodologie vollediger bespreek word.

[3] Sien Westbrook (1985, 1988, 1993, 1994, 1995) waar hy vergelykings tussen die Mesopotamiese regstradisies en Bybelse wetkodes getref het en in ’n artikel (1989) ’n vergelykende studie tussen die Bybelse wetkodes, Mesopotamiese versamelings en die vroeë Romeinse regstradisies se bekende Twaalf Tafels, ’n wetkode, gedoen het. Westbrook het verskillende onderwerpe van die Mesopotamiese versamelings bespreek. So bv. het hy die verhouding tussen die slawe en meester bespreek (1995, 1998), verskeie familieaangeleenthede (1990, 1993, 1994, 2005), asook sosiale geregtigheid in die ONO (1995).

[4] Sien Malul (1988, 1990).

[5] In hierdie werk word daar eerder na “versamelings” verwys. In die volgende hoofstuk word die begrip “versamelings” beter omskryf en redes aangevoer waarom dit in hierdie werk so gebruik word. In Engels staan dit beter bekend as *law codes* of *law collections*.

[6] Beter bekend as *edicts* of *reforms*. Daar sal in ’n volgende hoofstuk verduidelik word waarom die term “inskripsie” eerder gebruik word.

[7] In Diamond se bekende “klassieke” werke (1935 en 1951) oor antieke reg is die Mesopotamiese versamelings met die Bybelse wetkodes vergelyk.

die versamelings tot vergelykings met die sogenaamde Bybelse wetkodes gereduseer. As ’n uitvloeisel hiervan het daar die afgelope eeu drie hoof teorieë rondom die probleem ontwikkel, naamlik óf die versamelings deel van die positiewe reg/regstradisies vorm, óf propaganda van ’n koning, óf ’n produk van ’n skrywerskool is. Vir die inskripsies was daar twee hoofstrome, naamlik óf dit deel van die koning se sosiale hervorming was en óf dit ’n terugkeer na die *status quo* was.

Later, met die toenemende ontdekking en ontsyfering van spykerskrif-dokumente, is nuwe teorieë en ontwikkelinge op die proef gestel ten einde te verklaar wat die posisie van die versamelings en inskripsies in die Ou Nabye Ooste se regstradisies en -kultuur oor die algemeen is.[8]

1.2 NAVORSINGSVRAE

Daar is waardevolle bydraes gelewer in vergelykings tussen die versamelings en inskripsies as bronne van die Ou Nabye Ooste. Vroeër geleerdes soos Koschaker (1923-4) en Yaron (1966) het vergelykende studies van die Bybelse wetkodes met die Mesopotamiese versamelings gemaak. Vergelykende metodes is deur hedendaagse geleerdes soos Westbrook (1994)[9] en Roth (2001)[10] gedoen.

Dit blyk dat daar nogtans ’n neiging onder sommige geleerdes is om in die gebruik van die versamelings en inskripsies as ’n “geldige” bron, nie bekend te maak wat hul siening van die posisie van die sodanige bron in die Ou Nabye Ooste se regstradisies en -kulture is nie. Daar word *prima facie* aanvaar deur skrywers soos Versteeg (2000), Boecker (1980), Epsztein (1986), Steele (1948), Roux (1992) ensovoorts dat die wetkodes/versamelings en edikte/inskripsies ’n regsbron of gesaghebbende bron is. Hedendaagse handboeke oor die Mesopotamiese regstradisies deur skrywers soos Versteeg (2000) en Westbrook ((ed.)2003), waarvan die omvang verskillend is, het altwee in gemeen dat die versamelings en inskripsies as bronne

[8] Meir Malul se sg. regsimbolisme (1988) en opmerkings ten opsigte na die soeke na ’n metodologie (1990), Hibbits (1992) se multi-sensoriese kommunikasie en Jackson (1980, 1968 & 1980) se artikels in die soeke na ’n metodologie om die versamelings en inskripsies te vergelyk is van die nuwe ontwikkelinge wat in latere hoofstukke uiteengesit word en wat ’n invloed kan hê om te bepaal of die versamelings en inskripsies as ’n geldige bron vir die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

[9] Westbrook (1994) se teorie, die gemene wetenskaplike tradisie van die Ou Nabye Ooste en metodologie is deur geleerdes soos Greengus (1994), Buss (1994), Lafont (1994), Patrick (1994), ens uit verskillende hoeke gekritiseer.

[10] Roth (2001) het ’n saakmetode aangebied as ’n metodologie om die versamelings en ander regsdokumente met mekaar te vergelyk.

aanvaar word, met min uiteensetting van die teorieë en ’n bespreking daarvan.[11] Roth (1995) in haar boek waar sy nuwe vertalings van die verskillende versamelings en inskripsies gee, het terloops verwys na die teorieë.[12]

Verder is die probleem is nie soseer die gebruik van een of meer teorieë as ’n “geldige” teorie nie, maar eerder die neiging om nie regswetenskaplik[13] te werk te gaan in die gebruik van die versamelings as gesaghebbende bron om standpunte te ondersteun en ander variasies op bestaande opinies te ondersoek nie. Nuwe ontwikkelinge het plaasgevind wat grotendeels oor die hoof gesien word en nie as ’n moontlikheid in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies en die aanwending van die versamelings daartoe gebruik word nie. Wetenskaplike en baanbrekerswerk wat deur Malul (1988) ten opsigte van die simboliese aspekte van die regstradisies gedoen word en Hibbits (1992), wat Malul se idees na die sogenaamde “multi-sintuiglike regstradisies” uitgebrei het, Kruger (1998) in Suid-Afrika, wat in sy besprekings veral op die Hebreeuse regstradisie met verwysing na die sogenaamde “nie-verbale kommunikasie” gelet het en Jackson (1968 & 1980), Malul (1990), Roth (2001) & Westbrook (1994) se artikels oor verskillende metodologieë wat in vergelykende studies gebruik kan word, kan help om die probleem rondom die teorieë en watter moontlik teorieë haalbaar is, te bepaal, of dit ten minste uit te lig.

1.3 NAVORSING DOELSTELLINGS

Die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies in besonder en in die Mesopotamiese kultuur in die algemeen sal waarskynlik altyd ’n ope vraag bly, maar daar moet gepoog word om die bestaande en nuwe teorieë regswetenskaplik te ondersoek.

---

[11] Westbrook (1995a, 1995b, 1994, 1989, 1988, 1985) het waardevolle bydraes gelewer waarin hy sy teorie, die sg. wetenskaplike verhandeling teen die agtergrond van die gemene regstradisies van die Ou Nabye Ooste bespreek het. Nieteenstaande het Westbrook en ander skrywers ((ed.) 2003), waarvan Westbrook die redakteur was nie in die lywige handboek van die bespreking van die Ou Nabye Ooste se regstradisies ’n uiteensetting gegee van die teorieë of hulle eie teorieë aangespreek nie.

[12] Die doel van Roth se boek blyk te wees om aan die leser die inhoud van die versamelings en inskripsies bekend te stel en nie om soos in die geval van Versteeg en Westbrook ’n bespreking van die inhoud van die inskripsies en versamelings se bepalings te gee nie. Roth se selferkende “beproewinge” in verskillende artikels (1979, 1995 & 2001) oor watter tipe bron die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies kan wees, verdien vermelding en haar bespreking van ’n metodologie en benadering tot die versamelings sal in hoofstuk ses vollediger uiteengesit word.

[13] Regswetenskap in sy gewone omgang behels ’n wetenskap wat hom rig “op regsreëls soos dit op hul eie tipiese wyse die samelewing van mense help orden” (Van Zyl & Van Vyver 1982:4). Maar verder moet in gedagte gehou word dat: “[R]egsreëls hang nie in die lug nie, maar geld vir die juridiese kompetensies, regte en verpligtinge van regsubjekte deur in besonder vergeldingsgevolge te verbind aan regsfeite wat op daardie kompetensies, regte en verpligtinge inwerk” (Van Zyl & Van Vyver 1982:4).

Die historiese verloop van die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies waar geleerdes komende van hul verskillende wetenskapvelde, soos: Argeologie, Antropologie, Bybelse Studies, Regstudies en Kultuur Studies, tesame met Goetze (1949) se sogenaamde ontwikkelingsfases van die hedendaagse interpretasie van die Mesopotamiese regstradisies en verskillende denkskole,[14] het die interpretasie van die Mesopotamiese regstradisies in geheel en inskripsies en versamelings in besonder, beïnvloed.

Die verskillende bronne word kortliks uitgelig wat moontlik in die Mesopotamiese regstradisies gebruik kan word, naamlik: sommige van die versamelings, inskripsies en skolastiese tekste, die sogenaamde regsdokumente en nie-regsdokumente.

Hierdie bronne en historiese verloop van die bestudering van die Mesopotamiese tradisies is ondersteunend tot hierdie studie en gevolgtrekkings.

Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies sal kortliks uiteengesit word in sover dit behulpsaam kan wees om van die komponente van sekere versamelings en inskripsies uit te lig en die bestaande teorieë daarvolgens te toets. Om te bepaal of die versamelings en inskripsies gesaghebbend is en tot watter nut dit vir ’n ondersoek na die Mesopotamiese regstradisies kan wees, moet eers gelet word wat is die regstradisies, wat die is unieke aard en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies en watter Westerse vooroordele moet afgeskud word sodat die Mesopotamiese regstradisies in eie reg bestudeer kan word.

Daar sal van die verskillende metodes melding gemaak word wat toegepas is om die versamelings en inskripsies te vergelyk met mekaar óf met ander dokumente óf met ander tydperke. Die doel hiervan is om voor te stel watter moontlikhede daar in van die metodes skuil om die lae betekenisse van die versamelings en inskripsies te beklemtoon.

Die verskillende teorieë ten opsigte van die posisie van die versamelings en inskripsies sal bespreek word, waarin die individuele komponente van die versamelings en inskripsies oorsigtelik vermeld sal word vir sover dit lig werp op die *ratio* van die verskillende teorieë.

[14] In deel 1, hoofstuk 3 word Ellickson & Thorland (1995) se indeling kortliks uiteengesit.

Laastens word die tekste van sommige van die versamelings en inskripsies ge-evalueer ten einde die bestaande teorieë, vergelykende metodes en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies krities te bespreek vir sover dit betrekking op die versamelings en inskripsies het.

1.4 REDE EN NUT VAN NAVORSING

'n Regswetenskaplike benadering oor die bepaling van die posisie van versamelings en inskripsies in die hedendaagse interpretasie van die Mesopotamiese regstradisies kan help om 'n regsvergelykende studie van die versamelings en inskripsies te maak en om nuwe insigte tot bestaande teorieë te ontwikkel en om nuwe interpretasies van die kulturele lewe en regstradisies van die Ou Nabye Ooste te kan voorstel.

1.5 PROBLEEMSTELLING

Wanneer die Mesopotamiese regstradisies bestudeer word, moet die posisie van die versamelings en inskripsies aan die hand van die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies in ag geneem word om te bepaal of die versamelings en inskripsies as gesaghebbend tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

1.6 ONDERLIGGENDE AANVAARDINGS, OMVANG EN BEPERKINGE VAN STUDIE

Die studie is van toepassing op sekere versamelings en inskripsies wat binne die tydsraamwerk en gebied wat bestudeer word, studie val. Die gevolgtrekkings wat gemaak word, sal nie noodwendig van toepassing wees op ander versamelings en inskripsies van die Ou Nabye Ooste wat buite die bestek van hierdie studie val nie.

Daar sal in hierdie studie gefokus word op daardie versamelings en inskripsies binne die Mesopotamiese regstradisies, vanaf die 3de millennium v.C., insluitend die Ou Assiriese en Babiloniese periode, tot die Neo-Assiriese periode tot 617 v.C. Ander regsisteme en regstradisies van die Ou Nabye Ooste, soos Egipte, Persië en die Hittieteryk, is nie in hierdie studie ingesluit nie.

1.7 HOOFSTUKINDELING

In elke hoofstuk sal die metodologie van toepassing op ’n hoofstuk vermeld word. Die studie word in twee hoofdele verdeel, naamlik Deel 1 wat ’n inleidende, ondersteunende gedeelte is tot die probleemstelling en Deel 2 waarin die probleemstelling ondersoek word.

In deel een, hoofstuk twee word ’n terminologiese studie van die Mesopotamiese terme en begrippe en hedendaagse reg begrippe en algemene begrippe wat in die verhandeling gebruik word uiteengesit, met ’n agtergrond bespreking van teenstrydige benaminge van begrippe wat verwarring kan veroorsaak en die unieke aard van versamelings en inskripsies kan verdoesel.

In deel een, hoofstuk drie word die historiese verloop van die wetenskapvelde, soos Argeologie, Antropologie, Bybelse Studies, Regstudies en Kultuur Studies teenoor die Ou Nabye Ooste se regstradisies bespreek met die doel om gevaarpunte uit te lig wat grotendeels kan meebring dat die posisie van versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies verwarrend geïnterpreteer word. Die verskillende ontwikkelingfases en denkskole wat die interpretasie van die versamelings en inskripsies kan beïnvloed, word kortliks bespreek. Die historiese verloop van die bestudering van die regstradisies in sekere wetenskapvelde, ontwikkelingfases en denkskole van die Ou Nabye Oosterse studies het bygedra tot die ontwikkeling van ouer en nuwe ontwikkelde teorieë ten opsigte van die aard en inhoud van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies.

In deel een in hoofstuk vier word sommige van die versamelings en inskripsies, asook ander bronne, oorsigtelik bekendgestel. Die doel van hierdie hoofstuk is om die “bronne” van die Mesopotamiese regstradisies soos dit afwisselend deur geleerdes gebruik word, kortliks uiteen te sit. Dit vorm nie ’n *numerus clausus* van die bronne van die Mesopotamiese regstradisies en kultuurlewe nie.

In deel twee, hoofstuk vyf word die hedendaagse verskillende teorieë ten opsigte van die posisie van die versamelings en inskripsie bekend gestel.

In deel twee, hoofstuk ses word verskillende metodologieë en wyses van interpretasie van versamelings en inskripsies, soos Goetze (1949) se sisteem van state, Jackson (1980) se kognitiewe analise, Westbrook (1994) se gemene wetenskaplike tradisie, Roth (1995) se sosiale kategorieë en sogenaamde saakmetode (2001), kortliks uiteengesit. Hulle benaderingswyse om

ʼn teorie tot die posisie van die versamelings en inskripsies te vind is wyduiteenlopend en wys op die verskillende maniere hoe die versamelings en instruksies bestudeer kan word en waar die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies moontlik as ʼn bron geplaas kan word.

In deel twee, hoofstuk sewe word in ʼn beknopte oorsig die aard en kenmerke van die antieke Mesopotamiese regstradisies uiteengesit. Die verskillende komponente van die regstradisies sal bekend gestel word, wat die konkrete, holistiese opvoer van regsgebruike in die regstradisies insluit ten einde die unieke kompleksiteit van die Mesopotamiese regstradisies teenoor die oorheersende abstrakte, hedendaagse geskrewe-woord wêreldsiening te beklemtoon. Dit is noodsaaklik om die unieke kenmerke aan die leser bekend te stel, sodat die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies beter ingeklee kan word.

In deel twee van hoofstuk agt word die tekste van die sekere versamelings en inskripsies uitgelig aan die hand van die bestaande teorieë en kenmerke ten einde voorstelle te maak wat die posisie van sekere versamelings en inskripsies binne die Mesopotamiese regstradisies kan wees. Daar sal onder andere gelet word óf die versamelings en inskripsies as ʼn kollektiewe groep beskou moet word en óf dit eerder geïsoleerd geïnterpreteer moet word. Sekere inskripsies en versamelings sal bespreek word waar gemotiveerde standpunte gelewer sal word watter teorieë haalbaar is (indien enige) en of die versamelings en inskripsies as ʼn gesaghebbende bron, al dan nie, hanteer kan word in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies in besonder en die Mesopotamiese kultuur in die algemeen.

In hoofstuk nege, die slot hoofstuk word al die hoofpunte en gevolgtrekkings samevattend weergegee word ten einde ʼn geheelbeeld van die studie te gee en verdere navorsingonderwerpe voorgestel.

DEEL 1

HOOFSTUK 2

TERMINOLOGIESE STUDIE

> "In spite of overwhelming evidence, it is most difficult for a citizen of Western Europe to bring thoroughly home to himself the truth that the civilisation, which surrounds him, is a rare exception in the history of the world."
> *(Henry James Sumner Maine)*[15]

In 'n omvattende literatuurstudie word die agtergrond van die verskillende konsepte van die Mesopotamiese regstradisies wat in hierdie werk gebruik word, uiteengesit om uitsluitsel oor die terminologie en betekenis daarvan te gee.

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bestaan uit twee dele waarin eerstens die terminologie van die Mesopotamiese regstradisies, die sogenaamde versamelings en inskripsies, asook die multi-sintuiglike opvoering van regshandelinge en kommunikasie bespreek sal word.

In die tweede gedeelte word kortliks enkele konsepte en terme, naamlik *mīšarum* of *nìg-si-sá/kittum, andurārum, sar mīšarum, dīnāt mīšarum* en *Lex Talionis* bespreek, sodat hulle strekking binne die tekste beter verstaan kan word.

2.2 TERMINOLOGIE VAN VERSKILLENDE BEGRIPPE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

2.2.1 Inleiding

Die kollektiewe benaming vir versamelings of wetkodes (*law collections* of *codes*) en inskripsies of edikte (*reforms*, *inscriptions* of *edicts*) het die afgelope eeu en 'n half gewissel en daar word vandag van nuut af besin oor die korrekte terminologie en benaminge daarvan. Met terme soos

[15] http://www.brainyquote.com/quotes/authors/h/henry_james_sumner_maine.html

regsimboliek en multi-sintuiglike (of multi-sensoriese) of nie-verbale kommunikasie, is daar nog ’n meningsverskil oor die korrekte benaming daarvan.

Die terminologie wat in hierdie afdeling gebruik word, word kortliks verduidelik onder die volgende hoofde: Mesopotamiese regstradisies, versamelings, edikte/inskripsies, multi-sintuiglike opvoeringe.

2.2.2 Mesopotamiese regstradisies

Die woordomskrywing vir die begrip wat die regstelsel van Mesopotamië uitdruk, word meestal as Mesopotamiese reg[16] aangegee. Daar word nie van die term, “Mesopotamiese regstelsel of – regstradisies” gebruik gemaak nie. Hibbits[17] verwys na *performance law*. In hierdie studie word van die term Mesopotamiese regstradisies[18] gebruik, eerder as die term Mesopotamiese reg, omdat die Mesopotamiese regstradisies op baie gebiede van ons Westerse reg verskil.

In die Westerse regstelsel, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse regstelsel, word die woord “reg”, afkomstig van die sogenaamde *lex*, *legis* gebruik, wat volgens die hedendaagse definisie in die Drietalige Regswoordeboek (Hiemstra & Gonin 1981:212) “enige geskrewe of ongeskrewe regsreël (sonder inagneming van sy bron)” of ’n “wet (deur die wetgewer aangeneem) verordening, regsreël; regsvoorskrif; keiserlike ‘constitutio’ ” is. Die Mesopotamiese regstradisies se aard en karaktertrekke verskil grootliks van die latere Romeinse reg se *ius*[19]/*lex*.[20]

Die Mesopotamiese regstradisies bestaan net soos die vroeë Romeinse regstradisie uit gewoontereg en word deur mondelingse oorlewering oorgedra. Die Mesopotamiese regstradisies

---

[16] In Engels word daar meestal na *Mesopotamian Law* verwys.

[17] Sien Hibbits (1992) waar hy ’n waardevolle bydrae lewer t.o.v. die sogenaamde multi-sensoriese kommunikasie en ander aspekte wat met die antieke regstradisies verband hou. Hibbits (1992) is van mening dat die reg opgevoer is, soos 'n verhoogstuk wat vandag op 'n verhoog opgevoer word.

[18] Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies word in deel 2, hoofstuk 7 bespreek, waarna die definisie van die Mesopotamiese regstradisies ook gegee sal word ten einde beter insig tot die term Mesopotamiese regstradisies te gee.

[19] Van Warmelo (1959:222) betoog dat die term *ius* meerdere betekenisse het en kan gebruik word om die reg in ’n objektiewe sin aan te dui.

[20] Daar moet onderskei word van die term *lex*, wat nie ’n ander weergawe van *ius* is nie. In die vroegste tye was *lex* net ’n produk van *ius* en het tot stand gekom wanneer aan die godsdienstige en sakrale vereistes voldoen is. *Ius* het menslike verhoudinge gereël en *fas* was die reëls wat die verhoudinge van die mens tot die gode bepaal het. “Dus die *lex* is *ius* in hierdie sin net soos die *mos* ’n reël van *ius* daarstel” (Van Warmelo 1959:225). Thomas (1980:19) beskou *lex* in die Romeinse reg as die besluite wat die volksvergadering geneem het.

is ’n tradisie waar bepaalde gebruike en gewoontes (*mos*) [21] deur mondelingse oorlewering[22] van geslag tot geslag oorgedra is. Verder het die Mesopotamiese regstradisies nie uit een regstradisie bestaan nie en verteenwoordig dit die regstradisie van elke bevolkingsgroep wat oor ’n lang tydperk in die geografiese gebied, wat ons vandag Mesopotamië noem, gewoon het.

Daar word egter in die hedendaagse beskrywing van die Mesopotamiese regstradisies van hedendaagse konsepte van “reg”, “regstelsel” en sekere kategorieë van die reg soos “deliktereg”, “familiereg” ensovoorts gebruik gemaak.[23] Die antieke Mesopotamiese taal het nie ’n ekwivalent vir die hedendaagse terme “reg”, “regstelsel”, “kode” ensovoorts, gehad nie (Boecker 1980:56). Die frase “om reg waar te neem” of dat ’n persoon ingevolge ’n sekere wetsbepaling gevonnis is, is onbekend (Boecker 1980:56). Nêrens in enige verdrag of literatuur is daar terme gebruik wat vertaal kan word as “beginsel” of “reg” in ’n hedendaagse wetenskaplike of juridiese sin nie (Bottéro 1992:177–178).

Die twee Babiloniese woorde, soos ook in die Versameling van Hammurabi[24] gevind word, naamlik *kittu*[25] en *mišarum*,[26] wat soms in kombinasie met mekaar gebruik word, word deur hedendaagse geleerdes geassosieer met die woord “geregtigheid” (Bottéro 1992:182). Bottéro (1992:179) is van mening dat die Mesopotamiërs nie geregtigheid in die hedendaagse sin verstaan het nie en dat uit ’n juridiese en wetenskaplike oogpunt hulle nooit wette of die reg geken het nie.

---

[21] Justinianus (527–565 n.C.), ’n Romeinse keiser wat vandag bekend is vir sy groot bydrae tot die ontwikkeling van die Romeinse reg, het in sy *Institute 1.2.3* verduidelik dat die reg in die objektiewe sin een van die vroegste indelings van die Romeinse reg se *ius scriptum* (geskrewe reg) en *ius non scriptum* (ongeskrewe reg) was. Die bekendste vorm van die *ius non scriptum* was die sogenaamde gewoontereg of *mos* (Van Zyl 1977:22).

[22] Bottéro verduidelik dat alhoewel die Mesopotamiese regstradisies hoofsaaklik ongeskrewe reg was, dit nie beteken dat die reg onbekend of nie bestaan het nie. Ons aanvaar dat die reg aan die mense van die gemeenskap op ’n konstante basis in die vorm van voorskrifte of verbiedinge van optredes voorgestel en opgevoed was en dat die voorskrifte selfs in die vorm van tradisionele oplossings t.o.v. sekere probleme oorgedra is (Bottéro 1992:181).

[23] David en Brierly (1985:16) wys daarop dat die realiteit is dat regswetenskap op sy eie in elke regsfamilie ontwikkel en dat kategorieë en konsepte wat so eenvoudig en “natuurlik” vir ’n juris t.o.v. een familie lyk, heeltemal anders vir ’n ander regstelsel sal wees. Hulle stel as oplossing voor dat “woordeskatte” geskep moet word, sodat die taal en betekenis van ’n konsep in een taal in ’n ander verduidelik kan word.

[24] Beter bekend as *Laws of Hammurabi* of *Law Collections of Hammurabi* en wat oor die algemeen deur Assirioloë as “LH” afgekort word.

[25] Sien *infra* in hierdie hoofstuk waar die begrip meer vollediger bespreek word. *Kittu* (die stamwoord *kânu* beteken “om stewig te vestig”) kan *firm* of *immobile* beteken en word afhangende van die konteks die beste vertaal as eerlikheid en geregtigheid in ’n eng sin (Bottéro 1992:182).

[26] Sien *infra* in hierdie hoofstuk waar die begrip, *mišarum* meer vollediger bespreek word. *Mišarum* (afkomstig van *eseru* – om reguit te gaan, in die regte weg of om in orde te wees) bevat meer as een element (Bottéro 1992:182). Dit kan ’n toestand van “goeie orde” of “bestemming” beteken (Bottéro 1992:182). Ander vertalings is “herstel” of “vernuwe” en gaan gepaard met die afkondiging van skuldkwytskelding (Bottéro 1992:182).

In teenstelling met antieke Mesopotamië sal ons in ’n wetenskapveld die feite, beginsels en wette van die wetenskapveld deur ’n proses van uitskakeling en bepaling bestudeer (Bottéro 1992:177). Die hedendaagse abstrakte regsterme en -konsepte[27] is onbekend aan die Mesopotamiese regstradisies en hedendaagse juriste (Sien Versteeg (2000)) gebruik dit gerieflikheidshalwe om hul studies te vergemaklik (Bottéro 1992:179).

Boecker (1980:18) stel dit dat hedendaagse juriste en ander geleerdes hedendaagse terminologie en gepaardgaande betekenisse aan die antieke reg koppel.[28] Waarskynlik is die rede daarvoor dat die Romeinse reg die grondslag van die meeste van die groot regstelsels in die wêreld van vandag vorm.[29] Die *ius* of *lex* van die Romeinse reg het deur die eeue in die kollektiewe geheue van die regslui voortbestaan, verewig in ’n tweeduisend jaar oue tradisie deur juriste, akademici en in die volksmond. Dit is daarom moeilik om van hierdie begrippe afstand te doen. Hoebel (1954:19-20) het Julius Lips aangehaal, wat as volg adviseer:

> Even a simple description of *facts* pertaining to law in a primitive tribe may, if we use our legal terminology, cause a distortion of the legal content of primitive institutions.

Die gebruik van tradisionele regsterminologie hoef sekerlik nie heeltemal verwerp word nie, dit is immers die raamwerk van menige juris, daargestel deur die volgehoue pogings in opleiding deur tersiêre inrigtings en die beoefening van die reg in die praktyk, maar die oorversigtige gebruik van hedendaagse regsterminologie kan nie genoeg beklemtoon word nie. Daar word om hierdie redes vir doeleindes van studie volstaan met die term Mesopotamiese regstradisies en nie Mesopotamiese reg nie.

---

[27] Die Grieke het die universele konsepte en formules aan die Westerse wêreld bekend gestel wat ons vandag help om abstrak na ons beginsels in die reg en wette te let (Bottéro 1992:178).

[28] Dit is juis ironies dat die term Mesopotamiese reg of *ius* nog bly voortbestaan, nieteenstaande die feit dat ’n groter groep juriste die studieveld van die Mesopotamiese regstradisies betree. Een van die Romeinsregtelike reëls in wetsuitleg, by monde van Maestertius, is: *Scire namque leges non est, verba earum tenere, sed vim ac potestatem.* (Die vertaling daarvan lui: “Nie net die woorde nie, maar die wesenlike betekenis en uitwerking” (Wetsuitleg 1990:5).) Die reël van letterlike uitleg van wette is dat woorde volgens hul gewone betekenis verstaan moet word. Hierdie wetsuitlegreël is bevestig in die Romeins-Hollandse bronne deur Paulus Voet, Hollandsche Consultation, Foster en Glück en vind neerslag in die Suid-Afrikaanse regstelsel soos bevestig in verskeie hofbeslissings (Wetsuitleg 1990:6-9).

[29] Die drie grootste regsfamilies is die Romeins-Germaanse familie, die Gewoontereg-familie en die Sosialistiese familie. Alhoewel daar ander is, soos die Afrika-regsfamilies, Moslem-, Hindoe- en Joodse wette, asook die regsisteme van die Verre Ooste, beklee hierdie drie regsfamilies ’n die “ongeëwenaar plek van belangrikheid” in die wêreld vandag (David & Brierly 1985:22-31).

2.2.3 Die term versamelings

By die sogenaamde versamelings is aanvanklik verwys na die "*Code/Codex* van so en so" en later die "Wet/*Law* van so en so". Hierdie benaminge het nie hul oorsprong by die opstellers of skrywers van die werke gehad nie (Driver & Miles 1952:45). Driver en Miles (1952:45) wys daarop dat Hammurabi, die opsteller van die beroemde "*Code* van Hammurabi" (hierna verwys as LH) geensins daarop aanspraak gemaak het dat koning Hammurabi 'n wetkode opgestel het nie. Driver en Miles (1952:45) betoog in 'n voetnoot dat die beskrywing van 'n *codex*[30] afkomstig is van Scheil, wat die beroemde werk van Hammurabi in sy eerste vertaling, *Code des Lois (droit privé) de Hammurabi roi de Babylone*, gepubliseer het.[31]

Die *codices*[32] hou vir die Westerse hedendaagse juris 'n sekere familiariteit in, want baie van die lande van die Romeins-Germaanse regsfamilies is in die 19de en 20ste eeu bekend vir hul kodifikasie van hul reg, wat ooreenkomstig die raamwerk van die vyf Napolitaanse *codices* opgestel is (David & Brierly 1985:112). In die oorspronklike Westerse historiese konteks beteken die term *codex* 'n "collection of distinct enactments" (David & Brierly 1985:111–112). Die Westerse reg, soos dit op 'n bepaalde tydstip bestaan, word sistematies op skrif gestel in die vorm van een of meer wette wat 'n *codex* genoem word (Van Zyl & Van der Vyver 1982:229–230). In die *codices* van die Westerse Lande word aanvaar dat die regsreëls wat nie deel van die kodifikasie[33] uitmaak nie, hul regskrag verloor. Hierdie *codices* sluit bestaande reg en reëls in wat vir die eerste keer in werking gestel word (Van Zyl & Van der Vyver 1982:230). Boecker

---

[30] Daar is verskillende *codices* waarvan die bekendste die *Codex* van Theodosius (*Edictum Theodorici*, 453-467 n.C.) en van Justinianus (*Corpus Juris Civilis*) is (David & Brierly 1985:112). Die *Lex Duodecim Tabularum* (*Twaalf Tafels*) is voorgehou om 'n *codex* te wees, alhoewel daar meningsverskille bestaan (Van Zyl 1977:24-26) (Vgl. Van Warmelo 1959:53–54 en Westbrook 1988:74-121). Die *codices* van die Romeins-Germaanse regsfamilie het drie aspekte in gemeen: algemene aanwending van onderwerpe, verwagte permanentheid van hul aanwending, en missie om universeel aangewend te word (David & Brierly 1985:113). Daar moet in gedagte gehou word dat die Mesopotamiërs nie die abstrakte begrippe en benaminge, soos ons dit vandag doen, aan hul werk toegeken het nie.

[31] Driver en Miles (1952:45) is van mening dat die afkorting LH hierna gevolg het en word oor die algemeen gebruik om die werk aan te haal. Die gebruik van hedendaagse juriste om regswerk in paragrawe of artikels te onderverdeel het ook sy ontstaan by Scheil wat LH in paragrawe verdeel het. Die hedendaagse verdeling van LH soos dit vandag bestaan, is die erfenis van Scheil – die oorspronklike LH het geen onderverdeling gehad nie. Die afskrifte van LH wat ontdek is, het wel die teks deur 'n spasie, of 'n lyn of in seksies verdeel wat daarop dui dat vanaf die vroegste tye daar 'n tradisie bestaan het om die werk te onderverdeel, maar die verdeling stem nie altyd met Scheil s'n ooreen nie (Driver & Miles 1952:42).

[32] In die 19de eeu was die benaming *codex* gereserveer vir versamelings wat die beginsels van 'n hedendaagse *ius commune* onderstreep en wat formeel verklaar het dat dit net op een staat van toepassing is, maar met die doel om 'n universele aanwending te kan hê. Dit was 'n liggaam van permanente reg, maar daar is vandag 'n effense klemverskuiwing om te verwys na versamelings wat die regulering van 'n bepaalde onderwerp bymekaar maak en dit op 'n sistematiese wyse te organiseer (David & Brierly 1985:112).

[33] Die belangrikste voordeel van kodifikasie is dat die regsisteem beter gesistematiseer word. By 'n gekodifiseerde regstelsel is 'n regter gewoonlik aan die bepalings van so 'n *codex* gebonde (Van Zyl & Van der Vyver 1982:230–231). Die oorspronklike idee van 'n *codex* is om 'n uitdrukking te wees van "universele en voortdurende beginsels van geregtigheid" (David & Brierly 1985:114).

(1980:55) beskou die *codex* in die Westerse regstelsel waar die wette op ʼn omvattende wyse georden word sodat dit die bindende krag vir die totale reg of ten minste ʼn groot gedeelte daarvan kan wees as ʼn refleksie van ʼn standvastige siening van die reg.

Die Mesopotamiese versamelings verskil van *codices* deurdat daar nooit aanspraak gemaak is dat die lede van die samelewing in elke opsig daardeur gereguleer word nie en word vandag as onvolledig en gefragmenteer beskou (Boecker 1980:55). Dit blyk dat die versamelings, wat Boecker (1980) en ander skrywers[34] as na "kodes" verwys, uitsonderlike gevalle hanteer en die minimum inligting ten opsigte van die huwelik, egskeiding, vererwing, eiendomme ensovoorts verskaf, waarvan die onderwerpe te min gebiede dek ten opsigte van die alledaagse regslewe van die antieke Mesopotamiërs.[35]

Die Mesopotamiese versamelings kan ʼn sistematisering en kategorisering van ʼn versameling van onderwerpe op skrif wees, maar ons het geen bewyse dat hierdie onderwerpe ʼn *numerus clausus* was nie. Dit is terselfdertyd te betwyfel of die onderwerpe, soos die Westerse *codices*, in die Mesopotamiese versamelings as uitsluitlike regsreëls regskrag verkry het en tot so ʼn mate afdwingbaar was dat regters of ander voorsittende beamptes daaraan gebonde was.[36] Daar bestaan tot dusver geen bewys daarvoor nie. Die meeste kenners is dit eens dat daar nog geen bewyse is dat die onderwerpe in die versamelings in die praktyk voorgekom het nie.

Verder in die Mesopotamiese regstradisies word kasuïstiese bepalings in die versamelings gevind. In teenstelling met die kenmerk is die hedendaagse *codices* en Romeinsregtelike *codices* op ʼn meer gesistematiseerde regstelsel geskoei. Van Zyl & van der Vyver (1982:232) definieer ʼn gesistematiseerde regstelsel as ʼn:

> ... regstelsel waarvan die regsreëls op ʼn logiese en sinvolle wyse met mekaar saamhang en aldus so harmonies by mekaar aansluit dat dit ʼn geordende eenheid, ʼn "sisteem", vorm.

---

[34] Sien Westbrook (1995), Van de Mieroop (2007), Roux (1992), Lemche (1995), ens.

[35] Bottéro is van mening dat daar ʼn lakune in die versamelings is. Daar is geen teken van die organisering van die regstelsel, uiteensetting van delikte of misdade, kriminele reg, kodifikasie van sosiale hiërargie, politieke verpligtinge, administrasie of fiskale beleid nie. "Even the side of the local economy which stood abreast with agriculture, namely animal husbandry, is barely mentioned and then only in a very cursory way" (Bottéro 1992:161).

[36] Sien deel 2, hoofstuk 5 waarin die verskillende teorieë van die posisie van die versamelings in die Mesopotamiese regstradisies bespreek word en waaruit dit blyk dat skrywers nie konsensus het of die versamelings as ʼn bron van die "positiewe reg" (hoofstuk 6 word die term bespreek) van Mesopotamië of Mesopotamiese regstradisies gesien kan word nie.

By ’n kasuïstiese regstelsel is daar nie “ ’n logiese en sinvolle wyse” hoe die reëls met mekaar saamhang nie. Daar word met die regsreëls “*besondere oplossings vir besondere belangebotsings*” voorgeskryf en “*op so ’n wyse dat soortgelyke belangebotsings nie noodwendig op ’n soortgelyke wyse vergeld word nie*” (Van Zyl & van der Vyver 1982:232). Dit wil voorkom dat sou die versamelings as ’n “regsbron”/gesaghebbende bron beskou word, ons te doen het ’n unieke “kode” wat deel vorm van ’n kasuïstiese “regstelsel” eerder as ’n Westerse *codex* wat sistematiseer is en tuishoort by ’n gesistematiseerde regstelsel.[37]

In die lig van die twyfelagtige aard en funksies van hierdie versamelings is dit die nuutste neiging[38] om na die “wetversameling” (*law collections*) van so en so te verwys, omdat die skrywers[39] wat dit gebruik, oor die algemeen van mening is dat dit nie soos die hedendaagse *codices*, versamelings van regsreëls *per se* is nie (Vgl. Boecker 1980:55-56, Greengus 1995:47).

In deel twee, hoofstuk vyf word die uiteenlopende teorieë van die versamelings bekend gestel wat daarop wys dat die uiteindelike betekenis van die versamelings as geskrifte nog nie vasstaan nie. Die term “wetkode of wetversameling” kan ’n vooropgestelde aanname skep dat die geskrifte as ’n primêre regsbron beskou moet word, wat liefs vermy word. Die mees korrekte term sal waarskynlik net wees “versameling van so en so” en daar word met die benaming daarvan vir doeleindes van hierdie skripsie volstaan. [40]

2.2.4 Die term edik

Geleerdes gebruik verskillende benaminge vir die term edik.[41] Sommige verwys wel na edik, terwyl ander eerder hervormings (*reforms*[42]) verkies. Die term edik is oorspronklik in die Klassieke Romeinse ryk gebruik. Die Latynse begrip *edictum* is afgelei van *e-dicere* wat letterlik beteken “om uit te praat” en “het oorspronklik gedui op die uitspreek van formele woorde by wyse van mondelingse bekendmakings of aankondigings” (Van Zyl 1977:28).

---

[37] Die Romeinse reg en die *Corpus Iuris Civilis* is ’n voorbeeld van ’n gesistematiseerde regstelsel (Van Zyl 1982:233).
[38] Geleerdes soos Driver en Miles (1952), Martha Tobi Roth (1997), Malul (1988,1990) en ander is meer bereid om hulle tot hierdie term te verbind.
[39] Sien Westbrook (1995), Van de Mieroop (2007), Roux (1992), Lemche (1995), ens.
[40] Ten einde die rompslomp van verskillende tale uit te skakel, kan moontlik van die Latynse term *corpus/corpora* gebruik gemaak word. Meir Malul (1990:8) verwys terloops na die term *Mesopotamian law corpora* in sy verwysing na LH & LE. Levinson (1994:37-38) verwys na die versamelings as *legal corpora* of *legal corpus*.
[41] Vgl. Weinfeld (1995:77) wat na “sosiale edikte” verwys, Westbrook ((ed.) 2003:6) maak net melding van “edik van so en so” en Renger (2002:139) verwys na “koninklike edikte”.
[42] Sien Epsztein (1986:6) en Foster (1995:169). Vandag is die meerderheid geleerdes geneig om nie meer die inskripsies te sien as “hervormings” *per se* nie, en is baie skepties oor wat dit kan wees (Wilcke 2003:24).

Hierdie begrip het vroeër bekend gestaan as "Praetoriese Edikte" en die vernaamste oogmerk daarvan was:

> om Romeinse burgers te laat weet watter regsreëls en algemene beleid die betrokke *praetor*[43] van voorneme was om gedurende die loop van sy ampstermyn en binne bestek van sy funksies te volg (Van Zyl 1977:29).

Soms het die *praetors* die edikte van hul voorgangers oorgeneem (Van Zyl 1977:29).[44] Dit het 'n mate van standvastigheid verleen (Thomas 1980:19). Die edikte[45] het nie die formele krag van die wet gehad nie, maar in die praktyk was dit bindend op partye (Van Zyl 1977:29).

In 130 n.C. het keiser Hadrianus 'n einde gemaak aan verdere ontwikkelings van die edikte deur die bewoording te "stabiliseer" (Kaser 1984:20, Van Zyl 1977:30). Daar was 'n magdom edikte wat nog 'n bron van die reg was en kommentare van Romeinse juriste ontvang het (Van Zyl 1977:30). Keiser Hadrianus het aan die juris Salvius Julianus opdrag gegee om die tekste te hersien en " 'n model-*edictum*" op te stel, wat later die *Edictum Perpetuum* genoem is (Kaser 1984:20, Van Zyl 1977:30). Die *Edictum Perpetuum* beëindig die regskeppende werksaamhede van die *praetor* (Thomas 1980:19). Die *magistratus* kon nie hiervan afwyk nie en geen wysigings is toegelaat sonder toestemming van die keiser nie (Van Zyl 1977:30).

Anders as die "hedendaagse *codices*" was die edik nie 'n "uitgeputte kodifikasie" van die privaatreg nie, maar dit het 'n breedvoerige inligting van al die *actiones* en *exceptiones* wat betrekking het op siviele jurisdiksies, gegee (Kaser 1984:21).[46] Die *Edictum Perpetuum* van keiser Hadrianus is tot die regsgeldigheid van die wet verhef en wat taal en styl betref, noem Van Zyl (1977:30) dat:

---

[43] Die *praetor* was 'n Romeinse amp wat in 367 v.C. ingestel is (Van Zyl 1977:28). Die *praetor* wat deur die volksvergadering verkies is, se funksie was om die orderlike gang van sake by regsprosesse te verseker deurdat hy moes toesien dat die betrokke partye die korrekte stappe neem en hul geskil behoorlik moes formuleer. Die *praetor* was nie 'n regter of 'n wetgewer nie, maar het die Romeinse reg help ontwikkel (Thomas 1980:19). Die *praetors* het op die juriste se deskundigheid gesteun wat hul invloed by die afkondiging van edikte laat geld het (Kaser 1984: 19-20).

[44] Die edik wat net tydens die *praetor* se ampstermyn van een jaar van krag was, behalwe in gevalle waar omstandighede dit noodsaak, se aard het in 67 n.C. deur die *Lex Cornelia (*een van die vele wette wat uitgevaardig was) verander waar die praetor verbied is om van die *edictum perpetuum* af te wyk (Thomas 1980:19). Die *edictum annuum* of *edictum perpetuum* moet onderskei word van die *Edictum Perpetuum* wat in opdrag van keiser Hadrianus opgestel is en waarvan die inhoud gekodifiseer is (Van Zyl 1977:29).

[45] Die edik het uit 'n samestelling van erkende aksies (*actiones*), verdedigings (*exceptiones*) en ander remedies wat in 'n patroon van 'n formule uitgedruk is, bestaan en wat partye in 'n hofsaak moes gebruik het (Kaser 1984: 20). Elke aksie het sy eie formule en hierdie formule bevat 'n "programme of the litigation, that is, the total of all questions of law and of fact, on the answer of which the judge was bound to make his decision depend" (Kaser 1984:410). Hierdie formule is saamgevat in een sin waarvan die frase volgens vaste beginsels uiteengesit is (Kaser 1984:410).

[46] Kaser (1984:21) is van mening dat die edikte eerder groot dele van die privaatreg, soos beskou vanuit die litigasie se oogpunt, behels het.

> ons te doen het met ’n helder en beknopte weergawe van die regsreëls van die amptenary, wat allesins beskou word van hoogstaande regswetenskaplike waarde te wees.

Ter opsomming blyk dit dat die term edik het deur die Romeinse tyd vele veranderinge ondergaan. Dit het ontwikkel om oorspronklik te dui op die uitspreek van formele woorde genoem die Praetoriese Edikte, waarna die *praetors* die edikte van hul voorgangers oorgeneem het en keiser Hadrianus ’n einde gemaak aan verdere ontwikkelings van die edikte deur die bewoording te “stabiliseer” met ’n magdom edikte wat as ’n “stabiele” bron van die reg beskou was (Kaser 1980:20, Van Zyl 1977:30).

Ek is van mening dat die “kunsmatige” benoeming van die term edik in die Mesopotamiese regstradisies lewer vele probleme op en kan nie gebruik word nie. Sou dit gebruik word skep dit die aanname dat dit as ’n edik in die Klassieke- en Laat Romeinse reg beskou moet word. Die Mesopotamiese regstradisies en Klassieke en Laat Romeinse reg het min ooreenstemminge met mekaar. Verder in die Romeinse reg was daar veranderinge in die funksie en gebruik van die term edik. Sou die term gebruik word is die vraag watter funksie van die edik soos gebruik in die Romeinse reg word nou na verwys?

Daar is twee alternatiewe terme, wat gebruik kan word, naamlik: hervormings of instruksies. In deel twee, hoofstuk vyf onder teorieë sal aangetoon word dat hervormings net nog ’n teorie is en is dit onseker of die geskrifte hervormings *per se* was. Moontlik moet daar net stilgestaan word by die term, instruksies en daar sal voortaan na edikte as instruksies verwys word.

2.2.5 Multi-sintuiglike opvoering van regshandelinge

Kruger (1998:141) maak die opmerking dat die Westerse filosowe en -godsdienstige tradisies beskou die menslike verstand “as the locus of rationality”. Die liggaam word daarenteen terselfdertyd gesien as die “material locus for physical expression of irrationality, feeling and emotion” (Kruger 1998:141). Vanaf die 12de en 13de eeu n.C. het kultuur soos ons dit ken, al hoe meer tot skrif as ’n medium tot kommunikasie gewend, terwyl inligting voor daardie tyd eerder deur klank, gebare, aanraking, reuk en smaak oorgedra is (Hibbits 1992:875).

Die Mesopotamiese regstradisies se reghandelinge word gekenmerk deur die sogenaamde multi-sintuiglike opvoering van handelinge met simboliese ondertone (vgl. Malul (1988)) deur die lede van ’n gemeenskap om te verseker dat ’n boodskap behoorlik oorgedra en goed onthou sal word.

Die handelinge word **opgevoer** deur die lede van die gemeenskap in ooreenstemming met ʼn hedendaagse verhoogstuk wat deur akteurs/aktrises opgevoer word. In deel twee van hoofstuk ses sal die verskillende komponente[47] van die sogenaamde multi-sintuiglike opvoering[48] van antieke regshandelinge uiteengesit word.

2.3 TERMINOLOGIE VAN SEKERE KONSEPTE EN TERME IN VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES

2.3.1 *Mīšarum*/ nìg-si-sá en *kittum*/ nìg-gi-na

Die *mīšarum* of **nìg-si-sá** kom in die Mesopotamiese dokumente vanaf die klassieke Sumeriese tydperk tot die laat Babiloniese tydperk voor.[49] Skrywers blyk verskillend na die betekenis van die terme te let, met subtiele klemverskuiwings. Sassoon (2001) verwys na die taalkundige struktuur van die woord **nìg-si-sá**, Nel (1994) bespreek die godsdiens simboliek en invloed op die terme, Lemche (1979) fokus op die sosiale ideologie wat inherent deel van die *mīšarum* of **nìg-si-sá** vorm en Zaccagnini (1994) waarsku op die oorbeklemtoning van die godsdienstige aspek in die bestudering van komponente in die Mesopotamiese regstradisies en die relevansie van koninklike propaganda daartoe.

Sassoon het in sy korrespondensie met Mev. Partington, ʼn filoloog wat die Ou Nabye Ooste se tale bestudeer, daarop gewys dat Mev. Partington van mening is dat die buitelyne van die "aard van geregtigheid" in die struktuur en betekenis van die woord **nìg-si-sá** gevind kan word (Sassoon 2001:145). Die woord **nìg-si-sá** bevat "drie element van analise", naamlik **nìg** wat ʼn nominale element is en ʼn selfstandige naamwoord is, **si** wat op die vingers van ʼn hand, vingers, voelers en horings en die half maan verwys en **sá** wat gelykheid beskryf en deur die ideogram **di/din** wat dui op ʼn gevoel van oordeel of beslissing verteenwoordig word.

---

[47] Daar kan in hierdie studie vanweë die omvang van hierdie kommunikasiemedium net op die hoofpunte gekonsentreer word.

[48] Daar is nie konsensus onder skrywers wat om hierdie kommunikasie medium van die antieke ONO se regstradisies te noem nie. Malul, Hibbits en Kruger het elk hul eie benaming. Malul (1988) verwys na *legal symbolism*, maar hy het na sekere komponente van hierdie tipe van kommunikasie-medium gelet. Malul het nietemin daarop gewys het dat hy poog om "a first step toward a systematic understanding of the phenomenon of legal symbolism in Ancient Mesopotamia" daar te stel "to develop a model of analysis of symbolic acts in legal documents" (Malul 1988:440). Hibbits (1992) het ʼn algemene studie van hierdie kommunikasie-medium in die antieke regstradisies onderneem en hy verwys na *multi-sensory communication*. Kruger (1998) het in sy bespreking veral op die Hebreeuse regstradisie gelet en verwys na die sogenaamde *non-verbal communication*.

[49] Sien Finkelstein (1968:233-246) wat die verskillende tekste waarin *mīšarum* voorkom bespreek, met spesifieke verwysing na die aard en datum van die teks, asook regsimplikasies daartoe.

Die term **nìg-si-sá**[50] kan letterlik "gelyke vingers" of vrye vertalend "ewewigtend", die idee van gelykheid, regverdigheid of geregtigheid weergee. Mev. Partington beskou orde en balans as baie belangrik vir die Sumeriese kultuur en daarom is dit "aanloklik" om die "juridiese aktiwiteit" se doel te sien as om te onderhou en die orde en balans te verseker. [51] Verder het 'n regsbeslissing dit ten doel om die *status quo*[52] te herstel. Partington verwys terloops na die Inskripsie van Ammi-saduqa waar die Akkadiese ekwivalent, *mīšarum* voorkom en wat sy sien as 'n variant van *isharu* of die Sumeriese **nìg-si-sá** (Sassoon 2001:145). [53]

Nel is van mening dat die beginsels van regverdigheid met die gode se deelname in die kosmos saamhang om hulle posisie en beheer oor die menslike wêreld te bevestig. Die woord *mīšarum* is in verband met die songod Šamaš[54] gebruik, wat as die regter van die gode en van alle mense optree en die een is wat waarheid en regverdigheid bewerkstellig (Nel 1994:3). Die songod is getipeer dat hy deur die lug kan beweeg en het absolute beheer oor die hele kosmos. Hy word om dié rede die simbool van die algehele orde van regverdigheid en as die lig vir alle lewende dinge uitgebeeld. Die lig is die simbool van die teenwoordigheid van regverdigheid. In een van die liedere word Šamaš uitgebeeld as die god van geregtigheid wat alle vorme van sosiale onreg en diegene wat dit veroorsaak, vernietig. Terselfdertyd word Šamaš as die god van sosiale welsyn uitgebeeld (Nel 1994:5).

Die wêreld word voorgestel om deur 'n orde beheers te word. Die struktuur van hierdie orde was regverdigheid (*mīšarum*) wat daarop neerkom dat dit 'n goddelike orde is en voorskrywend vir alle wesens is. Die songod en die maan god is die uitbeelding van die konstante en aanhoudende aktiwiteite van die god wat nie net die *mīšarum* orde daar te stel nie, maar ook daaroor waak. Hier kom altwee die beginsels *mīšarum* en *kittu* voor wat abstrakte uitbeeldings van die aktiwiteite en optrede is wat aan hierdie orde voldoen of wat op die herinstelling van die

---

[50] Die dele **si-sa** van *mesari* het ook die naam van 'n god van geregtigheid, Si-sa van Lagaš geword (Price 1932:175). Ander gode in die Sumeriese tydperk wat 'n rol van geregtigheid en reg gespeel het was Gu-silim, Ningirsu en Nanše wat gedurende die Gudea periode 'n prominente rol in geregtigheid gespeel het (Price 1932:178). Die gode wat die meeste in die Sumeriese Periode hulle invloed by geregtigheid laat geld het is die skrywersgode Nisaba en Hani (Price 1932:177-178).

[51] Die handhawing van 'n staat van harmonie is in deel 2, hoofstuk 7 bespreek as deel van die aard en kenmerke van die antieke Mesopotamiese regstradisies en kan in samehang met die siening beskou word.

[52] Sien deel 2 hoofstuk 7 t.o.v. die statiese komponent van die algemene aard en kenmerke van die antieke Mesopotamiese regstradisies.

[53] Sassoon (2001:145) haal Partington aan waar sy verwys na die Latynse *ius* of *jus* (*juris*) wat "korrek, reg of geregtigheid" beteken. Die "voorouer" van die Latynse term *ius* is die Griekse *ison*, wat onder andere meer spesifiek verwys om straf gelykstaande aan die oortreding daarvan te gee. Vir Partington is daar 'n "reeks van verbandhoudende woorde wat geregtigheid beteken soos **sisa** (Sumeries), *isharu* (Akkadies), *iasar* (Hebreeus, *sawiya* (Arabies), *ison* (Grieks) *ius* (Latyn) en *justice* (Engels). (In Afrikaans bestaan 'n soortgelyke woord: *justisie.*)

[54] Die Šamaš god het eers in die latere Sumeriese periode, die Vroeë Babiloniese Periode die belange van gelykheid en geregtigheid in die Mesopotamiese samelewing laat geld (Price 1932:178).

goddelike orde wys. Die handeling self wat hierdie orde instel, word deur die werkwoord *ešeru* uitgedruk (Nel 1994:6).

Die koning as die aardse verteenwoordiger van die gode, het die verpligting om die orde daarstel ingevolge die ideële beginsel van *mīšarum*. Nel wys daarop dat die beginsels *kittu* en *mīšarum* nie net aan die songod Šamaš toegeken word nie, maar ook aan die aktiwiteite van groot gode soos Sin, Enlil, Marduk en Ishtar (Nel 1994:7).

Die *mīšarum* term dui ook op sosiale geregtigheid in die algemeen en word saam met die term *kittum*, wat waarheid beteken, gevind. Hierdie samevoeging van die woorde kon ook ʼn wetgewende handeling beteken om ekonomiese misbruike te bekamp (Weinfeld 1995:75).

Lemche is van mening dat daar ʼn sosiale ideologie inherent tot die woord *mīšarum* is wat "geregtigheid" beteken. Die verwysing na die *mīšarum* handeling is gebruik in die versamelings soos Hammurabi (LH), Ur-Nammu (LU) en Ešnunna (LE) en in die meeste van die instruksies soos die Instruksie van Ammi-saduqa. Dit het egter net in een geval by die regering van koning Neriglissar (559-555 v.C.) van die Neo-Babiloniese ryk as ʼn eenmalige gebeurtenis opgeduik waar die koning in ʼn soortgelyke strekking as ander konings genoem het dat: "I permanently established *mīšarum* for the country (and) I let graze permanently in peace my far-extended people." Lemche is van mening dat dit ʼn unieke verskynsel was wat ʼn "uitdrukking van "renaissance" neigings" was (Lemche 1979:14).

Zaccagnini (1994:265) wys daarop dat alhoewel die godsdienstige elemente in die Mesopotamiese regstradisies aanwesig is, dit eerder in hul "gepaste perspektief" as deel van ʼn "komplekse entiteit" bestudeer moet word. Zaccagnini is van mening dat die laat derde millennium en vroeë tweede millennium bronne rondom drie "hoofkonsepte" sentreer, naamlik die ideaal van geregtigheid, die bindende norms uitgevaardig deur die koning en die sekerheid wat hofbeslissings bied. Die sogenaamde "wette" wat deur die inskripsies uitgevaardig was, was volgens Zaccagnini ʼn "konkrete uitdrukking" van die beginsels van gelykheid en korrektheid wat ook in die twee terme die *mīšarum* of **nìg-si-sá** en *kittum* of **nìg-gi-na** gereflekteer word (Zaccagnini 1994:266).

Die twee terme dui op konsepte soos "waarheid", "geregtigheid", "korrekte optrede" en is komende van basiese, gewone betekenisse soos "om stewig te wees", "seker", "lojaal", "eerlik", "korrek", "om reguit te gaan", "om reg te wees", "om reg te stel", ensovoorts. Vir Zaccagnini

het die wette ten doel om ʼn "gepaste morele en sosiale orde" daar te stel ten einde enige inbreukmaking wat in elke aspek van die alledaagse lewens van die antieke Mesopotamiërs voorkom, te oorkom. Verder toon hy ook aan dat dit opmerklik is dat die versamelings selde publieke aangeleenthede hanteer. Die koninklike uitsprake van gelykheid, waarheid en geregtigheid is daarop gerig om die privaat verhouding tussen mense te reël, om seker te maak dat daar so min as moontlik daarop inbreuk gemaak word en dat die randfigure van die gemeenskap soos die weduwees, wees en armes beskerm word (Zaccagnini 1994:266).

Die godsdienstige element in die reg kom van die opperste ideale van regverdigheid en gelykheid wat die hoofkwaliteite van die songod Šamaš is, wat ʼn prominente god in die Mesopotamiese panteon is en wat ʼn konstante verwysing is om te voldoen aan die sterk behoefte om ʼn ware en bestendige sosiale orde te verseker (Zaccagnini 1994:267).

Šamaš word as ʼn skaapherder, die regter van die mense, getipeer. Die god is beskryf as "hy wie se nalatenskap geregtigheid (*mīšarum*) is en aan wie gelykheid (*kittum*) as ʼn geskenk gegee is" (Zaccagnini 1994:268). ʼn Effense ander formulering is in die proloog van LU waar na die god Nanna verwys word en genoem word dat die koning se promulgering van die bepalings in ooreenstemming is met Nanna se beginsels van geregtigheid (**nìg-si-sá**) en gelykheid (**nìg-gi-na**) (Zaccagnini 1994:268). Terselfdertyd beklemtoon Zaccagnini dat die koning homself prys as die die een wat al hierdie werke onder die goddelike inspirasie tot stand gebring het. Die koning skroom nie om hieroor te spog nie, en dit is vir hom belangrik om dit te doen. Zaccagnini (1994:269-286) kom tot die gevolgtrekking dat die verwysing na die koning se dade vir sy mense ten doel het om die koning se beeld te poets en dit is niks anders as koninklike propaganda nie.

2.3.2 *Andurārum*

Die term *andurārum*[55], Sumeries **ama.ar.gi$_4$** kon voor in die inskripsies soos dié van koning Enmentana (ca.. 2450 v.C.) tot by Esarhaddon (17de eeu v.C.). Dit sluit in verskillende inskripsies en versamelings se proloë, en meer spesifiek die Instruksies van Urukagina, Enmentana en Samsu-iluna en versamelings soos LU, LL en LH wat sosiale implikasies gehad het en in sekere tye sekere betekenisse gehad het (Lemche 1979:15-21, Weinfeld 1995:75).

[55] Ook andarāru, indurāru, addurāru, durāru (CAD A, s.v. andarāru).

Die woord *andurārum* se stam is *d r r* (Arabies vir *darra*, wat beteken om vrylik te beweeg) met die agtervoegsel -*an* wat gewoonlik as manumissie vertaal word (Lemche 1979:15). *Andurārum* word in die derde persoon - sy *andurārum* - uitgedruk as *anduraršu*, maar hierdie verbuiging word nie by die begrip *mīšarum* gevind nie. Weinfeld (1995:75) betoog dat wanneer *andurārum* in die algemene sin gebruik word, daar nie ʼn verskil tussen *andurārum* en *mīšarum* is nie.

Tot onlangs is die **ama gi$_4$ e.gar** soos dit in die Instruksie van koning Urukagina (wat Lemche hervormings noem) voorgekom het, as die vroegste beskou, wat onder andere die vryheid van die inwoners van Lagaš bevestig het (Lemche 1979:15). Lemche verwys na Lambert wat van mening was dat die **ama gi$_4$ e.gar** oor die afskaffing van belastings gehandel het, maar Lemche is van mening dat dit ʼn hele hervorming insluit, aangesien die hervorminge in ʼn algemene manier gestel word. Die **ama gi$_4$ e.gar** in die Instruksie van Urukagina was om te sê dat voordat Urukagina aan bewind gekom het was die inwoners van Lagaš slawe. Lemche noem dat Lambert verwys na die Instruksie van Enmentana wat vroeër as Urukagina s'n was, maar met dieselfde strekking.

Lemche gaan verder en stel dit dat selfs voor Enmentana se inskripsie blyk daar ʼn ontwikkeling van hierdie term in die vorm van die kansellering van rente te wees. In die Neo-Sumeriese periode (Ur III-dinastie) was die term **ama gi$_4$ e.gar** gebruik om die vrystelling van individue aan te dui. In LU is daar 'n fragment wat wat melding maak van die vrylating van ʼn slaaf (Lemche 1979:16). In LL verwys koning Lipit Ishtar van Isin na sy versameling as die afkondiging van ʼn sosiale handeling en haal Lemche ʼn vertaling van Kraus aan waar koning Lipit Ishtar die volgende woorde geuiter het:

> Verily, in those [days] I procured.....the [fre]edom ([am]a.ar.gi$_4$.bi....hé.bí.díb) of the [so]ns and daughters of [Nippur], the [so]ns and daughters of Ur, the sons and daughters of [I]sin, the [so]ns and daughters of [Sum]er (and) Akkad *upon whom*.....slaveship.....*has been imposed* (...nam.arad[hu.m]u.ni.íb.aka)

Lemche is van mening dat die paragraaf daarop dui dat daar ʼn direkte verband tussen die **ama gi$_4$ e.gar** en slawerny (**nam.arad**) is en dat slawerny in dié geval letterlik bedoel word (Lemche 1979:17).

Weinfeld (1995:75) is van mening dat *andurārum* wat saam met die begrippe *kittu* en *mīšarum* gevind word, nie na sosiale geregtigheid in die algemeen verwys nie, maar eerder spesifiek na die vrylating van mense en die herstel van eiendom aan die eienaar.

Waar die Akkadiese ekwivalent van **ama gi$_4$ e.gar** in LH, die Inskripsies van Samsuiluna en -Ammi-saduqa gebruik word, is daar ook nog ʼn verband tussen *andurārum* en manumissie (Lemche 1979:17).

Ten slotte blyk dit dat in die eerste helfte van die tweede millennium v.C. was daar verskillende gebruike vir die woord *andurārum* was.[56] Eerstens is *andurārum* gebruik in die geval van manumissie wat saam met die Sumeriese ekwivalent val, tweedens kon die woord wys op die kansellering van skuld en om sekere grondtransaksies ongeldig te verklaar en laastens is die *andurārum* algemeen in inskripsies deur die konings uitgevaardig (Vgl. CAD *A*, s.v. *andarāru*). Die doel van hierdie inskripsies kon wees om óf sosiale hervorming te weeg te bring óf om verskillende belastings te kanselleer (Lemche 1979:18).

Dit blyk dus dat die Sumeriese en Akkadiese term *andurārum* het ʼn langer aanloop in die inskripsies en versamelings van Mesopotamië (Lemche 1979:16-17), waarin daar verskillende betekenisse en klemverskuiwings was.

2.3.3 *Sar mīšarum*

In die Middel Koningryk het die konings aan hulself die titel van *sar mīšarum* - koning van geregtigheid - gegee, net soos koning Hammurabi. Hulle het ook genoem dat die *mīšarum* die land sal toeval en daar is periodes, die *šanat mīšarum*, wat die jaar van geregtigheid genoem word (Lemche 1979:15).

2.3.4 *Dīnāt mīšarum*

Die epiloog van LH begin met die woorde:

> These are the **just decisions** (my beklemtoning) which Hammurabi, the able king, has established and thereby he has directed the land along the course of truth and the correct way of life (Roth 1995:20).

[56] Volgens CAD (CAD *A*, s.v. *andarāru a*) is in die Ur III-dinastie in die **di.til.la** verwys na die vrylating van slawe (**ama ar. gi$_4$ ...gar**) deur privaat eienaars. In die Oud-Babiloniese tydperk kom dit in die versamelings voor waar dit na persone wat van diens vrygestel of as slawe vrygelaat word en in die regstekste waar slawe vrygestel word (CAD *A*, s.v. *andarāru 1 b*). In dieselfde tydperk verwys dit na verpligting t.o.v. kommersiële skulde wat nagekom moet word. In Mari kom die term voor waar skulde in silwer terugbetaal moet word, selfs indien daar ʼn kwytskelding van skulde was (CAD *A*, s.v. *andarāru 2 c*). Die term kom in die koninklike inskripsies voor waar die koning vryhede vir die mense van **Kiš** gegee het of waar die koning aan die inwoners van Akkadië van hulle skulde kwytgeskeld het. In ander gevalle noem die koning dat hy die werk van die gode weggeneem het en so vryheid aan die gode gegee het (CAD *A*, s.v. *andarāru 2 i*).

Roth vertaal die word *dīnu* as ’n besluit wat verskillende aspekte van ’n regsaak kan insluit, waaronder die volgende val: ’n Beslissing deur ’n voorsittende beampte (koning, regter), straftoekenning, afkondiging van ’n god of orakel, ’n spesifieke gedeelte van die reg en die hele hofsaak. Hierdie term kom ook in die Neo-Babiloniese versameling voor waar daar kortliks verwys word waar die skrywer nie toegang gehad het tot die hele bepaling nie en ’n oop spasie gelos was met die woorde: *dīnšu ul qati u ul šatir*, wat Roth vertaal as “Its case (or: law, or: decision) is not complete and is not written (here)”. Die term is ook weer 'n paar eeue daarna gebruik.

In een van die skolastiese werke word na LH verwys, waar die laaste paar van die bepalings en die hele epiloog geskryf was en die tablet geïdentifiseer is met die woorde *“[DUB].5.KAM dīnāni [ša] Hammurabi”* en deur Roth vertaal is as “Tablet five of the laws (or:decisions,etc] of Hammurabi” (Roth 1995:20).

In 'n Neo-Assiriese teks was daar 'n aantekening gemaak met die woorde: *“dīnāni ša Hamm[urabi]*”, wat Roth vertaal het as “die wette of besluite van Hammurabi” (Roth 1995:20-21).

Lukas (1979:317) verwys na LH as die “verdicts of the just order” deur die vertaling van *dīnāt mīšarim* te neem soos dit in LH voorkom.

Die besluite van die koning is met die godsdiens verweef. Die koning is die bopunt van die hiërargie en word as die skaapherder[57] geag. In sekere tye het die benaming as skaapherder voorgekom, soos in LH. Die vroegste benaming daarvan kan gevind word in die koninklike voorskrif van koning Lugalzagesi van Uruk (2340-2316 v.C.) wat na homself verwys het as om gebore te wees om ’n skaapherder te wees. Shusin, koning van Ur (2037-2029 v.C.) is “the king whom the god Enlil, in his heart, has elected to be the shepherd of the country and of the four quarters of the world”. Net daarna het koning Lipit-Ishtar van Isin (1934-1924 v.C.) homself beskryf as die “nederige skaapherder van die stad van Nippur” in LL en ander inskripsies

[57] Vgl. Muller (1944) t.o.v. die voor-historiese verskyning van die term “skaapherder”, wat ook in antieke Egipte so vroeg as 4000 en 2000 v. C. op rotse geteken was, in Sirië ontdek is en in die Bybel (veral deur David en tekste in die Nuwe Testament gebruik) voorgekom het, asook in Hittitiese- en antieke Griekse dokumente gevind word. Die term het ’n komplekse ontwikkeling in die antieke samelewings gehad, wat wissel van ’n magiese element tot realistiese uitbeeldinge waarna dit godsdienstige ondertone onder verskillende bevolkings oor ’n lang tydperk gehad het (Muller 144:87-90).

(Zaccagnini 1994:270). So byvoorbeeld is daar ’n terracotta keël ontdek van koning Lipit Ishtar wat in ’n tempel-muur soos ’n hedendaagse kantsteen ingebou is en waarvan die inskripsies lees:

> The divine Lipit Ishtar,
> the humble shepherd of Nippur,
> the faithful husbandman of Ur,
> who does not change the face of Eridu,
> a king befitting Erech,
> the king of Isin
> the king of Sumer and Akkad (North and South Babylonia),
> who captivated the heart of the goddess
> Ininni (Ishtar),
> am I.
> When justice in Sumer and Akkad he had
> established,
> he temple of justice he built.[58]

Sprunger sien dit as koninklike propaganda met die doel van ’n magshonger koning om aan toekomstige geslagte met sy prestasies te spog (Sprunger 1985:15).

Zaccagnini (1994:270) is van mening dat by die konings van Akkadië die skaapherder-verwysing nie gebruik word om die hoof aspekte van die koningskap te beskryf nie. Die karakterisering van Akkadiese koningskap in die koninklike voorskrifte verskil van die Sumeriese en nie-Sumeriese politieke propaganda en beeldpoetsery. Zaccagnini (1994:270 vt 19) is van mening dat dit te wyte is aan die Akkadiese konings se bemoeienis met die militêre- en mag aspekte van koningskap en daar nie is plek vir vreedsame, rustige en “konstruktiewe” elemente nie.

Zaccagnini stel dit dat die bindende karakter van die norme soos uitgevaardig deur die koning voorkom in die Oud Babiloniese tegniese term *simdatum*, *simdat sarrim* wat as koninklike dekreet vertaal kan word en komende van *samādu* is wat beteken om vas te bind. Die sekerheid van die reg word uitgedruk deur die Sumeriese term **di.ku$_5$**, Akkadies *dīnum* wat ook die basiese woord vir alle prosedurele en regsaspekte van ’n hofsaak is soos besluit, beslissing, saak, hofsaak, eis, reg en aspekte van reg. Die *dīnāt mīšarim* wat Zaccagnini as “equitable laws” beskou, sien hy terselfdertyd as die definisie van LH in sy geheel. Die *dinum* verwys na die reg en dele van die reg waar dit beskou is as waar, stewig, bestendig en seker (Zaccagnini 1994:267). Net soos Sprunger beklemtoon Zaccagnini dat die doel agter die koninklike “dekrete” vir die

[58] Vertaal deur Pfeiffer en Banks - vgl. Sprunger (1985:18 vt 1).

koning was om met sy prestasies te spog. Die koning, wat aanvanklik beklemtoon dat hy onder goddelike inspirasies as skaapherder na sy mense omsien, verwys nie weer na die gode wanneer hy beskryf wat hy vir die land beteken en gedoen het nie (Zaccagnini 1994:272-278).

2.3.5 *Lex Talionis*

Talionis is ʼn afkorting vir vergelding komende van die Latynse term *Lex Talionis* wat beteken reg van vergelding. Hierdie beginsel kom nie net in die Bybel, onder meer in Deuteronomium 19:21 en Levitikus 24:19-20[59] voor nie, maar ook in die Versameling van Lipit Ishtar[60] (paragraaf 25) en Hammurabi (verskeie bepalings). Dit staan beter bekend as die sanksie van oog vir ʼn oog of in Engelse omgangstaal as "tit for tat" (Frymer-Kensky 1980:230). ʼn Voorbeeld van so ʼn bepaling is Deuteronomium 19:21 (Nuwe Vertaling) wat as volg lees: "Jy mag so ʼn persoon nie genade betoon nie: lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet". Verder is in LH die bepalings 196, 197 en 200, soos deur Frymer-Kensky (1980:232)[61] aangehaal en wat as volg bepaal:

> If a man knocks out the eye of a member of the *awīlum* class, they shall knock out his eye; if a man breaks the bone of an *awīlum*, they shall break his bone... If a man knocks out the tooth of his peer they shall knock out his tooth.

Sassoon (2001:143) verwys na die "sewe wette van *Talionis* in Hammurabi", wat hy verdeel in die "wette" waarvan die skuldige gestraf word[62], en die "wette" wat die onskuldige straf.[63]

Diamond (1957:153) verwys na skrywers soos Kramer, Goetze, Driver & Miles wat betoog dat MAL en LH se *Lex Talionis* 'n "argaïsme" was en dat die ander vroeër versamelings soos LE en

---

[59] Levitikus 24:19-20 van die Nuwe Vertaling van die Bybel lees as volg: vers 19: "As iemand ʼn medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word." Vers 20: "as hy iemand se been gebreek het, moet sý been gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het, moet sý oog ook beskadig word; as hy iemand se tand uitgeslaan het, moet sý tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het." Maar vers 21 lees verder: "As iemand ʼn ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang, maar as iemand ʼn moord pleeg, moet hy die doodstraf kry."

[60] Hierna afgekort na LL.

[61] Sien Frymer-Kensky (1980) waar sy van mening is dat die beginsel sy oorsprong van die Wes-Semitiese tradisies het, eerder as van Babiloniërs.

[62] Sassoon (2001:143) verdeel die wette van Talionis waar die skuldige gestraf word as volg:
"196 Seignior destroys seignior's eye……..destroy his eye
197 Seignior destroys seignior's bone……destroy his bone
200 Seignior destroys seignior's tooth……...destroy his tooth
229 Builder of house of seignior…house collapses, kills owner……the builder die"

[63] Sassoon (2001:143) verdeel die wette van Talionis waar die onskuldige gestraf word as volg:
"116 Seignior caused death of distrained son of another seignior……. seignior's son to die
210 Seignior struck pregnant woman who died; if she was daughter of a seignior his daughter dies
230 Builder of house for seignior…house collapses, kills owner's son…… builder's son to die".

LU 'n meer menslike benadering gehad het. Diamond (1957:153) stem nie saam nie en noem dat daar na ander faktore gelet moet word sodat 'n algemene aanname gemaak kan word. Die vordering van mense moet ook gemeet word aan die samelewing se grote, bevolkingsdigtheid, ontwikkeling van sentrale regeringsorgane, ekonomiese spesialisasie en die beheer oor die omgewing (Diamond 1957:153). Sanksies ten opsigte van breë spektrum van gewraakte optrede, insluitend moord, verkragting ensovoorts was aanvanklik vergoedend van aard in die vorm van goedere of geldeenheid. Later het hierdie sanksies liggaamlik geraak met gepaardgaande doodstraf, mutilasies ensovoorts, maar nie alles op dieselfde tyd nie (Diamond 1957:153). Voordat hierdie liggaamlike strawwe toegepas is, is gewraakte optredes soos moord en owerspel as siviele oortredings beskou en die gemeenskap was tevrede as die dader met die groep "regmaak" deur geskenke te oorhandig om so die harmonie te herstel (Diamond 1957:154).

Later soos die gemeenskap meer kompleks geword het, het die strawwe liggaamlik in geval van kriminele oortredings geword, waar beskou is dat die staat se belange en welstand bedreig word. Dit was nie meer genoeg dat die familie van die slagoffer geldelik of deur goedere vir 'n gewraakte optrede vergoed word nie. Vir politieke oortredings word die doodstraf en mutilasies deur die koning ingestel.

Gewraakte optredes bedreig die koning se gesag en daag hom uit en dit moet ten alle koste onderdruk word. Om harmonie in 'n meer komplekse groot samelewing te bewerkstellig, is dit nie meer so maklik as toe die hoof van die families in beraadslaging harmonie bewerkstellig het en makliker beheer oor hulle families kon uitoefen nie (Diamond 1957:154).

Parisi (2001:82-124) het ŉ omvattende studie gemaak van die ontstaan en ontwikkeling van die *Lex Talionis*-beginsel in antieke reg en hy kom tot die gevolgtrekking dat die dader se familie aanvanklik probeer het om die benadeelde se familie om te koop, en die aanvaarding van die vergoeding was vrywillig, maar later het dit verander na waar die benadeelde se familie verplig was om dit te aanvaar. Net soos Diamond betoog Parisi dat die aspek van vergoeding verdwyn het met die opkoms van die staat se mag waar daar ŉ oorgang van private na publieke remedies plaasgevind het (Parisi 2001:124).

Sassoon (2001:145) plaas weer klem op die konsep van balans waarvan restitusie en *Talionis* die grondbeginsels is en balans deur een van die twee herstel moes word. Restitusie vergoed die benadeelde party en vorm die basis van hedendaagse siviele reg. Restitusie vra eerstens wie het dit gedoen, ten einde die beskuldigde party te identifiseer en die onskuldige te kan laat vrygaan.

Daarna vra dit watter skade is veroorsaak en die balans word herstel deur ŉ bedrag te bepaal en die skuldige party te beveel om dit te betaal. Die tweede beginsel is dat *Talionis* die balans herstel deur aan die beskuldige party dieselfde skade toe te wys as wat hy veroorsaak het. Sassoon beskou dit as "getting even", en wat mense bedoel as hulle aandring op geregtigheid en praat van wraak. Geregtigheid geskied vinnig en dit pas in by die reg van die woestynbewoners. By *Talionis* word net soos restitusie gevra, wie het dit gedoen en identifiseer dan die skuldige party, maar met die verskil dat die identiteit van die skuldige party nie die oplossing is nie, maar eerder die beskrywing van die misdaad. *Talionis* sê dan niks en gaan voort met die vraag wie het skade gely en gebruik die antwoord van die vraag om so na as moontlik dieselfde skade aan die skuldige party toe te wys (Sassoon 2001:145).

Sassoon is van mening dat dit nie "inpas" in die agtergrond van die ander versamelings nie en dat ŉ gewysigde vorm in die Bybel plaasgevind het met Goddelike gesag wat dit aanhou laat voortleef. Die *Talionis* wat hy as net een van die uitdrukkings van die "sentrale leerstelling om sosiale balans te herstel" beskou, vorm deel van die hedendaagse beeldhouwerk wat ŉ skaal in gelyke balans uitbeeld (Sassoon 2001:146).

Sassoon is van mening dat die unieke *Lex Talionis* by LH is vanweë die unieke samestelling van die samelewing en koning Hammurabi se poging om almal te akkommodeer. Die Amoriete-nuwelinge en Akkadiërs kom oorspronklik van die woestyne in die weste van Sumerië. Die Akkadiërs het lank saam met die Sumeriërs geleef en het grotendeels die Sumeriese stadskultuur hul eie gemaak. Die Amoriete of Martu (Sumeriërs het hulle dit genoem) in die ryk van Hammurabi was nog kort tevore woestynbewoners en hulle taal en kultuur was beduidend anders as die Akkadiërs en Sumeriërs s'n (Sassoon 2001:164).[64] Sassoon is van mening dat die *Lex Talionis*-komponent van die woestynbewoners afkomstig is en die bestaande wette van Sumerië en Akkadië was ŉ manier om die nuwe Amoritiese aristokrasie in sy regsisteem te voeg (Sassoon 2001:167).

[64] As gesag vir sy standpunt verwys Sassoon (2001:164-165) na die gedig die "Curse of Agade" wat in Sumeries ca.. 2000 geskryf was en die hoofstad Agade van Akkadië onder die regeringskap van koning Naram Sin (ca. 2250) beskryf het, wat net t.o.v. die toepaslike dele aangehaal word:

> ...Inside, the city was full of tigi music
> Outside it was full of reed-pipe and zamzam music..

en verder,

> The Sumerians eagerly sailed their goods-laden boats to it [Agade],
> The Martu, the people of the lord that knows no grain,
> Brought her perfect oxen, perfect sheep...

Die *Talionis*-beginsel in LH gaan dus verder as die Bybel se *Talionis* deurdat dit die onskuldige party straf. Die straf toegesê aan die beskuldigde by *Talionis* kan nooit meer wees as wat hy veroorsaak het nie. Die *Talionis* kan gesien word as suiwer vergelding of wraak, óf om die koning se mag te onderstreep, óf as ’n slim politieke truuk van ’n koning om die gebruike van ’n nuwe volk deel te maak van sy land se regsisteem, is van die moontlikhede hoe die *Talionis*-beginsel verskillend geïnterpreteer kan word. Die debatvoering hieroor is nog lank nie verby nie.

2.4 SAMEVATTING

Die doel van die benaminge van sekere terme is om daarop te wys dat die Romeinse reg wat ons hedendaagse reg se voorouer is, nog ’n groot rol in die bewustelike en onbewustelik persepsies van hedendaagse geleerdes van die Mesopotamiese kultuur met ’n regsagtergrond en ook dié daarsonder speel. Benaminge van sekere sleutelterme kan die gevaar hê dat daar onbewustelike aannames gemaak word vanuit “vreemde” invloede soos die Romeinse reg, wat moontlik kan meebring dat ons die regstradisies van Mesopotamië kan misverstaan. Meer neutrale terme soos versamelings in plaas van wetkodes en inskripsies in plaas van edikte is voorgestel en sal in hierdie studie gebruik word.

Verder is sekere terme soos dit in die Mesopotamiese versamelings voorkom kortliks verduidelik ten einde meer insig te gee in verdere besprekinge waar daar na hierdie terme in die studie verwys sal word.

DEEL I

HOOFSTUK 3

DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE BESTUDERING VAN ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

> "The introduction of many minds into many fields of learning along a broad spectrum keeps alive questions about the accessibility, if not the unity, of knowledge."
> *(Edward Levi)*[65]

Die historiese ontwikkelingsgang van die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies hang nou saam met unieke benadering van geleerdes van die verskillende wetenskapvelde en skole in die bestudering van die antieke Mesopotamiese regstradisies. Dit kan een van die faktore wees wat die bepaling van die versamelings en inskripsies as ʼn moontlike bron in die Mesopotamiese regstradisies in besonder en Mesopotamiese kultuurlewe oor die algemeen, beïnvloed.

3.1 INLEIDING

In die begin van die derde millennium v.C. het die eerste kulture en samelewings in die valleie van die Nyl-, Tigris- en Eufraatriviere[66] verrys. Antieke Mesopotamië[67] het bestaan uit Assirië in die noorde en Babilonië in die suide, wat onderverdeel kan word in ʼn noordelike gedeelte, genoem Akkadië, en ʼn suidelike gedeelte, Sumerië (Driver & Miles 1952:195). Daar was eers klein nedersettings wat oor die hele gebied versprei was, maar wat later komplekse samelewings geword het (Ellickson & Thorland 1995:328). Westbrook (2003:2) noem dat die regstradisies van die Ou Nabye Ooste ʼn produk is van hierdie samelewings van verskillende tale en kulture verspreid in tyd en plek oor ʼn tydperk van duisende jare en daarom bied die bestudering daarvan groot uitdagings aan hedendaagse geleerdes. In hierdie hoofstuk word die verskillende

[65] http://www.brainyquote.com/quotes/authors/e/edward_levi.html

[66] Die spelling van die Tigris- en Eufraatriviere is van Griekse afkoms. Die oorspronklike name van Tigris is *Idiglat* en Eufraat is *Buranum* (Bertham 2003:2).

[67] Die naam kon verdeel word onder *mesos*, die Griekse woord vir "tussen" of "in die middel", en *potamus* wat "rivier" beteken, tesame met die agtervoegsel *–ia* wat aan name en plekke gekoppel kan word (Bertham 2003:2). Griekse reisigers en geskiedskrywers het die naam Mesopotamië aan die streek tussen die Tigris- en Eufraatriviere gegee, wat letterlik "die land tussen riviere" beteken, maar die Mesopotamiërs het nie ʼn naam aan hierdie gebied gegee nie (Bertham 2003:2). Mesopotamië bestaan vandag grootliks uit die hedendaagse staat Irak, sekere dele van Sirië en die Turkse gebied (Ellickson & Thorland 1995:328).

ontwikkelingsfases, skole en wetenskapvelde in die interpretasie van die Mesopotamiese regstradisies deur hedendaagse geleerdes kortliks bespreek.

Die Mesopotamiese regstradisies is ’n hedendaagse fenomeen wat eers in die laat 19de eeu posgevat het. Goetze (1949) het met die idee begin om die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies en kultuurlewe van die Ou Nabye Ooste in ontwikkelingsfases te verdeel. Hierdie fases bevat grotendeels die ontwikkeling van “ou” en “nuwe” ontwikkelde teorieë in sake die aard en inhoud van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies en die sieninge ten opsigte van die interpretasie van ontdekte en ontsyferde bronne, insluitende die versamelings en inskripsies van die Mesopotamiese samelewing.

Ellickson en Thorland (1995) het vier algemene skole vermeld waarin menslike instellings geplaas kan word en wat ’n rol kan speel in die interpretasie van versamelings en inskripsies se posisie as ’n bron in die Mesopotamiese regstradisies.

Die verskillende wetenskaplike velde, naamlik Kultuur Studies, Regstudies, Antropologie, Argeologie en Bybel Studies se beskouing van die Mesopotamiese regstradisies en antieke regstelsels sal uitgelig word. Daar sal veral klem gelê word op die historiese verloop van die bestudering van hierdie wetenskappe op die antieke regstradisies en die Mesopotamiese regstradisies in besonder. Hierdie wetenskappe het verskillende klemverskuiwings in hoe die antieke regtradisies bestudeer word, wat belangrik is ten opsigte van die metodologie wat gevolg moet word. Terselfdertyd is daar ook gevaarpunte wat uitgelig sal word wat kan meebring dat die Mesopotamiese regtradisies verkeerd geïnterpreteer kan word. Dit het op die beurt ’n direkte invloed in waar die versamelings en inskripsies binne die regstradisies as ’n bron geplaas word.

Kultuur Studies, Regstudies, Antropologie, Argeologie en Bybel Studies kan saam met vrug aangewend word om die versamelings en inskripsies beter te kan verstaan. Bottéro (1992:24) wys daarop dat die totaliteit van alle wetenskappe ingespan moet word waar geleerdes en mense as ’n groep moet saamwerk tot ’n ideaal om deur studie en navorsing kennis in te win.

3.2 DIE ONTWIKKELINGSPERIODES VAN GOETZE

Goetze (1949:115) noem dat die navorsing van die regstradisies van die Ou Nabye Ooste in verskillende fases ontwikkel het en hy verdeel dit in drie periodes, naamlik die “pioniersperiode”, die “Pan-Babiloniese periode” en die “periode na die Eerste Wêreldoorlog”.

3.2.1 "Pioniersperiode"

Goetze (1949:115) is van mening dat die "pioniersperiode" in die laaste dekades van die 19de eeu plaasgevind het. In hierdie periode is die eerste regsdokumente "erken" en die eerste pogings gemaak om hierdie dokumente te vertolk.

Die vordering van hierdie proses het van die beskikbaarheid van die bronne afgehang. Opgrawings is by die paleise van Assiriese konings, en uit die tydperke van die Neo-Babiloniese konings soos Nebukadneser, Nabonidus en Hammurabi, gedoen (Goetze 1949:115).

3.2.2 "Pan-Babiloniese" periode

Die tweede periode, die sogenaamde "Babiloniese fase" het begin met die ontdekking van die Hammurabi se stele, waar die koning Hammurabi en sy sogenaamde "wette" 'n sentrale tema gespeel het (Goetze 1949:116).

Die Franse het in 1897 belangrike werk by Susa (hoofstad van Elam) gedoen, waar die stele van Hammurabi ook ontdek is, en het uitgewys dat daar sterk bande met die antieke Mesopotamiese samelewing was (Saggs 2000:18).[68] Hierdie stele is deur J. de Morgan gedurende 1901–'02 opgegrawe en later deur Père Scheil gepubliseer (Goetze 1949:116). Aanvanklik is daar 'n vergelykende studie tussen Hammurabi se "wette" en die Joodse wette soos gevind in die Pentateug en die Verbondkode (*Covenant Code*) gedoen (Goetze 1949:115). Baie artikels en boeke het die lig gesien om te bewys dat daar 'n Babiloniese invloed op die sogenaamde wetkodes van die Ou Testament was (veral die sogenaamde Verbondkode – Eksodus 21:22-17 van die Bybel) (Jackson 1968:373).

Die beweegrede, die sogenaamde "Pan-Babilonianisme", se siening was dat die "Babiloniese wette" die bron van die Israelitiese wetkodes was (Goetze 1949:116). Daar is voorgehou dat die vloed- en skeppingsverhaal van die Ou Nabye Ooste as 'n bron vir "soortgelyke" Joodse verhale gedien het (Goetze 1949:116).[69]

---

[68] Nóg Franse en Duitse ekspedisies het gevolg en het as modelle vir wetenskaplike argeologie gedien, waarvan die Duitse tegnieke vandag nog gebruik word (Saggs 2000:18).

[69] Goetze (1949:116) is van mening dat daar is "little merit in this all too simple and naïve solution of the problem", maar hy noem dat daar 'n mate van meriete daarin steek. Medenhall (1954:31-32) stel dit dat daar onder skrywers oor die algemeen voorgehou word dat die Israelse "hofsake" twee dele het, naamlik literêre en judisiële dele en dat dit in 'n direkte of indirekte afhanklikheid teenoor die ander ONO versamelings staan.

Vandag word hierdie pogings gekritiseer en word dit as twyfelagtig of kunsmatig bestempel (Jackson 1968:373). In baie van die vergelykings het daar ’n onafhanklike ontwikkeling plaasgevind van die onderliggende aanvaarding dat regsisteme wat dieselfde probleme ervaar dieselfde oplossings sal bied, onafhanklik van die invloed van een sisteem op die ander (Jackson 1968:374).[70] Jackson (1968:374) kritiseer hierdie beweging en betoog dat daar is baie faktore binne en buite ’n samelewing wat die regsontwikkeling van ’n samelewing bepaal. Uiteenlopende verskille word in die regstradisies gevind (Jackson 1968:390).[71]

3.2.3 “Periode na die Eerste Wêreldoorlog”

Goetze (1949:116) betoog dat in hierdie navorsingsperiode daar ’n “onverwagse uitbreiding van ons horison” plaasgevind het. Navorsing op die gebied van die Ou Nabye Ooste het na afloop van die Eerste Wêreldoorlog met rasse skrede toegeneem.

Na die Eerste Wêreldoorlog word Irak ’n staat onder Britse mandaat en argeologie word in 1919 hervat met ’n verteenwoordiger van die Britse Museum by Ubaid, Eridu en Ur.

Nóg ekspedisies deur Amerikaners, Franse en Duitsers het gevolg, waarvan die belangrikste opgrawings in die suide van Mesopotamië, naamlik by Tello (antieke Girsu), Senkereh (antieke Larsa), Warka (antieke Uruk), Asmar (antieke Ešnunna) en ander plekke in die Diyalavallei gedoen is.

Die Franse het tot in 1933 opgrawings by Tell Hariri gedoen waar hulle bewys het dat Mari ’n belangrike buitepos vir die Babiloniese samelewing was. Duisende spykerskriftablette van die eerste helfte van die tweede millennium is ontdek (Saggs 2000:18–19).

Die sogenaamde wetkodes wat voor die oorlog ontdek was, is nou gepubliseer. Dit het onder meer die Sumeriese “Wette” (SLEx, SLHF), fragmente van die Versameling van koning Lipit Ishtar (LL), verskeie van afskrifte van die Middel-Assiriese Wette (MAL) en die Versameling van Ešnunna (LE) ingesluit.

---

[70] Jackson (1968:390) verduidelik verder dat dit nie net genoeg is om te bepaal dat sisteem X dieselfde reëls genereer as sisteem Y nie, want daar moet hiermee verder gegaan word en afgevra word waarom dit so is. In so ’n geval sal die “gemene kousale faktore” geïdentifiseer en gevalle bestudeer moet word waar daar verskillende resultate gelewer is t.o.v. “klaarblyklik dieselfde sosiale omgewing” (Jackson 1968:390).

[71] Vgl. Westbrook (1994:15-36) wat van mening is dat die Ou Nabye Ooste 'n gemeenskaplike regstradisies het. Westbrook se sieninge word deur skrywers soos Lafont (1994), Greengus (1994), Patrick (1994) en andere gekritiseer. Sien die bespreking in deel 2, hoofstuk 5.

Met die ontdekking van die Hittitiese Wette (HL) het geleerdes besef dat die Mesopotamiese samelewing vroeg in die tweede millennium v.C. na Anatolië versprei het. Die sogenaamde "Kappadocië-tablette" is getuienis van handelsaktiwiteite met vroeë Assiriese handelaars en die Nuzi-tablette het die Hurriese samelewing aan geskiedskrywers bekend gestel. Die oud-Babiloniese dokumente vanaf Susa wys ook dat die Oud-Babiloniese samelewing op Elam oorgeplant is. Dit kom daarop neer dat nuwe provinsies by die bestaandes gevoeg is (Goetze 1949:116). Daar word nie meer gepraat van die Babiloniese samelewing en reg nie, maar eerder na "spykerskrif-wet" verwys (Goetze 1949:116–7).

Die geleerdes probeer in hierdie stadium die bron van die Versameling van Hammurabi (LH) te bepaal. 'n Vergelykende studie word gemaak tussen die "nuwe" ontdekte "wetkodes" [72] en LH. Daar word afgevra of die kodes prototipes of navolgers van mekaar is en of hulle nie eerder 'n onafhanklike ontwikkeling van regsdenke weerspieël nie. In samehang hiermee is afgevra wat hierdie nuwe getuienis ons dan leer ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van LH (Goetze 1949:117). Goetze (1949:120) het die gewilde siening gekritiseer dat daar 'n parallelle ontwikkeling plaasgevind het van min of meer dieselfde beskawingstandaarde en dat die verhoudings tussen LH en die Verbondkode die algehele gevolgtrekking gehad het dat noue kulturele verhoudinge die lande van die Ou Nabye Ooste in die sogenaamde Amarna Periode in die 14de eeu v.C. geunifiseer het.[73]

3.3 NUWE ONTWIKKELINGE

3.3.1 Argeologiese ontwikkelinge

Na die Tweede Wêreldoorlog het die argeologiese werk in Irak weer voorgegaan, waaraan ander lande behalwe Brittanje, Amerika, Frankryk en Duitsland ook deelgeneem het. Irak self het ook 'n bydrae gelewer, asook lande soos Japan, Denemarke, Italië, Spanje, België en Rusland. Met die uitbreek van die Golf-oorlog in 1991 is die Mesopotamiese argeologie weer gekniehalter

[72] In hierdie stadium het die geleerdes na die versamelings verwys as "codes", maar terselfdertyd besef dat dit nie 'n kode *per se* is nie.

[73] Vir Goetze (1949:120) was die Amarna-tydperk 'n tydperk van konflik en dit het veroorsaak dat die state op hul eie moes funksioneer en hul eie nasionale ambisies bevorder het. Goetze (1949:119) sien die reg as 'n "verskynsel van die menslike beskawing" en hy fokus sy gevolgtrekking op die Mari-dokumente. Die prinse van die Mari-era het aan dieselfde regeringsklas behoort en dit het die geleentheid gebied om 'n meer eenvormige beskawing met wette wat 'n groot ooreenkoms toon daar te stel. Dit het die ander lande van die Ou Nabye Ooste beïnvloed en word gesien as die "gemeenskaplike terrein" waarop die versameling ontwikkel het (Goetze 1949:120).

(Saggs 2000:19). Die politieke situasie daarna en die huidige oorlog in Irak veroorsaak dat argeologie in Irak tot ’n stilstand geruk is.

3.3.2 Ontwikkeling van Assiriologie

Die dissipline Assiriologie is in die vorige eeu grootliks gekenmerk met die kontroversiele standpunte tussen die “geloof” en wetenskap, soos ook ervaar deur ander dissiplines in geologie, biologie en argeologie (Larsen 1995:105).

Malul voer aan dat hierdie debat nog nie opgehou het nie en dat ’n klemverskuiwing nou plaasgevind het. Daar word nie meer gesoek na ’n band tussen die twee kulture met die uiteindelike doel om te bepaal of hulle werklik onafhanklik van mekaar gesien kan word nie, maar daar word afgevra wat die metodologiese maatstaf moet wees wanneer die twee bronne met mekaar vergelyk moet word, ten einde te bewys of daar ’n noue verband bestaan, al dan nie (Malul 1990:39). Hierdie nuwe klemverskuiwing kan verwelkom word, maar terselfdertyd is daar nog nie duidelikheid oor wat hierdie nuwe metodologie moet behels nie.[74] Hierdie benaderings speel ’n belangrike rol in die ontleding en definiëring van die verskillende teorieë ten opsigte van die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies in besonder en die Mesopotamiese kultuur in die algemeen.

In die derde stadium het skrywers soos Driver en Miles hul bundel, *The Babylonian and Assyrian Laws* gepubliseer. Dit is ’n omvattende volume van die Ou Nabye Ooste se regstradisies wat in die 1950’s die beskikbare bronne en vertalende spykerskriftablette gereflekteer het. Vandag kan die invloed van die boeke nog gesien word, waar dit male sonder tal in tydskrifartikels en ander sekondêre en tersiêre bronne as gesag aangehaal word. Met nuwe vertaalde stukke en heroorweging van opinies van skrywers in die verlede is groot gedeeltes van hierdie twee volumes verouderd, maar hul posisie en gesag in die verlede sal nog lank ’n prominente rol vervul. Vanaf hierdie tydperk het juriste begin om ’n groter rol te speel en skrywers soos Jacobsen (1963), Good (1967), en Jackson (1968,1972) het die Mesopotamiese en Ou Nabye Oosterse regstradisies in hedendaagse kategorieë van die reg verdeel.

Vandag is daar nuwe ontwikkelinge soos Hibbits (1992), Malul (1988) en Kruger (1998) se fokus op die multi-sintuiglike-, simboliese aspekte en nie-verbale kommunikasie van die

[74] Sien die bespreking in deel 2, hoofstuk 6 waar die aanwending van ’n regswetenskap en metodologie in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies uiteengesit word.

Mesopotamiese en Ou Nabye Oosterse regstradisies. Daar word minder klem gelê op ’n vergelykende studie tussen die Bybelse en Mesopotamiese versamelings, en selfs indien daar ’n vergelykende studie gemaak word, poog skrywers om die regstradisies in hul eie reg te bestudeer (Sien Malul (1990)).

3.4 DIE VERSKILLENDE DENKSKOLE

Waar argeologie aan die begin van die 20ste eeu byna alleenlik op die “beskrywing en kronologiese klassifikasie van vondse” gefokus het, is die huidige benaderings meer tot ekologiese, omgewings- en sosiale ondersoeke en verduidelikings (Knapp 1988:3). Hierdie beskou Knapp (1988:3) as ’n weerspieëling van huidige sieninge en denkrigtings van die hedendaagse samelewing.

Die skrywers Ellickson en Thorland het in plaas van ’n verdeling van navorsing in periodes die verskillende sieninge van geleerdes in vier algemene denkrigtings of skole verdeel. Hierdie skole behels die verskillende menings waar die menslike instelling deur tyd en ruimte varieer (Ellickson & Thorland 1995:324).

Die vier skole behels die “rational-actor optimists”, “rational-actor pessimists”, “stage theorists” en die “cultural pluralists” (Ellickson & Thorland 1995:324).

Die rasioneel-akteur-optimiste soos Levmore was van mening dat samelewings geneig is om regsreëls daar te stel ten einde gewraakte optrede van die individu se lewe te verhoed en “when the efficient approach is plain, that these rules tend to converge” (Ellickson & Thorland 1995:324).

> The rational actor model anticipates that an individual will estimate the expected utility of alternative actions, and then choose the action that promises to maximize his personal expected utility, which may, of course, reflect a concern for others’ welfare (Ellickson & Thorland 1995:327).

Ellickson en Thorland (1995:327) beskou hierdie model nieteenstaande sy baie beperkinge as “a fruitful prism in all social contexts” en noem verder dat dit min deur geleerdes van antieke samelewings gebruik word.

Die rasioneel-akteur-pessimis-model beklemtoon dat die tekortkominge in “sosiale-keuse prosesse” ’n samelewing verhoed om instellings daar te stel om aan te pas. Byvoorbeeld in die

geval van Mesopotamië met sy tempel- en paleis instellings sal die model voorhou dat die tempel- en paleis instellings, maatreëls daargestel het wat slegs die belange van die heerser en die instellings se amptenary tot voordeel gedien het (Ellickson & Thorland 1995:325).[75]

Die verhoog-teoretici identifiseer die opeenvolgings van instellings se verandering en vind sy oorsprong in die Skotse Verligting. In die laaste deel van die 19de eeu het dit sterk op die voorgrond getree met skrywers soos Henry Maine, Lewis Henry Morgan, Karl Marx en Max Weber (Ellickson & Thorland 1995:325). Die konsep van oorgange van jagter-versamelaar, landbou-dorpies en stede met omringende mure was gedurende die twintigste eeu gewild onder intellektuele en revolusioniste. Marxistiese idees het veral bygeval gevind by geleerdes van die Ou Nabye Oosterse Studies van die Russiese skool wat bydraes gelewer het (Ellickson Thorland 1995:326).[76]

Geskiedenis, antropologie en sosiologie word nou deur die sogenaamde kulturele pluraliste gedomineer, waar die groep die verskille tussen samelewings benadruk en die gevare van veralgemenings uitwys (Ellickson & Thorland 1995:326).[77] Ellickson en Thorland noem dat "scholars associated with the Critical Legal Studies movement have tended to emphasize the mutability and contingency of human institutions" en verder dat "ideology, language, class structure, and other interrelated cultural factors strongly influence institutions" (Ellickson & Thorland 1995:327).

3.5 DIE WETENSKAPVELDE SE BENADERING EN INVLOED OP DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

3.5.1 Inleiding

Malul (1990:1–2) noem dat op die lys van "menslike karaktertrekke" wat oor die algemeen aanwesig is, een daarvan is om 'n vergelyking tussen fenomene en die objekte in die mens se wêreld rondom hom te tref. Dit is 'n natuurlike en soms onbewustelike manier van doen en voldoen aan die psigologiese en intellektuele behoeftes van die mens. In die wetenskap word dit

[75] In hoofstuk 5 kom hierdie model voor onder die voorstanders van die teorie dat die versamelings en inskripsies as propaganda vir die koning gedien het.
[76] Sien Diamond (1935,1951) in sy bespreking van die versamelings, waar hy van hierdie model gebruik maak. Sien ook Jackson se bespreking van Diamond, in 'n voetnoot onder 3.5.5.2 van hierdie hoofstuk (*infra*).
[77] Sien Malul (1990) en Jackson (1968 & 1980) en in hierdie hoofstuk (*infra*) wat die gevare van veralgemenings in die verskillende metodologieë uitwys.

meer bewustelik met ’n sekere doel voor oë gedoen, waarvan die doel afhang van die beoefening van elke wetenskaplike dissipline.

Die Mesopotamiese regstradisies is die studieveld van verskillende wetenskaplike velde, insluitend hedendaagse Kultuur Studies, Antropologie, Argeologie, Regstudies en Bybel Studies.

Geleerdes van die verskillende wetenskapvelde hou hulle by hul nering en daar vind baie min kontak tussen die verskillende velde plaas. Die wetenskapvelde het elkeen sy eie unieke probleme met onduidelikhede en uitgangspunte wat net kortliks uiteengesit sal word. Dit het ’n invloed gehad op geleerdes van die verskillende velde se benadering en interpretasie van die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies en -kultuurlewe.[78]

3.5.2 Mesopotamië: die begrippe kultuur en Kultuur Studies

In die bestudering van die Mesopotamiese kulture en ander antieke samelewings is daar die afgelope dekades ’n groeiende debat onder geleerdes oor die vraag: “Wat is kultuur?” Dit het ’n interessante besprekingspunt geword en is in ’n nuwe tersiêre vakrigting genaamd Kultuur Studies[79] vervat.

Meer geleerdes wil nie meer stilstaan by een of twee definisies van kultuur nie en daar is nie eenstemmigheid ten opsigte van die afbakening van die vakrigting Kultuur Studies is nie. Die mees algemene standpunt is dat “culture seems to be (almost) everything and cultural studies the study of (almost) everything!” (Sadar & Van Loon 2004:5). Hall (1996:278) is van mening dat Kultuur Studies “can’t be just any old thing which chooses to march under a particular banner”. Sadar & Van Loon (2004:5) wys daarop dat “cultural studies takes whatever it needs from any discipline and adopts it to suit its own needs”.

Voordat die vakrigting Kultuur Studies as ’n dissipline by tersiêre inrigtings aangebied is, was antieke kulture onbewustelik en selfs bewustelik as ’n uitbeelding van die sogenaamde “Ander” beskou. In vandag se Kultuur Studies word hierdie beginsel geformuleer waar ’n idee van iets in

[78] Sien Renger (1973:259-273) wat belangrike skrywers soos Kohler, Koschaker, Greengus, ens. se agtergrond en studies uiteengesit het.

[79] Dit is nie in die omvang van hierdie verhandeling om die oneindige teoretiese aspekte van Kultuur Studies en die aanwending daarvan tot die verskillende velde te bespreek nie, maar daar word gepoog om te benadruk dat Kultuur Studies geleerdes se opvattinge teenoor die antieke samelewings in meer as een gebied verander het en nog steeds bly verander.

’n “spesifieke ideologiese vorm” in ’n sekere bron verteenwoordig word. As ’n voorbeeld verduidelik Sadar & Van Loon (2004:13) dat antieke samelewings deur die hedendaagse samelewing in ’n spesifieke ideologiese vorm uitgebeeld word en meestal om in ’n negatiewe teenoorgestelde tot die hedendaagse kultuur te staan.

Hierdie “verteenwoordigende entiteit” van ’n bepaalde samelewing val buite die raamwerk van ’n hedendaagse mens se eie groep en meer spesifiek sosiale klas, biologiese geslag en geslagtelikheid (Sadar & Van Loon 2004:13). Die lede van die Westerse samelewing sal die antieke- en ander samelewings sien as “geprivilegeerd” teenoor die “barbare of heidene” en by die bekendstelling van periodes, vlakke of epogge as “gekultiveer” teenoor “ongekultiveerd” uitbeeld. Vandag is daar meer die neiging om hierdie periodes en epogge te sien as verskillende grade van die ontwikkeling van kultuur (Markarian 1977:104).

Mesopotamië en andere volke van die Ou Nabye Ooste het praktyke in hul kulture, soos slawerny, poligamie en politeïsme beoefen wat in stryd is met die “modern fyngevoelighede” van die hedendaagse wêreld (Ellickson & Thorkild 1995:328). In die projeksie van die beeld van die “ander” en die gepaardgaande praktyke wat in stryd met die hedendaagse menseregte-begrippe en -praktyke is, is dit te verstane dat die meerderheid “gewone” mense, soos Highwater (Smith & Weisstub 1983:18–19) dit stel, ’n “onbewustelike rassisme” het, met die neiging om ’n verskeidenheid van kulturele fasette van ’n bepaalde kultuur aan die Westerse standaard te meet. Die Westerse samelewing “has devised an image of progress placing themselves at the pinnacle of creation” en tot so ’n mate dat “the farther back in the ‘ancestral cave’ you live the more ‘primitive’ you are and, therefore, the more lowly by comparison to the white male who places himself at the crown of creation” (Smith & Weisstub 1983:8).

Bottéro (2001:26) wys daarop dat enige kennis wat ons van die Ander het, is maar net ’n “chimera”. Ons moet versigtig wees om nie “*historiese* kennis met *onmiddellike kennis*” te verwar nie. Ons beskik nie oor die vermoë om kennis te dra van wat alles in die verlede gebeur het nie en beskik oor die onvermoë om te aktualiseer van wat ons van dit leer.

> We can see them in the distance, with binoculars, as if they were on the other side of a wide river, but it is impossible to approach them, to touch them, to breathe them in (Bottéro 2001:26).

Vandag fokus meer geleerdes weg van die verskille tussen hierdie kulture en beskou die studie van ’n kultuur as ’n studie in eie reg en besef dat die verskillende kulture in verskillende tye het verskillende oplossing gevind vir dieselfde probleme (Knapp 1988:5).

3.5.3 Mesopotamië en Antropologie

Nader (1965:3) is van mening dat die Antropologie van Regstudies geleidelik gegroei het vanaf die klassieke monogramme van die 19de eeu, wat geleerdes soos Maine insluit, tot wat sy noem die "volgende mylpale in die Antropologiese Regstudies is", met geleerdes soos Barton, Gutman, Malinowsky en Schapera.

Daarna is die meerderheid van die werk vir 'n paar dekades oorheers deur koloniale administrateurs en sendelinge, eerder as antropoloë wat Nader, Koch en Cox insluit.

Studies van die sogenaamde primitiewe reg deur Llewellyn, Hoebel, Gluckman en Popisil het gevolg. Die meeste van die studies was op grond van die saak-metode en was in wese beskrywend van aard (Nader 1965:3).[80]

Die sosiale antropoloë was vanaf die vorige eeu die oorgrote meerderheid van geleerdes in 'n dissipline wat enigsins ag op die antieke regstradisies geslaan het. Die juriste het grotendeels hulle hier uitgehou en antieke regstradisies word nie in die Suid-Afrikaanse universiteite se regsfakulteite aangebied nie, behalwe vir 'n kort kursus in die Romeinse Reg.[81]

Volgens Hoebel (1946:835) is die tyd nou verby waar die sosiale antropoloog en juris mekaar as vreemdelinge behandel. Elkeen is besig met verskillende aspekte van dieselfde vrae en daarom kan ons mekaar nie langer ignoreer nie, want die ander se kennis en ervaring kan help om oplossings te vind.

Hoebel (1946:836) is van mening dat die rede waarom antropoloë nie 'n eenheid met juriste vorm nie, is as gevolg van 'n misverstaan van die aard van die reg en hul late om realistiese en werklike probleme in die jurisprudensie aan te pak. Die juris se rol in die antropoloog se misverstand lê in die aard van die reg, omdat die reg agter 'n "curtain of technical jabberwocky" gehou word. Die antropoloë roep weer uit: "Custom is king" (Hoebel 1946:836).

---

[80] Sien Roth (2001) se saakmetode in hoofstuk 6 wat sy in haar interpretasie van die Mesopotamiese hofsake met die versamelings gebruik.

[81] Dit het wel 'n tendens in die oorsese universiteite geword en die Mesopotamiese kultuur word selfs in die sillabusse van die skole ingewerk.

Daar is twee pogings aangewend waar die twee wetenskappe as ’n eenheid bestudeer is. In Duitsland was daar ’n skool van etnografiese jurisprudensie wat onder groot name soos Kohler, Post en Steinmetz bedryf word. Hul studies was beperk tot die inheemse reg van Duitse kolonies. Die Nederlanders het ook ’n bydrae gelewer om die reg en antropologie bymekaar te bring deur die inheemse reg van Nederlands-Oos-Indië te bestudeer (Hoebel 1946:836).

Antropologie op sy eie probeer om die strukture en dinamika van samelewings te verstaan, maar met dit is dit nie altyd die bedoeling om die reg van die andere sosiale aspekte van die samelewing te skei nie:

> Early writers used “law” and related expressions somewhat loosely, a precise delimitation apparently being seen as unnecessary (Woodman & Obilade 1995:xvi).

Woodman en Obilade (1995:xvi) wys daarop dat meer regsantropoloë probeer om algemene definisies van die reg van die samelewings te formuleer.

Hoebel (1954:1) gee twee redes waarom antropoloë tradisioneel op die studie van kleiner gemeenskappe of “eenvoudige kulture” fokus. In die eerste plek is hul benadering om die gemeenskappe in hul geheel te bestudeer, “as integrale, werkende dele”, waarvan die “regsfenomeen” een aspek is. Tweedens is antropologie ’n vergelykende wetenskap wat hom na alle wetenskappe wend.

Antropoloë is veral gemoeid om te kyk hoe ’n samelewing en sy kultuur werk en dan om die posisie van die reg daarin te vind. Dit is uit hierdie hoek waarop Hoebel fokus. Hoebel (1954:5) aanvaar dat “die reg moet ’n behoorlike verwysingsraamwerk hê”. Die samelewing is slegs moontlik as daar orde is (Hoebel 1954:12). Die antropologiese benadering tot die reg is geskoei op menslike optrede en empiries van aard (Hoebel 1954:5). Hoebel (1954:14) noem dat die reëls van ’n samelewing in die “norme of weë”[82] gevind word, waar die optrede van die lede van ’n gemeenskap tot ’n groot mate tot “spesifieke stimulus” dieselfde reaksie toon.[83] Die beskrywing van ’n werklike kultuur sal beteken dat alle optredes van alle lede van ’n kultuur oor ’n sekere tydperk gereflekteer word en dit is volgens Hoebel onmoontlik.[84]

---

[82] ’n Norm is ’n “streng neutrale term” wat net daarop dui “what is, on the basis of a numerical count” (Hoebel 1954:14).

[83] Dit beteken dat wanneer een stel van optrede gereeld opduik, noem Hoebel dit ’n gebruik wat ’n “norm of weg” beteken. Hierdie gerapporteerde norme is niks meer as net sogenaamde kulturele konstruksies nie en dit dui nie op die werklike kultuur nie.

[84] Hoebel (1954:15) bekragtig hierdie stelling met die volgende: “[I]n society what *is* takes on the compulsive

Nader (1965:3) kritiseer studies wat deur bekende antropoloë gedoen is en stel dit verder dat tot op datum daar nie op ’n groot skaal studies geloods is ten opsigte van die teorie en metodologie soos wat gevind kan word in byvoorbeeld studies van koningskap en taal nie. Hoebel (1946:854) pleit dat daar meer studie en navorsing in vergelykende reg gedoen moet word en die juris en antropoloog moet saamwerk om die feite, metodes en waardes te vind wat die menslike regservaring op alle vlakke sal bewys, om oplossings te vind.

3.5.4 Mesopotamië en Argeologie

In die bestudering van die Ou Nabye Ooste en die Mesopotamiese kultuur noem Knapp (1988:3) dat daar twee “vakmense” is: die historikus en die argeoloog. Waar die historici hoofsaaklik werk met verskillende geskrewe dokumente, hanteer argeoloë die “materiële rekords” wat artefakte, argitektuur, steen en bene insluit. Knapp noem verder dat in die bestudering van die verskillende periodes en aspekte van die antieke wêreld altwee van hierdie dissiplines bemeester moet word.

Elke generasie argeoloë herdefinieer sy sieninge teenoor die veldwerk en interpretasies van vorige studies. Voortdurende argeologiese opgrawings kan nuwe getuienis en inligting produseer, sodat daar nuwe interpretasies voortgebring kan word (Knapp 1988:3).

Voordat algemene navorsing gedoen is, was Mesopotamië as ’n streek vir die hedendaagse mens onbekend en die enkele verwysings na lande in die Bybel het oor die algemeen nie veel belangstelling uitgelok nie. Kennis van die Ou Nabye Ooste is in die vorige eeue gereduseer tot hiërogliewe wat nie behoorlik ontsyfer kon word nie, refleksies op die Bybel en die magiese tekste van die *Corpus Hermeticum*, totdat die hedendaagse wetenskaplike geleerdes en argeoloë nuwe inligting bekend gestel het (Maier 1995:107).

Egipte het wye belangstelling ontlok van geleerdes en gewone mense, omdat Egipte soos Pevsner (1968:213) dit stel, geassosieer was

> with the mystery and the cult of the dead, with ‘immense grandeur’ and ‘magnitude’, the ‘colossal’, the ‘uniform and monotonous’, the ‘awful and majestic’.

---

element of *ought*. The folkways are the *right ways*. The *norm* takes on the quality of the *normative*. What the most do, others should do.”

Pevsner (1968:213) verduidelik verder dat Egipte

> also conjured huge masses of stone and overpowering might, and so Masonic Lodges, cemeteries, law courts and prisons took to Egyptian borrowings.

Die misterie wat Egipte bied het maklik aanleiding gegee tot die meevoering van die massamedia en waar die beskawing van Egipte gereduseer word tot bewegings soos *Piramidomanie* en *Egiptomanie*. Daar het egter nie massamedia-meevoering by die studie en belangstelling van die Mesopotamiese samelewing plaasgevind nie en die enigste groot belangstelling was in die begin van die vorige eeu met die ontdekking van spykerskrif-tablette wat groot ooreenkomste met die Bybelse vloedverhaal toon.[85]

Daar was vroeë reisigers wat memento's vanaf die streek met die Griekse benaming Mesopotamië gebring het, maar werklike ekspedisies in 'n argeologiese sin is eers vanaf die 19de eeu gedoen, beginnende met Claudius James Rich, daarna deur Botta, Henry Austen Layard, Conning en Harmuzd Rassam (Saggs 2000:12–15).

In die laat 1880's is ekspedisies deur Duitsland by Surghul (antieke Nina) en Al-Hiba (antieke Lagaš) gedoen en deur die V.S.A. by Nuffar (antieke Nippur). Die Amerikaners het ook by Bismaya (antieke Adab) en Fara (antieke Shuruppak), die sogenaamde Babiloniese vloed-stad, gewerk (Saggs 2000:18).

---

[85] Sandars (1971:11) toon aan dat Babilon uit sekere hoeke gekyk word. Die hedendaagse kleutergedig is 'n goeie illustrasie van 'n hedendaagse siening van Babilon, en dit lees as volg:
How many miles to Babylon?
Three score miles and ten.
Can I get there by candlelight?
Yes, and back again!
If your heels are nimble and light,
You may get there by candlelight.
Robert Lowell het in sy gedig 'n meer sombere indruk van Babilon, en dit lees as volg:
Darkness has called to darkness, and disgrace
Elbows about our windows in the planned
Babel of Boston where our money talks....
The flies, the flies, the flies of Babylon
Buzz in my ear-drums while the devil's long
Dire of the people detonates the hour
For floating cities where his golden tongue
Enchants the masons of the Babel Tower... (Sandars 1971:14)
Ons het ander indrukke ook komende van die Israeliete, waar hul priesters en digters Babilon omskep het in 'n metafoor van "gaudy, sinister, beautiful and doomed" (Sandars 1971:11-12). Die Griekse historikusse en geograwe beskryf Babilon as die stad wat Xerxes vernietig het en waaroor Alexander getreur en weer opgebou is, asook waar hy op 'n jong ouderdom van 35 jaar gesterf het (Sandars 1971:12).

In 1870 het ’n paar Oud Testamentiese geleerdes kritiese navorsing gedoen. Die ontdekking van spykerskriftablette wat Bybelse weergawes soos Sennacherib se aanval op Jerusalem bevestig, is deur die sogenaamde tradisionalisme verwelkom (Saggs 2000:17).

Met die vroeë ontdekkings wat gedoen is, het die poging om die ontdekte vondse te ontsyfer op die voorgrond getree en het dit selfs oorheers (Masry: 1981:223–225). Masry (1981:225) wys daarop dat die geskiedenis van opgrawings eers ’n aanvang geneem het met Koldewey by Babilon in 1899, gevolg deur ander Duitse argeoloë by Assur en Uruk.

Die eerste reaksie op die opgrawings en nuut ontdekte vondse in die tweede helfte van die 19de eeu was dat die Bybel geratifiseer kan word en die Bybelse verhale “eg” en geskiedkundig kan wees (Larsen 1995:97–98). Semi-mitiese stede soos Babilon, Nineve, Erech en Ur word nou beskou as plekke wat werklik bestaan het en waaruit waardevolle inligting vir die hedendaagse mens ten opsigte van aspekte van die Bybel voortgebring kan word (Larsen 1995:97).[86]

George Smith het in sy vrye tyd die materiaal in die Britse Museum bestudeer en in 1872 afgekom op ’n soortgelyke weergawe van die Bybelse vloedverhaal (Saggs 2000:17). Dit het Mesopotamië en die spykerskrif op die voorgrond gebring, wat vele vrae laat ontstaan het ten opsigte van die interpretasie van die Bybelse vloedverhaal (Saggs 2000:17, Larsen 1995:98–100).

In 1902 na die veldwerk en ondersoeke deur Botta by antieke Nineve (Tell Kuyunjik en Nebi Yunus) en by Khorsabad en Austen se uitgrawing by Nimrud (antieke Kalkhu) en ook later Nineve, het die Louvre Museum in Parys en die Britse Museum in Londen ’n groot versameling beeldhouwerk, tekste en ander argeologiese artefakte van die Mesopotamiese samelewing in hul besit gehad (Larsen 1995:96).

In 1902 het die Duitse Assirioloog, prof. Frederich Delitzch van die Berlynse Universiteit, na sy reis in die Ou Nabye Ooste in Duitsland lesings aangebied, met die onderwerp “*Babel und Bibel*”, wat onmiddellik daarna in Engels en ander tale vertaal is (Malul 1990:38, Larsen 1995:96–97). Delitzch het aangevoer dat daar ’n noue band tussen die twee kulture is en dat die

[86] In 1938 het Berry (1938:131–132, 170–171) dit gestel dat argeologie word al belangriker vir Bybel Studies, want min artefakte en geskrewe materiaal is gevind wat direkte inligting kan gee van die Hebreeuse periode in Palestina (Berry 1938:132). “Archeology simply contributes to the knowledge concerning other nations, and thus forms a general background for the history of the Hebrew people” (Berry 1938:132).

Ou Testament baie van die Ou Nabye Ooste se kultuur geleen het. Die sogenaamde fundamentaliste se besware hierteenoor was dat die Ou Testament uniek en onafhanklik van die Ou Nabye Ooste se "heidense kulture" is. In die einde het die debat gegaan oor watter kultuur nou eintlik die hoër morele en godsdienstige waardes het – die Babiloniese of die Bybelse kultuur? (Malul 1990:38).

Tussen die twee wêreldoorloë is grootskaalse opgrawings onderneem waar die oogmerk was om 'n "kronologiese opvolging" of die beskrywing van die kenmerke van die Sumeriese samelewing daar te stel. Veral die opgrawings in Diyala-streek is beskou as maatstaf om die argeologiese, geskiedkundige en argitektoniese getuienis in 'n "unifiseerde raamwerk" te plaas (Masry 1981:227).

Vanaf 1945 is die oorsprong van verstedeliking meer op die voorgrond waar daar op een hoof faktor op 'n tyd gefokus is soos bevolkingsdruk, tekort aan natuurlike bronne of besproeiingsbeheer (Masry 1981:233). Verder word die konsep verstedeliking en die bevolkingsgroei tradisioneel verbind met die vraag van etiese oorsprong wat voor 1945 gedebatteer is (Masry 1981:227). Na die sogenaamde Pan-Babilionisme tydperk het belangstelling in die Ou Nabye Ooste en Mesopotamië begin taan waar antropologie en voor-historiese tydperk gesien was as die meer relevante gebiede van studie en "kultuur" eerder as "samelewing" die hoofkonsep geword het (Leick 2001:xvi).

Argeologie het vandag nog probleme soos begrotings, politiek en die huidige voortslepende oorlog in Irak, sowel as duisende tablette wat oor die wêreld heen in besit is van biblioteke en private versamelings en waartoe ons nie altyd maklik en vinnig toegang het nie. Daar is egter lig in die tonnel vanweë die rekenaartegnologie wat help om al die komplekse inligting te bewaar en die internet waarvan inligting redelik maklik tot almal se beskikking kan wees (Leick 2001:xvii). Daar is nog baie opgrawings wat in Irak, Iran en ander dele van die Nabye Ooste gedoen kan word. Wie weet watter erfenis nog vir ons wag om ontdek te word?

3.5.5 Mesopotamiese regstradisies en die hedendaagse juris

3.5.5.1 Inleiding

Juriste is veronderstel om die reg te sien as 'n "uitdrukking van die mense se fundamentele waardes", maar hul rassistiese en etnosentriese gelowe vertroebel hul insig om die antieke

samelewing te verstaan, deurdat hulle die regstelsels van Anglo-Amerikaanse of Europese Reg as die verhewe regstelsels bo dié van die antieke en inheemse regstradisies[87] plaas (Richland & Deer 2004:7).[88]

Hoebel (1954:20) verwoord die bevooroordeling onder juriste as volg:

> Historians of law and analytical jurisprudence have told us, for instance, that nothing so refined and sophisticated, so well organized and logically perfected, nothing so authoritarian, so purposeful as law, could exist on the primitive level.

Die regsmilieu van die antieke wêreld is beskou om nie te bestaan nie, eerder as om die siening te huldig dat dit nog ontdek moet word (Hoebel 1954:20). Die rede vir die wanvoorstellings deur juriste is dat die antieke regstradisies as die totale gebruike van ’n spesifieke stam gesien word, wat ook gebruike soos pottebakkery, toiletopvoeding en ander sosiale gebruike insluit (Hoebel 1954:20). In die oorheersende multi-sintuiglike opvoering van handelinge in die antieke regstradisies wat ’n verskeidenheid funksies behels, het elke handeling op sy eie ’n bepaalde doel gehad (Kruger 1998:145).

Verder word juriste vandag apart van godsdiens en kultuur opgelei, maar in die sogenaamde “stamreg”[89] is daar geen onderskeid tussen godsdiens, kultuur en die reg nie. Die reg is verweef met “geestelike gelowe en kulturele praktyke” (Richland & Deer 2004:7). Die hedendaagse mens tipeer egter hierdie “stamreg” met negatiewe konnotasies van “barbaars”, “agter-die-tyd” en “irrasionele tradisies” (Richland & Deer 2004:8). Hedendaagse geleerdes wat in die Ou Nabye Ooste se regstradisies spesialiseer soos Westbrook met ’n regsagtergrond, het waardevolle bydraes lewer.

Die gebied van die Antieke Reg was oor die algemeen nie die alleenreg van juriste nie en is hoofsaaklik deur antropoloë, argeoloë en geleerdes in Bybel Studies oorheers. Antieke reg word

---

[87] Die term reg is ’n vakbenaming vir die Afrika-regstradisies van Suidelike Afrika waaroor daar nie algemene konsensus is of dit die aanvaarbare term is nie. Die term “inheems” verwys na dit wat van nature in ’n land of streek voorkom. Sien INR101-Q 1996. UNISA. Enigste Studiegids 1996:5-6. In die studie verwys dit na alle inheemse regstradisies wat deur mense beoefen was, voordat die Romeinse-Hollandse of ander hedendaagse regstelsels op die inheemse bevolking afgedwing was om na te volg.

[88] In Suid-Afrika word daar met die toepassing van die Inheemsregtelike stelsels gesê dat daar ’n “superimposition” van die Romeins-Hollandse reg op die Inheemse reg geplaas word (Van Niekerk 2001:202).

[89] In Amerika is die *Project Peacemaker Tribal Legal Studies Program* geloods wat poog om “tribal education” daar te stel en “tribal law” van die Indiane in Amerika en Alaska aan die hedendaagse juris bekend te stel en voor te stel hoe hierdie regstelsels in die Anglo-Amerikaanse Reg hanteer moet word. Die boek *Introduction to Tribal Legal Studies* deur Richland en Deer (2004) is ’n uitvloeisel van hierdie program en dien as inleidende handboek vir die Amerikaanse regstudent en -regslui.

vandag in sommige universiteite van Amerika en Europa aan regs- en ander studente bekend gestel, buiten die inleidende kursusse van Romeinse Reg. Dit kan moontlik in die toekoms help om beter insigte in die antieke Mesopotamiese regstradisies, die vroeë Romeinse Reg en indirekte invloede op die Westerse hedendaagse regstelsels te verkry.

3.5.5.2 Regsmetodologie in antieke regstradisies en die juris

Vir die opgeleide juris beteken die term "reg" die manier hoe 'n samelewing hulself uitdruk in wie hulle is en die verskillende wyse van hulle lewe wat hulleself waardeer en op ag slaan (Richland & Deer 2004:6).[90]

In die bestudering van die Amerikaanse hedendaagse regstelsel sal die grondliggende elemente van sodanige stelsel se sosiale organisasie en identiteite bestudeer word waarin die norme, praktyke en strukture daarvan geëvalueer word. Dit is in hierdie denkraamwerk wat juriste ook na ander regsisteme sal let. Die hedendaagse juris sal let op die norme, praktyke en strukture van so 'n stelsel (Richland & Deer 2004:6).

Hulle sal die politieke- en regsleiers bestudeer wat die regsisteem gebruik het om hul eie mag en gesag oor ander te laat geld. En daar sal gelet word op hoe die mense hulself identifiseer het. Die Amerikaanse program stel egter voor dat daar gelet moet word na die stamgebruike, -tradisies en -strukture. Die interaksie van hierdie komponente in 'n geheelbeeld is baie belangrik (Richland & Deer 2004:6–9). Die norme, strukture en praktyke[91] vorm deel van die regsisteem (Richland & Deer 2004:4).

Woodman en Obilade is van mening dat 'n ander fokus vir die regsisteem en die regsnavorsing is om te let op die prosesse waarvan sommige die norme beheers of effek daartoe gee. Aan die een kant argumenteer die geleerdes dat die reg van die inheemse volkere van Afrika uit reëls bestaan

---

[90] Richland en Deer gee toe dat nie al die "lewensweë en waardes" word deur die hedendaagse Amerikaanse regstelsel weergegee nie. In hierdie geval sal daar straks Amerikaanse landsburgers wees wat sal kla en sê dat hul waardes nie gereflekteer word nie en dat wette verander moet word omdat dit as onbillik en ongrondwetlik beskou word (Richland & Deer 2004:6).

[91] Hierdie komponente van 'n regsisteem word der Richland en Deer as volg verduidelik:
(a) Die norme is die waarde en gelowe van 'n samelewing t.o.v. hoe daar opgetree moet word en hier moet onderskei word tussen "substantiewe norm" wat die norm behels oor elke dag se lewe soos die verbod op steel en prosedurele norm wat gebruik word om 'n dispuut op te los.
(b) Die strukture is die rolle wat deur die "legal actors" gespeel word wat relatief permanent is en nie baie verander nie, soos die hof, tronk, rolle van juris en regter.
(c) Praktyke is wat "legal actors" doen wanneer hulle hierdie regsisteem uitleef soos om mondelingse verklarings te maak, getuienis te lewer, ens. (Richland & Deer 2004:4–5).

en aan die ander kant hou hulle voor dat die reg hoofsaaklik vanweë die aktiwiteite van die hof bestaan (Woodman & Obilade 1995:xvii).

Daar is sekere aspekte van die reg wat nie in ’n oogwink kan verander nie, maar slegs stadig kan verander deur die regsgevoel van die samelewing se landsburgers, “ekonomiese struktuur”, taal en sosiale gebruike (David & Brierley 1985:19).

Dit blyk egter dat regstudente vandag geleer word dat daar gefokus moet word op die kennis van die struktuur waarin die regstelsel se reëls en konsepte organiseer word, die betekenis daarvan en die verhouding wat die reëls tot mekaar staan. Hierdie manier van studie blyk ook so op die Mesopotamiese studie toegepas word.[92] Jackson (1968:373) gee die raad dat:

> [R]ather, we should attempt to apply our detailed knowledge of individual problems in individual systems to comparative problems.

Jackson betoog dat sukses al bereik is met ’n vergelykende studie tussen die Romeinse- en Joodse reg. Die faktore wat regsvergelyking kan beïnvloed is: terminologie[93], bewys van isolasie van kulturele patrone[94], invloed van regsprosedures[95], invloed in regsvorm[96], die mate van invloed[97], evolusie[98] , politieke faktore[99], ekonomiese faktore[100], persoonlikheid[101], ras faktore[102], godsdienstige faktore[103] en die rol van regsberedenering[104] (Jackson 1968:373–390).

---

[92] Versteeg (2000) met ’n regsagtergrond het in ’n boek getiteld *Early Mesopotamian Law* die versamelings en inskripsies as ’n bron van die positiewe reg bestudeer en indelings eie aan die hedendaagse reg gedoen. Sien hoofstuk 6 in ’n voetnoot onder die opskrif van Westbrook se gemene tradisie waarin die hedendaagse konsep: positiewe reg uiteengesit word.

[93] Taal kon op vreemde invloede dui (Jackson 1968:374–6).

[94] Hier kan die algemene ontwikkeling van ’n regsisteem geïdentifiseer word en isoleer enige elemente wat nie daarmee versoen kan word nie. Dit sal dui op moontlike kontak met ander regsisteme. Jackson waarsku dat hierdie ’n gevaarlike metode is wat baie versigtig benader moet word (Jackson 1968:377).

[95] Die regsprosedures kan ook gesien word as regsrituele of formele prosedures wat nie noodwendig kan dui op ’n invloed nie, maar op dieselfde behoeftes (Jackson 1968:379). As ’n voorbeeld gebruik Jackson (1968:380) die “ordeal” of waterproef (godsoordeel) wat soos hy stel ’n “common answer to a common problem” is. In so ’n geval moet na die inhoud daarvan gelet word vir enige invloede (Jackson 1968:380).

[96] Hiermee word bedoel kasuïsties of apodikties Die meeste vroeë sisteme in die Ou Nabye Ooste, Twaalf Tafels van die Romeinse Tydperk, vroeë Germaanse en Middeleeuse en Russiese wette was kasuïsties. Daarom gaan dit nie oor die feit dat die vorm voorkom nie, maar eerder oor “the developed nature of the casuistic form encountered in the Bible as early as the Covenant Code” (Jackson 1968:381).

[97] Die invloed van regstelsels deur kontak word beskou as een van die faktore om die regsgeskiedenis te bepaal, maar is nie die enigste of grootste faktor nie (Jackson 1968:384).

[98] Diamond het betoog dat die reg ontwikkel in ’n “settled, evolutionary pattern” (Jackson 1968:384). Jackson (1968:384) betoog dat daar ander faktore is wat op ag geslaan moet word. Alhoewel Diamond ook let op faktore van buite, is Jackson (1968:385) se kritiek daarop dat “Law develops, he seems to assert not because of innate evolutionary tendencies, but because it is determined by the material culture, and this, he assumes, does develop in an evolutionary pattern”. Verder is kritiek teenoor Diamond dat hy geen getuienis aantoon dat die materiële kultuur werklik ontwikkel in die evolusionêre patroon van voedselversamelaars na jagters nie. Diamond wys wel dat die materiële kultuur kan verskil en dit loop nie noodwendig volgens Jackson in eenvolging nie. Jackson stem saam met Diamond dat die materiële kultuur bepalend tot sy regsisteem kan wees, maar sien dit net as een van die bepalings daartoe.

David en Brierly noem dat Regsvergelyking[105] word gesien as "'n aspek van die sosiologie van die reg". Daar is baie raakpunte tussen dié twee wetenskappe, naamlik Regsvergelyking en Antropologie, want beide probeer te bepaal tot watter mate die reg die mens se optrede bepaal en wat die posisie van die reg in die sosiale orde van 'n samelewing is (David & Brierly 1985:13). Wat in gedagte gehou moet word, is die manier hoe vreemde reg in sy "formele bron" verteenwoordig word en dat dit nie noodwendig die enigste faktor is wat verhoudinge binne 'n gemeenskap beheer nie. Wat in een gemeenskap baie belangrik is, is vir 'n ander minder belangrik en vorm deel van 'n "nie-regs faktor" (David & Brierly 1985:13).[106]

Die hedendaagse konseptereg, regstelsel en regsreëls skep sy eie probleme in die bestudering van die Mesopotamiese regstelsel.[107] Elke regsisteem bevat konsepte waardeur die regsreëls op 'n spesifieke wyse uitgedruk word en kategorieë waarin hierdie reëls georganiseer word. Met die studie van enige regsisteem kan aanvaar word dat daar 'n verstandhouding is dat daar sulke strukturele verskille teenwoordig is (David & Brierly 1985:15).

Dit is vandag vir geleerdes in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies onmoontlik om te ontsnap van hierdie terminologie en die gepaardgaande bagasie wat dit meebring. Regsterminologie skep op sy eie probleme en dit is selde dat dit oor die tydsgrense en kulture dieselfde betekenis kan hê. Selfs in die hedendaagse regsvergelykende studies met hedendaagse

---

[99] Jackson (1968:385–6) argumenteer dat "the content of much law is in part determined by the degree of central authority existing within the society". Terselfdertyd beteken dit nie dat die reg is afhanklik van die bestaan al dan nie van 'n sentrale gesag nie: "[T]he degree of central authority does affect the nature of the law". Die krag van kontrole wat die sentrale gesag uitoefen bepaal die mate van selfhelp en as 'n voorbeeld sal moord die sekuriteit van die sentrale gesag aantas (Jackson 1968:386).

[100] Indien die betaalmiddels verswak, kan dit die boetes beïnvloed. Die reg reageer op sosiale vereistes (Jackson 1968:388).

[101] Die lewens van Romeinse juriste word bv. bestudeer om hul werke te verstaan (Jackson 1968:388).

[102] Die karakter van 'n volk kan bepalend tot die aard en kenmerke van 'n regsisteem wees (Jackson 1968:388–9).

[103] Diamond het die beginsel van die *Lex Talionis* se ontwikkeling met die ontwikkeling van godsdiens gekoppel (Jackson 1968:386). Maar Jackson noem dat in teenstelling met hierdie standpunt daar baie primitiewe stelsels is waar boetes met vasgestelde bedrae ingestel is. Die sentrale gesag se groei kan ook 'n faktor vir die ontwikkeling van godsdiens wees. Sekere skrywers argumenteer dat godsdiens is waar daar geglo word die bonatuurlike druk hulself uit deur middel van die sentrale gesag. Opsommend beteken dit dat by die teenwoordigheid van die magiese is daar geen sentrale gesag nie, terwyl by die aanwesigheid van godsdiensbeoefening daar sentrale gesag is (Jackson 1968:387).

[104] Op hierdie punt argumenteer Jackson (1968:389) kortliks dat daar 'n stadium bereik word waar daar nie net op die nie-regsfaktore gesteun kan word nie en waar die "law acquires a force of its own".

[105] In die Engelse taal bekend as *Comparative Law*.

[106] As 'n voorbeeld verwys David en Brierly (1985:13) na die Moslem-reg waar die reg hoog aangeskrewe is, maar niks anders as die ideaal is nie. In die Weste reflekteer die reg ook nie die hele sosiale lewe nie, want nie alle oortredings word vervolg, alle belastings ingevorder en alle beslissings voltrek nie (David & Brierly 1985:14).

[107] Smith en Weisstub (1983:1) noem dat regstelsels uit kulturele kontekste voortspruit en afhangende van die periode in die geskiedenis en 'n spesifieke sosiale verhoudinge sal wetkodes en wetsregulasies bepaalde vorme aanneem. Die administratiewe, handel- en professionele praktyke, sowel as politieke-, sosiale en godsdienstige faktore beïnvloed die individu se optrede. Die reg op sy eie en streng teoreties kan 'n vals beeld skep van sosiale verhoudinge en hoe die reg daarin handel word (David & Brierly 1985:14).

regstelsels is daar teenstrydighede ten opsigte wat as ’n kenbron van die reg beskou moet word. In die antieke regstradisies en kulture kan selfs die eenvoudigste woord of term tot foute lei omdat ons neig om ons eie hedendaagse idees ten opsigte van so ’n term in te lees (Boecker 1980:18).

Boecker (1980:18–19) verwys as ’n voorbeeld na die woord “weduwee” wat in die hedendaagse reg en gewone omgang verstaan sal word as die vrou van ’n gestorwe eggenoot. Die konsep weduwee is egter nie in die Mesopotamiese regstradisies beperk tot die familielewe nie.[108] Sou ’n vrou onder sodanige omstandighede na haar ouerhuis terugkeer, is sy nie meer as ’n weduwee geag nie. Slegs ’n vrou wat onafhanklik van haar familie was en nie in die familie-eiendom deel nie, is as ’n weduwee beskou.

Volgens Westbrook (1997:63) is tegniese regsfrases van die regsisteem of van gewone taalgebruik afkomstig, waar daar ’n spesiale onderskeid in ’n regskonteks geplaas word. In die antieke regstradisies van die Ou Nabye Ooste word daar veral gebruik gemaak van hierdie gewone taalgebruik met ’n effense regsklank daaraan. Wanneer na die betekenis van ’n regsterm gesoek word, sal daar eerstens op die letterlike betekenis gelet word, maar volgens Westbrook sal dit net ’n ander “semantiese sfeer” veroorsaak. Die regsterm word nie tot sy letterlike betekenis beperk nie en kan ’n spesiale doel dien. As voorbeeld neem Westbrook die Akkadiese term *ezebu*, wat letterlik beteken “om te verlaat” en ’n fisiese beweging verduidelik om weg van ’n bepaalde voorwerp te beweeg, maar die tegniese regsterm in die huwelikskonteks dui op ’n egskeiding.

> A legal context thus provides a new set of clothes, so to speak, for the naked phrase. Those clothes are invisible, insofar as there is no morphological change in the phrase, but they nonetheless make a very real difference in the way the phrase is read, because they allow it to have a different function, namely to describe not a physical phenomenon but the application of certain rules (Westbrook 1997: 63).

David en Brierly (1985:16) stel voor dat om die probleem van regsterminologie te oorkom, moet die mentaliteit, denkprosesse en konsepte van ’n vreemde stelsel verduidelik word. Selfs in die algemene studie van regsvergelyking betoog David & Brierly (1985:16) dat die realiteit is dat die regswetenskap ontwikkel onafhanklik in ’n regsfamilie en dat kategorieë en konsepte wat vir die juris van een regsfamilie vanselfsprekend blyk te wees totaal vreemd vir ’n juris van ’n ander

[108] Sien Cohen (1972) en Roth (1991-3).

regsfamilie kan wees. Sekere aspekte sal niks beteken nie, terwyl ander baie meer van belang is as wat vir ’n ander regsisteem sal wees (David & Brierly 1985:16).

Ten slotte blyk dit dat die studie van vergelykende regsgeskiedenis word tot ’n groot mate geïgnoreer, maar Jackson (1968: 372–3) bepleit dat nie alle navorsing wat reeds gedoen is, ook geïgnoreer moet word nie. Vandag is regsgeskiedskrywers en juriste geneig om hul aandag weg te lei van die omvattende teorieë van regsontwikkeling deur geleerdes soos Maine, Diamond en Seagle en fokus hul aandag meer op die intensiewe studie van elke regsisteem/regstelsel op sy eie (Jackson 1968:372–3). Jackson (1968:373) verwelkom hierdie tendens, beskou dit as ’n gesonde een en noem verder dat:

> We cannot embark upon comparative jurisprudence before we are sure of our ground in each individual system.

’n Vergelykende studie van byvoorbeeld die Bybelse wetkodes en die versamelings en inskripsies moet nie vermy word nie. Met so ’n analise kan interessante aspekte[109] na vore kom. Dit is ook die geval met ander regstradisies wat se aard en kenmerke raakpunte toon met dié van die Mesopotamiese regstradisies. Byvoorbeeld ’n intensiewe studie van die kenmerke en konsepte van die Mesopotamiese regstradisies kan net ’n beter beeld gee van die Mesopotamiese regstradisies as wat daar voortdurend ’n vergelykende analise gemaak word tussen die Mesopotamiese regstradisies en ander regsisteme. Sorg moet gedra word dat in die vergelykende studie daar nie aannames ten opsigte van ooreenkomste en verskille gemaak word nie. Die bestudering van die regstradisies in eie reg moet nog steeds die hoofdoel bly ten einde lig te werp op die konsepte en inhoud van die bepaalde regstradisies.

3.5.6 Mesopotamië en Bybel Studies

In die begin van die vorige eeu kon die rede om antieke Mesopotamië te bestudeer in een woord opgesom word, naamlik die Bybel. Professor Delitzch het met sy reeks lesings, beginnende in 1902, die standpunt gehad dat die destydse nuut ontdekte bewyse van antieke Mesopotamië tot ’n sekere mate kan help om ’n ander agtergrond in ons insigte van die Bybel en veral die Ou

[109] Richland en Deer het die waarneming gemaak dat alhoewel baie stamme geskrewe wette het, daar nooit uit die oog verloor moet word dat elke stam ’n unieke regserfenis het wat nie sommer deur sy lede vergeet en genegeer moet word nie. Die “nuwe” wette kan nooit die plek van so ’n regserfenis inneem nie, want in sekere gemeenskappe word die oudste stamlid en leier gevra om in hul hoedanigheid as konsultante deel van die hofverrigtinge te wees (Richland & Deer 2004:9). Die lede van die gemeenskap is die regsoordraers in lewe, maar in die hedendaagse wêreld word hierdie funksie deur die geskrewe woord vervul.

Testament te gee. Delitzch het dit benadruk dat die Bybelse tradisie afhanklik van die Babiloniese tekste en -monumente is, en dit het ’n storm onder akademici en gewone mense veroorsaak (Larsen 1995:97).

Malul (1990:153) wys daarop dat die ontdekkings van die Ou Nabye Ooste se kulturele lewe ’n goeie bron bied om die geskiedenis en kultuur van die Israeliete van die Bybel te bestudeer, aangesien dit buiten die Bybel, soms die enigste bron van hul kultuur blyk te wees. Dit is “natuurlik” vir geleerdes om die kultuur van Ou Nabye Ooste te gebruik om lig te werp op die kultuurlewe van die Israeliete.

Malul (1990:4) benadruk dat in die vergelykende bestudering van verskillende kulture dit “veilig” is om te sê dat die Ou Testament in “normale omstandighede” aan die een kant teenoor die res van die ander kulture bespreek word.[110] Malul (1990:5) brei hierop uit:

> The disproportionate greater weight given to the Old Testament as a result of this inherent dichotomy between it and its surrounding world has led to the creation of erroneous conceptions and to scholars’ approaching their subject-manner with tendentiousness and a priori notions.

Die verhouding tussen geleerdes en godsdienstige onderwerpe, tesame met die bestudering en bespreking van voortdurende ontdekkings van Mesopotamiese materiaal en dié se verhouding tot die godsdienstige tradisies van die Bybel, veral die Ou Testament, blyk problematies te bly (Larsen 1995:105–106).

As oplossing van die probleem wat opduik in die vergelykende regsstudies van die Bybel en Ou Nabye Ooste stel Malul (1990:154) dat die vraag “wat” met “hoe” vervang word. “In short, how is one to arrive at a judicious application of the comparative method” (Malul 1990:155). Hierdie vraag gaan waarskynlik vir lank nie beantwoord word nie, want daar is volgens Malul geen groot studie tot dusver onderneem om ’n vergelykende metode in Bybelse- en Ou Nabye Oosterse

[110] Malul is van mening dat daar twee benaderings van vergelyking by die bestudering van die Ou Nabye Ooste is, naamlik die historiese teenoor die tipologiese vergelyking. Die historiese vergelykende benadering is ’n metode wat gevind kan word wanneer aangeneem word dat daar ’n historiese verband of gemeenskaplike tradisies tussen die samelewings is wat met mekaar vergelyk word (Malul 1990:13). Die tipologiese vergelykende benadering is die vergelyking tussen samelewings wat geografies en kronologiese van mekaar verwyder is en daar geen historiese verband tussen hulle bestaan nie (Malul 1990:14). Die doel van historiese vergelykende benadering sal wees om ’n historiese verband tussen kulture te vind, terwyl die tipologiese vergelykende benadering eerder die studie van verskillende vorme van menslike samelewings is en om ’n teoretiese model daar te stel vir die bestudering van die “universele menslike sosiale fenomeen” (Malul 1990:15). “The biblical and/or ancient Near Eastern comparative scholar applying the typological approach uses evidence from one culture for illuminating another culture and understanding it better, or for demonstrating certain institutions and underlining certain beliefs and principles” (Malul 1990:17).

regsnavorsing aan te spreek nie. Daar is wel kritiese studies onderneem, wat spesifieke vergelykende metodes kritiseer, maar baie min skrywers behandel die vergelykende metode in eie reg (Malul 1990:155). Verder stel Malul (1990:3) voor dat in ’n vergelykende studie van twee en meer fenomene van die algemene kulturele milieu in die Ou Nabye Ooste kan die Ou Testament as een van vele ander bronne in die vergelykende studie gebruik word. Die “gewoonte” om in ’n vergelykende studie van ’n onderwerp die bronne te beperk tot die Ou Testament teenoor ’n ander groep van die Ou Nabye Ooste moet eerder uitgebrei word na ’n groter groep.

3.5.7 Samevatting

Uitdagings wag nog vir die verskillende wetenskapvelde in hul eie interpretasie van die Mesopotamiese kultuur en samelewing. Elke wetenskapsveld het sy eie probleme om te oorkom, maar elkeen het waardevolle bydraes gelewer om ’n beter insig tot die Mesopotamiese samelewing en regstradisies te gee.

Dit is noodsaaklik dat elke skrywer se agtergrond in gedagte gehou word wanneer sy of haar interpretasie van die posisie van die versamelings en inskripsies as moontlike bron in die Mesopotamiese regstradisies ondersoek word. So ’n agtergrondkennis sal kan help om te verstaan hoe die skrywer by die argumente gekom het en om haakplekke beter te kan verstaan en te identifiseer.

3.6 SAMEVATTING

Die interpretasie van hedendaagse geleerdes teenoor die versamelings en inskripsies van die Mesopotamiese regstradisies het die afgelope eeu tot vandag geleidelik ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het afgehang van die beskikbaarheid van die bronne deur opgrawings en vertaling, sienings van geleerdes in verskillende tydvakke en die eiesoortige metodologie en interpretasies van die geleerdes van die verskillende wetenskapvelde, genaamd Kultuur Studies, Regstudies, Bybel Studies, Argeologie en Antropologie.

Die persepsies wat die geleerdes van die verskillende skole en wetenskapvelde hou ten opsigte van die Mesopotamiese regstradisies het ’n regstreekse invloed om te bepaal wat die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies is. Uit die geskiedkundige verloop van die ontwikkeling van die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies deur

hedendaagse geleerdes blyk dit dat geleerdes meer geneig is om vergelykende studies te maak van die Bybel teenoor Mesopotamië. Daar is voorgestel dat van hierdie neiging afgesien word en dat daar eerder gelet word na die regstradisie van elke groep of groter groepe as om een groep teen ʼn ander af te speel.

DEEL I

HOOFSTUK 4

OORSIG OOR DIE BRONNE VAN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

"*Scire namque leges non est, verba earum tenere, sed vim ac potestatem*".[111]
(Romeinsregtelike reël in wetsuitleg, by monde van Maestertius)

Die versamelings en inskripsies in hul verskillende dimensies, asook ander bronne, sal kortliks in 'n omvattende literatuurstudie uiteengesit word. Die doel van hierdie hoofstuk is om die "bronne" van die Mesopotamiese regstradisies soos dit afwisselend deur geleerdes gebruik word, uiteen te sit. Hierdie bronne vorm nie 'n *numerus clausus* van die bronne van die Mesopotamiese regstradisies en kultuurlewe nie.

4.1 INTERPRETASIE PROBLEME VAN GESKREWE BRONNE

In die Ou Nabye Ooste is skryfkuns teen die einde van die vierde millennium v.C. uitgevind en 'n paar honderd jaar later het die vroegste erkende regsgeskrifte te voorskyn gekom (Westbrook (ed.) 2003:12). Tot en met die vierde millennium v.C. kon die samelewings van Mesopotamië terugkyk na 'n lang, ongedokumenteerde geskiedenis van regstradisies (Wilcke 2003:18). Teen 3000 v.C. het 'n stadstaat soos Uruk 'n bevolkingsaanwas gehad van ongeveer 25 000 tot 50 000 en teen 2800 v.C. waarskynlik tot 'n honderdduisend mense. Om so 'n komplekse samelewing aan die gang te hou, sy mense te voed en te verdedig was 'n groot taak wat 'n komplekse administrasie vereis het en wat meegebring het dat dit die storing van inligting nie meer alleenlik deur middel van die geheue onderhou kon word nie (Sassoon 2001:18). Die uitvinding en verdere ontwikkeling van die skryfkuns kon met vrug aangewend word om komplekse administrasies van die paleis en tempel gladder en effektiewer te laat verloop.

Vandag kan hierdie skryfkuns-erfenis in die vorm van 'n duisende spykerskrif-tablette aan die hedendaagse geleerdes die geleentheid bied vir nuwe ontdekkings en vertolkings, maar skep

[111] Die vertaling daarvan lui: "Nie net die woorde nie, maar die wesenlike betekenis en uitwerking" (Wetsuitleg 1990:5).

terselfdertyd ook probleme. Vermaak (1991:85) is van mening dat enige geskrewe geskiedenis sy eie unieke probleme het, wat veral die historikus bind. Westbrook (ed.) (2003:13) verduidelik ten opsigte van die probleme wat met bronne ondervind kan word dat:

> We must also recognize that the document in which the source is now found would not necessarily have played the same role as in modern law and may not have been identical with the authoritative source itself.

Vermaak (1991:85) wys daarop dat daar dikwels na die omringende getuienis gelet moet word, omdat met die optekening van geskiedenis die werklike gebeurtenis nooit weergegee word nie, maar dat dit ’n rekonstruksie is van wat gebeur het, binne die voorteoretiese raamwerk van die antieke skrywer en onderworpe aan die denkraamwerk van die historikus wanneer hy of sy die antieke dokument vertolk. Die filosofiese denkraamwerk die afgelope eeue wat deur die Renaissance, Verligting en Moderne era beïnvloed is, speel ’n rol in hoe die hedendaagse geleerde die antieke dokumente vertolk.

Wanneer gelet word na bronne van enige spesifieke regstelsel, moet dit in gedagte gehou word dat die bronne nie noodwendig in dieselfde lig gesien word deur die leser nie, en die metodes om die bronne te bepaal nie noodwendig dieselfde is nie. In een land kan die reg ’n godsdienstige, heilige karakter hê, wat die “wetgewer” verbied om ’n bepaalde reël te verander. Dit is dus belangrik dat die “algemene begrippe” van ’n regstelsel bekend moet wees. David en Brierly (1985:14) waarsku dat die verduidelikings wat regteoretici van die bronne van die reg en interpretasie van regsreëls gee, nie altyd die “werklike aard van dinge” reflekteer nie.[112]

In die soeke na bronne en die metodologie om dit te interpreteer, moet in gedagte gehou word dat die Ou Nabye Ooste, en spesifiek Mesopotamië, is in tyd en ruimte baie groot. Daar moet ’n keuse gemaak word om te besluit watter deel van die regstradisies bespreek moet word, met dien verstande dat so ’n deel net ’n gedeeltelike bespreking van die “geweldige fenomeen” is wat die regstradisies behels (Boecker 1980:17).

Goetze wys daarop dat die bronne wat vir navorsing beskikbaar is, gedefragmenteer is, en tussen hierdie duisende spykerskrifbronne is daar ’n hele aantal dokumente oor die alledaagse lewe, korrespondensie, kontrakte en besigheidsdokumente wat ontdek is en wat op die oog af die

[112] As ’n hedendaagse voorbeeld noem David en Brierly (1985:14) dat in Frankryk ’n regsbeslissing nie as ’n bron van die reg beskou word nie, maar die “Cour de Cassātion” of die “Conseil d’Etat” kan wel tot ’n sekere mate gesag in sommige omstandighede hê. ’n Verdere voorbeeld is waar in die Islamitiese regstelsel die wetgewer nie regsreëls mag verander wat deel van die heilige aspekte van die Moslem-reg vorm nie. Regsreëls kan daargestel word indien dit in ooreenstemming met die ortodokse leerstelling is (David & Brierly 1985:15).

regsweë van die mense van Mesopotamië raak. Om dié rede word geleerdes genoodsaak om van alle skriftelike dokumente as ’n bron van kennis te neem (Goetze 1949:115).

Terselfdertyd wanneer daar na die geskrewe bronne gelet word, moet in gedagte gehou word dat dit deur drie “filters” gaan. Die eerste filter is dié van optekening. Nie al die doen en late van die antieke Mesopotamiërs is aangeteken nie, wat gebeurtenisse van geskiedkundige belang kan insluit. Die tweede filter behels ’n bewaringskomponent, want dit is ’n onbeantwoorde vraag hoeveel bronne die eeue se erosie en menslike tussenkoms moes getrotseer om vandag met vrug gebruik te kan word. Die derde filter is dié van ontdekking en hier kan in gedagte gehou word die hoeveelheid ekspedisies wat nog deur argeoloë en hul spanne onderneem moet word met gepaargaande inligting wat moontlik vir die mensdom ontdek kan word (Bottéro 2001:24).

Buiten die normale beperkinge wat geskrewe dokumente ten opsigte van bewaring, ontdekking, publikasie en hedendaagse interpretasie daarvan aan ons gee, is ’n verdere probleemgebied dié van sosiale kategorieë. Hierdie sosiale kategorieë word bloot aanvaar en nie in die antieke rekords ondersoek of verduidelik nie. Hoe ons hierdie kategorieë interpreteer, is van belang om voortdurend te poog om aannames daaromtrent te ontbloot en te ondersoek (Roth 1998:175).[113]

Westbrook (ed.) (2003:2) stel dit tereg dat ons vandag net “a series of snapshots, scattered at random in time and place” tot ons beskikking het. Die beperkings en tekortkominge van die geskrewe getuienis van die lewe van die antieke Mesopotamiërs beteken dat die hedendaagse mens se kennis van antieke Mesopotamië beperk word tot wat Bottéro (1992:21) laat opmerk: “We have to make do with what we have!”

Die geskrewe dokumente het nieteenstaande sy unieke probleme van uitleg en die twee-dimensionele voorkoms teenoor die drie-dimensionele waarde van argeologiese uitgrawings en artefakte tog ’n waarde, want:

> they talk of themselves, they reveal and they explain to us much more deeply, not only material life, but also the thoughts and the feelings of their vanished authors (Bottéro 1992:19).

[113] Sien Roth (1998:174–184) waar sy die Nippur-moordverhaal t.o.v. geslagtelikheid (*gender*) in Mesopotamiese regshandelinge uit ’n hedendaagse regsperspektief ondersoek. Roth (1998:184) sluit af deur te noem dat alhoewel geslag ’n faktor in Mesopotamiese regsinstellings is waarna gelet moet word, dit nie altyd duidelik is hoe geslagtelikheid sosiaal geskep was nie.

4.2 GESKREWE WOORD TEENOOR MONDELINGSE TRADISIE

Bottéro (2001:24) is van mening die mondelingse tradisie wat parallel tot die geskrewe tradisie was, is "much richer and more prolific and much more ancient" as selfs die geskrewe tradisie:

> Writing, moreover, did not supplant the spoken word, which was always richer than writing. Myths and rituals have centuries of oral tradition behind them – and beside them – a tacit, untouchable tradition about which we will never know a thing (Bottéro 2001:24).

Mondelingse oordrag van die regstradisies het 'n baie belangriker rol gespeel as wat ons vandag ken. Mondelingse handelinge, seremonies en eedaflegging was die manier om regsverpligtinge te skep (Westbrook (ed.) 2003:12).

Die dokumente was nie onafhanklik van die regsproses nie en die duisende kontraktuele dokumente wat ontdek en ontsyfer is, is nie kontrakte in die hedendaagse sin nie. Dit was "protokolle van mondelingse transaksies" wat gewoonlik voor getuies plaasgevind het (Westbrook(ed.)2003:13). Westbrook (ed.) (2003:5) noem dat die verskeidenheid van oordragte, kwitansies, verbande, rekeninge en regsbeslissing vandag "kontrakte" genoem word.

Malul (1988:449–450) is van mening dat die funksionele doel van geskrewe dokumente in die Ou Nabye Ooste was om die belangrikste besonderhede van 'n regstransaksie en ooreenkoms te bewaar. Alhoewel simboliese handelinge nie pertinent in geskrewe bronne genoem word nie, beteken dit nie dat die handelinge nie opgeteken moes word om enige krag te hê nie en dit dui daarop dat hulle 'n belangrike rol gespeel het (Malul 1988:449).

Vandag word die geskrewe woord as belangrik geag, maar die rol van die mondelingse tradisies in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies in samehang met die geskrewe bron moet nie onderskat word nie. Waar die sosiale antropoloë vandag in die gelukkige posisie is om deur die saakmetode die gebruike en tradisies van inheemse volke in lewe te bestudeer, het die geleerdes van die antieke Mesopotamiese tradisies nie daardie voordeel nie.[114] In die Mesopotamiese regstradisies blyk die mondelingse oordrag en kommunikasie kortliks en sporadies uit die geskrewe dokumente te wees en die geskrewe dokument is soms die enigste

[114] Diamond (1935:3–5) stel dit dat daar drie bronne beskikbaar is om die antieke reg te bestudeer: (a) betroubare en bekwame waarnemings van die lewe en wette van die antieke volke, (b) geskrewe versamelings, wat hy "kodes" noem en (c) ander regsdokumente, veral regstransaksies. Hierdie blyk meer betrekking te hê op stamme wat nog bestaan en wat Diamond in sy werke as gevallestudies gebruik het.

bron om na te spoor wat die hele boodskap agter hierdie geskrewe aantekening van ’n geval is wat duisende jare gelede plaasgevind het.

4.3 PRAKTIESE GEBRUIKE VAN GESKREWE BRONNE

Die geskrewe sisteem van Mesopotamië het sy eie unieke tegnieke gehad en spesifieke materiaal gebruik (Oppenheim 1964:229).[115] ’n Skryfsisteem genoem spykerskrif is vanaf laat 4000 v.C. gebruik (Roth 1995:1). Die skryfmateriaal was meestal klei, wat goedkoop en duursaam was. Ander skryfmateriaal soos papirus, leer, hout, metaal en klip het in sekere tye (veral die laaste fases van die Mesopotamiese samelewing) voorgekom, alhoewel hulle nie dieselfde kwaliteite as klei gehad het nie. Anders as klei, het ander materiaal makliker vergaan en moontlik is waardevolle inligting in sekere periodes vir hedendaagse navorsing verlore (Oppenheim 1964:229).

Oppenheim (1964:230) is van mening dat daar hoofsaaklik drie gebruike[116] vir die skryfkuns in die Ou Nabye Ooste was:

a. Data is vir rekorddoeleindes neergeskryf.
b. Data is gebruik vir “kommunikasie . . . op ‘’n sinkroniese vlak”.
c. Data het ’n seremoniële funksie[117] gehad.

Die aanwending van hierdie gebruike het van verskillende samelewings gewissel (Oppenheim 1964:230). In die Ou Nabye Ooste is daar veral gebruik gemaak van die optekening van data vir rekorddoeleindes en dit het volgens Oppenheim vyf doelwitte gehad wat in volgorde van belangrikheid voorkom:

1. Optekening van administratiewe gebruike.
2. Kodifikasie van “wette.”[118]
3. Formulering van heilige tradisies.
4. Vir die anale.
5. Vir skolastiese gebruike.[119]

---

[115] Sien Schmandt-Besserant (1986, 1977) t.o.v. die ontwikkeling van skrif vanaf tekens tot spykerskrif.
[116] Oppenheim (1964:230) is van mening dat hierdie drie gebruike in alle samelewings gevind kan word, maar die gebruik wissel na gelang van die samelewing se uniekheid.
[117] Oppenheim (1964:230) meen dat hierdie gebruik vir die Westerse samelewing raar is.
[118] Oppenheim (1964) verwys hierna na die verskillende versamelings of *law codes*.
[119] In die skole het die skrywers opleiding vanaf die meester in skrif, regsterminologie en -klousules verkry wat nodig was om in ’n hofsaak op te teken of om ’n kontrak op te stel (Roth 1995:1–2). Die *ana ittišu* was ’n multi-tablet reeks van Sumeriese en Akkadiese regsterme en formules wat deel van die skrywerskurrikulum gevorm het (Roth 1995:2).

4.4 FUNKSIE EN BETEKENIS VAN 'N BRON IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

Die versamelings en instruksies is nie die enigste bronne wat deur geleerdes in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies gebruik word nie. Duisende ander geskrewe dokumente moet ook in ag geneem word (Roth 1995:5).

Westbrook wys daarop dat met bronne moet daar onderskeid getref word tussen geskiedkundige bronne en bronne in 'n regsin. Geskiedkundige bronne is alle geskrewe rekords wat na regsreëls en -instellings verwys, maar bronne in die regsin is alle geskrewe en ongeskrewe norme waarvan die howe hul gesag ontleen om hul besluite te neem. Westbrook (ed.) (2003:4) is van mening dat daar twee toetse is – uit geskiedkundige dokumente is die geldigheidstoets "geloofwaardigheid" (*credibility*) en uit 'n regsoogpunt is die geldigheidstoets "gesaghebbendheid" (*authoritativeness*) waarvolgens bronne beoordeel moet word.

Die "geloofwaardigheid"-toets bepaal of 'n rekord "direkte of indirekte bewyse van regsnorme" daarstel. Dit gaan oor die mate van oorsprong en watter norm of beginsel voorgestel word (Westbrook (ed.) 2003:6).

Die tweede toets is wat Westbrook "self-consciousness with which a source presents the law" noem. Die bron is nie altyd onafhanklik nie en dit sal maar altyd 'n produk van selfbelang of subjektiwiteit wees. In so 'n geval moet gelet word of daar nog sulke insidente is om te bepaal hoe partydig die stelling was (Westbrook (ed.) 2003:6).

Westbrook (ed.) (2003:6–12) deel die regsbronne van die Ou Nabye Ooste volgens hul direkte aanwending in as inskripsies,[120] hofrekords, versamelings,[121] leksikale tekste, transaksie-rekords, briewe, historiografiese dokumente en literatuur.

Die meeste van die dokumente wat regstransaksies gereflekteer handel oor koop, huur en kwytskeldings, met 'n baie kleiner aantal litigasie-rekords en ander soos briewe. Die meerderheid van hierdie dokumente kom uit die Oud-Babiloniese en Neo-Babiloniese tydperke. In die Middel-Babiloniese tydperk is daar minder dokumente wat van Nuzi, Emar, Alalakh en

[120] Westbrook verwys na die term as *edicts*.
[121] Westbrook verwys na die term as *law codes*.

Ugarit afkomstig is. In die Neo-Sumeriese periode is daar ’n aantal litigasie-rekords (Westbrook 1995a:631).

4.5 BESPREKING VAN BRONNE

Vir doeleindes van hierdie studie word net ’n sekere aantal bronne van die Mesopotamiese regstradisies uitgelig in sover dit lig kan werp op die verskillende interpretasies en teorieë van die inskripsies en versamelings.

Eerstens word die inskripsies, versamelings en *ana ittišu* of skolastiese tekste wat die meeste deur geleerdes bespreek word, kortliks bespreek. Deur die hele Ou Nabye Ooste is daar ’n verskeidenheid van “soortgelyke” inskripsies en versamelings ontdek, maar dit val buite die bestek van die studie om dit alles te bespreek. In die bespreking van hierdie inskripsies, versamelings en skolastiese tekste sal kortliks verwys word na hulle oorsprong, datering, wie dit opgestel, en kortliks waaroor dit handel.

Tweedens sal die bronne uit gewys word wat blyk regsdokumente te wees, maar wat nie deel vorm van bogenoemde groep nie. Hierdie dokumente is transaksierekords of sogenaamde regsdokumente en hofrekords.

Derdens sal die bronne wat nie enige regsaspekte in die hedendaagse sin toon nie, kortliks bespreek word. Hierdie dokumente kan lig werp op die regsmilieu van die antieke Mesopotamiërs. Die dokumente behels instruksies, koninklike inskripsies, leksikale tekste, handel- en administratiewe dokumente, literatuur en briewe.

4.6 . BRONNE VAN TEORIEË: INSKRIPSIES, VERSAMELING EN ANA ITTIŠU/SKOLASTIESE

4.6.1 Inskripsies

4.6.1.1 Inleiding

In die vroeë Dinastiese en Sargoniese periodes was daar drie instruksies, naamlik die Inskripsie van koning Enmetena van Lagaš, die Inskripsie van koning Urukagina van Lagaš en daarna die Inskripsie van koning Gudea van Lagaš (Westbrook (ed.) 2003:141–143).

Drie inskripsies uit die Oud-Babiloniese periode is ontdek, naamlik die Inskripsie van koning Samsu-iluna, van ’n onbekende koning, beter bekend as die Inskripsie van X, en die Inskripsie van koning Ammi-saduqa, wat die volledigste is (Westbrook (ed.) 2003:6).

Die inskripsies is nie edikte in die hedendaagse sin van die woord nie. Weinfeld (1995:77) verwys na dit as “sosiale edikte” en noem dat hierdie inskripsies nie dieselfde van aard is nie. Westbrook (ed.) (2003:6) noem dat ons vandag die inskripsies as ’n tipe van ’n statuut beskou en dit was koninklike dekrete van ’n algemene aanwending. Westbrook gebruik egter die terminologie van “edik so en so”. Sommige skrywers verkies om hervormings te gebruik, maar in hierdie werk sal eerder na inskripsie verwys word.[122]

Renger (2002:139) verwys na die instruksies as koninklike edikte waarin die kwytskelding van skuld en diensverskuldiging vir die inwoners van sekere stede afgekondig is. Hierdie kwytskelding is ’n “fenomeen” wat meestal in die Oud-Babiloniese periode tot die Ur III-dinastie voorkom. Voor en na hierdie tydperke was die afkondigings nie op so ’n groot skaal afgekondig soos in hierdie genoemde tydperke nie.[123]

4.6.1.2 Inskripsie van koning Enmetena (Sumeries)

Die Inskripsie van koning Enmentana word beskou as die eerste koninklike maatreël om die swaar las van die mense van die land te verlig (Renger 2002:142). Die inskripsie is uitgereik teen sosiale ongelykhede en misbruike van die administratiewe gesagsinstellings (Westbrook (ed.) 2003:6). Koning Enmetena van Lagaš het aanspraak gemaak dat:

> He established the liberation of Lagaš, he let the child return to the mother, he let the mother return to the child. He established the liberation of barley debts . . . He established the liberation of the “children” of (the city) Patibira.k. He let them return to (the god) Utu, to Larsa.m into his hand; he let them return to (the god) Lugalemuš.k, to the Emuš into his hand (Westbrook (ed.), 2003:141–142).

Koning Enmentana het die tegniese term **ama-rgi4** gebruik, wat beteken om na die moeder terug te keer en korrespondeer met die *andurārum* “om vry te hardloop”, “vryheid” wat deur vele skrywers as “bevryding” geïnterpreteer word (Wilcke 2003:21). Renger (2002:142) noem dat ’n

[122] Sien deel 1, hoofstuk 2 waarin redes uiteengesit word waarom die begrip inskripsie bo dié van edik of hervorming verkies word.
[123] Vgl. deel 2, hoofstuk 5 waarin Renger se teorie van die sogenaamde *oikos*-ekonomie uiteengesit word.

interpretasie kan wees dat Lagaš bevry word van die "general causes of personal indebtedness that had led to bondage".

Westbrook (2003:142) is van mening dat die doel van die inskripsie, wat hy 'n edik noem, maar as 'n koninklike dekreet beskou, was om die families te verenig wat deur dwangarbeid soos om tempels te bou, gevangeneskap deur skuld en slawerny weens skuld opgebreek was. Hierdie "bevryde" burgers van Uruk, **Larsa.m** en **Patbira.k** was nie oorlogsgevangenes nie, maar mense wat dwangarbeid moes verrig (Wilcke 2003:21).

4.6.1.3 Inskripsie van koning Gudea van Lagaš (Sumeries)

Koning Gudea was koning van Lagaš en die stad het 'n groot rol tussen al die stede van die suide van Sumerië gespeel. In 'n lied beskryf Gudea die oprigting van die **Eninnu**, 'n tempelkompleks opgedra aan Ningirsu[124] en maak hy melding dat hy die skuld van diegene wat die tempel voltooi het, afgeskryf het. Dit is egter onseker hoe hierdie skuld opgehoop het (Renger 2002:143). Gudea noem ook verder dat hy,

> gave his intention to the laws of Nina and of Ningirsu and saw to it that the rich and powerful man did not do any ill to the orphan or the widow (Epsztein, 1986:5).

Sommige van die koning se instruksies het probeer om slawe te beskerm. Koning Gudea maak aanspraak dat hy reg tot erfenis gegee het tot die dogters van die families wat nie manlike erfgename gehad het nie (Westbrook (ed.) 2003:143).

4.6.1.4 Inskripsie van koning Urukagina / Uruinimgina (Sumeries, 2350 v.C.)

Die Sumeriese koning Urukagina[125] is in die wêreldgeskiedenis bekend as die eerste sosiale hervormer.[126] Urukagina van Lagaš (vandag Tell Senkera) het 'n inskripsie uitgevaardig wat die

---

[124] Die god Ningirsu, wat beteken Heer van Girsu, het die mees prominente rol gespeel in die plaaslike panteon van die stadstaat Lagaš, waar die god beskou is as die seun van Enlil, die eggenoot van Bau en die broer van die godinne Nanše en Nisaba. Koning Gudea het die groot tempel **E-ninnu** herbou, wat in 'n lang Sumeriese lied herdenk word, en hy het ook gedroom dat Ningirsu aan hom verskyn en hom opdrag gee om die tempel te herbou. Ningirsu is bekend as 'n oorlogsgod, maar het ook 'n teenkant waarmee hy geassosieer word met vrugbaarheid, landbou en die regulering van kanale (Black & Green 1992:138).

[125] Word ook gelees Urukagina en Uruinimgina (Westbrook (ed.)2003:141). Lambert (1970:41) gee 'n meer omvattende verduideliking waarin voorgestel word dat die naam as **^{d}lugal.inim.gi.na** gelees moet word en die koning moet as Uruinimgina bekend staan.

[126] Geleerdes soos Knapp (1988:72) verwys na hom as die koning wat die vroegste poging (waarvan ons weet) aangewend het om regerings- en sosiale hervorming daar te stel. Foster (1995:69) noem dat die rede waarom die koning as die eerste hervormer gesien word, is omdat die bewoording van die inskripsie daarop wys dat die koning nie soseer antieke praktyke herstel het nie, maar eerder praktyke verander en sy "innoverings" gesien het as die

enigste bewys van sy hervormings is waar hy vir die onderdrukte, die weduwee en die armes tussenbeide tree (Boecker 1980:53). (Sien Kramer:1964)

Die bewoording van die inskripsie kom aanvanklik "vreemd" voor, aangesien dit heelwat woorde en uitdrukkings bevat waarvan die betekenis onseker is.[127] Die inskripsie is uniek deurdat dit 'n definitiewe kontras skets van die gebruike in die verlede en wat by die koning se regeringskap geïmplementeer moet word. Hierdie inskripsie maak die benaming hervorming baie aantreklik (Foster 1995:169).

Westbrook wys daarop dat die inskripsie[128] van Urukagina al drie van die groot gebiede waaroor dekrete oor die algemeen handel, naamlik "konstitusionele, administratiewe reg en ekonomiese aktiwiteit" dek.[129] Die ekonomiese aangeleenthede het 'n wyer aanwendingsveld en sluit ook gewone burgers in. Die wydste en mees komplekse wetgewing was die sogenaamde "skuldkwytskeldings dekrete" (Westbrook (ed.) 2003:15). Die koning gee deur die inskripsie algemene amnestie wat insluit die vrylating van diegene van Lagaš wat die sogenaamde **gur-gub** and **se-si.g**-oortredings, dief en moord gepleeg het (Westbrook (ed.) 2003:142).[130]

4.6.1.5 Inskripsie van koning Ammi-saduqa (Ou-Babiloniese periode – Hammurabi dinastie)

Westbrook (1995b:155) beskou die inskripsie van koning Ammi-saduqa as die mees volledige teks oor die kwytskelding van skuld. Ammi-saduqa was die groot-groot kleinseun van koning Hammurabi (Westbrook, 1995b:155) en die tiende heerser van die Hammurabi-dinastie in Babilon (Pritchard 1955:526). Die inskripsie begin met die vertaalde woorde as:

> The tablet [of the degree which the land was ordered] to hear at the time that the king invoked a *misharum* for the land (Pritchard 1955:526).

---

normale doen van dinge.

[127] Sien Foxvog (1994:11-16) wat 'n teks bespreek en vertaal wat skynbaar soortgelyk tot die bepalings van die inskripsies blyk te wees.

[128] Westbrook noem dit 'n edik, maar beskou dit as 'n koninklike dekreet.

[129] Vandag in die meeste van die state word die beginsel van *trias politica* gehandhaaf wat ook beter bekend staan as die skeiding van magte. Die drie magte, wetgewend, judisieel en uitvoerend word as die belangrikste magte van die staat beskou (Sien van Zyl & van der Vyver 1982:447-456).

[130] He (Urukgina) amnestied the "citizens" (literally, "the sons") of Lagash who (were imprisoned because of) the debts (which they) had incurred, (or because of) the amounts (of grain claimed by the palace as its) due, (or because of) the barley (claimed by the palace for its) stores, (or because of) theft (or) murder, and set them free (Kagan 1975:13–15).

Pritchard is van mening dat dit die gebruik in die Oud-Babiloniese tyd was en so ver as die Vroeë dinastiese tydperke het die koning ’n *mišārum*[131] in die begin van hul regeringstyperke uitgereik, met tussenvalle van sewe jaar en meer. Die *mišārum*-handeling handel hoofsaaklik oor die kwytskelding van skuld en ander verpligtinge, en die teruggee van grond aan oorspronklike eienaars. Ons weet hiervan op grond van verwysings daarna in koninklike jaarname en vanaf sekere private dokumente (Pritchard 1955:526).

Dit inskripsie van Ammi-saduqa beslaan 22 paragrawe met ’n hele aantal bepalings wat in twee tipes verdeel kan word, naamlik die bepalings wat die verskillende kategorieë van skuld kanselleer en die bepalings wat gemoeid is met die probleme om dit te implementeer (Westbrook 1995: 155, Lemche 1979:12). Die boonste helfte van kolom een en die laer helfte van kolom vier is weg. Finkelstein is van mening dat dit onmoontlik is om te bepaal of daar ’n proloog of ’n epiloog soos by die vroeëre Mesopotamiese versamelings was.

Finkelstein (1961:92) is van mening dat wat die datering van die inskripsie betref, ’n afskrif daarvan eers jare nadat dit geskryf is, gemaak is of dat dit van oorspronklike afskrifte gemaak is. Dit moes eers dan literêre status verkry het.

Finkelstein (1961:92) noem dit is ’n “tacit and, to be sure, justified assumption of the author” dat dit Ammi-saduqa is. Die naam verskyn nêrens in die teks nie, maar dit word so aangeneem omdat daar in die teks ’n verwysing na Ammiditana se laaste jaar is. Finkelstein verwys na Kraus wat van mening is dat dit in die tweede jaar van Ammi-saduqa se regeringstyd geskryf is. Finkelstein (1961:92) kom tot die gevolgtrekking dat Ammiditana se dood vroeg in sy laaste regeringsjaar was en dat Ammi-saduqa vir die res van die jaar die geleentheid gebied is om in die oorgangstydperk baie te vermag. Ammi-saduqa kon die hervormings aan die einde van daardie jaar afgekondig het en het ook sy eerste amptelike jaar gehad wat hy in sy hervormings kon noem.

Die inskripsie van Ammi-saduqa verskil van die ander inskripsies omdat dit as ’n lang inskripsie baie meer spesifiek is oor watter persone betrokke is en ’n vollediger beskrywing van besonderhede van elke geval en korporatiewe straf ingebring het. Baie min skrywers het oor die inskripsie van Ammi-saduqa geskryf, maar Kraus en Finkelstein (sien Finkelstein:1969c) het

[131] Akkadies *mišārum*, Sumeries **níg.si.sá**.

waardevolle bydraes gelewer.[132] Die inskripsie van Ammi-saduqa is nieteenstaande sy lengte amper vergete tussen die ander inskripsies.

4.6.2 Versamelings

4.6.2.1 Inleiding

Sekere versamelings geniet meer aandag as ander onder die hedendaagse geleerdes (Roth 1997:1). Roth is van mening dat versamelings soos die Versameling van Hammurabi (LH) aan ons die geleentheid bied om die regstradisies en praktyke van die Ou Nabye Ooste beter te kan verstaan en is een van die bronne wat saam met ander bronne soos administratiewe dokumente, hofsake en kontrakte gebruik word. LH en die Versameling van Ur-Nammu (LU) word deur die meeste deur skrywers bespreek.

4.6.2.2 Versameling van koning Bilalama van Ešnunna (ca.. 2268–2259 v.C.)

Die Versameling van koning Bilalama word beskou as die vroegste versameling wat ontdek is. Bilalama was koning van Ešnunna, die hoofstad van die gebied tussen Akkadië en Elam. Ongelukkig is die presiese datum van sy regering onbekend, maar daar word gemeen dat dit in lyn was met sy tydgenoot ŠU-ilišu, koning van Isin wat vanaf 2268 tot 2259 v.C. regeer het (Driver & Miles, 1952:6).

Twee tablette, waarvan die eerste in 1945 ontdek is en die ander in 1948, is egter nie by Ešnunna opgegrawe nie, maar by Tall Harmal, buite Bagdad. Die tablette is baie dieselfde, met ’n paar klein verskille, wat daarop dui dat hulle afskrifte van die oorspronklike dokument was (Driver & Miles 1952:7).

Net soos by ander versamelings is daar verskillende onderwerp-groepe wat bespreek word, soos paragrawe 1 tot 11 wat handel oor pryse en huurtariewe, met oortredings wat daarmee verband hou, paragrawe 12 en 13 oor betreding van huis of veld, paragraaf 14 oor huurgeld betaalbaar, paragrawe 15 en 16 oor goedere aan ’n ander toevertrou, paragrawe 17 en 18 oor bruidsoorgawe, ensovoorts.

[132] Sien Lieberman (1989:242-250) wat sekere paragrawe 5, 6 en 21 van die inskripsie met LH en ander inskripsies vergelyk het.

Driver en Miles (1952:11) stel dit dat die Versameling van Bilalama en Versameling van Hammurabi baie dieselfde in taal en inhoud is, maar daar is geen duidelike getuienis dat daar ’n direkte vorm van leen voorgekom het nie.

4.6.2.3 Versameling van koning Ur-Nammu (Sumeries, 2112–2095 v.C.)

Epsztein (1986:6) is van mening dat LU die vroegste wetgewende argief van die Laer Mesopotamië is wat nog gevind is. LU word gesien as ’n skakel tussen die hervormings van Urukagina en Gudea en die versamelings van Ešnunna, Lipit-Ishtar en Hammurabi. Epsztein (1986:6) stel dit verder dat die rangskikking van die paragrawe in die proloog is dieselfde wat in Urukagina en Gudea van Lagaš gevind kan word. ’n Groot bron van ekonomiese en administratiewe rekords van die Ur III-tydperk is opgegrawe, wat dit die beste gedokumenteerde tydperk maak (Saggs 2000:84).

4.6.2.3.1 Die twee konings Ur-Nammu en Shulgi

Om die belangrikheid en die posisie van LU te verduidelik, moet eers stilgestaan word by die twee merkwaardige konings van die Ur III-dinastie, Ur-Nammu en sy seun Shulgi.

4.6.2.3.1.1 Koning Ur-Nammu

Koning Ur-Nammu het met sy troonopvolging die Ur III-dinastie begin wat ’n besondere tydperk in die Ou Nabye Ooste se geskiedenis ingelui het.

Ur-nammu se naam beteken “krygsvegter van die godin Nammu” (Roux 1992:161). Die stad Ur was onder die heerskappy van koning Utu-hegal van Uruk (Roth 1995:13). Ur-Nammu was die goewerneur van Ur en het met ’n brandende ambisie Utu-hegal omvergewerp (Roux 1992:161). Vir die tweede keer in die geskiedenis is die stadstate van suidelike Mesopotamië (Sumerië en Akkad) en noordelike Mesopotamië verenig (Roth 1992:13).[133]

Saggs (2000:89) is van mening dat die Ur III-dinastie meer stabiel as die Agade Ryk was, maar geografies minder uitgebreid. Die Ur III-dinastie (ca.. 2112–2004 v.C.) word beskou as ’n tydperk van voorspoed, met ’n groeiende ekonomie en monumentale argitektuur[134] (Crawford

[133] Die eerste keer was toe Sargon die Grote die Dinastie van Akkadië (2334–2193 v.C.) geskep het (Roth 1995:13).
[134] Onder die argeoloë is Ur-Nammu meer bekend vir sy ziggoeratte wat hy in Ur, Uruk, Eridu, Nippur en ander

2004:18, Roux 1992:162). Ur-Nammu het die titel "koning van Ur, koning van Sumerië en Akkadië" aangeneem (Roux 1992:162).

Ur-Nammu het 18 jaar regeer en sy regeringskap is gekenmerk deur baie konflik totdat hy uiteindelik ekonomiese en politieke stabiliteit vir sy land verseker het. Hy het 'n diplomatieke huwelik met die dogter van die goewerneur van Mari aangegaan, hy het handelsroetes daargestel en hom bemoei met waterleiding, soveel so dat hy 'n "water-born trade" daar kon stel (Saggs 2000:84).

Ur-Nammu was bekend vir sy groot tempelwerke, waarvan die grootste by Ur was waar die oorblyfsels van die groot ziggoerat tot vandag nog staan. Hy het die tempel **Ekur** van die nasionale god Enlil by Nippur herbou en kon so sy beheer oor die stad neem met die titel "koning van Sumerië en Akkadië", wat beteken "koning van die suidelike en noordelike Babilonië" (Saggs 2000:85). Soos Ur-nammu sy ryk in stryd tot stand gebring het, so het hy as 'n soldaat gesterf, waar hy reeds 'n goed gevestigde gebied vir sy seun, Shulgi opgestel het om op voort te bou.

4.6.2.3.1.2 Koning Shulgi

Koning Shulgi (2094–2047 v.C.) het sy vader koning Ur-Nammu opgevolg en was in die Sumeriese literatuur bekend vir sy administratiewe en organisatoriese hervormings (Roth 1995:13). Shulgi het 47[135] jaar regeer, en sy naam beteken moontlik "edele jong man"[136] (Roux 1992:168).

Die eerste helfte[137] van sy koningskap was 'n vreedsame tydperk, waarin Shulgi hom bemoei het met die voltooiing van tempels, oprigting van nuwe geboue, opstel van 'n kalender en nuwe graan-metings (Roux 1992:168–169). Hy het fabrieke opgerig met duisende wewers en ambagsmanne wat onder beheer van 'n gesentraliseerde regering gewerk het (Saggs 2000:88).

---

stede gebou het (Roux 1992:163). Hy was verder gemoeid met ander arbeidsintensiewe werk soos verbeterings aan tempels en kanaalsisteme. Dit het daartoe bygedra dat 'n gesentraliseerde burokrasie en administrasie van bronne daargestel kon word (Roth 1995:13).

[135] Shulgi het volgens Saggs (2000:85) 48 jaar regeer het.

[136] Soms gelees as "Dungi" (Roux 1992:168).

[137] Dit het 'n tydperk van negentien jaar beslaan (Saggs 2000:85).

Eers in sy 24ste jaar[138] van regeringskap het Shulgi ’n lang reeks militêre ekspedisies op ’n jaarlikse basis begin (Roux 1992:169). Hy maak daarop aanspraak dat hy in beginsel ’n man van vrede is en daar is geen verwysing na enige gewelddadige konflik met enige stede van Babilonië nie, hoewel dit by ander gebiede anders was. So byvoorbeeld het hy militêre stappe gedoen teen die hele streek oos van die Tigrisrivier tot by Zagros (Saggs 2000:87). In ’n lied verduidelik Shulgi dat die gode hom opgeroep het dat hy die **kur**, wat lande in die Zagros was, moes vernietig en wat sal beteken dat handelsroetes beskikbaar gestel kon word en sekuriteit vir die ryk verseker kon word (Saggs 2000:89).

Die bemoeienis met die tempels se oprigting kan daarop dui dat Shulgi die ondersteuning van die tempelboedels probeer wen het. Hierdie tempels het geweldige invloed en mag gehad en sou Shulgi suksesvol gewees het, kon hy hulle na sy kant toe swaai wat opposisie teen hom kon uitskakel (Saggs 2000:85).

Shulgi se hervormings en verbeterings op alle terreine het administrateurs vereis. Hy het hierdie groot administratiewe masjinerie met ’n ysere hand regeer en die administratiewe stelsel deur die hele ryk verenig (Saggs 2000:88).

Daar word aanvaar dat die politieke, ekonomiese en administratiewe organisasies in sy ryk plaasgevind het (Roux 1992:169). Die ryk het sy eie belasting insameling- en verspreidingsentrum by die huidige Drehem naby Nippur gehad.

Die skrywerskole wat hy begin het, kon hom ook gehelp het om hierdie administratiewe masjinerie aan die gang te hou. Shulgi het daarop aanspraak gemaak dat hy die skrywerswetenskap daargestel het en het twee skrywerskole by Ur en Nippur gestig (Roux 1992:169). Groepe studente is onder bekwame mense opgelei en die skole was onder sy beskerming. Alle administrateurs moes formele opleiding in skryfkuns, wiskunde en ander administratiewe vaardighede ondergaan. Koning Shulgi het doelbewus die akademie gebruik om sy amptenare in ’n bepaalde “ideologiese etos” te indoktrineer wat meegebring het dat hulle lojaal verbind was tot hul koning (Saggs 2000:88).

Die Mesopotamiese stede was teokraties, waar die stadsregeerder namens die staatsgod regeer het (Saggs 2000:88–89). Shulgi het hiervan afgewyk en homself as ’n “heilige” verklaar (Saggs

[138] Saggs (2000:85) is van mening dat daar in die twintigste jaar aanduidings van militêre aksies en voorbereidings was.

2000:89). Shulgi het homself "koning van al vier hoeke (van die wêreld)" genoem en hy is as 'n god aanbid, beelde is vir hom opgerig, liedere is geskryf wat aan hom opgedra is en waarin hy geprys is. 'n Maand in die kalender is ook na Shulgi genoem, genoem "heilige Shulgi" (Roux 1992:169). Dit was Shulgi wat in sy regeringskap die Ur III-dinastie op sy hoogste piek nog gebring het (Saggs 2000:89).

4.6.2.3.2 Wie het LU geskryf?

Gefragmenteerde stukke van 'n versameling wat blykbaar uit die Ur III-dinastie dateer, is die afgelope eeu ontdek. Roth (1995:13) noem dat die begin van die inleiding van die versameling, wat meld watter koning vir die versameling verantwoordelik is, gefragmenteer is en daar bestaan verskillende opinies óf Ur-Nammu óf sy seun Shulgi vir die opstel daarvan verantwoordelik was.[139]

In die verlede is krediet aan Ur-Nammu gegee dat hy vir die opstel van die vroegste bekende versameling wette verantwoordelik was (Saggs 2000:85). Tot en met die identifisering van die Sippar-tablette was dit algemene konsensus onder geleerdes dat koning Ur-Nammu die outeur was, maar die prentjie het nou dramaties verander (Kramer 1983:453). 'n Nuut ontdekte fragment wat die verlore deel van die proloog vervang het, dui daarop dat dit die werk van sy opvolger, sy oudste seun Shulgi was (Saggs 2000:85). Geleerdes stem al hoe meer saam dat Shulgi[140] die versameling geskryf het (Saggs 2000:87).[141]

---

[139] Die volgende skrywers het ander tekste bespreek, waarin soortgelyke kritiek soos dié van die LU teks in voorkom. Civil (1985) het sekere tekste bespreek waarin Ur-Nammu genoem word, maar dit wil voorkom of Shulgi dit laat opstel het. Tinney (1999:31-54) het verskillende weergawes van sekere tekste bespreek, waarin Ur-Nammu klaarblyklik vir die oopgrawe van kanale vereer was. Tinney (1999:45) bepleit 'n hersiening daarvan en noem dat die antieke skrywers kon 'n tradisie vir tydelike behoeftes gemanipuleer het en daar kan nie net aanvaar word dat die tekste oorspronklik ter ere van Ur-Nammu opgestel was nie.

[140] Of dit in opdrag was en of hy in sy opleiding as vaardige skrywer dit self gedoen het, is vir doeleindes van die volgende standpunte nie van belang nie.

[141] Kramer (1983:453–456) het daarop gewys dat hy aanvanklik in sy artikel, "Ur-Nammu Law Code" (1954), na die Nippur-tablet van die Istanbul Museum verwys het en dat Ur-Nammu, die stigter van die Ur III-dinastie, vir die versameling verantwoordelik was. In hierdie tablet is 'n gedeelte van die inleiding weg en daar was net gefragmenteerde stukke van die eerste 19 wette. In 'n volgende artikel wat Gurney & Kramer (1965) saamgeskryf het, getiteld: "Two Fragments of Sumerian Law", word daar melding gemaak van twee fragmente wat Leonard Wooley by Ur opgegrawe het, wat ook deel van die versameling uitmaak en 'n gedeelte van die 39 wette bevat, waarvan 16 wette goed bewaar was. Daarna het Finkelstein (1969) 'n artikel gepubliseer: "The Laws of Ur-nammu" wat 'n nuwe vertaling van groot gedeeltes van die inleiding en die 39 wette beslaan (Kramer 1983:453). Met die identifisering van een van die Sippar-tablette in die Museum van die Ou Nabye Ooste het Fatma Yildiz in samewerking met J. van Dijk (Sien 1981) 'n artikel gepubliseer waarin dit blyk dat die Sippar-tablet die leemte van die tweede helfte van die inleiding en al tien van die eerste wette vul. Die tablet was verder baie meer gefragmenteer. Die Sippar tablette is baie waardevol, omdat dit moontlik lig werp op wie die outeur van die versameling kan wees (Kramer 1983:453).

Ek stel voor dat aangesien Shulgi bekend was vir die oprigting van skrywerskole en uit die dokumente hy homself as ‘n bekwame skrywer geag het, dit moontlik was dat Shulgi, eerder as sy vader, die instruksies sou laat skryf vanweë sy belangstelling in die skryfkuns. Uit die proloog blyk dit dat Shulgi hierdie stuk werk moontlik uit diepe respek aan sy vader opgedra het, maar ook deur sy vader se goeie naam en reputasie in die ryk te noem, het hy sy eie prestasies en reputasie probeer verstewig. Dit is menslik om te noem hoe goed jou vader is om jouself daardeur in die proses beter te laat lyk. Indien dit die geval was, dan blyk LU nie ’n inskripsie vir hervorming te wees nie, maar eerder ’n merkwaardige politieke propaganda-truuk van ’n magtige koning wat sy mag en belangrikheid probeer ratifiseer en beklemtoon het deur die bevestiging dat sy besluite en optrede die goedkeuring van die gode wegdra en in opdrag van die gode is. Verder deur sy vader se goeie dade op te noem, bring hy hulde aan sy vader en die hele koningshuis (en by implikasie homself). Daardie optredes wat nou blyk nie aan sy vader, Ur-Nammu toegeskryf kan word nie, is ’n getuienis aan die onderdane van sy ryk dat hy net nog ’n voortsetting is van die magtige koningsfamilie waaraan hy, koning Shulgi, behoort. Wat die bepalings daarna betref, is daar nog onduidelikheid of dit die weerspieëling van die gewoonteregtelike tradisie of koningsbesluite was en dit sal verder in hoofstuk agt ondersoek word.

4.6.2.4 Versameling van Lipit-Ishtar (Sumeries, 1934–1924 v.C.)

Lipit Ishtar was die vyfde koning van die Isin-dinastie en na hom het daar nog 11 konings vir ’n tydperk van 130 jaar oor Isin geheers, totdat dit deur Rim-Sin,142 koning van Larša, verower is (Steele 1948:430). Die konings van die Isin-dinastie het militêre en politieke mag oor die stede in Benede-Mesopotamië gehad (Roth 1997:23). Steele (1948:430) gebruik die laer tydperk en toon aan dat Lipit Ishtar vanaf 1868 tot 1857 v.C. oor Isin geheers het.

Steele (1948:430) noem dat dit onseker is wanneer die koning die versameling laat opstel het.

Die stad Isin was ’n groot kultiese sentrum waar die godin van genesing aanbid is. Selfs later toe die politieke en militêre dominansie na Larša geskuif het, het dit ’n belangrike kultiese en strategiese sentrum deur die Mesopotamiese geskiedenis heen gebly. Dit was ook die gebruik in Babilonië vanaf die einde van die derde millennium v.C. om van ’n gedateerde sisteem gebruik

[142] Die jaar voordat Rim-Sin koning van Larsa geword het, het Hammurabi koning van Babilon geword (Steele 1948:430). Die twee konings het vir ’n hele aantal jare goeie diplomatieke betrekkinge gehandhaaf, totdat Rim Sin se heerskappy deur die ambisieuse Hammurabi omvergewerp is.

te maak waar die sogenaamde "jaarname" gebruik is. Wanneer 'n belangrike gebeurtenis van militêre of kultiese belang plaasgevind het, is sodanige gebeurtenis gebruik om die jaar daarmee te identifiseer. In LL word daar verwys na "The year in which Lipit Ishtar established justice in the lands of Sumer and Akkad" (Roth 1997:23).

Byna al die fragmente van LL kom van Nippur. Nippur was bekend vir sy aktiewe skrywerskole gedurende die Oud-Babiloniese periode. Vandag is al meer as 'n dosyn manuskripte van die versameling ontdek, maar daar word probleme ondervind om stukkies van die dokument weer op die regte plek te sit (Roth 1997:24).[143]

Steele beskou LL as 'n belangrike stadium in die ontwikkeling van die samelewing en een van die vroegste versamelings waarvan ons weet wat in Sumeries geskryf was. LL word gesien as 'n baie nabye en selfs onmiddellike voorganger van LH, die sogenaamde Babiloniese versameling. Steele baseer hierdie stelling op grond van algemene struktuur en rangskikking, waar LH tot 'n groot mate op LL geskoei was. Steele noem LL en LH "regsliggame" en hy gebruik deurgaans die terminologie "kodes" en "regsteks" (Steele 1950:490).

Die proloog is lank en beslaan ongeveer 100 reëls. In die proloog word aangedui dat koning Lipit-Ishtar deur Anu en Enlil aangestel is om geregtigheid in die land te vestig en welvaart vir die inwoners van Sumerië en Akkadië te bring (Steele 1948:427).

Lipit-Ishtar het in die versameling slawe van die stede Nippur en Isin vrygelaat. Hulle was vermoedelik vreemdelinge wat na die val van die Ur III-dinastie hul tuiste verloor het, maar nou met hul families verenig is (Steele 1948:427). Die proloog noem dat

> the gods An and Enlil called Lipit-Ishtar, the wise shepherd, whose name has been pronounced by the god Nunamnir – in order to establish justice in the land, to eliminate cries for justice, to eradicate enmity and armed violence, to bring well-being to the lands of Sumer and Akkad.[144]

---

[143] Steele (1948:426) noem daar was vier fragmente wat deel van een tablet was wat opgegrawe is, tydens ekspedisies deur die Universiteit van Pennsilvanië gedurende 1889–1900, in die omgewing waar die antieke stad Nippur eens was. Hierdie fragmente is na Philadelphia en later na die universiteit se museum gebring, waar dit in 1929, saam met ongeveer ander 3 000 stukke, geregistreer en in 'n katalogus geplaas is. Tien jaar later het dr. Samuel N. Kramer, terwyl hy 'n oorsigtelike ondersoek van Nippur gedoen het, op die versameling afgekom. Met die vertaling van die stukke was die vroeër mening dat dit Sumeriese wette was en later het die proloog en epiloog te voorskyn gekom. Steele noem met hierdie verskyning hy van mening is dat dit 'n wetkode is en dat die kodifiseerder koning Lipit Ishtar was. Daar is ook vier ander tablette ontdek, waarvan drie van die Babiloniese versamelings is en die ander een in die Louvre Museum is. Hierdie stukke is op hulle eie gepubliseer en vertaal en oorvleuel mekaar (Steele 1948:426–7).

[144] Vertaal deur Roth (1997:25).

Die versameling bestaan net uit ’n aantal paragrawe. Daar is net soos die ander versamelings geen definitiewe kategorisering van onderwerpe soos ons dit vandag sou doen nie. Onderwerpe wat in LL behandel word, behels slawe, vererwing, status, huwelike en onderhoud van vroue en kinders.

4.6.2.5 Versameling van X (ca. 2050–1800 v.C.)

Die Versameling van X[145] dui nie ’n naam van die koning aan nie. Roth (1995:36) is van mening dat dit die laaste gedeelte van die Versameling van Ur-Nammu is, en dat dit nie ’n aparte “wettiese komposisie” is nie.

Die bestaan uit minder as 20 bepalings waarvan elkeen begin met die Sumeriese *tukum-bi* wat “as” beteken. Die meeste van die bepalings is gefragmenteer en handel oor deposito’s, huweliksaangeleenthede, fooie vir geneeshere, wewers en ander ambagsmanne, lenings, rente en eiendomme (Roth 1995:36).

Die stuk het nie ’n proloog nie, maar wel ’n epiloog, waarin soos by die ander versamelings ’n toekomstige heerser en sy mense vervloek word indien hulle die stuk sou beskadig, dishonoreer of plagiaat pleeg.

4.6.2.6 Versameling van Ešnunna (Babilonies, 1900 v.C.)

Die Versameling van Ešnunna (LE) van die Oud-Babiloniese koninkryk van Ešnunna is in 1945 en 1947 gedurende ’n opgrawing by Tell Harmal buite Bagdad ontdek (Yaron 1988:19–20).[146] Prof. Albrecht Goetze het die eerste vertaling hiervan gedoen. Die stad Ešnunna het baie belangrik geword na die val van die Ur III-dinastie. Die koninkryk was op ’n belangrike strategiese posisie tussen Assirië, Babilon, Isin, Larša en Elam (Yaron 1988:19).

---

[145] In Engels word na die *Laws of X* verwys.

[146] Sien Westbrook (1994(a):41-46) wat die term *naptarum* soos gevind in LE en in watter konteks dit in LE verstaan moet word, bespreek het. Sien Rosen (1977:35-38) wat paragrawe 20 & 21 met LH vergelyk het. Sien Roth (1990/2:70-71) wat paragrawe 46-47 van LE kortliks bespreek en vertaal het. Sien Eichler (1987:71-84) wat o.a. ’n vergelykende studie tussen LE en LH gemaak het en verskeie bepalings van LE behandel het. Sien Westbrook (1996:32-42) waarin Westbrook paragrawe 17 & 18 van LE bespreek het en met ander versamelings vergelyk het. Sien Yaron (1962:137-153) waarin verskeie bepalings van LE bespreek is. Yaron (1965:23-29) het paragraaf 25 van LE bespreek wat handel oor die “verwerpte bruidegom” en waar hy ’n vergelyking getref het met ander versamelings met soortgelyke paragrawe. Finkelstein (1967(b) het paragraaf 25/28 van LE met ’n Oud-Babiloniese brief vergelyk ten einde uitklaring te gee van die inhoud en vertaling van die paragraaf.

Volgens Yaron (1988:20) is geleerdes redelik in ooreenstemming wat die datum van die tablette is en word dit beskou as nie later as die regeringskap van Dadusha nie, maar die werklike afkondiging van die tablette is nog nie bepaal nie.

Aanvanklik het Yaron gemeen die versameling kan met koning Bilalama verbind word wat sowat 200 jaar later as Hammurabi regeer het, maar het self later van hierdie standpunt afgesien (Yaron 1988:21). Wat hierdie versameling dus anders maak, is dat dit na die stad vernoem is waar dit ontdek is, en nie soos die meeste ander na ’n koning nie.

Die versameling ter bespreking het Yaron (1988) onder administrasie, howe en prosedures, klasse en persone, huwelik en egskeiding, eiendom en kontrak, en laastens in delikte verdeel.

4.6.2.7 Versameling van Hammurabi (Babilonies, 1792–1750 v.C.)

Goetze (1949:115) beskou die stele [147] van koning Hammurabi, wat aanvanklik die “Kode van Hammurabi” of “Wette van Hammurabi” genoem is, as die begin van die tweede periode van baanbrekerswerk vir die navorsing van Ou Nabye Ooste se regstradisies.

In die Ou Nabye Ooste het LH ’n invloedryke rol gespeel, aangesien baie fragmente, duplikate, kommentaar en verwysing van die versameling in verskillende gebiede in die geografiese gebied van antieke Mesopotamië opgegrawe is.[148] Die datering van hierdie dokumente en brokstukke

[147] Die woord stele (Akkadies *narûm* wat beteken uitgekerfde steen) is gereeld gebruik om koninklike inskripsies uit te stal (Veenhof 1995:1720).

[148] ’n Groot aantal artikels is oor hierdie versameling geskryf. Die volgende artikels verdien vermelding en kan lig op sekere aspekte van die versameling werp: Donbaz & Sauren (1991) waarin sekere paragrawe van die versameling vertaal en kortliks bespreek word. Jackson (1972) wat van die sogenaamde diefstal bepalings ’n studie gemaak het en waar Jackson (1972:169) tot die gevolgtrekking kom dat die antieke Mesopotamiërs gevalle en nie beginsels nie in hulle regstradisies hanteer het. Finkelstein (1967(a)) wat ’n fragment van ’n Laat Oud-Babiloniese afskrif van die versameling vertaal en bespreek het. Finkelstein (1967(a):42) is van mening dat die gedeelte onder bespreking dui daarop dat die “wette” vir ’n tyd lank as ’n teks sonder die proloog, gesirkuleer het. Die proloog is later gedurende koning Hammurabi se heerskappy ingevoeg. Reiner (1970:73) toon aan dat die aanvanklike vertaling van LH deur skrywers dat Hammurabi, koning van die gode is, verkeerd vertaal is. Sollberger (1965:130-132) het ’n fragment, wat soortgelyk van paragrawe 275-277 (huur van bote) van LH blyk te wees, vertaal. Fragment 275 is beskadig. Sollberger (1965:131) is van mening dat hierdie teks komende van die Ur III-dinastie is en dat hierdie fragment ’n netjies geskrewe argaïese teks is wat of vanaf ’n ander versameling afgeskryf is of as ’n model vir ’n versameling voorberei is. Finkelstein (1969a:11-27) het nog ’n fragment van LH bespreek en vertaal. Dit blyk dat hierdie teks beskou word om ’n afgeskryfde paragrawe van LH te wees komende van ’n ander stele en dat die dokument in die Kassitiese of moontlik die Neo-Babiloniese periodes geskryf was. Westbrook (1993:195-204) het ’n studie gedoen van die sg. aannemingswette van LH en o.a. genoem dat daar twee regshandelinge betrokke is en dat die regsverhouding tussen die partye is dié van status. Laessøe (1950:173-187) het sekere fragmente van LH se vertaling en oorsprong omvattend uiteengesit is. Westbrook & Owen (1992:202-207) het ’n regsdokument wat in Hammurabi se regeringstydperk geskryf was met LH vergelyk. Lipińsky (1981:9-27) het die paragrawe 142 en 143 in LH vergelyk met verskeie regsdokumente ten einde die vrou se reg in die ONO om van haar man te skei te bepaal.

wissel van Hammurabi se onmiddellike opvolgers tot selfs so ver as ’n duisend jaar later. Roth (1995:74) brei verder uit dat:

> This wide and varied evidence attests to the enduring popularity of the Laws of Hammurabi, which were both an influence on and a reflection of contemporary literary, political, as well as legal thought.

Roth (1997:74) is van mening dat LH is nie net ’n versameling wette nie, maar ’n “historiese artefak” was, wat op ’n spesifieke wyse deur tyd en ruimte ’n doel gedien het. LH het ’n wye impak en politieke boodskap nagelaat sedert die afkondiging daarvan in Hammurabi se ryk. Die werk was “lewendig” vir oor ’n duisend jaar in die skrywerskole van Mesopotamië (Roth 1995:19).

Die monumentale vonds is deur die Franse span van J. de Morgan in 1902 by Susa in die suidweste van Iran gedurende hul ekspedisie van 1901–’02 ontdek (Bottéro 1992:157, Goetze 1949:115). Die monument word vandag as deel van die Ou Nabye Oosterse versameling in Parys, Frankryk in die Louvre Museum uitgestal (Bottéro 1992:157).

Vanaf die eerste vertaling deur P. Scheil aan die einde van 1902 het geleerdes LH opgedeel in artikels en vir elke artikel ’n nommer gegee. Elke artikel het begin met die woord “indien” of “as”, wat ’n gegewe situasie in die verlede of hede verduidelik, gevolg deur ’n sogenaamde “apodosis” wat verduidelik wat in die toekoms moet gebeur (Bottéro 1992:158). Die “indien” of “as” is die Akkadiese *summa* (Roth, 1995:72). Daar is in totaal 282 artikels, met ’n lakune in die middel, tussen Père Scheil se artikels 66 tot 100 (Bottéro 1992:157, Diamond 1935:22). Roth (1997:71) noem dat dit ’n totaal van 275 tot 300 bepalings bevat, asook ’n proloog en epiloog.[149] Die eerste groep bestaan uit 23 vertikale kolomme, waarvan sewe verwyder is deur Šutruk-Nahhunte, ’n Elamitiese koning wat die monument as buit in ongeveer 1200 v.C. na Susa weggevoer het (Bottéro 1992:156). Die Elamitiese koning het nieteenstaande die verwydering nooit sy eie inskripsie in die plek daarvan ingeskryf nie (Diamond 1935:22).

Hammurabi drie sosiale klasse erken, die *mar awēlim*, die *muškēnūm*[1] en die slawe. Die *muškēnūm* is deel van die ou Sumeriese sosiale organisasie en volgens Liagre (1953:359) kon

---

[149] Die mees volledige en bekendste manuskrip is die een in die Louvre Museum in Parys, Frankryk en wat in 1901–’02 tydens ’n ekspedisie by die Elamitiese hoofstad, Susa opgegrawe is. Daar is fragmente van ’n tweede en moontlike derde manuskrip wat by dieselfde plek opgegrawe is en wat daarop kan dui dat daar verskeie afskrifte van die oorspronklike gemaak is en dan in die onderskeie Babiloniese stede opgerig is (Roth 1997:73).

hulle selfs ryker as die *mar awēlim* gewees het, maar kon nie hul eiendom so maklik vervreem het as die *mar awēlim* nie.

Buiten die drie hoofgroepe, word daar in LH ook melding gemaak van ’n verskeidenheid ambagsmanne, arbeiders, soldate, vissermanne, priesteresse, staatshuurders, *girsequ*-howelinge, handelaars en *sabitu* (Roth 1995:72). Vroue word gemeld en is dus van mans onderskei. Onder vroue is daar ook onderskeid getref, byvoorbeeld die eersterangse vrou (*hirtu*), die weduwee (*almattu*) en verskillende priesteresse en ander sakevroue (Liagre 1953:360).

Na die ontdekking van die stele, waarna Bottéro graag na verwys as Hammurabi se “monument”, het geleerdes hierdie monument die “Kode van Hammurabi” genoem (Bottéro 1992:156). Bottéro (1992:156–7) stel voor dat die benoeming uit die “opstelling en voorkoms” daarvan spruit. Vir ’n lang tydperk was die “Kode van Hammurabi” die algemene benaming en sommige geleerdes maak nog vandag daarvan gebruik. Bottéro (1992:157) is van mening dat as’t ware ’n “universele konsensus” onder hierdie groep geleerdes daaroor bestaan.

4.6.2.7.1 Koning Hammurabi

Hammurabi beteken moontlik “die god Hammu [’n Wes-Semitiese god] is ’n geneser.” Koning Hammurabi[150] het 43 jaar, vanaf 1792 v.C. tot 1750 v.C., regeer (Roux 1992:195).[151] Hy was die sesde heerser van die Eerste dinastie van Babilon (Roth 1997:71). Na ’n aantal suksesvolle veldslae en oorwinninge oor verskillende stadstate, noem Hammurabi homself

> mighty King, King of Babylon, King of the whole country of Amurta, King of Sumer and Akkad, King of the Four Quarters of the World (Roux 1992:201).

Hammurabi het die god van Babilon, Marduk, wat ’n derderangse god was, die hoogste rang in die panteon gegee. Marduk het dié posisie verkry bo dié van die gode **Anu** en **Enlil**. Al die gode het hom aangeroep om na die welstand van die mensdom om te sien (Roux 1992:20).

Daar word vermoed dat Hammurabi hierdie monument teen die einde van sy 43ste regeringsjaar laat opstel het. Hammurabi was teen daardie tyd bekend vir sy groot politieke uitbreidings, vir ’n komplekse en gesofistikeerde organisering van sy regering, vir die vermoë om ’n militêre

[150] Sien Van de Mieroop (2005) wat ’n bibliografie van koning Hammurabi geskryf.
[151] Die regeringsdatum van Hammurabi vanaf 1792 tot 1750 v.C. is die datum wat deur die meerderheid geleerdes aangegee word. Hierdie datum is deur Rowton (1958:111) bepaal en hy gee in sy artikel ’n breedvoerige wetenskaplike verklaring waarom hy tot hierdie gevolgtrekking kom.

burokrasie met sukses te administreer en vir die loods van vele veldtogte waarin hy magtige ryke verower het (Roth 1997:71).

4.6.2.8 Middel-Assiriese Versameling (Assur ca. 1076 v.C.)

Daar is ’n reeks tablette ontdek, maar ons het nie ’n enkele gerekonstrueerde werk, genaamd “Middel Assiriese Wette” nie (Roth 1995:153). Die datums van hierdie tablette kan nie met sekerheid bepaal word nie. Daar is geen inligting in die teks wat aandui wie dit geskryf het nie, maar daar is wel aanduidings dat dit op die stad Aššur betrekking het (Driver & Miles 1975:4).

MAL A is die mees prominente en bes-bewaarde versameling wat hoofsaaklik oor vroue handel wat as slagoffers of hooffigure daarin voorkom. MAL B sluit situasies in soos erfenisse, landbou en besproeiing, en MAL C en G hanteer beloftes/waarborge en deposito’s (Roth 1995:153). Die res hanteer ’n wye reeks onderwerpe wat diefstal, herders se verantwoordelikheid, valse beskuldigings ensovoorts insluit.

Die meeste paragrawe begin met *summa* en daar is net twee klasse mense: die vry mens en die slaaf (manlik en vroulik).[152] In MAL A word daar onderskeid getref tussen verskillende klasse vroue, soos die *a’īlu*-klas, eggenotes, weduwees en die aanhangers van die *qadiltu*-klas (Roth 1995:154).

Veenhof (1995:1717) is van mening dat die MAL wette het nie dieselfde komposisie nie as die ander versamelings wat komende is van die suidelike deel van Mesopotamië. Die MAL wette is die enigste bewys van Assiriese wetgewing. Die datum van hierdie versameling, wat Veenhof sien as ’n versameling van materiaal van verskillende konings kom waarskynlik van die 13de en 14de eeu toe die Middel-Assiriese ryk onder verskillende konings gevestig is. Die Ou-Assiriese Periode het nog geen versameling soortgelyk aan die ander bekende versamelings opgelewer nie (Veenhof 1995:1718).[153]

[152] Westbrook (2003:75-85) het verskeie paragrawe van MAL bespreek ten einde uitklaring te gee van sekere werkwoorde.

[153] Daar is egter enkele verwysings in die Ou-Assiriese dokumente na “die woorde van die stele”, maar nog geen stele is met opgrawings in Susa ontdek nie. Die Oud-Assiriese stadstaat was voorspoedig en baie goed georganiseerd, waar daar met opgrawings honderde kontrakte en regsdokumente ontdek is (Veenhof 1995:1717-1719). Veenhof is van mening dat so ’n versameling sal waarskynlik in die administratiewe kern van die Oud-Assiriese handelskolonie, in die sogenaamde **kārum** kantoor, geleë in Kanesh wees. Tot op datum was die Turke uitgrawers van Kanesh onsuksesvol om so ’n kantoor te ontdek (Veenhof 1995:1720).

4.6.2.9 Neo-Babiloniese Versameling (Sippar ca. 700 v.C.)

Daar is vyftien van die bepalings wat bewaar gebly het, maar met geen proloog of epiloog nie (Roth 1995:143). Die tablet is ’n afskrif van ’n beskadigde oorspronklike of van onvolledige bronne op grond van ’n invoeging onder die hedendaagse paragraaf wat vertaal kan word as: “Its case is not completed and is not written (here)” (Roth 1995:143–144). [154]

Die bewaarde gedeeltes hanteer gevalle wat wissel van landbou en besproeiing tot die verkoop van slawe, huwelik en erfenis. Al die bepalings, behalwe een, begin met *amēlu ša*. Net die vry klas mense word genoem en die slaaf is beskou as eiendom wat nie aan enige reg onderworpe is nie (Roth 1995:144).

4.6.3 Ana ittišu of skolastiese tekste

Die eerste skole in die opgetekende geskiedenis kan in Mesopotamië gevind word, en teen die tyd van koning Hammurabi was die skrywerskole in oorvloed (Lukas 1979:306). Die skrywers van antieke Mesopotamië het ’n prominente rol gespeel en ’n bydrae tot die ontwikkeling van die Mesopotamiese kultuur gelewer. Die *tupšarru*[155] (skrywer) moes ’n uitgebreide kennis en vaardighede hê (Lukas 1979:305). [156]

Wilcke is van mening dat die bes-gedokumenteerde inligting gevind kan word onder die skooltekste wat tekste van administrasie, tempels en professies insluit. Dit is eerste by **Uruk** teen die einde van die vierde en begin van die derde millennium v.C. gevind. Alhoewel hierdie dokumente in oorvloed is, word dit vandag die minste verstaan. Hierdie tekste is deur studente onder toesig van hul mentor oorgeskryf (Wilcke 2003:18). [157]

---

[154] Vertaling deur Roth (1995:146).

[155] Die vroegste Sumeriese woord vir skrywer was **umbisag**, en later **dubsar** (Lukas, 1979:307).

[156] Daar is ’n aantekening gevind van ’n struweling tussen twee skrywers waarin een aan die ander sê: “What do you mean, I am not a scribe like you? When you write a document, it makes no sense. When you write a letter it is illegible. You go to divide an estate, but you are unable to divide it. For when you go to survey a field, you are unable to hold the tape and the measuring rod; the pegs of the field you cannot drive in; you are not able to figure out the sense . . . you don't know how to arbitrate between the contesting parties. You aggravate struggle among brothers . . . When you do multiplication, your work is full of errors . . .” (Lukas 1979:322).

[157] Kramer (1949:199–215) het ’n tablet vertaal wat hy ’n menslike kyk gee in die lewe van ’n student waarin die antieke skoolseun bang is om laat te kom vir skool en om gevolglik gestraf te word. In die skool is hy ongehoorsaam en word gestraf en beledig, waarna die skoolhoof die ouers gaan spreek en ’n afkoopsom ontvang om maar die optrede van die seun te verskoon.

Baie van die dokumente wat regsinligting bevat, is afskrifte wat vir skolastiese doeleindes gebruik is. Die belangrikste van die groot aantal leksikale en grammatikale tekste is die skoolboeke wat *ana ittišu* genoem word na aanleiding van die boeke se openingswoorde (Driver & Miles 1956:25). Dit was oefeninge wat in Sumeries geskryf is, met regsmateriaal as basis (Westbrook (ed.) 2003:363). Hierdie *ana ittišu* is in die **edubba**[158] neergeskryf en die Sumeriese, sowel as die Akkadiese vertalings is bestudeer (Lukas 1979:317). Die belangrikheid van hierdie dokumente lê in die interpretasie van LH en ander regsdokumente (Driver & Miles 1956:25).

Daar is volgens Westbrook (ed.) (2003:363) twee soorte *ana ittišu*, naamlik die dokumente wat model-hofsake is en vir akademiese doeleindes gebruik is, en die regsoefeninge komende van dele uit die versamelings, kontraktuele bepalings en regsfrases. Die welbekende moordsaak van Isin is ook gereeld oorgeskryf (Lukas 1979:317).

Die skrywer wat in regstudies gespesialiseer kon as ’n opnemer by ’n hof werk en is as **dumu edubba** of “skrywer van die regter” na verwys (Lukas 1979:317). Die afskrifte is ongelukkig vol foute en dubbelsinnighede en word met omsigtigheid gebruik (Driver & Miles 1956:26).

Buiten geskrewe bronne wat die **edubba**-meester in onderrig kon gebruik deur mondelings, skriftelik of in kombinasie die inligting aan die skoliere oor te dra om dit op die tablette weer te gee, weet ons dat daar ’n uitgebreide mondelingse tradisie (**ša pi ummāni**) was waaruit gedigte, liedere, wysheidliteratuur, verhale ens neergeskryf was (Lukas 1979:318).

4.6.3.1 Sumeriese Handboek van Vorme (Laat-Babilonies ca. 1700 v.C.)

Roth (1995:46) is van mening dat die Sumeriese Handboek van Vorme[159] ’n gesamentlike werk was wat deur ’n “talentvolle” skrywer neerskryf is en dit getuig van “professionele organisasie en sorg”. Dit het uit ’n versameling van kontrakte en kontraktuele bepalings bestaan. Roth beskou dit as ’n wetversameling waar geïsoleerde gevalle by kontrakte voorkom.

[158] Die Sumeriese woord vir skool was **edubba** of **é-dub-ba-a** en in Akkadies *bīt-tuppi*, wat letterlik “tablet-huis” beteken (Lukas 1979:309). Die skoliere (**demu edubba**) het mekaar as kollegas (***gimeaas*** = **kinātu**) aangespreek. Die skoolhoof was die **adda edubba** (meester). Die **adda edubba** se assistent was die **šešgal** of ouer broer (Lukas 1979:312-313).
[159] Hierna word die afkorting SLHF (Engels: *Sumerian Laws Handbook of Forms*) gebruik.

Sekere "bepalings" of "paragrawe" begin met die Sumeriese **tukum-bi**. Daar word melding gemaak van twee soorte klasse, naamlik die een klas wat 'n vrou (**dam**), 'n man en 'n aangenome kind (**dumu**) en die ander klas 'n slavin, insluit. In een bepaling word daar na 'n persoon verwys wat manlik of vroulik kan wees (Roth 1995:46).

Die SLHF is van die versameling van die "Philadelphia Free Library" bekom en vroeg in die 20ste eeu gekoop. Daar is geen inligting ten opsigte van die opgrawing of oorsprong daarvan nie (Roth, 1995:46).

4.6.3.2 Sumeriese Regsoefening-tablet (ca. 1800 v.C.)

Die Sumeriese Regsoefening-tablet[160] se oorsprong is onbekend en word gereeld deur Assirioloë as YOS 128 na verwys. Dit bestaan uit tien bepalings wat onder andere insluit: skade deur 'n verhuurde os, en aangeleenthede rondom 'n miskraam, liggaamlike skending en verkragting.

Dit word deur Roth (1995:42) beskou as 'n produk van 'n skrywerskool wat afgeskryf of gedikteer is deur 'n intermediêre student, ene **Bēlshunu**. Ander soortgelyke tablette is in Nippur en Ur gevind (Roth 1995:43).

Volgens Finkelstein (1966:357) is daar twee probleme wat verhoed dat die tablet behoorlik verstaan kan word. Eerstens blyk die tablet 'n studente-oefening te wees wat vol skrywersfoute is. Tweedens met die bestudering van die tablet blyk die inhoud nie deel van enige versameling te vorm nie, maar eerder 'n voorloper van die **ana ittišu** te wees (Finkelstein 1966:357).

Die bepalings begin met die Sumeriese **tukum-bi**, wat "as" beteken. Daar is baie foute en teenstrydighede, maar pogings is deur hedendaagse vertalers aangewend om dit te oorkom (Roth 1995:42).

Roth (1995:42–3) noem dat daar bepalings is wat situasie uiteensit en wat bekend is van "formele wetversamelings" en kontrakte.

---

[160] Hierna word die afkorting SLEx (Engels: *Sumerian Laws Exercise Tablet*) gebruik. Fleishman (2001:94) verwys na hierdie tablet as die vroegste relevante dokumentasie wat hy beskou as 'n Oud-Babiloniese skolastiese regsteks en wat hy die *Sumerian Family Laws* (YOS 1 28 iv 3–33) noem. Hy het hierdie teks gebruik om die regsanksies van ouers wat hul kinders onterf, te bespreek. Hy het op grond van die inligting uit die skolastiese regsteks tot die gevolgtrekking gekom dat die Oud-Babiloniese-Mesopotamiese regstradisies poog om die regstatus van 'n kind te beskerm deur swaar sanksies op ouers te plaas wat hulle tot so 'n ernstige handeling skuldig maak (Fleishman 2001:97). Pritchard (1955:525) verwys na dit as die *Sumeriese Wette* (YBC 2177).

Die klasse mense wat vermeld word, is die vry persoon, wat **lú** (man), **dumu-munus lú** (dogter van die man) en die **arad** (slaaf) insluit (Roth 1995:43).

SLEx sluit af met seënbede aan Nisaba en sy metgesel Haja, wat die gode van skrywerskuns was (Roth 1995:43).

4.6.3.3 Wette rondom ’n verhuurde os

In 1965 het Civil ’n rekonstruksie van die *Laws about rented ox* ten opsigte van drie studente-oefeninge-tablette genommer A, B en C gepubliseer, waarna addisionele fragmente later gepubliseer is (Roth 1980:127–128). Die onderwerp van die os wat skade veroorsaak, kom byna by al die versamelings voor.

Roth (1980:142) is van mening dat hierdie skolastiese oefening wat oor die aanspreeklikheid van ’n huurder of wagter handel, insig tot die Mesopotamiese veewagtery- en verhuringspraktyke, sowel as die skolastiese tradisies van die **edduba**, gee. Sy beskou hierdie as deel van die skoolkurrikulum, saam met versamelings wat model-kontrakte, model-hofrekords en regshandboeke insluit. Die student leer die landbou-verhurings-terminologie en –praktyke, en die herhalende en eenvoudige kasuïstiese formulering help die student om dit makliker baas te raak. Roth sien nie hierdie oefeninge as ’n uitdrukking van die regsreëls nie, maar eerder om ’n noue band met die regskorpora te hê.

Westbrook (1990:547) gaan so ver om te bevestig dat versamelings uit werklike gevalle en beslissings voortspruit wat verduidelik word aan die hand van hipotetiese gevalle en wat ’n bepaalde patroon het. Hierdie is ekwivalent aan ’n hedendaagse universiteitsopleiding waar die studente van die skrywerskool in die skolastiese regsprobleme opgelei word. As voorbeeld noem hy die eienaar se aanspreeklikheid van die deurborende os en dat dit ooreenkomstig verskillende voorvalle beoordeel word. Eerstens word die eienaar gewaarsku of nie, dat die os moontlik iemand sal deurboor. Tweedens of die status van die os se slagoffer die hoof van die huishouding, eggenote, seun, dogter of slaaf was. Derdens dat indien die deurborende os skade aan ’n ander os veroorsaak, daar verdere vrae ten opsigte van aanspreeklikheid ter sprake kom. Die kombinasies van hierdie verskillende situasies word so geskep om dan ’n bespreking daar te stel en is in sy aard daarom nie omvattend nie (Westbrook 1990:547–8).

4.7 BRONNE VAN DIE REG: REGSDOKUMENTE

Vandag is daar groot aantal dokumente van antieke Mesopotamië vir studie beskikbaar, maar ten opsigte van die studie van die Mesopotamiese regstradisies het ons die dilemma dat daar verskillende grade van probleme voorkom. Vrae ontstaan hoe ons die bronne kan lees, hoe ver kan ons met die tekste gaan om aan ons insig in die Mesopotamiese regstradisies te gee en wat is die beperkinge daarop. Die groep regsdokumente wat nie deel van die versamelings gesien word nie, word afgeskeep (Roth 2001:244). Hierdie groep word hiernaas bespreek en sluit transaksierekords of die sogenaamde algemene regsdokumente en hofrekords in.

4.7.1 Transaksierekords of sogenaamde regsdokumente

Daar is ’n massa regsdokumente of rekords van transaksies wat tussen partye in Mesopotamië en die res van die Ou Nabye Ooste gesluit is. Westbrook is van mening dat die inhoud van hierdie dokumente het nie enige “literêre of ideologiese verdraaiings” nie, en is daarom ’n goeie bron van die Mesopotamiese regstradisies. Terselfdertyd noem hy ook dat die private kontrakte en transaksies nie die reg uitmaak nie, en is net deel van die gehele regstradisies (Westbrook (ed.) 2003:11). ’n Kontrak reflekteer nie die regsnorme nie. Vandag, binne die raamwerk van basiese beginsels van die reg, besluit partye op die terme van ’n kontrak en dit is hoe Westbrook meen ons daarna moet kyk.

Greengus beskou die geskrewe rekords wat in die derde persoon geskryf is, as opsommings van bevindings en regsaksies gedien het. Die belangrikste verklarings is in die eerste persoon geskryf (Greengus 1995:475).

Die uitvoer van rituele voorskrifte, soos om die mou van ’n vrou se kledingstuk by ’n egskeiding te sny, was algemeen en sommige geleerdes is van mening dat sodanige rituele voor die ontwikkeling van skrif in die vroegste tye voorgekom het. Greengus (1995:475) stel dit dat hierdie simboliese handelinge het met die ontstaan van die skryfkuns hul oorspronklike funksie oorskry en het ’n dieper funksie om as dramatiese en definitiewe regshandelinge in die teenwoordigheid van die getuies en die hele gemeenskap opgevoer te word.

Die regsdokumente is formele rekords van regsgeldige transaksies wat mondelings of nie-literêr afgelê is. Die regsdokument bestaan uit ’n geformuleerde opsomming van die verrigting, waaronder die datum, name van getuies, watter eed geneem is en die name van die regters

verskyn het. Al die partye en getuies het die dokumente met hul seëls bekragtig. In die Middel-Babiloniese tydperk is daar by die dokumente waar die seëls ontbreek, afdrukke deur vingernaels langs die name gemaak (Greengus 1995:475).[161] ʼn Voorbeeld van ʼn Oud-Babiloniese kontrak[162] lees as volg:

> [4]0 gur of barley, according to the normal...-measure, from the arrears of normal-quality wool of Daqqum, the herdsman, which Irra-nāsir and Šumum-liši had [...] and stored (?) in [the house of D]aqqum, and (8) (which) was entrusted to Šummān-lā-Šamaš for deposit. When the cargo-boat of the "house" will arrive, (12) the granary of the house of Daqqum will be opened and Š[ummān-lā-]Šamaš will deliver the barley. Four witnesses, date 920.VI[b] Hammurabi 40.

ʼn Kontrak wat Goetze (1957:15) van mening is, in lyn is met paragraaf 181 van LH hanteer die verdeling van ʼn boedel van ʼn *kulmašītum*, ʼn tipe van ʼn priesteres tussen haar en haar broers. Paragraaf 181 van LH, bepaal as volg:

> If a father dedicates a *nadītum*, a *qadištum* or a *kulmašītum* to the deity without providing her with a dowry - if afterwards the father goes to his fate she shall receive as her share of the goods of the paternal estate her one-third share and shall have the usufruct of it as long as she lives. What she leaves belongs to her brothers (Goetze 1957:15).

ʼn Kontrak wat deel van die Versameling van die "Catholic University of America", 1 (CUA 22) is, bepaal as volg:

> ⅔SAR 8⅓ gín ... house,
> of their sister, the *kulmašītum,*
> beside the house of Adayatum
> and beside the house of Etelliya
> (is) the share of Iddin-Adad.
> From the chaff to the gold
> they have divided, they have gone through with
> it, their heart is satisfied.
> That they will not come back,
> and (that) Awil-Adad
> and Adayatum, the sons of Lamassuya,
> will not raise claims
> against, Iddin-Addad, their brother,
> by Šamaš, Marduk and Apil-Sin

[161] Die oorgrote meerderheid getuies was aanvanklik mans, maar in die oud-Babiloniese periode is daar wel gevalle waar vroue as getuies opgetree het. In die Neo-Babiloniese tydperk blyk dit dat vroue nie as getuies kon optree nie, maar hul teenwoordigheid by die verrigtinge is wel genotuleer. Nieteenstaande blyk dit dat vroue in al die periodes kon besit, koop en verkoop in hul kontraktuele hoedanigheid, maar in die Neo-Babiloniese tydperk moes ʼn vrou deur ʼn manlike familielid bygestaan word. In Nuzi in die Neo-Assiriese en Neo-Babiloniese dokumente kon slawe as getuies en kontrakterende partye optree (Greengus 1995:475).

[162] Gepubliseer as A.32120, oorspronklik van die *Haverford College* Versameling as no. 84 en vertaal deur Stol (1976(a):56)

they swore. ….. (Goetze 1957:15).

Gewoonlik is een geskrewe rekord in die bewaring van die party wat die saak gewen het of die geld moes ontvang het, gehou. Die dokument is in ’n kleikoevert geplaas en aan die buitekant is ’n opsomming van die saak neergeskryf. Die skrywer en die getuies het dan die geskrewe transaksie en koevert geseël. Daar was ook ’n amptenaar soortgelyk aan die hedendaagse balju wat die onwillige partye na die verhoor moes neem (Greengus 1995:475).

Die antieke Mesopotamiese regsdokument was ’n aantekening van die mondelingse en simboliese oordrag van handelinge tussen die verskillende partye. Vandag is die geskrewe regsdokumente se bewyswaarde groter as die werklike weergawe van die gebeure. In antieke Mesopotamië word die multi-sintuiglike kommunikasie in die regstradisies gebruik om mense te herinner aan die werklike gebeure en speel die geskrewe dokumente ’n aanvullende en minderwaardige rol in die bewyswaarde van gebeure en voltrekking van regstransaksies.

4.7.2 Hofrekords

Hofrekords/hofsake[163] kan akademies of prakties van aard wees, wat behels dat die akademiese hofsake die sogenaamde model-hofsake afkomstig van die skrywerskole was, wat as voorbeelde gedien het (Westbrook(ed.) 2003:7). Ander hofsake was dié wat die skrywer van die hof na ’n lang opleiding opgeteken het.

Die bekende Nippur-moord hofrekord/hofsaak was in ten minste drie manuskripte gevind wat in Sumeries in die eerste deel van die tweede millennium geskryf was is ’n goeie voorbeeld hiervan.[164] Dit is vertaal en gepubliseer deur Roth (1998:176-177) en lees as volg:

> (1-5) Nanna-sig, son of Lu-Suen; Ku-Enlilla, son of Ku-Nanna, the barber; and Enlil-ennam, servant or Adda-kalla, the orchard man - killed Lu-Inanna, son of Lugal-uru-du, the *nešakku* (official of the Enlil cult in Nippur). (6-12) When Lu-Inanna, son of Lugal-uru-du, the *nešakku,* had been killed, they told Nin-Dada, daughter of Lu-Ninurta, wife of Lu-Inanna, that her husband Lu-Inanna had been killed. (13-14) Nin-Dada, daughter of Lu-Ninurta, did not open her mouth, she covered it with a cloth[165]. (15-19) Its case was taken to Isin (for a

[163] Sien Veenker (1974:1-15) wat die appelprosedure uiteengesit soos in die tekste voorgekom het. Veenker bied in die artikel beter insig tot die hofprosedure en hofdokument.
[164] Vgl. Roth (1998:173-184) wat in haar bespreking van hierdie hofsaak dit gebaseer het op die sosiale en regkategorieë van Mesopotamië en op so ’n wyse die aspekte van die Mesopotamiese reg en regsgevolge van vrouens en mans in Mesopotamië onderskeidelik ondersoek het.
[165] Idiomatiese uitdrukking wat beteken sy het geweier om te praat en wat in hierdie geval simbolies daarna verwys dat sy die gewraakte handeling weggesteek het. (Roth 1998:176 vt 6).

hearing) before the king. King Ur-Ninurta ordered its case accepted for trial in the Assembly of Nippur. (20-29) Ur-Gula, son of Lugal-ibila; Dudu, the bird catcher; Ali-ellati, the *muškēnu*; Puzu, son of Lu-suen; Eluti, son of Tizkar-Ea; Shesh-kalla, the potter; Lugal-kam, the orchard man; Lugal-azida, son of Suen-andul; and Shesh-kalla, son of Shara-har, addressed (the Assembly). (30-34) They declared: 'As men who have killed men, they should not be allowed to live. Those three males and that woman shall be killed before the chair of Lu-Inanna, son of Lugal-uru-du, the *nešakku*'. (35-37) Shuqallilum, the chief of the troops, the soldier of Ninurta; and Ubar-Suen, the orchard man, addressed (the Assembly). (38-41) They declared: 'Given even that Nin-Dada, daughter of Lu-Ninurta, might have killed her husband - but a woman, what can she do, to warrant that she be killed?' (42-43) The Assembly of Nippur addressed them. (44-48) They declared: 'A woman who does not value her husband might surely know his enemy; he might kill her husband; he might then inform her that her husband has been killed. (49) Why should he not make her keep her mouth shut about him? (50-52) It is she who (as good as) killed her husband; her guilt exceeds even that of those who (actually) kill a man'. (53-59) The Assembly of Nippur resolved the matter; Nanna-sig, son of Lu-Suen; Ku-Enlilla, son of Ku-Nanna, the barber; and Enlil-ennam, servant or Adda-kalla, the orchard man; and also Nin-Dada, daughter of Lu-Ninurta, wife of Lu-Inanna - were delivered up to be killed. (60) Case accepted for trial in the Assembly of Nippur."

Ander vorm van hofrekord is die sogenaamde **di.til.la**[166] wat van die Neo-Sumeriese periode afkomstig is. Die **di.til.la** ("case completed") was hofrekords wat volgens Westbrook (ed.) (2003:8,193) amptelike rekords was wat vir die sentrale administrasie opgestel is en dan weggebêre is. Die **di.til.la**-rekords is net gebruik om die getuies van die hof se beslissing in latere hofverrigtinge ten opsigte van dieselfde saak weer te gee (Westbrook (ed.) 2003:196). Die sake het meestal oor siviele aangeleenthede gehandel (Westbrook (ed.) 2003:8). Die **maškim**[167] moes mondelings getuig en indien nodig 'n eed aflê (Westbrook (ed.) 2003:193).

Malul noem dat 'n Ur III-dinastie dokument ontdek is wat skynbaar behoort aan 'n kategorie wat Falkenstein as die **nu.di.til.la** dokumente kategoriseer.[168] Hierdie dokumente het nie enige beslissing of straf of selfs die finale beslissing gehad soos deur die **di.til.la** dokumente gekenmerk word nie. In die **nu.di.til.la** dokumente word die finale besluit aangeteken onderworpe aan 'n eed wat een van die partye bedoel was om te neem en daarom beskou Falkenstein dit as "voorwaardelike beslissings" (Malul 1989:145).

[166] Falkenstein het 'n omvattende bundel van hierdie **di-til-la** gepubliseer. Sien voetnoot *infra*.
[167] Die **maškim** was 'n hofbeampte wat die saak vir die verhoor moes voorberei, die hofverrigtinge notuleer en kon gevra word om as getuie op te tree vir vorige verhore oor dieselfde saak (Westbrook (ed.) 2003:193).
[168] Sien Falkenstein, A. 1956; 1957 *Die neusumerischen Gerichtsurkunden*, I-III, München.

In hierdie Ur III periode-dokument[169] is nie ʼn eed aangeteken nie en daarom blyk dit meer ʼn "protokol" te wees wat die besonderhede van die saak, die klagtes en die vasstelling van ʼn ene Ur-Šulpa se skuld voor die goewerneur weergee. Malul is van mening dat hierdie "protokol" is later gebruik om as ʼn "written indictment" te dien wanneer uitspraak gegee word (Malul 1989:146).

4.8 ANDER BRONNE: NIE-REGSDOKUMENTE

Die grootste gedeelte van die spykerskrifdokumente bestaan uit nie-regsdokumente. Hierdie kan met groot omsigtigheid gebruik word om insig te gee in die regslewe van die antieke Mesopotamiërs. Net ʼn paar van hierdie bronne word hiernaas kortliks vermeld, naamlik: voorskrifte, koninklike inskripsies, leksikale tekste, handel- en administratiewe dokumente, literatuur en briewe.

4.8.1 Voorskrifte

Die koning het voorskrifte uitgevaardig aan persone of klasse van persone wat hulle in die loop van hulle openbare pligte dit moes verrig het en wat administratiewe, godsdienstige en militêre funksies was (Westbrook (ed.) 2003:7).

Hier verdien die term *simdatu* vermelding wat verskillende gebruike in die Oud-Babiloniese tekste gehad het (Ellis 1972:74). In die versamelings soos LH (paragrawe 51 & 81), die Edik van Ammi-saduqa (Ed Am) (paragrawe 4 & 5) en LE (paragraaf 58) word melding gemaak van die *simdat šarrim* (Ellis 1972:78).

Ellis verdeel hierdie *simdat šarrim* onder die generiese term *simdatu* Sy verdeel die *simdatu* onder dit volgende tipes:

a. Spesifieke koninklike uitvaardigings wat insluit rekords van transaksies, wat gegeld het na die uitvaardiging van die koninklike *simdatu* en verwysings na aksies gebaseer op hierdie

[169] Die dokument Bar-Am 366/p wat deur Malul (1989:146-147) vertaal is, lees as volg (nommers is weggelaat om makliker te lees): "To Ur-Šulpa, the governor one plowing ox he had entrusted in his hand. (However,) with the ox he ran away, (and therefore) he ruined that field of 60 I K U. (Afterwards,) that ox fell dead. To Nippur .....reed he should have loaded on that raft, (but) neglected (doing his duty). To Ur [...?] barley he should have loaded on the boat, (but) he neglected (doing his duty). He did not set out on his way. In (his) term of duty [that?] reed [together with the?] barley Lugal-garlagare, the mer[chant], had bought (and) in the hand of Ur-Šulpa'e he had entrusted (them). It was from that very reed that he continually *pinched off*. It was established in front of the governor. In the year when the ship of Enki was caulked.

simdatu-uitvaardiging wat insluit veranderings op vorige verkope en eiendomsverkope, verbeurdverklaring van verkope, ensovoorts

b. Normatiewe liggaam van geskrewe of ongeskrewe voorskrifte: Dit behels die literêre liggaam van voorgeskrewe reëls bekend as *simdatu,* die regverdiging van straftoekenning in kriminele sake en waar daar ʼn verwysing gegee word by hofverrigtinge, die regulering van ekonomiese praktyke soos gevind in LH en Ed Am, afhanklikheid op die *simdat sarrim* in gevalle waar daar gepoog word om verantwoordelikheid vas te stel vir die voldoening van kontraktuele bepalings soos die huur van werkers en ook in ʼn verskeidenheid van gevalle wat in briewe en geseëlde kontrakte kan voorkom (Ellis 972:75).

Voorskrifte is ook by die Middel-Assiriese paleise gevind waar daar gehandel is met die lede van die koninklike harem, insluitende die vrouens, byvroue en eunugs (Westbrook (ed.) 2003:7).

4.8.2 Koninklike inskripsies

Koninklike inskripsies in Mesopotamië vertel ons baie van die bouprojekte en oorlogvoerings ter ere van die gode. Die inskripsies is op verskillende mediums geskryf wat wissel van tablette, prismas, vase, muurpanele, ensovoorts Dit is in Sumeries en Akkadies geskrywe en later gewoonlik in ʼn Babiloniese dialek met ʼn vermenging van ʼn Akkadiese dialek (Frayne:1990:xi). ʼn Voorbeeld van ʼn koninklike inskripsie is een deur koning Lipit Ishtar soos deur Frayne (1990:48) (E4.1.5.1) vertaal en gepubliseer en lees as volg:

> Lipit-Eštar, humble shepherd of Nippur, true farmer of Ur, unceasing (provider) for Eridu, *en* priest fit for Uruk, king of Isin, king of Sumer and Akkad, favourite of the goddess Inanna, king who established justice in the land of Sumer and Akkad.

Nog ʼn inskripsie lees:

> I Lipit-Eštar, humble shepherd of Nippur, true farmer of Ur, unceasing (provider) for Eridu, en priest fit for Uruk, king of Isin, king of the land of Sumer and Akkad, favourite of the goddess Inanna, when I established justice in the land of Sumer and Akkad, I built the 'House of Justice' by the irrigation canal, the pre-eminent place of the gods. (Frayne 1990:54, E4.1.5.4)

Die koninklike inskripsies se bewoording is in ooreenstemming met van die bewoording in die proloë van versamelings soos LH, LL en LU en inskripsies soos Urukagina en Ed Am.

4.8.3 Leksikale tekste

Die skrywers het "woordeboeke" of lyste saamgestel waarin hulle Sumeriese woorde en frases met die Akkadies ekwivalent saamgestel het. Hierdie lyste het oor verskillende onderwerpe gehandel, wat lyste oor flora, fauna, algemene soorte klip, ensovoorts insluit (Westbrook (ed.) 2003:10). Bottéro (1992) en Westbrook (1985) het die leksikale tekste gebruik as 'n voorbeeld van die wetenskaplike styl *par excellence* (Sien Westbrook 1985:252) van die antieke Mesopotamiërs as motivering van hulle siening dat die sogenaamde wetenskaplike verhandelinge in die skrywerskole ontwikkel was.

4.8.4 Handels- en administratiewe dokumente

Vermaak (1991:85–104) het in sy artikel die belangrikheid van administratiewe dokumente in die geskrewe Mesopotamiese geskiedenis uitgelig. Vermaak (1991:870) wys daarop dat daar meestal aanvaar word dat administratiewe dokumente net ekonomiese inligting bevat, maar wat vergeet word, is dat daar nie net ondersoek ingestel moet word na wat in die "hoofstroom" van die samelewing gebeur nie, maar ook na inligting komende van die sogenaamde "grass root level", soos die aanplant en produsering van voedselvoorrade. Hierdie dokumente het sekere kenmerke wat hulle van ander bronne onderskei en waarvan die styl tot besigheidsdoeleindes gerig is – daarom is dit soms moeilik om die inhoud en die betekenis daarvan te verstaan.[170] Dit het ook sekere sleutelwoorde wat gebruik kan word in die vertolking van hierdie dokumente. Wat hierdie dokumente so aanvanklik maak om inligting te bekom, is dat anders as inskripsies wat koninklike propaganda is en waarin dit moeilik is om tussen die ideaal en werklikheid te onderskei, is administratiewe dokumente ekonomiese data en sonder die idealistiese bagasie (Vermaak 1991:87). Vermaak (1991:98) gee toe dat administratiewe dokumente in waarde beperk is, tensy verdere inligting by 'n ander bron bekom kan word. Die waarde van die administratiewe dokumente lê daarin dat dit sistematies op verskillende rigtings en vlakke kan ondersoek kan word (Vermaak 1991:99).

So byvoorbeeld kan die twee Sargoniese verkoopdokumente geneem word wat deur Steinkeller vertaal en gepubliseer is. Steinkeller is van mening dat die dokumente komende die Diyala

[170] 'n Hele aantal skrywers het op die gebied van administratiewe dokumente 'n studie gedoen. Sien in die verband Fish (1938:160-174) wat 'n studie gedoen het van die **dam-qar**, handelaar in die Ur III-dinastie. Stol (1981, 1982, 1983, 1985(a), 1985(b), 1985(c), 1987(a), 1987(b), 1990, 1993) het 'n aantal artikels geskrywe oor spykerskrif-tekste waarin alledaagse antieke handelsprodukte in voorkom. Westbrook (2003(c)) het aan die hand van sekere handelsdokumente die "ontwykende skuldenaar" bespreek.

streek is en die mees interessante aspek van die dokumente is dat die persone betrokke hoofsaaklik vrouens is. In die eerste dokument[171] is die twee verkopers, die ontvanger van die geskenke en die getuies almal vroulik, maar die naam van die koper is weggebreek sodat die geslag onbepaald is. Net die skrywer is ʼn man. In die ander dokument[172] is al die vrouens getuies. Ongelukkig is die toestand van die dokumente te swak ten einde die geslag van die koper en verkoper te bepaal, maar Steinkeller is van mening dat ten minste een ʼn vrou was. Vrouens as verkopers, kopers en getuies in die Sargoniese tydperk was algemeen, maar dit is uitsonderlik dat op die lys van getuies almal vrouens is. Steinkeller is nie ten gunste van die moontlikheid dat daar ʼn regsbepaling was dat wanneer ʼn transaksie deur vrouens gesluit is net vrouens getuienis moet lewer nie. (Steinkeller 1982:366). Steinkeller is van mening dat hierdie uitsondering was te wyte daaraan dat die vrouens aan dieselfde godsdienstige of professionele groep behoort het, soos die *naditu* wat in ʼn *gagum* gewoon het (Steinkeller 1982:367).

Die bestudering van besigheidsdokumente[173] kan moontlik die uitsonderings, sowel as die algemene praktiese uitvoering van die reg in Mesopotamië vir die hedendaagse skrywer ontbloot.

4.8.5 Literatuur

ʼn Magdom geskrewe dokumente is ontdek wat mitologiese verhale, stories en sogenaamde wysheidliteratuur insluit wat insig kan gee op die doen en late en regstradisies van die lede van die Mesopotamiese samelewing. Wat die posisie van versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies betref, kan dit die koninklike propaganda-teorie ontbloot deur middel van die koningslyste of die onlosmaaklikheid van godsdiens deur die mitologiese verhale en die belangrikheid van die konings om aan hul onderdane te bevestig dat hulle goddelike ratifikasie het in die uitvoering van hul pligte en handelinge.

---

[171] Die dokument wat deel is van Tablet 89509 van die Kelsey Museum soos vertaal deur Steinkeller (1982:357), lees as volg: "[D]awir, daughter of Šu-bēlī, are the recipients of the silver. 1 gur of barley, 5 [minas of wool], 5 BA.[AN-containers (of oil)], 1 shekel of silver (-this is the additional payment-) U[mm]ī-Ešta[ar] and Daw[ir] are the recipients (lit. consumers) of the additional payment. 1 BA.[AN}-container (of oil?), 1 mina of wool (for) Tašma[tum], daughter of Šu-Ant[um]. Enn[ī-ilī(?)], daughter of Baz[igi(?)]; Ummī-[...], daughter of Ga-[bu)?)]-[...]; Takrat[u], daughter of Puzur-[...]; Ahī-tā[b], daughter of Zaza; Bibib[i], the female ..., (these are) the female wit[nesses] [of PN (i.e., teh buyer)]. 1 BA.[AN]-container (of oil?), 1 Šag4.GA.DÙ-garment (for) Šu-ilī, the scribe".

[172] Die tweede koopdokument wat deel is van Tablet 89509 van die Kelsey Museum soos vertaal deur Steinkeller (1982:363-364), lees as volg: 25 shekels of silver, 10 gur of bar1 talent of sheep wool, as the price of [1] onager (?), (which is) 1 (year-old), [from PN (i.e., the buyer)] [PN2 (i.e., the seller)] [recieved]. [PN3]; [...]-NIM;[...]-ilī; [D]aguna; Mama; (these are the female witnesses)".

[173] Walker & Kramer 1982:84-85 het ʻn Neo-Babiloniese dokument as volg vertaal: "Bel-iddina, son of Šamaš-iddina, the ..., swore by Bel, Nabu, and by the majesty of Darius, king of Babylon, king of (all) lands: "Not more than one *kurru* of meal belonging to the <king's> estate is at my disposal. On the fifteenth of Du'uzu I shall release [i.e. repay] the meal (at a rate of) one (*kurru*) and five (*qū*) per *kurru* at the king's house." If more meal is found to be to his debit he will repay it to the king's estate (at a rate of) one (*kurru*) and thirty (*qū* per *kurru*)."

Die meeste van die dokumente dra die las van koninklike propaganda of ander idealistiese idees van die samelewing, soos goddelike ratifikasies en godsdienstige temas, en daarom moet die interpretasie van die dokumente as ’n bron van die reg met omsigtigheid hanteer word. So byvoorbeeld het besprekings van die sogenaamde koningslyste rondom die historiese waarde van die teks gehandel (Michalowski 1983:237). Michalowksi haal H. White aan wat verduidelik dat die historikus se doel soms voorgehou word om “stories” uit die verlede te vind, te identifiseer of te ontdek wat vir ons weggebêre is en dat die verskil tussen geskiedenis en fiksie is dat die skrywer van fiksie sy eie stories skep. White noem dat die historikus ook in sy vertolking van dokumente skep en hy noem verder dat:

> The same event can serve a different kind of element of many different historical stories, depending on the role it is assigned in a specific motific characterization of the set to which it belongs (Michalowski 1983:238).

Die skepping van stories deur die vertolking van literêre dokumente kan geleenthede skep om die regstradisies te verstaan of om ’n skewe beeld weer te gee.

4.8.6 Briewe

Westbrook (ed.) (2003:11) is van mening dat openbare en private briewe[174] ’n bron van die regstradisies kan wees in die vorm van ’n beslissing, voorskrif, opdrag of reaksie wat die regte van ’n individu of groep reguleer. Selfs ’n aanklag of versoek/versoekskrif kan op ’n spesifieke regsreël dui. Die handelaars van die Oud-Assiriese periode het baie korrespondensie gevoer wat insig kan gee op die wette en regshandelinge van die gesagsorgane wat hul aktiwiteite beheers het (Westbrook (ed.) 2003:11).

4.9 SAMEVATTING

’n Groot gedeelte van die verskillende Mesopotamiese regstradisies is vir die hedendaagse mens verborge in die prehistoriese verlede. Die samelewings blyk georden te wees en was nie afhanklik, soos ons vandag aan ’n geskrewe regskultuur nie. Daar kan gevra word hoe ver die geskrewe medium se invloed op die reg ontwikkel het en of dit enigsins soveel waarde gehad het

[174] ’n Voorbeeld van ’n privaat brief is een gedateer uit die Laat Babiloniese tydperk. MMA 79.7.39 uit die spykerskrif tekste van die Metropolitaanse Museum van Kuns, I - vertaal deur Stol (1988:90) wat as volg lees: “[May the god....] keep you in good health; [be w]ell! I have dispatched [to] you [Šî]n-išmeanni, the state farmer. Measure out for Šîn-išmeanni, the state farmer, 500 *sìla* of barley according to the bán measure of Marduk; the barley is to be taken from the barley of the temple of Inanna, [for which] I have regularly contracted and to which I attached my sealed tags”.

soos ons vandag aan die skrif heg. Dit is hier waar die vraag gevra word wat die posisie van die versamelings en inskripsies as ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies is.

Die kennis wat ons vandag van hierdie regstradisies het, is afhanklik van die geskrewe dokumente wat ongesistematiseer en “verskuil” in ’n magdom van spykerskrif-tablette is. Ons moet afleidings maak van ’n groot aantal verskeidenheid nie-regsdokumente en regsdokumente.

Hierdie geskrewe dokumente van die Mesopotamiese regstradisies bied ’n wye verskeidenheid van bronne vir die hedendaagse geleerde en dit is wenslik om die bronne in hul geheel te bestudeer, eerder as om antwoorde te soek in die bestudering van net een of twee bronne. In die verloop van die geskiedenis van Mesopotamië is daar verder sekere bronne wat op sekere tye meer prominent, toeganklik of in oorvloed is as ander tye. In so ’n geval moet die hedendaagse geleerde met omsigtigheid omgaan, aangesien ’n geïsoleerde bron wat in oorvloed is, op sy eie, interpretasieprobleme kan hê.

DEEL II

HOOFSTUK 5

VERSKILLENDE TEORIEË RONDOM DIE INTERPRETASIE VAN DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES AS ’N GESAGHEBBENDE BRON IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

> “I now confess that I do not “know” what the law collections (or “codes”) meant for the ancient scribes, for the judicial authorities, and for the contemporary and mostly illiterate populations; nor do I any longer think that there is a single “answer” that we ever will “know””.
> *(Roth 1995:13)*

In hierdie hoofstuk word in 'n omvattende literatuurstudie die standpunte van geleerdes ten opsigte van die verskillende teorieë in die interpretasie van die inskripsies en versamelings in antieke Mesopotamiese regstradisies bespreek. Sekere versamelings en inskripsies sal in breë trekke met mekaar vergelyk word om die *ratio* van die standpunte van die verskillende teorieë te verduidelik.

5.1 INLEIDING

Daar is met die ontdekking van die fragmente van die versamelings en inskripsies die afgelope eeu baie teorieë en bespiegelinge oor wat die posisie van die antieke Mesopotamiese versamelings en inskripsies is en hoe dit bestudeer moet word.

Die verskillende standpunte van die teorieë ten opsigte van die plek van die inskripsies en versamelings in die Mesopotamiese regstradisies sal uiteengesit word. Die meeste geleerdes onder bespreking reflekteer die hedendaagse sieninge. Vanweë die omvang van die studie wat toegelaat word, word die ouer geleerdes, soos Koschaker, Kraus, Klima ensovoorts nie bespreek nie. Die kritiek van hedendaagse geleerdes soos Westbrook, Bottéro en Roth op die volume werke van hierdie ouer geleerdes sal behandel word, en daar sal veral gelet word op die nuwe teorieë en metodologieë wat hulle voorstel en waarvan sommige hedendaagse geleerdes soos Westbrook en Bottéro op die “ouer” teorieë voortgebou het.

5.2 GESKIEDKUNDIGE VERLOOP VAN ONTWIKKELING VAN TEORIEË

In die begin van die vorige eeu was die meerderheid skrywers soos Hertz (1928: 207-221)[175] en Dembitz (1907: 109-126) van mening dat die versamelings *codices* in die hedendaagse sin van die woord is.[176]

Skrywers, soos Dembitz (1907: 109-126) en David (1939: 73-98) het vergelykings[177] tussen die Mesopotamiese versamelings en die Bybelse wetkodes[178] getref. David het aangetoon dat in die begin daar twee teorieë was. Volgens die een teorie was die Mesopotamiese regstradisies en dié van die Bybel van een regstelsel afkomstig (David 1939:74, Greengus 1991:150).[179] Die tweede teorie nog verder en noem dat LH die grondslag van die Bybelse wetgewing gelê het (David 1939:75).[180] Greengus (1991) maak melding van Paul wat genoem het dat daar ʼn groter bewuswording van spykerskrif oor die hele Ou Nabye Ooste heen was en dat die spykerskrif-regstradisies ʼn groot rol in die vroeë stadiums van Israelitiese regstradisies gespeel het.

---

[175] Hertz (1928:209) het die Mesopotamiese en ander versamelings soos die Hittitiese Versameling met die "antieke Semitiese kodes" wat die twee Bybelse wetkodes[175] bevat, vergelyk en waarvan Hertz die Bybelse wetkodes as ʼn kodifikasie van Babiloniese reg gesien het.

[176] Clay (1914:1-3) het die versamelings as kodifikasies van die Mesopotamiese reg gesien en vergelyking tussen LH en die sg. Sumeriese wette t.o.v. sekere bepalings gemaak. Sien Sayce (1904) wat LH ook as ʻn kode beskou.

[177] Daar is omvattende literatuurstudies t.o.v. hierdie vergelykings gedoen. ʼn Voorbeeld hiervan is Lehman (1953:15-18), waarin Lehman (1953:18) tot die gevolgtrekking kom dat Genesis 23 van die Bybel het ʼn intieme kennis van die Hittitiese Versameling en gebruike gehad. Fensham (1959:160-161) het ʻn vergelykende studie tussen Exodus 21:6 & 22:7 teenoor LE se paragrawe 36-37 gedoen en gewys op ʻn ooreenkoms tussen die twee geskrifte. Mendelsohn (1954:116-119) wat die onterwing van Jefta in Rigters 11 van die Bybel vergelyk het met paragraaf 27 van LL en die Sumeriese "Wette" om insig op Rigters 11:1-2 te gee. Yaron (1959:155-176) het ʻn studie van verskeie versamelings en Bybel tekste rondom die onderwerp van die vrylating van persone in die ONO gemaak.

[178] Die regstradisies van Israel se belangrikste bronne is dié wat soms na verwys word as kodes en wat gereeld met die Mesopotamiese versamelings vergelyk word (Avalos 1995: 615). Die kodes is as volg: 1. die Verbondkode, wat in die Engelse taal as die *Covenant Code* bekend is en wat in Exodus 20:22-23:33 gevind word. Dit word geag die oudste stel regsreëls in die Bybel te wees. Hierdie versameling van reëls behandel onder andere: ʼn verskeidenheid van altare wat toegelaat word en besprekinge oor slawerny, halsmisdade en diefstal van vee. 2. Nog ʼn kode word in Deuteronomium 12-16 gevind wat soortelyke onderwerpe as die Verbondkode behandel en word gewoonlik in die Engelse taal as die *Book of Law* verwys. 3. Die Priester Kode is ʼn versameling van tekste, insluitende sekere tekste in Levitikus. Dit fokus op die organisasie en prosedure van die kultiese godsdiens. Die finale weergawe van die Priester Kode kom uit die na-balingskap periode (na 540 v.C.) 4. Die sogenaamde *Holiness Code* word in Levitikus 17-26 gevind en is ʼn kleiner versameling (Avalos 1995:616).

[179] Greengus (1991:150) verwys na D H Müller wat van mening was dat die Mesopotamiese- en Bybelse regstradisies komend van ʼn ouer liggaam van *Urgesetze* is, wat oorblyfsels in beide van die regstelsels gelaat het.

[180] David het ʼn nuwer standpunt vir sy tyd ingeneem deur in ʼn vergelykende studie van sekere aspekte van die kultuurlewe en regstradisies van Israel en Babilonië tot die gevolgtrekking te kom dat: "Dergelijke parallellen zijn niet in staat, de stelling te doen wankelen, dat het Oud-Israëlietische recht, dat Exodus hoofdst. 21 v.v. bevat eenerzijds en de Codex Hammoerabi anderzidjs onafhankelijk van elkaar zijn. Het noch mogelick, het eene recht tot het andere terug te brengen, noch kan op eenigerlei wijze bewezen worden, dat beide rechtsstelsels op een gemeenschappelijk oerrecht zijn gebaseerd" (David 1939:98).

Hedendaagse skrywers soos Paul,[181] Westbrook (1989:210) en Otto[182] is nog geneig om vergelykings tussen die versamelings en Bybelse wetkodes te tref.[183] In algemene indeling van besprekings soos slawe, vroue en die samelewing het die skrywers gereeld die hedendaagse reg se indeling gebruik soos "familiereg", "kriminele reg" ensovoorts (Vgl. Versteeg (2000)).[184] Westbrook (1988:1-8) het met sy gemene regstradisie genoem dat die Israelitiese regstradisies net deel van ʼn groter regstradisie is en dat hierdie regstradisie deur die skrywerskool in stand gehou is tot so ʼn mate dat die Mesopotamiese versamelings niks anders as literêre verhandelinge was wat orals in die Ou Nabye Ooste bestudeer was nie.

Greengus (1991:151) het gepoog om ʼn *Mishnaic*-verbintenis tussen die Mesopotamiese en vroeë Rabbiniese kodes, die *Msihna* en die *Tosefta*, te vind. Klíma (1950) het die *patronus* se rol in die samelewing aan die hand van die sekere versamelings bespreek en met die versamelings as ʼn gesaghebbende bron, die patronus-instelling as die "oudste normatiewe regulering" deur die versamelings, beskou.

Onlangs het Heger die klem geplaas nie op die ooreenkomste tussen die Bybelse wetkodes en Mesopotamiese versamelings nie, maar eerder op die verskille.[185] Heger (2005:324-342) aanvaar in sy artikel dat die Mesopotamiese versamelings ʼn gesaghebbende bron in die vorm van positiewe reg[186] is, nieteenstaande skrywers soos Westbrook, Patrick en Otto wat hy as bronne gebruik wat duidelik aantoon dat daar nog heelwat onsekerheid is. Sassoon noem nie in sy boek

---

[181] Paul (1990:333-350) het ʼn vergelyking tussen die "Bybelse wetkodes en die Middel Assiriese versamelings gemaak het ten opsigte spesifieke paragrawe. Paul (1990:334) het Moshe Weinfeld se woorde aanhaal t.o.v. die verhouding tussen Middel-Assiriese Versameling en Deuteronomium, wat as volg lees: "Some of these humanistic laws have their parallels in the ancient Near Eastern Codes but without the special overtones found in Deuteronomy. Especially salient in this respect are the affinities to the Assyrian Laws, a fact which may not be without significance for the background of the composition of Deuteronomy…Unlike other Biblical codes, Deuteronomy preserved a series of family laws similar to those in Middle-Assyrian laws".

[182] Otto (1993:3-22) het in die studie t.o.v. regsaspekte rakende die Israelitiese vrou na verskeie van die Mesopotamiese versamelings gelet en ʻn vergelykende studie gemaak tussen die versamelings, verskillende spykerskrif-tekste en die Bybelse tekste.

[183] Van Selms (1950) het ʻn vergelykende studie t.o.v. opsigte van die os wat deurboor in die Mesopotamiese versamelings teenoor die Bybelse wetkodes gedoen. Van Selms het in die vergelykende studie (alleenlik) tussen die Mesopotamiese versamelings en die Bybelse wetkodes tot die slotsom gekom dat die os wat deurboor kom nie van die "Babiloniese bronne" nie en dat die Hebreeuse reg op sy eie ontwikkel het. Sien Yaron (1966) wat ook ʻn vergelykende studie van die deurborende os in die verskillende versamelings en Bybelse wetkodes gedoen het, waar Yaron gefokus het op die skade wat deur diere aangerig was en die regsaangeleenthede wat daaruit voortspruit. Sien ook Rosen (1977) waar sekere paragrawe van LE en LH met mekaar vergelyk word.

[184] Renger (1977:65-75) het die "kriminele" en "siviele" reg van die Oud-Babiloniese periode aan die hand van verskillende versamelings bespreek, maar nogtans gewys op die gevaar om so ʼn hedendaagse indeling te gebruik.

[185] Heger beskou die bron van die onderskeie Bybelse wetkodes en Mesopotamiese versamelings as die vertrekpunt om die verskille tussen die twee "regsisteme" aan te toon. Die bron van die Bybelse wetkodes is van goddelike aard, terwyl by die Mesopotamiese versamelings is bron die koning (Heger 2005: 324).

[186] Sien hoofstuk 6, onder die opskrif Westbrook se gemene tradisie waar in ʼn voetnoot die hedendaagse konsep: positiewe reg uiteengesit word.

Ancient Laws and Modern Problems die verskillende teorieë wat vandag nog staande is nie. Westbrook het nieteenstaande waardevolle navorsingwerk op die teorieë in ʼn lywige boek van twee volumes waarvan hy die hoofredakteur is, *Ancient Near Eastern Law*, nie die verskillende teorieë uiteengesit of sy eie teorie aan die lesers bekend gestel nie.

5.3 TEORIEË VAN POSISIE VAN INSKRIPSIES IN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

5.3.1 Inleiding

Die koninklike inskripsies[187] waarin skulde vrygestel is, vryhede aan burgers toegesê is en die burgers van stede van diensverpligtinge vrygestel is, kom veral voor in die Oud-Babiloniese tydperk (Renger 2002:138). Dit was nie weer op so ʼn "groot skaal" uitgevaardig voor of na hierdie tydperk nie. Die rede daarvoor is volgens Renger dat die nuwe koninklike manier van doen in hierdie tydperk ingevoer was. In die laat vierde en die hele derde millennium v.C. het die tempel en paleis die deurslaggewende rol in die samelewing gespeel.

Renger is van mening dat ʼn *oikos*-ekonomie ontstaan het wat twee groot kenmerke gehad het. Die eerste kenmerk was die patrimoniale huishouding, die *oikos* van die heerser wat "identical in institutional as well as in territorial or spatial terms with the state" was. ʼn Tweede kenmerk is dat hierdie huishouding alles geproduseer het wat die land se burgers nodig sou hê, behalwe vir ʼn paar luukse goedere wat hulle deur handeldryf verkry het. Daar is aan die hele land se behoeftes voldoen deur ʼn "redistribusie sisteem", waarin hulle maandelikse of daaglikse rantsoene verkry het om te voorsien aan hulle behoeftes en dieet ten einde te sorg dat die mense in die land fisies in staat sou wees om die land deur hul arbeid te onderhou (Renger 2002:139).

Renger is van mening dat die inskripsies van Enmentana, Urukagina, Gudea en Ur-Nammu kan die beste onder hierdie *oikos*-sisteem van die derde millennium v.C. verduidelik word (Renger 2002:144).

Die twee vernaamste teorieë van die posisie van die koninklike inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies sal kortliks uiteengesit word.

[187] Sien deel 1, hoofstuk 4 waarin enkele inskripsies se oorsprong en aard kortliks uiteengesit word.

5.3.2 Koninklike proklamasies van vryheid

Weinfeld (1995:77) is van mening dat vrylatings en teruggawes vanaf die middel van die derde millennium tot die einde van die eerste millennium v.C. deel van Mesopotamië was, nieteenstaande die feit dat die samelewing baie veranderings oor ‘n lang tydperk ondergaan het.

Hierdie koninklike proklamasies van vryheid het egter verskillende vorme aangeneem (Weinfeld 1995:77). Somtyds behels dit die vryskelding van skulde en heffings van die verlede (*mīšarum*), soms die vryskelding van belasting en heffings in die toekoms (*kidinnūtu*), waar tempel eiendom, soms private eiendomme (*zakûtu*) en soms individue geraak word (Weinfeld 1995:77). Deurentyd is dit die koning wat wys dat hy sy mense beskerm en hul las probeer verlig of om mense te vergoed wat hom gunstig is (Weinfeld 1995:77).

Westbrook (1995:159) beskou die kwytskelding van skulde as ’n antieke gebruik wat deel vorm van die godsdienstige plig van die konings. In die eerste millennium v.C. het hierdie konsep verder ontwikkel waar die inwoners van heilige stede vrygelaat word en dat dit die gode Anu en Enlil of Anu en Dagan is wat in hulle raadgewing besluit het op die vryheid van hierdie inwoners, sodat hulle die gode kan dien (Weinfeld 1995:80-81).

In byvoorbeeld die inskripsie van koning Manishtusha van die Oud Akkadiese Periode word die vrylating van slawe gevind om dwangarbeid te doen, sodat hulle nou die gode alleen moet dien. (Weinfeld 1995:79) So byvoorbeeld het koning Manishtusha verklaar:

> He (the god) opened for me the path of *mīšarum* ..... 38 cities were liberated for Shamash (*ana Šamaš lū uššur*), indeed I sought no forced labor (*ilku*) from them, I drafted them not into military service. They shall serve in the Ebabar (Shamash) temple alone.

In een van die gedigte word genoem waar die gode dwangarbeid teenoor die swakkere gode afgedwing het, hoe hierdie gode in opstand gekom het en dat die mensdom geskep is as oplossing vir die probleem om in plek van die swakkere gode dwangarbeid vir die gode te verrig. Die instelling van dwangarbeid onder die mense was ’n gehate, maar verpligte instelling en meer as een koning het probeer om guns te wen deur dwangarbeid te verminder of te wysig. Tot in die eerste millennium v.C. is daar in literêre tekste na dwangarbeid as voorbeelde van tirannie verwys (Foster 1995:171).

Weinfeld (1995:81) toon aan dat die mense vir Enlil, Šamaš en Marduk moes werk om die tempels van die gode te bou. Die Mesopotamiese siening was dat die gode kwaad word indien sy dienaars in slawerny geneem word en as straf die land sal vernietig. Weinfeld onderskryf sy siening met die aanhaling van koning Urukagina se inskripsie wat as volg afsluit:

> He freed the sons of Lagas, who were imprisoned because of debts, taxes, theft and murder. Uru'inimgina established a covenant with the god Ningursu, not to hand the widow and orphan over to the powerful.

Weinfeld (1995:75) beskou die inskripsies as sosiale edikte, wat nie universeel dieselfde is nie. Die ekonomiese dokumente verwys na die inskripsies as "hervorming" en dit gee vir ons 'n sekere realiteit of eerder soos Weinfeld (1995:78) dit stel, om *prima facie* vir ons te wys wat dit kon beteken.

Daar moet nie uit die oog verloor word nie dat koninklike inskripsies se bestaansrede was om die koning te prys en dat daar aanvaar kan word dat daar 'n mate van oordrywing sal wees om die koning se gunstigheid teenoor sy onderdane te beklemtoon. Weinfeld (1995:78) is van mening dat die feite wat in hierdie inskripsies weergegee word, nie sonder meer verwerp moet word nie, want die gebeurtenis wat sentraal staan tot die dokumente kan as histories beskou word.[188] In byvoorbeeld die leen en verkoop dokumente is daar aangetoon dat 'n *mīšarum* nie die transaksie sal beïnvloed nie, en dit wys daarop dat die *mīšarum*-inskripsie "empiries-realisties van aard" was (Weinfeld 1995:78).

Zaccagnini (1994:274) dui aan dat in die Inskripsies van Enmetena, Gudea van Lagaš, Urukagina en in die proloog van LU en LH aangetoon word dat die koning vir die randfigure van die gemeenskap, naamlik die armes, weduwees en wees optree en dat hy vryheid aan die inwoners verskaf. In die self-oplegging van hierdie sorg is die konings gesteld daarop dat standaard mates en gelyke pryse heringestel word (Zaccagnini 1994:276). Zaccagnini is van mening dat die pryse vir basiese kommoditeite soos gars, wol en olie eintlik 'n manier was om te spog met die land se voorspoed gedurende die koning se regeringskap (Zaccagnini 1994: 277-278).

In teenstelling met Weinfeld noem Zaccagnini dat hierdie pryse "totaal utopies" is teenoor die kontemporêre kommersiële transaksies wat gevind is. Dit alles het die doel voor oë om as

[188] Weinfeld (1995:78) onderstreep hierdie stelling met: "Even when they contain stereotyped formulae, which exaggerate the degree to which "justice and righteousness" were established, the basic reality that lies behind these documents is of historical value, and we have no right to consider it fictitious".

koninklike propaganda te dien (Zaccagnini 1994:278). Die vermelding van die armes, weduwees en wees kan daarop dui dat in die omstandighede waarin die Mesopotamiërs gewoon het, oorlewing moeilik was as gevolg van oorlogvoering en klimaatsomstandighede en dat hierdie mense in getalle meer kon gewees het (Zaccagnini 1994: 278). Die benaming van die koning as skaapherder dui daarop dat die koning net tydelike maatreëls of remedies probeer tref het om die gemoedere te bewaar en dit niks anders as koninklike propaganda was nie (Zaccagnini 1994: 280).

Dit is nog ʼn ope vraag of in inskripsies waar dit blyk dat die koning sy onderdane onthef van verpligtinge ten opsigte van dwangarbeid of skuld onthef, dit net koninklike propaganda of tot ʼn mate ʼn weergawe van historiese gebeurtenisse was.

5.3.3 Die koning se sosiale program - herinstel van vorige orde

Foster (1995:66) verwys na die sosiale program van die koning wat drie aspekte behels het, naamlik: a) om stabiliteit en voorspoed vir die welstand van die bevolking te bewerkstellig, b) die vermindering van die regering se heffings op goedere en dienste om sodoende na die welstand van die mense om te sien sonder (sover as weet), om te let na klas ten opsigte van die paleis administrasie en ekonomie, en c) die bemoeienis met die welstand van eerlike burgers sonder om klas in ag te neem. Die maatreëls wat die koning in werking stel is vaag, behalwe in spesifieke gevalle (Foster 1995:166).

Foster (1995:166) is van mening dat hierdie sosiale program in die lig van ʼn geskiedkundige agtergrond gesien word waar die burgers van ʼn stadstaat omring was met ander vyandige stadstate en faktore soos waterleiding en -beheer ʼn groot rol in die oorlewing van die mense van daardie tyd gespeel het. “Security and prosperity in this period were more often sought that achieved” (Foster 1995:167). Om die rede het die koning probeer om homself as ʼn skaapherder voor te stel wat verantwoordelik was om na sy kudde om te sien en hulle te beskerm teen gevare (Foster 1995:167).

Foster (1995:168) betoog verder dat die inskripsies nie soseer hervormings was nie, maar eerder ʼn herstel van ʼn vorige toedrag van sake. Dit blyk dat die samelewing ʼn behoefte gehad het aan ʼn “tydperk verandering” net sodat die gewraakte praktyke weer van vooraf kan begin.

In teenstelling met die hedendaagse siening dat hervorming ŉ "liniêre revolusie" is waar die gemeenskap by die behoefte en veranderde tye aanpas, was die Babiloniese siening eerder ŉ "terugkering na die verlede se norme" (Foster 1995:168).

Foster (1995:171) fokus op die Atrahasis mite om sy standpunte verder te kwalifiseer en noem dat die mensdom as ŉ moeilikheidmaker uitgebeeld word. Die ontwerp deur die gode is dat dit die mense se lot is om onregverdig behandel en uitgebuit te word. Daar is volgens Foster geen woord vir geregtigheid of voorspoed vir die mensdom nie en dit word aan die koning oorgelaat om geregtigheid en voorspoed te verseker.

Net die dood was volgens die mite die finale sosiale hervorming, waar miskrame, onvrugbaarheid en kinderloosheid die oorbevolking en hul geraas kon verminder (Foster 1995:171).[189] Sosiale hervorming is ŉ vorm van tirannie, waar die bevolking konstant gehou word deur ŉ toelaatbare uitbuiting. Foster (1995: 172) som op deur te noem dat net soos die Atrahasis mite moet die bevolking in ŉ ekonomiese balans geplaas word en dit sal wetend of onwetend nuwe geleenthede vir uitbuiting daar stel. So word 'n "a phoenix of the dying golden goose" gemaak (Foster 1995: 172).

Westbrook (1995(b):155) is van mening dat die doel van die inskripsie was om wanbalanse te herstel en terug te keer na die *status quo* waar ŉ sekere onregverdige handeling dit tydelik versteur het.

Verder glo Westbrook (1995(b):160) dat die Oud-Babiloniese inskripsies se enigste ontstaansrede was om godsdienstig te wees en die god van geregtigheid se guns te wen.

Dit was die koning se verantwoordelikheid om seker te maak dat die meganismes in die samelewing effektief funksioneer (Westbrook (1995(b):161). By die kwytskelding van skulde sal die verloop van sake wees, waar ŉ lid van die gemeenskap ooreenkomstig sy voorafgegewe

---

[189] "Enki made his voice heard
And spoke to the womb-goddess Nintu,
You are the womb-goddess who decrees destinies to the people
……
'In addition let there be one-third of the people,
Among the people the woman who gives birth yet does
Not give birth (successfully);
Let there be the *pašittu*-demon among the people,
To snatch the baby from its mother's lap.
Established *ugbabtu*, *entu*, *egisītu*-women:
They shall be taboo, and thus control childbirth.'" Vertaal deur Dalley (1989:34-35).

sosio-ekonomiese posisie deur ’n sekere handeling misbruik word en dat ‘n versoek tot die koning gemaak sal word om die administratiewe handeling te kanselleer en indien nodig, die oortreder te straf. In die geval van die misbruik van ekonomiese mag lê die reg om die skuld te delg by die skuldenaar of die skuldenaar se familie. Sou die reg nie uitgeoefen word nie, kan die skuldslawe op die moontlikheid van vrylating sonder betaling na ’n tydperk hoop. Laastens kan die koning tussenbeide tree om die skuld te kanselleer. Die Mesopotamiese konings het in die inskripsies gespog dat hulle hierdie mandaat vervul het (Westbrook 1995(b):161).

Verder verwys Westbrook (ed.)(2003:17) na die instruksies as "demonstratiewe wetgewende bronne". Westbrook (1995(a):1631) is van mening dat die inskripsies afkondigings van die kansellering van uitstaande skulde en verwante transaksies is. Westbrook beskou die inskripsies as werklike voorbeelde van wetgewing in die eng sin (Westbrook 1995(a):1631).

Westbrook beskou die Inskripsie van Urukagina as die beste voorbeeld van wetgewing wat ons vandag ken, want dit is direk deur die oppergesag van die land uitgevaardig en deur die howe toegepas. Dit stel norme daar wat optredes in die toekoms beheer (Westbrook (ed.)2003:16).

Westbrook (ed.)(2003:14-15) is van mening dat:

> The ancient Near Eastern orders are ad hoc commands, mostly concerning the rights of individuals, or temporary expedients to meet an immediate problem. As the scope of the orders widens to the level of universal decrees, so their number diminishes precipitously...

5.3.4 Samevatting

Die twee hoof teorieë van die posisie van die inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies blyk te wees, dat die inskripsies: koninklike proklamasies of die herstel tot die vorige orde kan wees. Hierdie inskripsies kom die meeste in die Oud-Babiloniese tydperk voor toe die *oikos*-ekonomie, soos Renger verduidelik, die dryfveer vir die behoud van die samelewing was. Dit was dus meer as ooit belangrik dat die koning as die skaapherder en verteenwoordiger van die gode die *mišarum* en *andurārum* moes volhou en die harmonie in die land moet herbevestig.

Daar moet na elke inskripsies op sy eie gelet word om te bepaal of die teorieë en Renger se siening haalbaar op elke geval is. So byvoorbeeld by die inskripsies van koning Urukagina en Enmentana kan moontlik altwee teorieë van toepassing wees.[190]

5.4 HUIDIGE TEORIEË VAN DIE POSISIE VAN DIE VERSAMELINGS IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

5.4.1 Inleiding

Die vraag is wat hierdie versamelings se praktiese waarde was en was dit ooit as wette geag gewees?[191] Sommige geleerdes noem dat daar geen voorbeeld van ʼn regsbesluit tot op hede gevind is wat geneem was, waar ʼn gedeelte van ʼn versameling as ʼn bron aangehaal was nie (Boecker 1980:55).

Roth (1995:1) is van mening dat sekere versamelings meer aandag as ander geniet. Sy stel dit dat LH vir ons beter insig gee tot die regstradisies en regspraktyke van die Ou Nabye Ooste en is een van die baie bronne wat ons gebruik, wat insluit soos administratiewe dokumente, hofsake, kontrakte en ander dokumente wat in die alledaagse gebruik was. 'n Monument soos LH het 'n wydverspreide en langdurig impak gehad en 'n sterk politieke boodskap deur al die eeue uitgestuur, nie net vir die geleerdes van die hedendaagse wêreld in hul interpretasies tot die Mesopotamiese en ander antieke regstradisies nie, maar ook vir die antieke Mesopotamiërs (Roth 1995:19,21-24).

Dit meerderheid skrywers gebruik LH as wegspringplek vir hul vergelykings tussen die versamelings. Enkele ander skrywers wat bekend is vir hul spesialisering in ander versamelings, gebruik die versamelings waarmee hulle bekend is, soos Stephens (1955) met die Inskripsie van Urukagina, Steele (1948, 1950) met die Versameling van Lipit Ishtar en Goetze (1948a) en Yaron (1962, 1963, 1980) met die Versameling van Ešnunna.

Die verskillende benaderings en hulle variasies deur geleerdes, naamlik positiewe reg, skrywerskole en propaganda word hiernaas kortliks bespreek.

---

[190] Sien verdere bespreking in deel 2, hoofstuk 8.

[191] In die verband kan Bottéro (1992:156) aangehaal word: "If the real goal of history is to rediscover the past, not as *we* see it, but as closely as possible to the way it was seen, lived, and understood by those who were present at the time, then it is a healthy exercise to question our own understanding of what we have excavated from the ancient soil".

5.4.2 Positiewe reg

5.4.2.1 Standpunte ten gunste van die teorie van positiewe reg/presedenteleer

Die proponente van hierdie teorie beskou die versamelings as kodifikasies tot bestaande regspraktyke en gewoonteregtelike reëls, wat vir die howe en die regsadministrasie 'n presedent daarstel (Roth 1997:4).[192]

Koning Hammurabi noem in die proloog dat die gode Anu en Enlil hom opgeroep het om na die welstand van die mense om te sien en om soos die son-god Šamaš, die god van geregtigheid oor die hele land te skyn. Hammurabi noem verder dat hy as skaapherder na die mense van die land moet omsien. Ter afsluiting van die proloog noem Hammurabi dat:

> I established truth and justice as the declaration of the land, I enhanced the well-being of the people.[193]

Die woorde waarheid en geregtigheid is die woorde "*kittam u mīšaram*". In die epiloog verwys koning Hammurabi in die begin:

> These are the just decisions (*dīnat mīšarim*) which Hammurabi, the able king, has established and thereby has directed the land along the course of truth and the correct way of life.[194]

Die aangehaalde paragrawe uit LH word gereeld deur die verskillende voorstanders van die positiewe reg gebruik om hulle standpunte te ondersteun.

5.4.2.1.1 Enkele skrywers se opmerkings ter ondersteuning van die teorie

Boecker (1980:55) beskou die versamelings as "gekodifiseerde voorskrifte" en "riglyne".

Clay (1914:1), wat een van die geleerdes van die vorige eeu was en die *ratio* vir die bestaan van die versamelings probeer vind het, was van mening dat dit vir hom duidelik is dat LH voor die Sumeriese versamelings bestaan het en dat dit natuurlik is om af te lei dat koning Hammurabi sy "wette" op bestaande versamelings gebaseer het, omdat hulle baie met LH in gemeen het. Die onderwerpe is vir Clay 'n aanduiding dat dit die rede was waarom LH op vorige bestaande

[192] Die siening word onderstreep met: "…a lack of comprehensiveness does not, in itself, detract from the legal import or applicability or a set of laws" (Roth 1997:4).
[193] Vertaling Roth (1997: 81).
[194] Vertaling deur Roth (1997:133).

versamelings gebaseer was. Hierdie onderwerpe sluit in die besering van 'n swanger vrou, die huur van bote en vee, en veral die bepaling dat 'n leeu 'n verhuurde os doodmaak (Clay 1914:1).

Epsztein (1986:9) is van mening dat alhoewel LH nie 'n *codex* in die hedendaagse sin van die woord is nie, dit 'n reeks edikte was wat Hammurabi óf self afgekondig het óf deur tradisie óf van sy voorgangers oorgeneem het.

5.4.2.1.2 Diamond se standpunte

Diamond (1935:22) is van mening dat in LH ontvang koning Hammurabi die wette van die songod en god van geregtigheid, die god Šamaš. Die doel was om in die Semitiese amptelike taal van die land, een liggaam van wette wat op die hele ryk van toepassing is, daar te stel. Koning Hammurabi het vroeër wetgewing komende van Sumeriese stadstate en Semitiese bron se inhoud aangeneem (Diamond 1935:23). Diamond (1935:22) gaan so ver deur te argumenteer dat koning Hammurabi se grootheid daarin lê dat terwyl hy die tradisies voortgesit het, hy ʼn nuwe begin in die regsgeskiedenis van die Ou Nabye Ooste gemaak het. Dit het hy vermag deur ʼn eenheid van wetgewende fragmente oor tydperke en plekke te skep uit twee en meer sisteme wat aan die behoeftes van twee rasse wat grotendeels die bevolking van sy ryk uitgemaak het.

Diamond (1935:27) is van mening dat die versameling nie 'n kodifikasie van die reg is nie, maar gefragmenteerde "wette" van 'n statutêre liggaam. Die rede is dat die versameling duidelik nie poog om die hele regstelsel te dek nie en net met 'n paar onderwerpe wat vanweë hulle onderwerpe saam gegroepeer is handel (Diamond 1935:27). [195]

Vanweë die substantiewe inhoud en onderwerpe gee die versameling 'n "... delusive appearance of constituting a system of law" (Diamond 1935:27).

Diamond (1935:28) is van mening dat LH se praktiese funksie is om 'n versameling daar te stel met oplossing van probleme wat in die toekoms nodig sal wees vir regters om oor te beslis. Gedeeltelik kom hierdie oplossings vanaf ander versamelings, maar daar is ook nuwe veranderinge en skeppinge (Diamond 1935:28).

[195] "From such earlier collections, Hammurabi has picked clauses that seemed good, and where necessary, has amended them, and added others" (Diamond 1935:27).

Diamond (1935:28) beskou LH egter nie as wetgewing van die land in die **geheel** of as die besluite van regters nie. Daar is eerder 'n noue verhouding tussen die bepalings en huidige litigasie en is in effek instruksies vir die regters (Diamond 1935:28). Hy beskou van die bepalings as 'n besluit wat nog in die toekoms geneem moet word en noem dit is die rede waarom LH nie 'n sanksie voorskryf vir moord en gewone diefstal nie (Diamond 1935:28). Dit is nie "hard-and-fast rules" nie, maar reëls wat oor die algemeen goed is om te volg, tensy daar 'n rede is waarom dit nie nagevolg moet word nie (Diamond 1935:32).

5.4.2.1.3 Driver & Miles se standpunte

Driver[196] & Miles[197] (1956:41-45) beskou die versamelings as "ordinances, prescriptions, collection of decisions on isolated matters and guidelines". Hulle (1956:5) is van mening dat in baie van die instruksies en versamelings die koning bekend maak hoe hy die wette van vorige tye daargestel het, óf die koning van geregtigheid is en wette maak. Hierdie beskou Driver & Miles (1956:5-6) as algemene standpunte en dit dui nie op die afkondiging van wette nie; daarom het die heersers van die verskillende stadstate die behoefte gehad om regverdige wette daar te stel óf hulle eie wette óf die van hulle voorgangers te publiseer.

Driver & Miles (1956:41) noem dat die versamelings nie as 'n *codex*[198] of *digesta*[199] gesien moet word nie, maar as 'n reeks veranderinge tot die Babiloniese *common law*[200] of gewoontereg. In

---

[196] Prof. G R Driver was 'n professor in Semitiese Taalkunde.
[197] Dr J C Miles het 'n MA en BCL en was 'n toegelate advokaat tot die balie.
[198] Sien hoofstuk 2 waarin die geskiedkundige ontwikkeling van die *codex* kortliks bespreek word.
[199] Die *Digesta* is komende van die Romeinse Reg. Justinianus wou die *ius* kodifiseer en het 'n kommissie in 530 n.C. opdrag gegee om al geskrifte van sekere ou juriste bymekaar te maak en dit te orden in een werk genoem die *Digesta* of *Pandectae* (Van Zyl 1977: 59-60). Teenstrydighede en herhalinge van die verskillende geskrifte moes weggelaat word en met die reg van daardie tydperk in ooreenstemming gebring word (Van Zyl 1977:59). Die verskillende werke van sekere geleerdes is saam onder een titel wat handel oor 'n spesifieke onderwerp gegroepeer (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:30). Die *Digesta* is binne drie jaar voltooi en op 16 Desember 533 n.C. het dit as 'n kodifikasie regskrag verkry (Van Zyl 1977:60). Die *Digesta* het hoofsaaklik gehandel oor privaatreg (Van Zyl 1977:61). Die *Digesta* word beskou as "die hoeksteen van talle hedendaagse sivielregtelike kodifikasies en van ons eie Suid-Afrikaanse privaatreg" (Van Zyl 1977:61). Die *Digesta* vorm deel van die *Corpus Iuris Civilis* van Iustinianus, waarvan die *Institutiones* en *Digesta*, volume I is, die *Codex*, volume II is en die *Novellae* deel vorm van volume III (Van Zyl 1977:66).
[200] In die beskrywing van die woord *common law* in die Drietalige Regswoordeboek (Hiemstra & Gonin 1981:25) kan dit verskillende betekenisse hê, waaronder gemenereg (oorgelewerde reg) en gewoontereg (ook bekend as *customary law* of inheemse reg). Dit is belangrik om onderskeid te tref tussen gewoontereg en gemenereg, omrede die terminologie met die verskillende betekenisse verwarring kan veroorsaak. Gewoontereg ontstaan uit die gemeenskapsoortuiging en word van geslag tot geslag oorgedra, maar bestaan nie uit geskrewe reëls nie (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:49) Vir gewoontereëls om as regsreëls in die hedendaagse samelewing erken te word moet dit aan die volgende vereistes voldoen; naamlik dit moet redelik wees, lank bestaan, oor die algemeen deur die gemeenskap erken en nagevolg word en die inhoud moet seker en duidelik wees (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:49). *Common law* of gemenereg word verskillend gebruik. Een van die gebruike is dat die gemenereg is die reg wat op die land oor die algemeen van toepassing is, omrede in so 'n geval elke plaaslike

In LH noem koning Hammurabi nie die werk nie, maar in die proloog en epiloog noem hy wel dat hy die hervormer van die reg en wetgewer is (Driver & Miles (1956:45).

Driver & Miles (1956:45) is van mening dat LH nie 'n versameling van bestaande wetgewing met verandering is wat nodig is vir die kodifikasie daarvan nie. Uit hoofde van hierdie stelling kan gesien word hoe hierdie skrywers beïnvloed is deur die wyse hoe die *Digesta* en *Codex* van die Romeinse Reg geskep is. Driver & Miles (1956:45) noem dat LH "a series of amendments and restatements of parts of the law in force" tydens die skryf daarvan is.

Dit is volgens Driver & Miles (1956:45) die rede waarom dit nie 'n uitgebreide onderwerpe is nie en die gekose onderwerpe is gekies omdat in koning Hammurabi se opinie: "they call for amendment or require to be emphasized by republication". Die onderwerpe wat weggelaat is, sal volgens Driver & Miles (1956:45) juis hulle standpunt onderskryf.

5.4.2.1.4 Steele se standpunte

Steele het 'n paar artikels oor Versameling van Lipit Ishtar (LL) geskryf en in 'n vergelykende studie van die verskillende versamelings, LL as vertrekpunt gebruik. Steele beskou LL as baie belangrik, want dit gee die geleentheid om 'n vergelykende studie van die reg te maak wat ongeveer vierduisend jaar oud is. Steele sien LL as 'n "bona fide wetkode" in die Sumeriese taal, wat helderheid op die aangeleentheid gee, omdat geleerdes voorheen aangewese op sogenaamde geïsoleerde regskonsepte van die besigheidsdokumente of 'n paar kort Sumeriese “wetversamelings” was (Steele 1948:430).

Steele is oortuig dat hierdie versameling grootliks van die Sumeriese kultuur afkomstig is. Koning Lipit Ishtar, wat desondanks die feit koning van die Amoritiese/Semitiese dinastie was, het skaars minder as 'n eeu na die groot Sumeriese Ur III-dinastie regeer. Steele (1948:430) argumenteer verder dat die sogenaamde Sumeriese en Babiloniese wetkodes slegs met byna twee eeu van mekaar geskei is en hulle stede is baie na aanmekaar.

---

gemeenskap hulle eie regstelsel het en 'n behoefte ontstaan dat daar 'n reg moet wees wat vir almal geld (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:50). Daarbenewens kan gemenereg/*common law* ook onderskei word van siviele reg waar gemene reg verwys na 'n regstelsel wat nie net bv. in Engeland geld nie maar ook bv. in dele van USA en Kanada (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:50). In 'n ander sin behels gemenereg die reg van 'n land sonder wetgewing en in Suid-Afrika sal dit beteken die Romeins-Hollandse reg wat hier oorgeplant is (IRW100-4 1986. UNISA. Studiegids 1 1986:50). In hierdie geval word aanvaar dat Driver & Miles verwys na gewoontereg.

Steele (1948:431) het 'n vergelykende studie tussen LL en LH onderneem, omdat dit volgens hom sal help in die analise van die "sosiale revolusie" van Suidelike Mesopotamië in die eerste helfte van die tweede millennium v.C.

5.4.2.1.5 Versteeg se standpunte

Versteeg (2000:5) is van mening dat in die beantwoording van die vraag wat die liggaam van die versameling is, hy na die epiloog van LH verwys waarin melding gemaak word van die term "wette" as "regverdige besluite".[201]

Versteeg (2000:5) lei af dat hierdie "wette" inderdaad opsommings was van eintlike sake wat onder Hammurabi se regering beslis is. LH se epiloog impliseer dat die "laws were indeed nutshell versions of cases" wat koning Hammurabi beslis het (Versteeg 2000:5).

Versteeg (2000:6) interpreteer LH se epiloog en noem dat die "benadeelde man" wat 'n saak het, na die stele kon gaan en sodat daar vir hom harop voorgelees kon word ten einde van die koning se vorige uitsprake te verneem. Hy (2000:6) verwys na die gedeelte in LH waarin genoem word dat toekomstige heersers die koning se uitsprake moet volg, omdat hulle na sy uitsprake moet luister. Dit impliseer dat koning Hammurabi het toekomstige besluitneming probeer beïnvloed (Versteeg 2000:6).

5.4.2.1.6 Lemche se standpunte

Lemche (1995:1706) is van mening dat alle lede van die gemeenskap algemene kennis van die reg dra. Net soos die Tien Gebooie, was LH byvoorbeeld net 'n uitdrukking van die basiese reëls in die samelewing wat die algemene kennis weerspieël het (Lemche 1995:1714). Die vyf verbiedinge - moord, owerspel, gewone diefstal, meineed en betreding - dui op die algemene sentimente en kennis van die gemeenskap (Lemche 1995:1714-15). LH maak ook melding van gewone oortredinge, familie aangeleenthede en slawe-wette (Lemche 1995:1697).

[201] Dr. Russ Versteeg doseer regte by die *New England School of Law* in Boston, Massachusetts. Sy akademiese agtergrond is onder andere voorgraadse studies in Latyn en Griekse, klassieke samelewings en antieke geskiedenis.

5.4.2.1.7 Good se standpunte

Good (1967:949) wys daarop dat geleerdes van die Ou Nabye Ooste debatteer of die versamelings wetgewing is. Hy is van mening dat geleerdes dit sien as "compilations of precedents" wat regters bymekaar gemaak het of as ideële standpunte wat in regsterme omgesit is. Hy noem dat daar steun aan albei sieninge gegee kan word. Die bepalings van LH is analoog tot 'n presedent waar fooie gehef word vir die verskillende klasse en dat sekere regulasies toon dat die versamelings gewysig is. Die standpunte dat hulle ideëel van aard is het ook meriete, maar hy vind dit eienaardig dat die versamelings presies en gedetailleerd, en terselfdertyd onvolledig is (Good 1967:949-950).

Good beskou die beskrywing van koning Hammurabi as die koning van geregtigheid as oordrywing. Hy sluit af met die siening dat in die lig van die onvolledige dokumentasie tot hedendaagse geleerdes se beskikking daar met versigtigheid omgegaan moet word, en aanvaar word dat sommige wette in die versamelings nie afgedwing is nie of nooit bedoel was om afgedwing te word nie en dat ons hierdie versamelings moet sien as "prescription and prohibitions with their penalties reflecting actual custom and usage (Good 1967:950). [202]

5.4.2.2 Standpunte ten gunste van die ʼn kodifikasie van die reg dienende as ʼn riglyn vir besluitnemers

5.4.2.2.1 Westbrook se standpunte

Westbrook (ed.)(2003:17) [203] is van mening dat die bepalings van die versamelings[204] is "direkte verklarings van regsnorme". Westbrook (1990:547) sien versamelings nie as wetgewing in die hedendaagse sin nie, maar as "wetenskaplike verhandelinge op bestaande wette", wat hoofsaaklik uit die gewoontereg voortspruit met 'n paar presedente en administratiewe maatreëls. Hy beskou dit as 'n uitspraak wat op 'n hipotetiese geval gegrond word, saam met die uiteindelik gevolg. Hierdie is gebruik in die opleiding van skrywers in die opvoeding van regsprobleme (Westbrook 1990:547). Die gevalle is vir bespreking voorgelê en net 'n deel van die bespreking

[202] Good (1967: 950 vt 19) beskou LL eerder as skooloefening waarmee kinders geleer is om regsmateriaal vanaf bestaande stukke van die reg af te skryf. Hy beskou dit nie as 'n "exhaustive compendium of law" nie.
[203] Prof. Raymond Westbrook doseer vanaf 1987 tot vandag by die Johns Hopkins Universiteit. Hy het sy grade in die reg, BA (regte) en LI.M verwerf, waarna hy in 1976 tot die Balie van Engeland en Wallis toegelaat is. Daarna het hy sy Ph.D. in Assiriologie in 1982 voltooi. Sien in die verband die John Hopkins Universiteit se webbladsy: http://www.jhu.edu/neareast/westbrook.html.
[204] Westbrook verwys na die versamelings as *law codes*.

was vir skrifneerlegging afgestaan. Dit is die rede waarom daar net 'n paar aspekte van hierdie skolastiese probleme voorgelê is, wat soms met ander versamelings oorvleuel of nie daarin voorgekom het nie (Westbrook 1990:548).

Westbrook is van mening dat die versamelings die meeste gebiede van die regsverhoudinge tussen individue dek. Verder is die versamelings wyd verspreid in tyd en plek en selfs baie na aan mekaar ten opsigte van vorm en inhoud (Westbrook (ed.) 2003:17). Westbrook (ed.)(2003:17) verdedig sy standpunt deur te noem dat in LH word genoem dat indien iemand verontreg is, die persoon die lys van "just judgements" kan raadpleeg. Westbrook (ed.)(2003:14) wys daarop dat dit daarop kan dui dat vorige besluite, as gesaghebbend beskou kan word.

Westbrook het nog twee verdere artikels geskryf waarin hy sy standpunte verdedig. In die een artikel (1985) handel dit oor 'n vergelyking wat hy met die versamelings teenoor die voortekens[205] tref, deurdat hy die voortekens en die versamelings as deel van die wetenskaplike tradisie van die skrywerskole sien.[206] In die ander artikel bespreek Westbrook (1995a) die regsaspekte van die slaaf en die meester se verhouding waarin hy verskillende versamelings bespreek.

Eerstens sal daar stilgestaan word by die eerste artikel waarin Westbrook sy standpunte verduidelik. Westbrook begin by LH en noem dat dit deur die eeue sedert die afkondiging in die skrywerskole van die Ou Nabye Ooste afgeskryf is, maar dat die afskrifte baie getrou tot die oorspronklike gebly het. Die rede is skynbaar dat dit deel van die sogenaamde "kanonieke literatuur" en skool kurrikulum geword het.

Westbrook is van mening dat daar 'n onderskeid tussen die skooltekste en wetenskaplike tekste is. In die skooltekste het die plaaslike skrywers LH verander, want vir hulle is dit net 'n skrywersoefening en het nie deel van hulle reg gevorm nie. Die plaaslike skrywers het hulle eie *law codes* gehad. Westbrook gaan verder en stel dit dat dit nie beteken dat hierdie vreemde versamelings nie oorredende krag vir die ander skole gehad het nie. Hy ondersteun sy standpunt deur na ons hedendaagse reg te wys, waar die hofbeslissings van ander lande oorredende regskrag vir plaaslike (nasionale) hofbeslissings kan hê (Westbrook 1985:252).[207]

---

[205] Sien Farber (1995:1899-1900) t.o.v die verskillende soorte voortekens.
[206] Sien Westbrook se standpunte onder skrywerskool teorie (*supra*).
[207] In die Christen wêreld, wat die natuurreg as uitgangspunt het, word 'n wet in die breë betekenis beskou as "iets wat geld vir die skepping om dit te orden" (Van Zyl & van der Vyver 1982:18). Westbrook verwys moontlik in die geval na "statutêre wetgewing" soos dit in die Suid-Afrikaanse regstelsel genoem word. Hedendaagse geleerdes

In die tweede artikel gebruik Westbrook 'n geval in die versamelings om sy standpunte te ondersteun. Westbrook (1995(a):1631) het in sy bestudering van die regsaspekte van die verhouding tussen die slaaf en die meester genoem dat daar drie hoof bronne van die reg gebruik is, naamlik: die versamelings (*law codes*), inskripsies (*royal edicts*) en dokumente wat in die praktyk gebruik was (Westbrook 1995(a):1631). Hy (1995(a):1631) brei verder uit en noem dat alhoewel hierdie versamelings *law codes* genoem word, hy van mening is dat dit nie wetgewing in die hedendaagse sin is nie, maar eerder "akademiese verhandelinge van die reg uitgedruk in kasuïstiese vorm".

5.4.2.2.2 Medenhall se standpunte

Medenhall (1954:32) is van mening dat daar is sekere versamelings, sonder dat hy aantoon watter, wat onder die gesag van die koning uitgevaardig is en wat blote propaganda was om die koning se reputasie vir geregtigheid te verhoog. Hy bring die sogenaamde "kodifikasie" van die reg in lyn met die verandering in die politieke struktuur en die omvang daarvan. Vanweë verandering in later tye in die regering en samelewing het daar 'n behoefte ontstaan om 'n standaard vir die reg daar te stel ten einde die reg te stabiliseer of om die veranderinge wat plaasgevind het aan "regstatus" te gee (Medenhall 1954:32). Hy noem verder dat ten minste drie van die versamelings wat hy "antieke kodes" noem, naamlik LU, HL en LH en selfs die Assiriese wette hierdeur beïnvloed word (Medenhall 1954:33). Medenhall is van mening dat ons hier met 'n kodifikasie van die reg te doen het om verandering op die regstradisies te beskryf. Dit het egter nie alle regters gebind nie en was slegs 'n beskrywing van die regstradisies wat op vroeër versamelings gesteun het (Medenhall 1954:33). Dit was soos ons hofsake vandag, maar die een stad se regstradisie sou nie dieselfde gewees het as 'n ander s'n nie (Medenhall 1954:33-34). Dit was net 'n standaard van regstradisies om regters en ander besluitnemers in hulle beslissings te lei en dit kon ook ten doel gehad het om uiteindelik 'n tipe van 'n eenvormigheid in die regstradisies waaroor die koning geregeer het, teweeg te bring (Medenhall 1954:34).

---

komende van verskillende lande sal verskillende interpretasies t.o.v. hierdie hedendaagse begrip hê. Statutêre wetgewing in die wêreld het hoofsaaklike twee benaderingswyses t.o.v. die begrip: "statutêre wetgewing" (Van Zyl & van der Vyver 1982:276). In die Engelse reg en regstelsels (soos o.a. in die ou Suid-Afrikaanse regsbedeling) word daar op parlementêre soewereiniteit klem gelê (Van Zyl & van der Vyver 1982:276). In die praktyk beteken dit dat die inhoud van die statutereg, baie nougeset gevolg sal word en dat daar min ruimte vir die howe gegun word om deur middel van interpretasie van wette daarop voort te kan bou (Van Zyl & van der Vyver 1982:276). (Die bekende Romeinsregtelike stelreël vind aanwending, naamlik *ius dicere sed non dare* wat beteken spreek die reg, maar skep dit nie (eie vrye vertaling)). Daarenteen in die Verenigde State van Amerika (waarin Westbrook woon) word wetgewing "in betreklik algemene, ongepresiseerde en meersinnige terme" geformuleer (Van Zyl & van der Vyver 1982:276). Die howe kan in diskresie "die konkrete en gepresiseerde betekenis van daardie algemene bepalings in 'n statuut" bepaal en 'n beslissing maak (Van Zyl & van der Vyver 1982:276).

5.4.2.2.3 Sassoon se standpunte

Sassoon (2001:29) is van mening dat die antieke Mesopotamiërs se regsbewussyn gegrond is op waarheid en gesonde verstand waar hulle die feite uitgesoek het en op hulle regters vertrou het om regverdige beslissings te gee. Sassoon begin deur te noem dat die meeste van die regsreëls in antieke samelewing as hofbeslissings begin het en dié wat gewerk het, mondelings oorgedra en in die geheue bewaar was. Die reg is aan die jongmense geleer. Daarom beskou hy die reëls wat oorgedra was, as reëls wat voldoende was om die omstandighede en probleme van die samelewing te kon dra (Sassoon 2001:26). Soos die stede meer kompleks geraak het, het daar nuwe sosiale strukture onstaan wat nuwe "tipes wette" nodig gehad het, en dit is waar die versamelings inkom. Op 'n sekere tyd moes die Mesopotamiërs gereken het dat die "prinsipale" wette neergeskryf en gepubliseer moes word. Die eerste handeling om die reg neer te skryf het 'n verreikende gevolg op die status en aard van die reg gehad. Sassoon (2001:28) is van mening dat:

> It meant that henceforth the practical demands of civil order must prevail over the temptations of individual justice so far as to ensure that the same laws be applied in the same way throughout a jurisdiction.

In die einde sal dit meebring dat die howe tot die geskrewe wet gebind word en hulle "antieke diskresie" wat hulle in elke saak gehad het, verloor. Dit was die begin om die betekenis van geregtigheid te verander vanweë die eise van bevolkingsaanwas en behoeftes, en plaas die eerste "saad" van konflik tussen die publieke beleid en die individu wat vandag nog nie opgelos is nie (Sassoon 2001:28).

Die rede waarom die hofbeslissings konstant dieselfde as die oorgelewerde geskrewe wette is, eerder daarop dui dat die antieke mondelingse reg bly voortbestaan het en so in die geskrewe wette weergegee is, maar terselfdertyd was daar in die stede van Sumerië en Akkadië 'n antieke "bevooroordeelheid" teenoor die individuele omstandighede en die hofbeslissings verwys ook nie na enige geskrewe wet of kode nie (Sasoon 2001:28).[208]

Die versamelings het ten doel om die lede van die samelewing in te lig hoe regprobleme opgelos moet word. Sassoon erken dat daar 'n ryk tradisie van gewoontereg is wat mondelings oorgedra is. Dit het aanvanklik tot die stamlewe behoort, maar later toe die groepe in dorpe en nog later in stadstate saamgekom het, het die wette net soos die mense met mekaar vermeng geraak (Sassoon

[208] Daar is dus min ruimte vir veranderinge in die reg na gelang van die unieke omstandighede van elke saak.

2001:30). Die mondelingse tradisie is geleidelik deur die geskrewe woord oorgeneem soos die regters nuwe besluite of ou tradisies beslis het en dit neergeskryf het. Dit was hierdie geskrewe gevalle in LU, LL en LH wat opgeteken is (Sassoon 2001:31).

Sassoon (2001:170-171) beskou ŉ versameling soos LH om wette te wees wat erken dat die "magte van politieke en etniese besluite" by die koning berus. In LH is spesifieke voorbeelde van hoe die wette in die praktyk toegepas word en die implementering van geregtigheid lê in elke besonderse geval by die regters, onderworpe aan appèl tot die koning (Sassoon 2001:171). Hierdie adviserende kwaliteit van die reg het sy sterkpunte en dit verskaf diskresionêre bevoegdhede aan die regters en buigsaamheid aan die reg (Sassoon 2001:174). Nieteenstaande toon die vroeë versamelings ŉ prehistoriese regsisteem en in hierdie vorm word daar van die regters verwag om in hulle beslissings gelei te word. Die regters is vry om die individuele gevalle en hulle eie regsin te gebruik (Sassoon 2001:31).

5.4.2.3 Kritiek teen die teorie van positiewe reg/presedenteleer

5.4.2.3.1 Roth se kritiese standpunte

In die vele studies waarin regsituasies bestudeer word, is daar baie min gevind om ŉ verband te bevestig tussen die bepalings van die versamelings en die regspraktyk. Daar is geen hofdokument of kontrak gevind wat direk verwys na enige versameling nie.[209] Roth is van mening dat die versamelings baie min of geen impak op die praktiese toepassing van die reg gehad het (Roth 1997:5).

Daar is wel twee dokumente gevind wat na die stele verwys, waarop lone aangeteken was en baie na aan die bepalings van LH 273-274[210] is, wat daaglikse lone vir verskillende werkers uiteensit (Roth 1997:5-6).

---

[209] Veenhof (1995:1717-1744) maak in sy artikel melding dat daar verwysings in verskillende Ou-Assiriese dokumente is na die "woorde van die stele". ŉ Voorbeeld hiervan is uitgegrawe in Kültepe wat bewaar is in die museum van Anakaram, no. 1925 (ongepubliseerd) wat Veenhof beskou as ŉ brief van die heerser van Assur aan die gesagliggame waarin die koning hulle in kennis stel van ŉ beslissing van die stad, en wat Veenhof as volg vertaal het: "The creditors of Šukubum, from whatever Šukubum possesses, in accordance with the words of the stele, when it is confirmed by witnesses, (each) will take his silver in/at/from/by means of his..." (Veenhof 1995:1729). Veenhof is van mening dat alhoewel daar nog nie so stele ontdek is nie, dit ŉ versameling soortgelyk aan die versamelings of *law codes* kan wees.

[210] Die bepalings van LH 273-274 is vertaal en gepubliseer deur Roth (1997:131) en lees as volg: 273) "If a man hires a hireling, he shall give 6 barleycorns of silver per day form the beginning of the year until (the end of) the fifth month, and 5 barleycorns of silver per day from the sixth month until the end of the year". 274) "If a man intends to hire a craftsman, he shall give, per [day]: as the hire of a …, 5 barleycorns of silver; as the hire of a

Die een dokument is 'n brief wat die administrateur aan een van sy hoofmanne gestuur in verband met 'n klagte wat ontvang is van onredelike eise wat sekere wewers gestel het (Roth 1997:6).[211] Dit lees as volg:

> (1-3) Speak to Nabi-Shamash, thus says Alammush-nasir: May the gods Shamash and Marduk keep you in good health!
>
> (4-6) Concerning the woven-textile workers whom you brought in (to work) and who spoke to you as follows: (6-10) "15 barleycorns of silver is the daily wages per man. If you will not weigh and deliver 15 barleycorns of silver, then we (as a group) will take (payment in rations of) 20 silas of grain, 5 silas of beer and 4 silas of bread per day." (10-11) Thus they spoke to you and thus you wrote to me. (12-13) The wages for a hired worker are recorded on the stela. (14-16) In accordance with what they spoke to you, either in grain of in silver, do not withhold their wages! (rev. 17-20) And when I come there, I will investigate the matter personally and I will deduct their wages from their work assignment.
>
> (21-24) Furthermore, the mat which is to be produced should not require 3600 shekels (of fiber materials)! Rather 1800 shekels for the wool, 600 shekels for the warp, in all 2400 shekels is enough for one mat. (25-27) Let they make that mat 12 cubits long and 7 cubits wide.
>
> (28-29) Furthermore, appoint a trustworthy person and let him supervise them!

Roth se gevolgtrekking van hierdie gedeelte is as volg:

1. Die lone wat die werkers op aandring, is driedubbeld die bedrag wat in LH 274 uiteengesit word. Roth noem dat daar aanvaar kan word dat dit uit pas was met die ekonomiese omstandighede en lone van die tyd van hierdie dokument.

2. Ons weet ook nie of die lone in LH minimum- of maksimum lone was nie - die regulasies in LH kon net sowel die werkers van uitbuiting beskerm het, veral as gelet word na die bedoeling en doel van die proloog van LH.[212]

3. Ons weet ook nie of die stele waarna verwys word, die Versameling van Hammurabi is nie, maar as gelet word na die "toon" van die brief is daar woede te bespeur vir die werkers se aanmatiging om aan te dring op hoër lone deur 50% meer wol te neem as wat nodig is om die taak te voltooi. Dit gaan hier oor die werk wat voltooi moet word en die misbruike van die

---

woven-textile worker, 5 barleycorns of silver; as the hire of a linen-worker(?), [x barleycorns of]silver; as the hire of a stone-cutter, [x barleycorns] of silver; as the hire of a bow-maker, [x barleycorns of] silver; as the hire of a smith, [x barleycorns of] silver; as the hire of a carpenter, 4(?) barleycorns of silver; as the hire of a leatherworker, [x] barleycorns of silver; as the hire of a reedworker, [x] barleycorns of silver; as the hire of a builder, [x barleycorns of] silver".

[211] Die teks is komende van die versameling van die *Oriental Institute* en dateer uit die 10de jaar van koning Samsu-iluna, wat koning Hammurabi opgevolg het. Dit is gepubliseer in twee doktersgraad proefskrifte van Sweet (1958:104-11) en Stuneck 1927:25f en 57f) (Roth 1997:10 vt 1).

[212] Roth wys nie uitdruklik daarop nie, maar in die proloog word onder andere genoem dat Hammurabi deur die gode verkies is om as skaapherder van die mense, regverdigheid vir die land te bring, om ongeregtighede te verban en te verhoed dat die swakke onderdruk word.

werkers, wat die skrywer in persoon sal kom regstel. Die verwysing na die lone van ’n gehuurde werker ooreenkomstig die stele is volgens Roth net ’n aanduiding op die openbare vertoon en publisiteit van ’n versameling en enige ander versameling (Roth 1997:6).

Die tweede dokument kom van buite Mesopotamië en maak melding van ’n stele wat pryse en lone publiseer het. Dit was ’n geseëlde moddersteen uit die vroeë 19de eeu v.C. van Susa wat deur Sheil vertaal is (Roth 1997:7). Dit lees as volg:

> Addahushu, the shepherd of the god Shushinak, the sister’s-son of Shilhaha, set up the stela (listing) correct (prices) in the market place, (and thus) the god Shamash will instruct him who does not know the correct price.

Die stele waarna verwys is nog nie ontdek nie en Roth is van mening dat daar die moontlikheid is dat dit pryse, lone en die tipe bepalings soos by die Sumeriese en Babiloniese versamelings gevind word, kon uiteensit.

Dit bly ’n ope vraag wat die funksie van die versamelings was en of daar ’n verband tussen die versamelings en alledaagse transaksies gevind kan word en of die daaglikse beoefening van die reg deur die reëls van die versamelings beheers was. Roth noem egter dat die verskillende “manifestasies” van die reg soos die versamelings, skooloefeninge, hofsake, inskripsies en koninklike kwytskeldings, daaglikse kontrakte en ooreenkomste ’n bewys is dat die reg ’n funksie van die sosiale lewe was. Sy sien die versamelings as “produkte van kulturele assumpsies en waardes” van die opstellers en ’n weerspieëling van die inwoners van die Ou Nabye Ooste se bemoeienis met geregtigheid (Roth 1997:7).

5.4.2.3.2 Bottéro se kritiese standpunte

Bottéro[213] het in sy bespreking van LH die doel van die versameling probeer bepaal. Hy maak net gebruik van LH as ’n vertrekpunt vir sy standpunte.

Bottéro is van mening dat die woord “kode” foutiewelik deur skrywers in die verlede gebruik is. Die grammatikale vorm en wyse hoe die artikels van LH stilisties weergegee word wat wys dat dit nie wetgewend van aard is nie. Dit is eerder die inhoud van die “artikels”, hul onlogiese

[213] Dr. Jean Bottéro is ’n emeritus direkteur van Assiriologie by l’École Pratique des Hautes Études in Parys, Frankryk.

rangskikking en ondoeltreffendheid wat daarop dui dat LH ʼn ander doel gehad het (Bottéro 1992:161).

Bottéro volg die staatlike reg[214]-definisie van die reg en hy noem dat volgens die woordeboek is die reg "…an imperative rule of social conduct, laid down and enforced by the legitimate authorities".
Verder is hy van mening dat die reg eerstens "iets algemeen, iets universeel" is. LH behandel spesifieke situasies, soos byvoorbeeld in paragraaf 195 van LH word bepaal "As ʼn seun sy vader slaan: Sal hulle sy hand afkap". Daar word nie melding gemaak van die moeder, dogter of kinders in die algemeen nie. Die versameling stel ʼn aantal probleme bekend deur konkrete sake te noem, eerder as om die algemeen beginsels van die reg weer te gee (Bottéro 1992:162).

Verder is die konkrete spesifieke gevalle onlogies gerangskik, wat meebring dat dit nie binne die karakter van ʼn hedendaagse kode kan val nie (Bottéro 1992: 162-163).

Bottéro wys daarop dat vele skrywers erken dat tussen die verskeie prosedures en beslissings van die "dossiere" van die administratiewe- en regspraktyk is daar geen beslissing gegee, amptelike besluit of ondertekende ooreenkoms wat melding van LH gemaak het nie. Daar is wel "rare" dokumente wat melding maak van ʼn stele wat dalk LH kon gewees het. Maar hierdie verwysings gee meer ʼn idee van hoe ʼn persoon moet optree, en dui nie op ʼn regsverpligting[215] afkomstig van die versamelings wat nagevolg moet word nie.

Bottéro skenk ook aandag aan die term *simdat šarrim* wat ten minste twee keer, in paragrawe 51[216] en 89,[217] onder verskillende omstandighede genoem word dat iets ooreenkomstig die

---

[214] Vgl. in die verband deel 2, hoofstuk 7 van hierdie studie waarin aangetoon word dat die twee hoof benaderings vir die bepaling, "wat is die reg?" die staatlike reg-model en die sogenaamde "patrone van optrede" is. Tamanaha (1995:509) kritiseer die staatlike reg model as die huidige dominante raamwerk vir die reg. Tamanaha (1995:534) is van mening dat die reg nie in een wetenskaplike konsep geplaas kan word nie en eerder ʼn kulturele konstruksie is. Die reg is watter etiket ons aan dit gee (Tamanaha 1995:535).

[215] ʼn Regsverpligting in die hedendaagse reg "...beteken in die algemeen dat die "draer" van daardie verpligting hom regtens op ʼn bepaalde wyse **behoort** te gedra, by gebreke waarvan hy (dit wil sê, hyself en nie ʼn ander persoon nie) deur nadelinge vergeldingsgevolge (ʼn sanksie) weens sy onregmatige gedrag getref word" (Van Zyl & van der Vyver 1982: 436). Daar is in die hedendaagse reg drie soorte regsverpligtinge, naamlik die verpligting wat op derdes geplaas word om nie inbreuk op ʼn ander se regte of objek te maak nie, die verpligting wat ʼn skuldenaar om te presteer, met die teenkant wat soms skuld genoem word en laastens die verpligting komend van die strafreg wat op die lede van die gemeenskap gelê word om nie ʼn misdaad te pleeg deur die staatsbelang aan te tas nie (Van Zyl & van der Vyver 1982: 436-437).

[216] Paragraaf 51 soos vertaal deur Roth (1997:91) lees as volg: "If he does not have silver to repay, he shall give to the merchant, in accordance with the **royal edict,** (*simdat šarrim,* my beklemtoning) <either grain or> sesame according to their market value for his silver borrowed form the merchant and the interest on it".

[217] Paragraaf 89 soos vertaal en gekategoriseer as "gap u" (ook gelees as paragraaf M/71+d/5.10) deur Roth

bepalings van die koninklike besluit, die *simdat šarrim*, gedoen moet word. Bottéro lei af dat dit nie die versameling self is wat die verpligting afdwing nie, maar dat die *simdat šarrim* dit laat doen. Bottéro redeneer: "Besides, what law is it if it is not compelling in itself, nor compelling for everyone?" (Bottéro 1992:163) "Even better: what law is it if one could break it officially and easily in practice?" (Bottéro 1992: 163-164).

Daar is ook sake waarin die ooreenkoms anders is as wat in LH genoem word, soos waar daar byvoorbeeld in LH 'n sekere aantal graan is wat aan sekere werkers toegesê word en in die kontrakte tot twee maal hoër as die aantal waar in LH ooreengekom word.

Bottéro is egter van mening dat dit nie *in toto* as 'n bron van die reg genegeer moet word nie. Dit toon 'n "tipe van 'n versameling van jurisprudensie te wees" (Bottéro 1992:164).[218]

5.4.2.4 Samevatting van die teorie van die positiewe reg

Die skrywers van die positiewe reg is dit eens dat die woord *codices/codex* nie in die hedendaagse sin van die woord beskou moet word nie, maar bly vasstaan dat die versamelings, onder verskillende benaminge as 'n bron van die reg in die Mesopotamiese regstradisies beskou moet word. Sommige skrywers soos Clay, Epsztein, Steele, Versteeg en Lemche beskou die versamelings as 'n bron van die reg wat die regsisteem direk beïnvloed het. Ander skrywers soos Diamond en Driver & Miles sien die versamelings as fragmente van wette van die staat of gewoontereg wat mondelings van geslag tot geslag oorgelewer is.

Skrywers soos Westbrook, Medenhall en Sassoon sien die versamelings as beslissings van die hof of as riglyne vir die regters om hulle by te staan in hul beslissings.

Roth en Bottéro het die teorie grotendeels gekritiseer en alhoewel daar gevalle is wat na 'n stele verwys, argumenteer hulle dat die vraag is nog steeds of daar 'n algemene verband gevind kan word tussen versamelings en alledaagse transaksies, met ander woorde die alledaagse beoefening van die reg. Dit blyk dat hulle van mening is dat deur die geskrewe medium, manifestasies van

---

(1997:97-98) lees as volg: "If a man who has an interest-bearing loan does not have silver with which to repay it, he (the merchant) shall take grain and silver in accordance with the **royal edict** (*simdat šarrim,* my beklemtoning) and the interest on it at the annual rate of 60 silas per 1 kur (=20%); if the merchant should attempt to increase and collect the interest on the (silver) loan [up to the grain interest rate of 100 silas of grain] per 1 kur (=33%), [or in any other way beyond] 36 barleycorns [per shekel (=20%) of silver], he shall forfeit whatever he had given".

[218] Bottéro se verdere standpunte oor die posisie van die versamelings is onder die skrywerskole en propaganda van die konings in hierdie hoofstuk bespreek.

wetenskaplike verhandelinge of aspekte van die reg in verskillende bronne soos skooloefeninge, hofsake, instruksies, kwytskeldings en in besonder in hierdie geval versamelings gevind kan word.

5.4.3 Produk van skrywerskool

Die aanwas van die bevolking het tot die uitvinding van die skryfkuns gelei, maar terselfdertyd het dit intellek en kreatiwiteit nodig gehad om dit verder te ontwikkel en te gebruik (Sassoon 2001:18). In die tydperk voor die skryfkuns moes die antieke Mesopotamiërs op hulle geheue as tweede natuur staatmaak om inligting effektief oor te dra (Sassoon 2001:19). Hierdie tradisie en vermoë is oorgedra na die skrywerskole waar memorisering en presiese afskryf van inligting die basis van die skrywerskool gevorm het. Die konstante oefening van hulle geheue help nie net om hulle kennis te bewaar nie, maar hou die antieke Mesopotamiërs se herinneringe in stand, soos dit die praktyk van hulle voorvaders in prehistoriese tye was (Sassoon 2001:20). Roth (1979:12) is van mening dat die funksie van die skrywerskole oor die algemeen was tweeledig, naamlik om die skrywer op te lei om daaglikse aktiwiteite neer te skryf en om die "Mesopotamiese erfenis" te onderhou en oor te dra vir die geslagte wat nog kom.

5.4.3.1 Skrywerskool in die Vroeë-Babiloniese tydperk

Van die vroegste tye van optekening van inligting was die skrywers, hoof van die institusionele organisasies. Dit blyk dat die eerste skrywers van die instellings die **sanga** was, maar hulle het aanvanklik nie die titel van **dub-sar** (skrywer) gehad soos dit deur die res van die derde millennium v.C. gebruik was nie. Die **sanga-**amptenare het twee rolle vervul, naamlik dié van administrateurs en van opstellers van administratiewe dokumente en dié van onderwysers in die skryfskole. Met die verloop van tyd, soos die samelewing verander en deur krisisse gegaan het, het daar ook veranderings onder die skrywers se posisie in die vorm van hul funksies en hiërargiese orde in die samelewing plaasgevind. Die eerste van die verandering was die voorskyning van die **dub-sar**. Die **sanga**, wat die amptenaar was wat die dokumente in die Ur III-dinastie en die Jemdet Nasr-periodes versamel het, se funksie is vanaf die Argaïese Ur periode met die **dub-sar** vervang. Die **sanga-**amptenaar het nog steeds 'n primêre rol in die tempel organisasies gespeel (Visicato 2000:233).

Deur die eeue het die **dub-sar** geleidelik beheer oor die produserende en administratiewe sektore verkry (Visicato 2000:234). Die **dub-sar** was in beheer van die oes en verspreiding van graan,

veeboerdery, wolindustrie, tekstiele, metaal, visbedryf, en alle dienste ten opsigte van die vervoer van goedere en mense (Visicato 2000:234). Die **dub-sar** se mag het só uitgebrei dat hulle uiteindelik in beheer van alle persone in genoemde bedrywe geword het (Visicato 2000:234).[219]

Gedurende die Klassieke Sargoniese Periode veral teen die einde van die regering van Naram-Sin was daar nog ʼn skerper verhoging van dokumente en skrywers. Die rol van die skrywers het nou verander en die koninklike skrywer verskyn op die toneel. Hierdie skrywer was amptenare wat gedurende sy inspeksietoere die verskillende transaksies gekontroleer en bekragtig het, soos uitgevoer deur die plaaslike administrateurs namens die koning (Visicato 2000:238).[220]

Visicato verwys ook na getuienisse uit private argiewe en die argiewe van landgoed wat deur die koning toegeken was, soos dié van Me-ság en noem dat die skrywers in ʼn nuwe en in ʼn ander hoedanigheid gefunksioneer het. Net soos vantevore het daar uit die range van die skrywers amptenare soos die plaaslike goewerneur en ander hoë amptenare soos die **šabra-é** en **šagina** gekom, maar daar was nou groter talle van hulle in die Ur III-dinastie. Die skrywers het ook in die Sargoniese periode ʼn militêre rol vervul en sommige was selfs in beheer van die wagte (Visicato 2000:239).

Daar was ook skrywers in die privaat huishoudings veral in die Vroeë Dinastiese periode IIIa Shurrupak en die Vroeë Dinastiese periode IIIb Girsu, maar in die Sargoniese periode was daar nog meer. Baie van die skrywers was betrokke in koopkontakte en ander kommersiële aktiwiteite.

Daar is ook getuienis van skrywers se families-verhoudings gevind. Dit wil uit die bronne voorkom dat net ʼn paar families het die tyd en geld gehad om aan hul kinders skryfopvoeding te voorsien. Visicato is van mening dat die vroegste skrywers in die vroeë stadium deur hul familie opgevoed is. Die vroegste skrywers het deel gevorm van ʼn bevoorregte klas wat geld en mag in die Mesopotamiese samelewing gehad het. Skrywers het tot die hoogste politieke posisies in die

---

[219] Die rede vir die **dub-sar** se verhoging in mag kon wees dat die aanvraag vir skrywers vanweë die omstandighede in die land dit genoodsaak het (Visicato 2000:234). Die dokumente het meer geword. Die vermindering van die toevoer tot rivierkanaal-water kon bygedra het dat verafgeleë nedersettings verdwyn het en dat daar ʼn snelle groei in nedersettings langs rivierkanale plaasgevind het, sodat hierdie groot nedersetting groter sosiale en ekonomiese veranderings teweeg gebring het. Sosiale probleme het meegebring dat beter organisatoriese vermoëns nodig was om die sosiale stratifikasie in harmonie te hou. Goedere, grond en nie-gespesialiseerde arbeid moes beheer word, wat geskrewe dokumente in aanvraag gebring het (Visicato 2000:235).

[220] Visicato (2000:238-9) is van mening dat daar kon ander amptenare sonder hierdie titel met soortgelyke funksies by stede soos Girsu, Nippur, Adab, en Gasur verrig het. In groot huishoudings waar die plaaslike **ensi** in beheer was het die skrywers voortgegaan om hul tradisionele rol te vervul (Visicato 2000:239).

Vroeë Dinastiese en Sargoniese periodes as goewerneurs en heersers verrys (Visicato 2000:243).

5.4.3.2 Standpunte ten gunste van die teorie van die produk van die skrywerskool

5.4.3.2.1 Roth se standpunte

Roth is van mening dat die basiese vorme van Mesopotamiese reg in die skrywerskole van suidelike Babilonië in die laat derde en vroeë tweede millennium v.C. gevind kan word waar die spykerskrif deur die hele Ou Nabye Ooste versprei is (Roth 1979:1). Roth noem dat die feit dat groot aantal afskrifte van die versamelings soos LH ’n duisend jaar na sy formulering gevind is, daarop dui dat hierdie as skolastiese tekste gefunksioneer het.[221] Sy beskou dit nie net as suiwer literêr van aard nie. Die bepalings is ideale van geregtigheid en uittreksels van besluite wat deur die koning of regter uitgespreek is. Terselfdertyd noem Roth dat daar geen bewyse is dat die funksie van die versamelings vir die skrywers ’n gesaghebbende bindende bron van reg was nie (Roth 1979:11).

Roth (1995:2) is van mening dat die versamelings lesse vir die skoliere in die skrywerskole was sodat hulle kontrakte in die praktyk op kon stel. Verder moes die skoliere help om die versamelings te versamel, organiseer en bekend te maak onder die beskerming van ’n koninklike patronus en ondersteuner. Roth (1995:2) is van mening dat dit die geval van LH was en dat hierdie versameling deur die eeue deur die sogenaamde skrywerskole oorgeskryf was. Roth is van mening dat die afgelope paar dekades daar sterk aansprake is dat die versamelings produkte van die skrywerskole en manifestasies van intellektuele prosesse is wat in wetenskaplike verhandelinge ontwikkel het, soos die uiteenlopende verhandelinge wat insluit die godelyste, boomlyste, professielyste, wiskundigelyste, sterlyste, voortekenlyste, artsenylyste, ensovoorts (Roth 1995:4).

[221] Die *ana ittišu*, is in hoofstuk 4 bespreek. Dit was deur die skrywerskole ontwikkel en het bestaan uit 'n reeks spykerskrif tablette wat Sumeriese en Akkadiese regsterme en regsformules bevat het. Hierdie het deel van die skool kurrikulum van die skrywerskole gevorm (Roth 1995:2).

5.4.3.2.2 Bottéro se standpunte

Bottéro (1992:29) verwys na die honderde lyste wat groepe van woorde is wat op verskillende maniere gegroepeer is. Hy is van mening dat dit kan eerstens as "katalogusse van karakters" of "memento's" gewees het om die skryfkuns te bemeester (Bottéro 1992: 29-30). Hierdie lyste het gedurende die geskiedenis baie meer geword waar die doel was om voorwerpe te organiseer en in "inventarisse" van verskillende gebiede van die werklikheid te verdeel.

In die bekende "ensiklopedie" waarvan die meeste dele in die eerste helfte van die tweede millennium v.C. opgestel is, maar volgens Bottéro op "ouer materiaal" gebaseer is, word die hele "materiële en nie-menslike heelal" georganiseer (Bottéro 1992:30).[222] Daar word verkeerdelik na *law codes* verwys. Die begrip "deductive divination" is volgens hom die oudste, bekendste en beste getuienis van wetenskappe wat aanwending by die versamelings gevind het. Ten einde hulle wêreld te verduidelik het die antieke Mesopotamiërs "bonatuurlike persoonlikhede" geskep wat na veronderstelling die wêreld geskep en daaroor geheers het. Om hierdie bonatuurlike persoonlikhede te verteenwoordig, het die Mesopotamiërs na hul eie politieke model gekyk, en meer spesifiek na die koning wat aan die bopunt van 'n "piramide van ondergeskikte gesagsorgane" gestaan het. Die piramide struktuur weerspieël die bonatuurlike vlak waarvan die vlak se panteon om dieselfde wyse gestruktureer en verteenwoordig was met dieselfde funksie. Die koning regeer die land deur priesters wat sy besluite en wense moes uitvoer ooreenkomstig die gode se ontwerpe en die besluite van die *me.*[223]

In geskrewe tradisies waar die koning gereeld sy besluite in skrif weergegee het, sou die gode se wil ook op 'n sekere manier vasgestel moet word om onthou te word. Die "fundamentele beginsel" van die spykerskrif is dat die beeldskrif-gedeelte nog steeds 'n invloed bly hê waar die teken van 'n voet byvoorbeeld staan vir "stap", "opstaan" en "vervoer" en dat die geloof was dat die skrif komende van die gode was. Die gode bepaal alles. Wanneer dinge gereeld gebeur, is hulle boodskap ook normaal (Bottéro 1992:32). Wanneer die gode iets skep wat nie deel van die model is nie en dus anders of onverwags is, sal hulle hul wil op 'n anderse en onverwagte manier

[222] Hierdie beskou Bottéro (1992:30) as 'n getuienis van 'n groot en konstante intellektuele poging wat tipes is van die manier van dink van die antieke Mesopotamiërs in hulle poging om met die organisering en klassifisering van die komponente van die heelal dit beter te kan verstaan.

[223] **Me** is 'n Sumeriese meervoud term en is 'n uitdrukking van 'n basiese konsep van die Sumeriese godsdiens. Die **me** is eienskappe of aktiwiteite wat sentraal staan tot die beskaafde menslike lewe, veral godsdiens. 'n Plan of ontwerp (**giš-hur**) bepaal hoe hierdie aktiwiteite bedoel is om te wees. Die **me** maak die plan moontlik en verseker die voortbestaan van die beskaafde lewe. Hierdie **me** is ewigdurend, heilig en waardevol. Gewoonlik hou die gode An of Enlil dit, maar dit kan ook aan ander gode toevertrou word (Black & Green 1992:130).

openbaar. ʼn Mens sal dus net van jou lot weet as jy weet hoe om die abnormale te ontsyfer, net soos wat jy die beeldskrifteken en ideogramme van die skrif sal ontsyfer (Bottéro 1992:33). Die basis van "deductive divination" kan gesien word as volg:

> It involved reading *in* events or objects that were unusual and irregular, in order to draw and deduce from them divine decisions that touched upon the future of the interested party: either the king or the country, or any individual who was put in touch with the object of the divinatory action.[224]

Die toekoms is egter nie werklik nie en die gode kan in 'n oomblik van besluit verander, net soos ʼn heerser ook kan maak. Daarom is daar verskeie "resepte" om die gode te oortuig om die uiteindelike toekoms meer positief te laat uitdraai (Bottéro 1992:33).

In die lig hiervan is die versameling en spesifiek LH ʼn wetenskaplike werk wat Bottéro met ander literêre werke van hierdie tydperk vergelyk en wat hy net soos Westbrook (*infra*) wetenskaplike verhandelinge noem. Om te kan lees en skryf was ʼn professie wat jarelange moeisame opleiding geverg het. Die mense wat dit bemeester het, het aansien geniet en is beskou as wys in hul onderwerpe soos leksikografie, grammatika, divinasie, wiskunde, medisyne en jurisprudensie wat hulle bemeester het. Die wetenskaplike verhandelinge het gewissel van omvang waarvan sommige volledig is en een van hierdie werke is LH (Bottéro 1992:169). Met wetenskaplike verhandelinge moet daar na twee elemente gelet word, naamlik die verskillende dele van die werk en die volgorde waarin dit uiteengesit word (Bottéro 1992:170).

Die verskillende dele van LH bestaan uit ʼn opeenvolgende voorwaardelike frases, beginnende met ʼn hipotese en dan ʼn gevolgtrekking (Bottéro 1992:170-171). By elke geval word die unieke besonderhede van die geval weggelaat soos die ouderdom, sy voorkoms, sekere tyd van die dag en die name van die betrokke partye. Die fyn besonderhede van ʼn spesifieke geval word geïgnoreer en net die nodige word weergegee wat sou help om tot ʼn beslissing te kom (Bottéro 1992:171-172). Die Mesopotamiërs was in staat om selektief na ʼn spesifieke geval te let en om net op die universele belangrike feite te fokus (Bottéro 1992:172). Hierdie wetenskaplike metode was op empirisme gefokus wat niks anders as waarneming is wat oor ʼn lang tyd plaasgevind het nie (Bottéro 1992:172).

Bottéro is van mening dat die wetenskaplike verhandelinge in ʼn definitiewe orde en werklike sisteem ingedeel was. Alhoewel ons nie die redes verstaan van die orde van die plasing van die

[224] Voorbeelde van wat aangeteken was is "If a horse attempts to mount a cow....there will be a decline of the land" (Bottéro 1992:33)

bepalings in die versamelings nie, is daar soms tog vir ons hedendaagse denke ŉ logika van hoe dit geplaas is. Byvoorbeeld in LH, die gedeelte van aanranding volg na familie-aangeleenthede, want dit is die seun wat teen sy vader in opstand kom en wat sy hand teen sy vader oplig. Na aanranding volg vrye professies, want dit begin met die geneesheer wat wonde en kneusplekke moet behandel voortspruitend uit die vorige afdeling van aanranding. Hierdie dui dus op waarneming en dat die antieke Mesopotamiërs lineêre plasing verkies (Bottéro 1992:173). By die drie klasse die, *awīlum*, *muškēnum* en slaaf word die klasse in volgorde behandel - sien paragrawe 196 -199 van LH (Bottéro 1992:176).[225] Die hedendaagse mens plaas eerder ŉ hiërargiese volgorde rondom ŉ belangrike hoof-onderwerp (Bottéro 1992:173). Vir die antieke Mesopotamiërs gaan dit oor die noodsaaklikhede en universele. Hulle plaas "fantastiese hipoteses" in hulle werke om alles vooruit te sien. In hulle rol as memoriseerder moet hulle vooruit kan sien (Bottéro 1992:175).

Op grond van hierdie ontleding kom Bottéro tot die gevolgtrekking wat die doel en gebruik van hierdie wetenskaplike verhandelinge kan wees (Bottéro 1992: 177).[226] Die reg van die Mesopotamiërs was nie ŉ standpunt nie, maar ŉ gees van geregtigheid (Bottéro 1992:182). Hierdie gees van geregtigheid is verwoord in die beginsels van *mīšarum* en *kittum*. Hierdie beginsels kan saam met die *dīnāt mīšarum* op die regverdige besluite dui, waar die koning die belangrike plig vir sy aansien gehad het om geregtigheid daar te stel (Bottéro 1992:182-183). Daarom sien Bottéro die versamelings nie as ŉ wetversameling nie, want volgens hom het ons nie die woordeskat om die volle betekenis van die versamelings in een woord te omskryf nie (Bottéro 1992:183). Die versameling ŉ produk van ŉ skrywerskool is essensieel ŉ self verheerliking van ŉ koning, met ŉ politieke karakter waarin die visie om geregtigheid te laat seëvier ingebou is (Bottéro 1992: 183).

5.4.3.2.3 Westbrook se standpunte: sogenaamde "wetenskaplike verhandelinge"

Westbrook begin deur Kraus se standpunt aan te haal dat wanneer gelet word na LH, koning Hammurabi verwys na *dīnāt mīšarum* wat Kraus vertaal as "gerechte Richtersprüche" en wat

[225] Paragrawe 196 -199 van LH soos vertaal deur Roth (1997:121) lees as volg:
"196 If an *awīlu* should blind the eye of another *awīlu,* they shall blind his eye.
197 If he should break the bone of another *awīlu*, they shall break his bone.
198 If he should blind the eye of a commoner or break the bone of a commoner, he shall weigh and deliver 60 shekels of silver.
199 If he should blind the eye of an *awīlu*'s slave or break the bone of an *awīlu*'s slave, he shall weigh and deliver one-half of his value (in silver)".

[226] Bottéro se standpunte sal verder tot die teorie vir die besluite van die koning wat as regter optree hoort en terselfdertyd tot die propaganda van die koning.

Westbrook noem "regverdige regterlike besluite". Van naderby blyk dit dat hierdie beslissings nie werklik is nie en dat hulle georganiseer word in 'n enkele sin uitgebrei met 'n "logical extrapolation". Hierin word 'n verskeidenheid van teoretiese alternatiewe oorweeg (Westbrook 1985:251). Dit dui daarop dat hierdie 'n tipe van 'n akademiese metode is en dat dieselfde metode ook by voorteken-versamelings gevind word, genoem die *šumma izbu*. Volgens Westbrook is hy net soos Kraus van mening dat die versamelings en voorteken-versamelings deel van 'n sekere soort literatuur is wat "wetenskaplike verhandelinge"[227] genoem word (Westbrook 1985:252).

Divinasie was 'n wetenskap en die opeenhoping van voortekens was wetenskaplike navorsing.[228] Die kasuïstiese styl van beide die tekste, was die "wetenskaplike styl *par excellence*" waar konkrete individuele gevalle oorgedra is na die gebied van "impersonal rule" (Westbrook 1985:252).

Die skrywerskole van Mesopotamië was verantwoordelik vir hierdie wetenskaplike werke. Daar is vanaf LH so vroeg as Oud-Babiloniese tydperk, afskrifte van skooloefeninge gevind. Westbrook maak verder die stelling dat LH is direk, en soms woordeliks van LU en LL in die gees van die literêre tradisie geneem was. Westbrook beskou LE as afskrifte van skool tekste. Westbrook noem verder dat volgens Kraus is Hammurabi as 'n skrywer, eerder as 'n regter, uitgebeeld. Die bedoeling was om sy wysheid uit te beeld (Westbrook 1985:252).

Die siening dat die versamelings 'n produk van die skrywerskool was, pas ook in by die verklaring waarom die versamelings so ver as die Hittieteryk in Assirië en in Israel voorgekom het, omdat die skrywerskole wydverspreid, selfs tot in Kanaän, was (Westbrook 1985:252-253).
Die skrywerskole beskou Westbrook as die universiteite van die Ou Nabye Ooste waar die kulturele en literêre erfenisse bewaar, oorgedra en ontwikkel is. Soortgelyke versamelings wat by die Israeliete en Hittiete gevind word, het as inspirasie vir die skrywers gedien, wat in kontak

[227] Die woord wat Westbrook gebruik is "scientific treatises" (Westbrook 1985:252). Bottéro (1992:33) verwys ook na die wetenskaplike karakter van die "Lyste" en noem dat dit verteenwoordig universele dinge wat orale en altyd geldig sal wees en "Hence, the obtain their character of profound knowledge and of importance to objects in general, surpassing individuality, time, and space. Daarom het die "Verhandelinge", meer as die "Lyste" 'n wetenskaplike karakter. Dit sal beteken dat in 'n voorteken wat aangeteken is soos "If a horse attempts to mount a cow...there will be a decline of the land". Dit beteken nie dat eens op 'n tyd toe die perd probeer het om die "cow to mount" nie, die land in verval gegaan het nie, maar elke keer as die unieke gebeurtenis plaasvind sal die land in verval gaan (Bottéro 1992:33).
[228] Vgl. Speiser (1942:159-165) wat 'n geheelbeeld gee van die begin van die wetenskap van Mesopotamië. Speiser (1942:160) wys daarop dat wat verstaan moet word onder wetenskap lê opgesluit in die aard en doel van die tekste.

gekom het met koning Hammurabi se sogenaamde *magnum opus* gekom het (Westbrook 1985:253).

Westbrook verskil van Kraus in die opsig dat Kraus van mening was dat die versamelings suiwer wetenskaplik van aard is, terwyl Westbrook dit 'n stap verder neem en noem dat beide hierdie groepe aangewend is om as naslaangidse te dien (Westbrook 1985:253). 'n Lys van beslissings was saamgestel wat regters in moeilike sake as naslaanwerk kon gebruik het. Die koning was die regter of andersins was daar koninklike regters en hierdie koninklike howe, net soos ons hoër howe vandag, was versoek om oor moeilike sake te beslis. Daar is egter geen direkte bewys dat die versamelings soos die voortekens vir konsultasie gebruik was nie (Westbrook 1985:254).

Maar hierdie skrik nie Westbrook af nie en hy verdedig sy standpunt deur te noem dat die verskeidenheid van spykerskrif-tablette probleme oplewer weens die ontdekking en interpretasie daarvan, en verder dat die interpretasie van die voortekens 'n groter rol gespeel het en meer algemeen voorgekom as hofsake en daarom sal daar meer getuienis wees om beter lig op die voorteken-tekste te werp (Westbrook 1985:254-255).

Westbrook beskou die ontdekking van die Assiriese Wette as 'n versterking van sy standpunt. 'n Groot aantal dokumente van die Assiriese versamelings was by die “hekhuis” ontdek wat as die Hek van Šamaš geïdentifiseer is en beskou word om die plek van die “hofhuis” te wees. Hierdie beskou Westbrook vanweë die voorkoms en aard nie as 'n koninklike inskripsie of as 'n skoolteks nie (Westbrook 1985:255). Die versamelings is deel van die gemene wetenskaplike tradisies van die skrywerskole, maar met 'n praktiese doel om die koninklike regters in hoër howe in die beslissing van moeilike sake by te staan (Westbrook 1985:246-255).

5.4.3.3 Kritiek teen die teorie van die produk van die skrywerskool

Die teorie dat die versameling en inskripsies ’n produk van die skrywerskool is, wen hedendaags al hoe meer veld. Daar is geen direkte kritiek teen hierdie teorie nie. Die rede hiervoor kan wees dat die gees van geletterdheid danksy hierdie skole ontwikkel en versprei is. Wat ook al die uiteindelike doel van die onderskeie versamelings en inskripsies was, was dit in alle geval indirek ’n produk van die skrywerskole. Dit was die skrywers van hierdie skole, geskoold in di raamwerk van opleiding wat die versamelings en inskripsies opgestel, oorgeskryf en ander skrywers (geslagte) daarin opgelei het.

5.4.3.4 Samevatting van die teorie van die produk van die skrywerskool

Die ontdekking van die skryfkuns het nuwe geleenthede vir die antieke Mesopotamiërs laat ontstaan. Hulle kon die skryfkuns met vrug gebruik om onder meer ŉ gladde administrasie in ŉ toenemende komplekse saamlewing daar te stel. Die skrywerskole was ŉ direkte uitvloeisel hiervan. Mense moes opgelei word en hulle leermeesters moes iets gebruik om hulle mee op te lei.

Bottéro en Westbrook was van mening dat die versamelings wetenskaplike verhandelinge was wat in die skrywersskole ontwikkel en oorgedra was, in ŉ skolastiese tradisie as deel van die skool kurrikulum. Hulle het net verskillende klemverskuiwing gehandhaaf oor wat die koning en regters met hierdie wetenskaplike verhandelinge gedoen het.

Westbrook is van mening dat die wetenskaplike verhandelinge prakties gerig was om die regters/koning in hulle beslissing in sake by te staan. Bottéro het die versamelings as wetenskaplike verhandelinge beskou waarin die koning homself verheerlik oor hoe hy as koning geregtigheid wil en laat seëvier het.

5.4.4 Propaganda van die koning en die rol van die koning

5.4.4.1 Inleiding

Wanneer gelet word na die standpunte ten gunste van die koningskap ideologie en die koning se rol in regspleging, is dit opmerklik dat indien die koning beslissings neergelê het, dit of beskou word om in terme van die hedendaagse indeling van die positiewe reg, of die natuurreg gedoen word. Dit beteken reëls is deur die koning uitgevaardig soos ŉ persoon **regtens verplig** is om op te tree of hoe ŉ persoon **behoort** op te tree.

In die openingsreël van die Epos van Gilgamesj, soos vertaal deur Dalley (1989:50), word na Gilgamesj, die vyfde koning van die stad Uruk in ca. 2000 v.C. verwys en die volgende van hom genoem:

> [Of him who] found out all things, I[shall te]ll the land,
> [Of him who] experienced everything, [I shall tea]ch the whole.
> He searched (?) lands (?) everywhere.
> He who experienced the whole gained complete wisdom.

He found out what was secret and unconvered what was hidden,
He brought back a tale of times before the Flood.
He had journeyed far and wide, weary and at last resigned.
He engraved all toils on a **memorial monument of stone**. (my beklemtoning)
He had the wall of Uruk built, the sheepfold
O holiest Eanna, the pure treasury.
See its wall, which is like a copper band,
Survey its battlements, which nobody else can match,
Take the threshold, which is from time immemorial,
Approach Eanna, the home of Ishtar,
Which no future king nor any man will ever match!"

Gilgamesj het na sy beproewinge en prestasies alles op ʼn stele neergeskryf. Dit basis van teorie lê daarin dat die koning publiek uitgestalde literêre werke gebruik het om met sy eie prestasies te spog en te verklaar dat hy ooreenkomstig die mandaat wat die gode aan hom gegee het, ʼn regverdige koning is.

5.4.4.2 Standpunte ten gunste van die teorie van die propaganda van die koning

Die proponente van hierdie teorie is hoofsaaklik Finkelstein en Bottéro.

5.4.4.2.1 Ander skrywers

LU en LL verkondig beide die algemeen beginsel ten opsigte van die oorsprong van die koning se mag en magsuitoefening (Epsztein 1986:7). Steele (1948:446) noem dat die hoewel die proloë van LL en LH baie met mekaar ooreenstem ten opsigte van die struktuur en "general import" is die grootste verskil tussen LL en LH die verskillende verwysings na stede en gode. Waar daar by albei versamelings verwys word na die mag en gesag van die gode, Anu en Enlil, is daar 'n groot verskil in die openingsparagraaf waar die rol van goddelike bemiddeling aan Ninisinna in LL en Marduk in LH toegeken word (Steele 1948:446).

Die wetversameling moet saam met ander produkte van die koninklike administrasie gelees word, soos inskripsies en skuldkwytskeldings as koninklike apologie met politieke en historiese implikasies (Roth 1995:4).

LU, LL, versamelings van X, en LH het 'n "historiese literêre"" proloog en epiloog wat die koning se belangrike rol as die uitgekose administrateur van geregtigheid en bewaarder deur die gode met 'n politieke konteks uitbeeld (Roth 1995:2). Die epiloog en proloog se hoogs literêre styl en taal is in kontras tot die regs- en kontraktuele styl van die "wette" (Roth 1995:2).

Terselfdertyd beteken dit nie dat die epiloog en proloog wegstaan van die liggaam van versameling en dit dien die doel:

> ...to outline the historical circumstances that allow the ruler to present himself as a worthy recipient of the gods' favor and support (Roth 1995:2).

Die gode het absolute magte op die koning neergelê; daarom verwag die koning op sy beurt absolute lojaliteit van sy onderdane. As 'n voorbeeld hiervan verwys Roth (1995:2) na LH se proloog dat nadat koning Hammurabi geprys word, word die nadelige nagevolge uitgewys in geval van valse beskuldigings, daar word beklemtoon dat koning Hammurabi die reg het om die doodstraf neer te lê en die laaste bepaling wat aandui wat gebeur met 'n slaaf wat nie sy meester gehoorsaam nie (Roth 1995:2-3). Hierdie optredes bedreig die staat en samelewings se struktuur deurdat dit die koning en paterfamilias se gesag bedreig en moet gestuit word.

5.4.4.2.2 Finkelstein se standpunte

Finkelstein (1961:103) glo dat die versamelings propaganda was en waarin die koning sy "goddelike gekose mandaat" vervul het. Wanneer na LH, LU, LL en LE gelet word, word die vraag afgevra wat die verhouding tussen *mīšarum*-handeling en die versamelings is (Finkelstein 1961:101) ?[229]

Daar moet eers gefokus moet word met wat 'n *mīšarum*-handeling is? Vir dié doel word daar na die kronologiese verwikkelinge in 'n koning se heerskappy gelet om die verhouding te bepaal. In die eerste jaar van die koning se heerskappy word die *mīšarum* afgekondig (Finkelstein 1961:101). Hierdie behels hoofsaaklik kwytskeldings vir 'n beperkte tyd ten opsigte van spesifieke skuld en verpligtinge. Verder sal daar dalk bepalings wees wat prosedureel en meer permanent is, soos bepalings van die Ed Am. Terselfdertyd sal daar dalk afkondigings van 'n algemene en morele aard wees, soos bepaal word deur hulle “straf karakter”. Hierdie bepalings het die koning gehelp om sy openbare beeld as 'n *šar mīšarum* te bevorder. Dit het nie veel gedoen vir die sosiale en ekonomiese omstandighede van die land nie (Finkelstein 1961:102).

Finkelstein (1961:102) is van mening dat die afkondiging van so 'n handeling nie noodwendig saam met 'n formele teks gaan nie. Die sogenaamde “vleis” van die handeling wat hy as die “kwytskeldings bepalings” beskou het, is met die loop van die koning se regeringstyd deur middel van amptelike korrespondensie bekend gemaak.

[229] Finkelstein verwys na dit as *law codes*.

Nadat die *mīšarum*-handeling afgekondig was, is 'n amptelike teks opgestel met verskillende bepalings wat die *mīšarum* verteenwoordig het. Volgens Finkelstein (1961:102) het nie elke heerser dit noodwendig gedoen nie en Ed Am is een van daardie gevalle. Finkelstein (1961:102) is van mening dat dit nie 'n oorspronklike of kontemporêre bron was nie, maar dit is tot 'n mate retrospektief van aard.[230]

In LE word baie van die bepalings in die apodiktiese styl uiteengesit en minder in die kasuïstiese of die *tukumbi/šumma*-formulering. Paragrawe 1-21 handel hoofsaaklik met die ekonomiese- en kommersiële aktiwiteite. Die "*summa*" kom by "delikte" voor wat 'n regulatoriese wyse van hantering omvat.[231] Die regulatoriese deel in LE kan vergelyk word met paragraaf 8[232] van Ed Am, wat 'n meer permanente verandering te weeg wil bring (Finkelstein 1961:102). Daarom is dit vir Finkelstein (1961:103) moontlik dat LE net soos Ed Am (maar nie so direk soos Ed Am nie) ook ʼn *mīšarum*-handeling was. Die versameling gedeelte was later as die *mīšarum*-handeling gedateer (Finkelstein 1961:103).

Volgens Finkelstein (1961:103) was die versamelings nie wetgewend nie. Hy verwys na die proloog en die epiloog en noem dat dit suiwer historiese en godsdienstig was. Finkelstein (1961:103) sien die versamelings eerstens as koninklike propaganda of "-testamente". Die primêre doel was om vir die publiek te wys dat die voorspoed van die land op die koning se mandaat gevestig is en dat die koning die getroue skaapherder is, die *sar mīšarum* is. Vir Finkelstein is dit opmerklik dat geen regters of amptenare deur die versameling tot verantwoording geroep word nie. Dit is vir Finkelstein (1961:103) "natuurlik" dat daar in die versameling terug verwys sal word na die *mīšarum* wat die koning in die begin van sy regeringstydperk afgekondig het.
Baie van die bepalings in LH is daarom niks meer as morele afkondigings nie, maar daar is ook sekere ekonomiese hervormings wat permanent van aard blyk te wees soos paragrawe 100, 215-277 van LH. Dit is hierdie wat ook deel van die *mīšarum* kan wees (Finkelstein 1961:103).

---

[230] LE staan tussen Ed Am en die drie laer Mesopotamiese versamelings. LE het op die oog af nie die kwytskeldings bepalings nie, wat Ed Am wel het (Finkelstein 1961:102).
[231] Vgl. paragrawe 5-6 bote en paragraaf 9 arbeid in vergelyking met Ed Am paragrawe 15, 16 en 14. (Finkelstein 1961:102)
[232] Bepaling 8 van Ed Am soos vertaal deur Pritchard (1955: 527) lees as volg: "An Akkadian or an Amorite who has received barley, silver, or (other) goods either as merchandise for a commercial journey, or as a joint enterprise for a production of profit, ... his document is not voided (by the *misharum* act); he must repay in accordance with the stipulations of his agreement".

Finkelstein (1961:103) noem dat hy nie hiermee wil sê dat 'n litigant dit in 'n saak kan gebruik nie. In so 'n geval meen hy dat dit eerder morele- as regsgesag sal dra. Daarom was net die oorspronklike *mīšarum* die effektiewe handeling of gebeurtenis. Hy verduidelik dit aan die hand van 'n tempel wat gebou word. LH was so 'n koninklike inskripsie en hy verwys na die *narū* van die epiloog in LH wat na die voorspoed en gode verwys. Die publikasie van LH was dus nie 'n gebeurtenis nie (Finkelstein 1961:103).

Die *mīšarum*-handeling is beskou as 'n belangrike deel van die Oud-Babiloniese tyd se ekonomie (Finkelstein 1961:103). Hierdie handeling word nie in die private briewe en -dokumente gevind nie. Dit word gevind waar die koning aanspraak maak dat hy 'n *šarrū mīšarum* is en daarom het dit in die sogenaamde "wetkode-geskrifte" voorgekom (Finkelstein 1961:103).

Urukagina van Lagaš se inskripsie ("hervorming") is net soos LH retrospektief (Finkelstein 1961:104). Finkelstein noem dat koning Urukagina het vryheid vir sy mense van Lagaš geskep: **ama.gi$_4$ e-gar** en sy Akkadiese ekwivalent *andurāram šakānum*. Finkelstein (1961:104) noem dat hierdie het baie in die *mīšarum* handelinge in die datum *formulae* en inskripsies voorkom.

In LU vind ons ook die koninklike *mīšarum*-handelinge soos waar daar in die proloog melding gemaak word van verskeie onregverdighede en misbruike wat die koning verban het. Soortgelyke dele word ook in Urukagina se teks gevind (Finkelstein 1961:104).

Finkelstein (1961:104) noem dat die *mīšarum*-handeling oral in die Ou Nabye Ooste gevind word, waar net sy formaat en voorkoms varieer. Die LU verteenwoordig 'n oorgangsfase. Dit het karaktertrekke van die vorige styl, soos Urukagina se teks waar daar vertel word van die hervormings en dit een vir een met hipotetiese regsake gekombineer word. Daar is stilistiese ooreenkomste waaronder heel waarskynlik 'n skolastiese tradisie lê was nie veel verskillend van die ander "ensiklopediese" aktiwiteite is nie, soos die versameling en kanonisering van lyste. By LL verander die styl waar daar dieselfde narratiewe hervorming van die proloog gevind word, maar verminder tot die algemene standpunt ten opsigte van die koning se sosiale geregtigheid. Hier word grootliks die hoofdeel/wette benadruk en dien as 'n bewysmiddel van die koning se bewussyn van geregtigheid (Finkelstein 1961:104).

5.4.4.2.3 Oppenheim se standpunte

Oppenheim (1964:231) noem dat wanneer daar na die versamelings[233] gekyk word is dit onmiddellik ooglopend dat die oorneem van die orale tradisie en -praktyke deur die geskrewe reg, die sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede in lyn met die reg gebring is. Oppenheim (1964:158) is van mening dat die versamelings waarna hy verwys, nie op enige direkte verhouding met die regspraktyke van Antieke Mesopotamië wys nie. Hy (1964:158) is van mening dat dit meer op 'n tradisionele literêre uitdrukking van die koning se sosiale verantwoordelikhede dui en terselfdertyd wys dit dat die koning bewus was van die tekortkominge in sy ryk. Hierdie versamelings dui op sogenaamde sosiale kritiek en moet nie in dieselfde lig gesien word as die Bybelse- en Romeinse Wetkodes nie (Oppenheim 1964:158).

5.4.4.2.4 Bottéro se standpunte

Bottéro (1992:50) beskou die inskripsies as ʼn volledige versameling wat wys op die wysheid en die regsin van ʼn koning wat die "jurisprudensie" wou bewaar het en om as modelle te dien vir diegene wat in die posisie is om regsbeslissings te vel.

Bottéro (1992: 160) noem dat ten opsigte van LH, waarvan daar vele afskrifte selfs ʼn duisend jaar later ontdek is, dit daarop dui dat die skrywers dit meer as net normatief of wetgewend beskou het. Bottéro se standpunt is dat LH was ʼn sinteses en ʼn produk van die skrywerskole. LH het ʼn godsdienstige komponent bevat, maar hoofsaaklik was dit om aan te toon hoe die koning homself verheerlik het. Bottéro is eens dat dit nie wetgewend van aard in die hedendaagse sin is nie. Wat vasstaan, is dat dit bewonder is as ʼn voorbeeld om na te volg en dit waardevol genoeg geag is om oorgeskryf en vir nog ʼn duisend jaar versprei is nadat dit die eerste keer geskryf is. Dit kan wees dat die Mesopotamiërs in dit die herinneringe van ʼn groot koning gesien het, wat die ideëel aard van die "werk van die koning" weerspieël. In dit kon die Mesopotamiërs die leringe sien van ʼn "groot meester van jurisprudensie", die wetenskap en kuns van regterskap, met ander woorde hoe om geregtigheid aan te wend (Bottéro 1992: 184).

5.4.4.4.5 Westbrook en Roth se gekwalifiseerde standpunte: sogenaamde "godsdienstige-historiese raamwerk"

Westbrook is van mening dat die bepalings van die versameling en die proloog-epiloog gedeelte in twee dele verdeel kan word. Die bepalings noem hy die "sentrale regskorpus" (Westbrook

[233] Oppenheim verwys na "codes".

1985:250). Hierdie “sentrale regskorpus” is deur die juriste van die Mesopotamiese samelewing opgestel en die proloog-epiloog gedeelte deur die tempel- of hof digters. Die “sentrale regskorpus” het reeds onafhanklik bestaan met 'n onafhanklike oogmerk en was bloot in hierdie “raamwerk” ingepas om 'n nuwe doel te dien. Die doel was om as 'n "royal apologia" te dien.[234] Westbrook noem hierdie samestelling 'n proses wat binne-in 'n “godsdienstige-historiese raamwerk” geplaas is (Westbrook 1995:251).

Roth sluit aan by die standpunt dat die proloog-epiloog en die liggaam van "wette" op hulle eie kon bestaan het. Sy vra die volgende twee vrae naamlik:

a. Beteken dit dat daar twee verskillende geskiedenisse van oordragte plaasgevind het

b. Is die twee onafhanklike dele deel van primêre of sekondêre ontwikkeling, waar daar 'n onafhanklike koninklike literêre komposisies aan die liggaam van wette geplaas is om nou 'n nuwe dokument te vorm? Of was die verskillende dele van die dokumente net vir verskillende lede van die gehoor bedoel en daarom was dit onafhanklike uitdrukkinge? (Roth 1995:16-17).

Roth gaan voort en noem die verskillende groepe wat deur hierdie monumentale vonds geraak word. Eerstens het die gode aan koning Hammurabi die administrasie toevertrou om die beginsels van *kittum u mīšarum* teenoor die mense van die land uit te leef. Koning Hammurabi wat die monument opgerig het, het ten doel gehad om sy veroweringe en prestasies aan te teken en homself so te verheerlik. Hy noem verder dat hy as verlosser van die slagoffers van onreg en die verdruktes optree, om so 'n teken van hoop te wees vir diegene wat ly en dat hy, Hammurabi na hulle sal omsien (Roth 1995:17). Die vasaalstate en hulle inwoners word ook geraak en herinner aan die fisiese teenwoordigheid van die monument en dat koning Hammurabi oor hul regeer (Roth 1995:18-19).

5.4.4.4.6 Zaccagnini se standpunte

Zaccagnini ondersoek die verhouding tussen die koning en die gode. In die lig van LH maak Zaccagnini (1994:271) die afleiding dat daar ’n “diep funksionele verhouding” is met die koning as wetgewer en met die gode wie se taak dit is om regverdigheid, morele orde en sosiale gelykheid in belang van die mensdom te verseker. Die koning gee aan homself die erkenning dat hy die lof verdien. Laastens word daar “algemene beginsels” gepromulgeer wat die koning inspireer en wat as die basiese riglyne vir sy wette dien. Die goddelike inspirasie speel ’n groot

234 Hierdie beskou Westbrook (1995:251) as 'n "erkende proses" wat by die Bybelse Wetkodes voorgekom het.

rol in die versamelings en skep ’n verband tussen die sfeer van die gode en die menslike wêreld ten opsigte van aangeleenthede soos reg, geregtigheid, gelykheid, ensovoorts (Zaccagnini 1994:272). Hierdie goddelike inspirasie kom ook voor waar die Mesopotamiese koning ’n groot projek aanpak, soos oorlogvoering, bou van ’n paleis, herstelling van tempel, uitgrawe van kanale en die uitvaardiging van wette (Zaccagnini (1994:273). Maar nieteenstaande die goddelike inspirasie aanvaar die koning altyd die lof en krediet daarvoor soos in LH waar koning Hammurabi dit stel: “[These are] the just laws which Hammurabi, the able king, has established, thus enabling the land to take the right direction and a good way of life” Soortgelyke uitdrukkings kan ook by LU en LL gevind word (Zaccagnini (1994:273).

5.4.4.3 Kritiek teen die teorie van die propaganda van die koning

Finkelstein het genoem dat LH net 'n tradisionele manier van koninklike propaganda nagevolg het, wat ook by LU, LL en LE voorgekom het. Westbrook se kritiek teenoor Finkelstein is of sy standpunt kan beteken dat daar 'n gemene literêre en regstradisies was wat deur die konings van hierdie gebied uitgevoer was (Westbrook 1985:248). Westbrook noem dat hy nie met so 'n siening en afleiding kan saamstem nie. Die proloog en epiloog wat noodsaaklik is om 'n afleiding te maak dat die doel is om 'n koninklike inskripsie te wees kom nie by die versamelings na LH en selfs by LE voor nie. Vandag besit ons afskrifte - en nie net fragmente nie - van hierdie versamelings wat daarop dui dat dit nie 'n proloog of epiloog gehad het nie. Westbrook is van mening dat die “tradisionele literêre patroon” nie na LH voortgesit is nie, as dit ooit al bestaan het (Westbrook 1985:250).[235] Die afwesigheid van die proloog en epiloog by van die geskrewe versamelings dui daarop dat die sogenaamde "royal apologia" nie die primêre doel van die opstel daarvan was nie. Westbrook glo dat die proloog-epiloog en die liggaam van die versamelings is deur twee verskillende skrywersgroepe geskryf.[236]

5.4.4.4 Samevatting van die teorie van die propaganda van die koning

Finkelstein (1961:103) se siening was dat LH nie wetgewend was nie, maar eerder deel was van die literêre werke en koninklike propaganda. Hy steun sy standpunte op grond daarvan dat die versameling aan die einde van sy regeringskap geskryf is en dat die doel van die versameling

[235] Westbrook het Paul se standpunte aangehaal wat die Mesopotamiese versamelings en die Bybelse wetkodes vergelyk het en tot die slotsom gekom dat die Bybelse wetkodes nie op die Mesopotamiese versamelings geskoei is nie en dat daar ander modelle moes bestaan het soos die ONO verdrae (Westbrook 1985:251).
[236] Sien Westbrook se gekwalifiseerde standpunt ten gunste van die koninklike propaganda teorie in hoofstuk 5.

was om aan die publiek uitgestal te wees en getuienis van sy grootheid vir latere geslagte te wees. Die heel belangrikste doel van hierdie monument is dat dit dien as koninklike ratifikasie dat hy as koning en *sar mīšarum*, die "skaapherder", mag regeer. Hy noem verder dat LH net 'n tradisionele manier van koninklike propaganda gevoer het, wat ook by LU, LL en LE voorgekom het. Die grootste kritiek teenoor Finkelstein is Westbrook (1985:248) wat van mening is dat LE en LH nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie, want hulle is nie deel van dieselfde groep nie.

Bottéro (1992:50) voer aan dat die koning die versamelings wou laat dien het as modelle vir die koninklike regters om hulle te lei in hulle beslissings en moontlik in die koning as die groot meester van jurisprudensie se leringe.

Oppenheim (1964:158)sien dit as sosiale kritiek en dat dit die koning se literêre uitdrukking van sy sosiale verantwoordelikhede is.

Westbrook (1985) en Roth (1995) se standpunte ten opsigte van die proloog en epiloog, soos gevind by LU en LH, was verder gekwalifiseerd tot hierdie teorie. Daar moet volgens die skrywers onderskeid getref word tussen die poësie-werk van proloog-epiloog waar die koning bevestig dat hy die *kittum u mīšarum* van die land spreek en die wette of bepalings gedeelte wat apart hiertoe staan.

Zaccagnini (1994:271-273) het in sy ondersoek van die verhouding tussen die koning en die gode in die versamelings daarop gewys dat nieteenstaande die goddelike inspirasie wat die koning ontvang, die koning aan homself die erkenning gee vir sy prestasies en veroweringe. Die versamelings is koninklike propanganda.

5.5 SAMEVATTING

Die Mesopotamiese samelewing het ʼn onbepaalde lang tydperk van ongeskrewe reg gehad. Met die ontdekking van die skryfkuns en die samelewing wat al hoe meer kompleks geraak het, is die skryfkuns as ʼn groeiende noodsaaklikheid ontwikkel totdat dit sover ontwikkel het dat dit geleidelik ʼn nuwe wending in die regstradisies van die Ou Nabye Ooste se volkere gehad het.

Daar is egter meningsverskil oor hoe ver die geskrewe medium se invloed op die reg ontwikkel het. Dit is hier waar die vraag wat die posisie van die versamelings en inskripsies as ʼn bron tot die Mesopotamiese regstradisies inkom.

Die verskillende teorieë het ook verskillende klemverskuiwings. Sommige geleerdes is van mening dat die skryfkuns het meegebring het dat die reg hulle posisie in die versamelings gevind het en dat die versamelings ʼn bron van die reg is en die inskripsies op werklike historiese gebeurtenisse dui. Ander is weer van mening dat die versamelings se bepalings op wysiging op die gewoontereg of dele daarvan dui. Dit word nog steeds as ʼn bron geag

ʼn Ander groep geleerdes beskou die versamelings as riglyne vir die regter of koning om hom te help om beslissing te maak of waar die koning self gevalle beslis het en as die groot meester van jurisprudensie dit met ʼn selfverheerlikingsdoel laat opstel en neerskryf het.

Die mees siniese groep geleerdes is van mening dat die versamelings en inskripsies bloot koninklike propaganda is met min of geen historiese waarde.

DEEL II

HOOFSTUK 6

VERSKILLENDE METODOLOGIEË VIR DIE INTERPRETASIE VAN DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES

> "Every scholar, adhering closely to clear methodological criteria, may put the comparative method and also the results of other scholars' comparative studies to objective tests, without his hands becoming entangled in apologetic and pseudorthdox tendencies which have no place in scientific research."
> *(Malul 1990:160)*

In hierdie hoofstuk word in 'n omvattende literatuurstudie enkele metodologieë van geleerdes ten opsigte van die verskillende teorieë van die posisie van die versamelings en inskripsies in antieke Mesopotamiese regstradisies uiteengesit. Dit dien as voorbeeld vir verskillende interpretasie moontlikhede wat metodologieë vir ons kan bied om die versamelings en inskripsies as 'n moontlike bron binne die Mesopotamiese regstradisies te plaas. Die multi-sintuiglike kommunikasie en simboliek in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies word uitgelig as moontlike nuwe uitdagings om in metodologieë gebruik te word.

6.1 INLEIDING

Sedert die ontdekking van die Mesopotamiese spykerskrif tablette het geleerdes in hulle spesialiseringsvelde verskillende vergelykende metodes toegepas in die bestudering van die versamelings en inskripsies. Delitzch het in 1901 'n ongekende debat ontketen met sy vergelyking van die Bybel en Babilon. Verskeie geleerdes soos Driver & Miles (1952, 1975), Diamond (1933, 1951), en Goetze (1949), en andere van die verlede, sowel as hedendaagse skrywers soos Westbrook (1994), Jackson (1980) en Malul (1988, 1990), bou steeds voort om 'n vergelyking tussen hierdie twee samelewings te tref.[237] Daar is 'n tendens om nie meer 'n

[237] Vgl. Boecker (1980), Epsztein (1986), Hertz (1928). Bottéro (1992:27) noem dat die rede hiervoor is dat die Westerse samelewing komende van die Christendom is en die Christendom is weer beïnvloed deur die Bybel en Hellenisme. Die Bybel word gereken as die "absolute en totale waarheid", omdat dit as die "oudste boek op aarde", geskryf is "onder die inspirasie van God", soos Hy dit "openbaar" het. "...many of our contemporaries undoubtedly still do not think, to search beyond what it tells us about our oldest ancestors of the Israelite branch - not to mention what it says about the very beginning of time" (Bottéro 1992:27). By Hellenisme wat aanvanklik beskou is as die "wonderwerk", waar die Grieke dinge van amper niks af uitgevind het, en noem Bottéro verder dat alhoewel die

algemene vergelyking sonder voorbehoude tussen hierdie samelewings te maak, nie, vanweë die gevare wat dit inhou in die interpretasies en gevolgtrekking van so 'n vergelyking.[238]

Daar word aan die hand gedoen dat elke persoon in die begin van 'n vergelykende studie reeds 'n idee het wat hy of haar se uiteindelik doel is en wie se gevolgtrekking hierdeur grootliks beïnvloed word.[239] So byvoorbeeld, as na die beroemde stele van Hammurabi gelet word, word versamelings gereeld teenoor hierdie monument vergelyk. Die monument word selfs deur leke en regsgeleerdes van oorsese universiteite as die bekendste getuienis van die Mesopotamiese regstradisies en - geskiedenis gesien (Roth 1998:19,21-24)

Verder dat die versameling/instruksie wat 'n mens die beste ken die uitgangspunt sal wees om 'n vergelyking met 'n ander te maak. Dit sal beteken dat ander versamelings/instruksies gereduseer sal word om te pas by die kenmerke en funksies van die versameling wat die vertolker die beste ken. In 'n vergelykende metode kan daar dus nie 'n ewewig wees nie. Daarmee word bedoel dat elke konsep wat vergelyk word, nie gelyke status kan verdien nie. Die een konsep sal altyd meer aandag en status geniet, want dit is die konsep waarteen die ander een afgespeel word. Dit kan 'n skewe beeld gee in die gevolgtrekkings en interpretasies van die versamelings of instruksies wat ondersoek word (Sien Malul 1990:1-6 en 22-36)

Enkele vergelykende metodes sal kortliks uiteengesit word met die doel om te illustreer hoe met so 'n metode die gevolgtrekking wat bereik word, die posisie en funksie van die versamelings en instruksies beïnvloed kan word. Dit dui ook aan dat daar by elke vergelykende metode met versigtigheid omgegaan moet word deurdat dit nie net 'n voorafgaande standpunt ondersteun of een versameling/instruksie "bevoordeel" ten koste van die besonderse aard van 'n ander versameling/instruksie nie.

Wat die metodologie van die studie van die Mesopotamiese versamelings betref is daar hedendaagse skrywers soos Roth (2001) wat fokus op die saak-metode (*infra*) deur terselfdertyd te let op die sosiale kategorieë wat ʼn direkte invloed kan hê op die interpretasie van ʼn dokument

---

geleerdes in die Hellenistiese studies al van hierdie gedagtegang bewustelik afgesien het, blyk dit as na gekyk word wat hulle skryf "... many scholars are still more or less consciously indoctrinated by this amazing idea and do not feel any urge to investigate beyond the superhuman Greeks in the direction of the "Barbarians"..." (Bottéro 1992:27-28).

[238] Sien in die verband Meir Malul (1990) se beklemtoning van die gevare wat so 'n vergelyking inhou en voorstelle hoe vergelykings beter gedoen kan word en Jackson (1968, 1980, 1982) wat in verskeie artikels verskillende wyses van interpretasies voorstel.

[239] Malul (1990) het in ʼn omvattende studie die verskillende hoofbenaderings van metodologie in die Ou Nabye Ooste bespreek.

en beslissing van Mesopotamiese bronne. Malul (1988) en Hibbits (1992)[240] lê klem op die simboliese en multi-sintuiglike kommunikasie, wat somtyds deur geleerdes misgekyk word, as ʼn belangrike ondersoekveld om ʼn ander benaderingswyse vir interpretasies van Mesopotamiese bronne te verskaf. Wanneer skrywers soos Malul (1990 & 1988) en Jackson (1968, 1972, 1980, 1982) vergelykende studies tussen die Mesopotamiese versamelings en die Bybelse wetkodes maak, doen hulle dit met groter omsigtigheid. Wyduiteenlopende perspektiewe en benaderings bespreek deur Westbrook (1994), Roth (1987, 1991-1993, 1995, 1998, 2001), Jackson (1968, 1972, 1980, 1982), Sassoon (2001), Malul (1988 en 1990), ensovoorts word vandag onderneem, danksy die pionierswerk van geleerdes soos Goetze (1949), Landsberger[241], Kraus[242], Koschaker[243], Haase[244], ensovoorts.

6.2 GOETZE SE SISTEEM VAN STATE

Goetze (1949:117) noem dat met die bestudering van verhoudinge in ‘n vergelykende studie daar baie probleme voorkom en hy noem dat “identiese omstandighede kan lei tot parallelle, maar nogtans onafhanklike resultate.” In die Mesopotamiese regstradisies is die moontlikheid vir variasies beperk, veral wanneer die politiese en ekonomiese omstandighede dieselfde blyk te wees (Goetze 1949:117).

Goetze hou voor dat die bewys van interafhanklikheid net met spesifieke gevalle bewys word kan, aangesien algemene ooreenkomste nie genoegsaam is nie. Indien interverhoudinge bewys word, sal dit ʼn indirekte - in plaas van 'n direkte - verhouding wees (Goetze 1949:117).

'n Voorbeeld van 'n indirekte verhouding waar daar 'n vergelykende studie plaasvind, is die geval waar die vader nie meer die toekomstige bruidegom wil toelaat om met sy dogter te trou nie. In LL (Sumeries) (paragraaf 29[245]) word bepaal dat die *terhatum* terug gegee moet word, maar dat

---

[240] Sien in hierdie hoofstuk *infra* waar hierdie kommunikasiemediums en simboliek in die Mesopotamiese regstradisies uiteengesit word.

[241] Sien Landsberger B. 1939. *Die babylonischen Termini für Gesetz und Recht* in Symbolae P Koschaker. Leiden:Brill. 219-234.

[242] Sien Kraus F R. 1960. Ein zentrales Problem des Altmesopotamischen Rechtes: Was war der Codex Hammurabi. *Genava* VIII:283-296 en Kraus F R. 1939. *Die Babylonischen Termini für Gesetz und Recht* in Friedrich J, Lautner J G en Miles Es. (ed.) Symbolae Paulo Koschaker dedicatae (Studia et documenta ad iura orientes antiqui pertinentia 2) Leiden, p 219-234.

[243] Sien Koschaker P. 1917 *Rechtsvergleichende Studien zur Gesetzgebung Hammurapis*, Königs von Babylon. Leipzig. Koschaker P. 1923-24. *Beträge zum altbabylonischen Recht.* ZA. 192-212.

[244] Sien Haase R. 1965 Einführung in das Studium keilschriften Rechtsquellen. Weisbaden.

[245] LL paragraaf 29 soos vertaal deur (Steele 1948: 442-3) lees as volg: “If a son-in-law has entered the house of his (prospective) father-in-law and he made his betrothal and afterwards they made him go out (of the house) and gave his wife to his companion; they shall present to him the betrothal gifts which he brought and that wife may not

'n ander man nie met die toekomstige bruid mag trou nie. In LE (Akkadies - paragraaf 25[246]) word bepaal dat die *terhatum* teruggegee moet word, maar in 'n waarde van twee keer so groot en dat die toekomstige bruid by implikasie met iemand anders mag trou. In LH (Akkadies - paragraaf 160[247]) word ook bepaal dat die *terhatum* teruggegee moet word en net soos by LE in 'n waarde van twee keer so groot en dat die toekomstige bruid met iemand anders mag trou. Goetze som op dat by LL is 'n verlowing net so bindend as 'n huwelik, terwyl onder die Akkadiese versamelings die verlowing met strafbepalings verbreek mag word (Goetze 1949:118).

Daar is baie soortgelyke gevalle en dit blyk dat in die Ou Nabye Ooste dieselfde oortredinge met dieselfde frases beskryf word. Goetze noem dat daar nie 'n parallelle ontwikkeling, wat deur amper dieselfde standaarde van 'n samelewing veroorsaak is, plaasgevind het nie en dat daar meer tot die probleem behoort te wees. Die reg is een van die vele aspekte van die samelewing wat bestudeer kan word en kan net behoorlik verstaan word sou dit teen die agtergrond van 'n samelewing bestudeer word (Goetze 1949:119).

Goetze se oplossing is dat met die opgrawings wat gedoen is, daar meer lig op die periode tussen die Koninkryk van Ur en -Babilon gewerp is. Uitgrawings in die Diyala-streek, Tell Abu Harmal en by Mari gee wyer perspektiewe aan hedendaagse geleerdes. Dieper insigte in die sosiale en etniese strukture kan gevind waar die sisteem van state gerekonstrueer word (Goetze 1949:119).

Die Amarna periode was 'n tydperk van oorlogvoering wat meegebring het dat die Ou Nabye Ooste opgebreek was in ʼn stryd tussen groot stede wat hulle eie nasionaliteit probeer vestig het. Daar was verskillende klein konings, maar hul name dui daarop dat hulle tot dieselfde etniese

---

marry his companion".

[246] LE paragraaf 25, soos vertaal deur Eichler (1987:76), lees as volg: "If a man claimed consummation of the marriage but his father-in-law *wronged* him and gave his daughter to [another], the father of the girl shall return the bride-money he received two-fold." Sien ook Eichler (1987:76) en die res van die artikel waar die literêre eenheid van sommige van die bepalings bepaal en bespreek word. Eichler (1987:72) is van mening dat daar twee onderliggende beginsels is wat in ʼn vergelykende studie van versamelings ʼn rol speel. Eerstens is die sogenaamde beginsel van "polar cases" waar die standpunt van Finkelstein geopper word dat die versamelings bevat ʼn groep sake waarvan die verskeidenheid maksimaal is en tweedens is die beginsel waar daar ʼn regstandpunt gemaak word waar die individuele sake in verband met mekaar gebring word. Eichler (1987: 72-73) is van mening dat tussen LH en LE daar sekere bepalings is wat "basiese strukturele ooreenkomste met mekaar toon. Verder kom Eichler (1987: 83-84) tot die gevolgtrekking dat LH in vergelyking met LE uitgebrei is vanweë die invloed van skolastiese besprekinge.

[247] LH, paragraaf 160 soos vertaal deur Roth (1995:111) lees as volg: "If a man has the ceremonial marriage presentation brought to the house of his father-in-law and gives the bridewealth, and the father of the daughter then declares,: "I will not give my daughter to you," he shall return twofold everything that had been brought to him".

vlak in die bevolking van 'n baie groot area behoort het. Die afleiding kan gemaak word dat alle samelewings van daardie tyd wette gehad het, wat die koning afgekondig het.

Volgens Goetze het 'n vorige generasie geleerdes die mening gehuldig dat LH en die Verbondkode[248] daarop dui dat daar intieme kulturele verhoudinge geheers het wat die lande van die Ou Nabye Ooste in die 14de eeu v.C. verenig het tot 'n tydperk wat die Amarna-periode genoem word. Hierdie geleerdes het geglo dat die Sumeries-Akkadiese samelewing oorgeneem is en later die regsgebruike na die weste versprei het (Goetze 1949:120). Goetze (1949:120) stem egter nie saam nie en noem dat die 14de eeu v.C. is te ver verwyderd van die tydperk van Hammurabi en die Verbondkode is om te argumenteer dat daar 'n verhouding tussen die Babiloniese- en Israelitiese regstradisies was.

Die prinse het tot een klas heersers behoort wat deel van die Sumeries-Akkadies samelewing was. Die konings het wette uitgevaardig wat nou aan mekaar verwant was en het op hul beurt ander nabye volkere beïnvloed.

> What they had in common was, we know now, due to heritage from preceding period; the Amarna Age continues, on a reduced scale, conditions which had existed four centuries earlier in what may justly be called the Mari Age (Goetze 1949:120).

Goetze het in ’n vergelykende studie tussen die verskillende versamelings en groepe van die Ou Nabye Ooste nie op die inhoud van die paragrawe van die versamelings gefokus nie, maar ’n baie wyer vergelyking getref deur na die oorsprong van die sosio-ekonomiese lewe van die heerserklas te let.

6.3 JACKSON SE KOGNITIEWE ANALISE

Jackson (1980:349-350) het 'n ander benadering vir vergelyking tussen die verskillende versamelings - die sogenaamde kognitiewe analise - voorgestel. Dit is 'n metode wat nog nie by Antieke Regstudies gebruik is nie en meer by Psigiatriese Studies tuishoort.

Jackson (1980:349) voer aan dat die opstel van regsdokumente het sy eie sogenaamde interne geskiedenis wat in analoog met die kognitiewe vaardighede van 'n kind gebring kan word.[249]

---

[248] Exodus 20-23 en word in Engels as die *Covenant Code* verwys. Sien ook hoofstuk 5 - “Die geskiedkundige verloop van die ontwikkeling van teorieë vir versamelings” in ‘n voetnoot waar die verbondsboek en ander wetkodes van die Bybel kortliks uiteengesit word.

[249] Met hierdie kognitiewe analise-vergelykende benadering noem Jackson (1980: 351-353) drie teoretiese

Daar vind nie 'n sogenaamde universele opvolging ten opsigte van hierdie vaardighede plaas nie, maar daar is wel 'n verskeidenheid van "sensori-motor and prelogical stages" (Jackson 1980:350).

Die eerste stadium is waar die kind op sewe-jarige leeftyd die "konkrete intellektuele handeling"-stadium bereik. Met puberteit op ongeveer elf of twaalf jaar bereik die kind die "abstrak intellektuele handeling"-stadium (Jackson 1980:350). Hierdie vlakke bou op mekaar voort en gee volgens Jackson (1980:351) aan die teorie 'n "evolusionêre karakter".

In die "conventional historical assessments" word die verwysing van die konkreet na abstrak as 'n algemene bepaling gevind (Jackson 1980:351). Hierdie metode het Jackson (1980:354) gebruik om vergelykings tussen LE, LH, HL,[250] die Bybelse wetkodes, die vroeë Romeinse reg wat die Twaalf Tafels en die *Lex Aquila* insluit, te maak.

Daar moet in die vergelyking na konkrete intellektuele handelinge gelet word. Elke probleem word in isolasie bestudeer en daar word op een aspek op ‘n slag gefokus. Jackson noem dat daar aandag gegee moet word aan 'n enkele variasie voordat na meervoudige variasies gelet word. As 'n voorbeeld dui Jackson aan dat HL[251] aparte voorsiening maak vir bulle en perde (paragrawe 57 & 58),[252] maar dit kom op dieselfde feite neer. In die grammatikale struktuur kan opstellers in HL net op een variasie op 'n slag fokus en moet hulself herhaal (Jackson 1980:355).

---

oorwegings wat by die benadering gevind kan word. Die eerste oorweging handel oor die evolusie status van die ontwikkelde patrone. Die ontwikkeling van die opstel van regsdokumente reflekteer nie die kognitiewe ontwikkeling van die mensdom nie (Jackson 1980:351). Die tweede oorweging is dat dit nie 'n vorm van Darwinisme is, wanneer 'n parallelle studie gemaak word tussen die kognitiewe vaardighede van die hedendaagse kind en die ontwikkeling van kultuurgoedere in die verlede nie (Jackson 1980:352). Met ander woorde dit beteken nie dat as met die analise van 'n versameling dit blyk dat in sekere aspekte die kognitiewe ontwikkeling van bv. 'n kind vorm, dit daarop wys dat die opstellers op hulle volwasse ouderdom verstandelik gestrem of 'n kind van daardie ouderdom was nie (Jackson 1980:352). "We are claiming merely that in the sphere of legal drafting he had achieved his capacity to that particular level" (Jackson 1980:352). So 'n opsteller kan bv. wel op ander gebiede abstrakte denke genereer en daartoe in staat wees (Jackson 1980:352). Hierdie vergelykende metode is nie om te sê dat dit die totale intellektuele ontwikkeling van die gegewe periode was nie (Jackson 1980:352). Derde teoretiese oorweging en vraag is - wat is die metodologie, waarna kan ons kyk en watter bronne kan ons gebruik? (Jackson 1980:353). Jackson (1980:353) stel voor dat daar na die geskrewe-, mondelingse en nie-linguistiese aspekte gelet moet word.

[250] Versameling van Ešnunna, Hammurabi en die Hittitiese Versameling.

[251] Hittitiese Versameling, gewoonlik in Engels na *Hittite Laws* verwys.

[252] HL paragrawe 57 & 58 bepaal as volg: 57.) “If anyone steals a bull…they would formerly give 30 bulls; now they give 15.
58.) “If anyone steals a horse … they would formerly give 30 horses; now they give 15. Vertaal deur Goetze en aangehaal deur Jackson (1980:52).

In LH, paragraaf 8[253] was daar 'n invoeging van 'n meervoudige variasie waar 'n geval genoem word waar 'n man: 'n os, skaap, donkie, vark en 'n bok steel. Vir Jackson gaan dit nie oor styl nie, want in nog 'n Akkadiese kode, LE (paragrawe 12 & 13),[254] is die model nader aan HL waar die begrippe veld en huis van *muškenum* voorkom met presies dieselfde omringende omstandighede. Die rede hiervoor vind Jackson in die kognitiewe analise-metode waar hy noem die kind egosentries is. Die kind gee nie 'n rede vir sy optrede nie en besef nie dat ander mense 'n ander siening as hyself kan hê nie (Jackson 1980:355). Maar daar is wel 'n "motiewe" klousule - alhoewel niks in LE, maar tog in LH paragraaf 11[255], waar die dader 'n leuen vertel. Jackson noem dat dit op 'n gevorderde kognitiewe stadium dui (Jackson 1980:356).

Die begin van abstrakte intellektuele handelinge is waar die kind 'n soort wetlike fassinering met reëls ontwikkel. Die kind sal in 'n spel nuwe reëls ontwikkel en selfs daarop uitbrei en ander moontlikhede uitdink. In LE blyk dit dat die opsteller/s minder gemoeid was om so uitvoerig te wees as LH. In LH word geslag bekend gestel en manlik en vroulik genoem. Vergelyk LH paragraaf 9-10[256] met LE paragraaf 40[257] en LH paragraaf 237 met LE paragraaf 5[258]. Frase soos

---

[253] LH paragraaf 8 bepaal as volg: "If a man has stolen an ox or a sheep or an ass or an swine or a boat, if of a god or palace he shall pay thirtyfold; if of a serf, tenfold…" Vertaal deur Driver & Miles en aangehaal deur Jackson (1980:53).

[254] LE (par. 12 & 13) bepaal as volg: 12.) "A man, who will be seized in the field of a *muškenum*, in the crop, in broad daylight, shall weigh out 10 shekels of silver. (He) who will be seized at night in the crop - he shall die, he shall not live."
13.) "A man, who will be seized in the house of a *muškenum*, in the house, in broad daylight, shall weigh out 10 shekels of silver. (He) who will be seized at night in the house - he shall die, he shall not live" (Vertaal deur Yaron en aangehaal deur Jackson (1953:53)).

[255] LH paragraaf 11 bepaal as volg: "If the owner of the lost property could not produce witnesses who can identify his lost property, he is a liar, he has indeed spreed malicious charges, he shall be killed" (Vertaal deur Roth (1997:82)).

[256] LH paragrawe 9-10 bepaal as volg: 9.) "If a man who claims to have lost property then discovers his lost property in another man's possession, but the man in whose possession the lost property was discovered declares, "A seller sold it to me, I purchased it in the presence of witnesses," and the owner of the lost property declares, "I can bring witnesses who can identify my lost property," (and then if) the buyer produces the seller who sold it to him and the witnesses in whose presence he purchased it, and also the owner of the lost property produces the witnesses who can identify his lost property - the judges shall examine their cases, and the witnesses in whose presence the purchase was made and the witnesses who can identify the lost property shall state the facts known to them before the god, then it is the seller who is the thief, he shall be killed; the owner of the lost property shall take his lost property, and the buyer shall take form the seller's estate the amount silver that he weighed and delivered".
10.) "If the buyer could not produce the seller who sold (the lost property) to him or the witnesses before whom he made the purchase, but the owner of the lost property could produce witnesses who can identify his lost property, then it is the buyer who is the thief, he shall be killed; the owner of the lost property shall take his lost property" (Vertaal deur Roth (1997:82)).

[257] LE paragraaf 40 bepaal as volg: "If a man bought a slave, a slave woman, an ox/or (any other) purchase, however, much it be, and has not established the seller - he himself is the thief" (Vertaal deur Yaron (1988: 67)).

[258] LH 237 in vergelyking met LE 5 bepaal as volg: LH 237.) "If a man hires a boatman and a boat and loads it with grain, wool, oil, dates, or any other lading, and that boatman is negligent and thereby causes the boat to sink or its cargo to become lost, the boatman shall replace the boat which he sank and any of its cargo which he lost" (Vertaal deur Roth (1997:126)).
Daarenteen, sien LE (5) wat as volg bepaal: "If a boatman was negligent and caused the boat to sink - whatever he caused to sink, he shall pay in full" (Vertaal deur Yaron (1988:47)).

"of enigiets anders" (*u lu mimma summa*) word ook in LH paragraaf 7[259] getoon (Jackson 1980:355).

In teenstelling met Goetze wat meer let op die omgewing en die oorsprong van die heersersklas wat ’n invloed op die versamelings se oorsprong, funksie en vorm gehad het, het Jackson ’n interessante wending geneem deur Psigiatriese Studies in te span, met ’n buitengewone manier om ’n vergelyking tussen die versamelings te tref om so ’n alternatiewe moontlikheid daar te stel om hul oorsprong, funksie en vorm te bepaal.

6.4 WESTBROOK SE GEMENE WETENSKAPLIKE TRADISIE

Westbrook (1994:16) begin met die verduideliking van sy metodologie dat die Ou Nabye Ooste in ’n gemene wetenskaplike tradisie op twee tipes wette het wat op vorm gebaseer is, naamlik die kasuïstiese- en apodiktiese wette. Die kasuïstiese wette begin met die woord "as", terwyl die apodiktiese wette deur die direkte bevel gekenmerk word.

Volgens Westbrook is hierdie wette nie net in hul vorm nie, maar ook ten opsigte van bron en karakter verskillend. Die kasuïstiese wette is “dry, practical, and secular”, terwyl die apodiktiese wette emosionele imperatiewe is wat oor godsdienstige- en morele aangeleenthede handel. Verder, by die kasuïstiese wette van moord handel, word die dader se bedoeling in ag geneem, terwyl by die apodiktiese wette die sogenaamde Talioniese straf[260] toegedien word (Westbrook 1994:16).

'n Verdere verskil is dat die apodiktiese wette van die *paterfamilias* se gesag binne 'n familie afkomstig is, terwyl die kasuïstiese wette by dispute tussen families in 'n stam voorkom.

Die kasuïstiese wette was nie gemoeid met die individue nie en die plaaslike hof het as arbiter opgetree. Alle beslissing was vergoedend van aard, behalwe vir die sogenaamde "bloedvergelding"-beginsel. Soos die samelewing meer kompleks word, het daar verdere ontwikkeling plaasgevind waar die gesag van die *paterfamilias* deur die plaaslike hof oorgeneem is en die sogenaamde kasuïstiese kriminele reg ontstaan het. Verder moes die kasuïstiese

[259] LH 7 bepaal as volg: “If a man should purchase silver, gold, a slave, a slave woman, an ox, a sheep, a donkey, or anything else whatsoever, from a son of a man or from a slave of a man without witnesses of a contract - or if he accepts the goods for safekeeping - that man is a thief, he shall be killed” (Vertaal deur Roth (1997:82)).

[260] Hierdie beginsel, genoem die *Lex Talionis* kom nie net voor in die Bybel, onder andere in Deuteronomium 19:21 en Levitikus 24:19-20 nie, maar ook in die Versameling van Lipit Ishtar (par. 25) en Hammurabi (verskeie bepalings).

wetgewing uitgebrei word vanaf dispute tussen families op gelyke vlak na dispute tussen arm en ryk. Daar het later verskillende "onafhanklike liggame van reg" ontwikkel, naamlik kasuïstiese siviele en kriminele reg en apodiktiese siviele en kriminele reg wat saam in die Verbondsboek gevoeg is (Westbrook 1994:17).

Westbrook brei hierop uit en noem dat die Sumeries-Akkadiese samelewing het deur die medium van spykerskrif-tablette ’n regsisteem geskep. Die invloed daarvan kom in Sirië in die derde millennium v.C. en in Ebla voor. Regsdokumente dui daarop dat die regstradisies ook in Sirie-Palestina, vroeg in die tweede millennium v.C., gevestig was (Westbrook 1994:21).

Westbrook is van mening dat die grootste kenmerk van die spykerskrif-regsmateriaal die statiese aard daarvan is. Hier is 'n kontinuïteit ter sprake en die getuie hiervoor is die versamelings wat dieselfde is, behalwe vir 'n paar "diskrepansies". Dit maak volgens Westbrook nie saak nie, want die "diskrepansies” dui nie noodwendig op 'n definitiewe ontwikkeling in die reg nie. Die versamelings verskaf egter nie 'n algehele weerspieëling van die regssisteem of 'n gegewe gebied van die reg nie, en daarom is dit gevaarlik om te argumenteer dat waar die versamelings nie van 'n sekere gebied van die reg melding maak nie, dit nie in die regsisteem bestaan het nie (Westbrook 1994:22). Verder kan die kasuïstiese wette nie vanweë sy vorm elke omstandigheid voorsien nie, en onderskeidings word gereduseer tot veralgemenings, of een geval word spesifiek vermeld sonder om ander te noem (Westbrook 1994:22-23).

Daar is sekere patrone waar daar in sekere versamelings meer klem gelê word, soos die verskillende klasse (*awīlum*, *muškenum* en slaaf) in LH. Die verskille is egter net ’n geval van verskillende beklemtoninge. Daar kan nie 'n kronologiese ontwikkeling wees nie, want volgens Westbrook is daar ouer versamelings wat meer ontwikkeld as latere versamelings was (Westbrook 1994:23).

Westbrook probeer ondersoek in te stel waarom die kasuïstiese vorm as dominante vorm voorgekom het en noem dat dit nie ’n natuurlike bron van die reg is nie. Beslissings word gemaak op werklike gevalle met verwysing na die partye van die saak in die vorm van 'n spesifieke bevel, en nie op grond van 'n hipotetiese geval nie (Westbrook 1994:29).

By die koninklike inskripsie is die direkte en algemene bevel die dominante vorm. Westbrook beskou die kasuïstiese vorm as die belangrikste wetenskaplike vorm van die Mesopotamiese literatuur, wat ook by die voorteken- en mediese tekste voorgekom het. Sogenaamde "rou data"

is versamel en dan in 'n algemene objektiewe vorm bymekaar gevoeg. Die kasuïstiese vorm het die doel gedien om ʼn proses van redigering te wees sodat ʼn eenvormige liggaam van reëls bymekaar gemaak kan word, afkomstig van verskillende oorspronge afkomstig was (Westbrook 1994:30). Westbrook voeg by dat dit nie beteken dat die nie-kasuïstiese vorm op ʼn oorspronklike bron van die reg dui nie. Die meerderheid van die reg van die Ou Nabye Oosterse samelewing was die sogenaamde tradisionele reg wat deur die tyd oorgedra is (Westbrook 1994:30).

Verskeie skrywers waaronder Greengus, Buss, Lafont, Matthews en Patrick is uitgenooi om kommentaar ten opsigte van Westbrook se standpunte te gee. Hulle hoofpunte van argumente met betrekking tot Westbrook se bespreking en waar dit van toepassing is op die posisie van die inskripsies en versamelings in die Mesopotamiese regstradisies sal kortliks uiteengesit word.

Buss stem saam met Westbrook dat die versamelings nie wetgewing in die hedendaagse sin is nie. Buss kritiseer Westbrook dat hy nie die vraag[261] behandel of die antieke versamelings se grondslag dié van natuurreg[262] of positiewe reg[263] is nie. Hy voeg by dat Westbrook die versamelings as akademiese dokumente sien wat die reg beskryf sonder om te sê wat daarmee bedoel word. Buss is van mening dat daar ten opsigte die term "akademiese dokument" twee moontlikhede is. Die een moontlikheid is dat die dokument die reg beskryf soos dit werklik bestaan sonder dat die reël deur die skrywer van so 'n dokument aanvaar is of nie, terwyl die

---

[261] Die geskiedenis van regsfilosofie soos geken word deur die hedendaagse juriste kan in twee hoofstrominge ingedeel word, naamlik die natuurregsleer en positivisme. Die natuurregsleer omskryf die reg in term van ʼn hoër reg op grond van ʼn stelsel van nie-gepositiveerde regsbeginsels. Daarenteen verklaar positivisme dat die gepositiveerde reg die enigste bestaande reg is wat regwetenskaplik ondersoek kan word (Van Zyl & van der Vyver 1982:48).

[262] Natuurreg is komend van die Griekse wysbegeerte en het die regsfilosofiese denke tot ongeveer 1830 oorheers met variasies op dieselfde tema (Van Zyl & van der Vyver 1982:48). In die twintigste eeu het die natuurregsleer ʼn opbloei beleef, maar verskil van die tradisionele of voor-negentiende eeuse natuurregsidee. Die natuurreg volgens die oorspronklike betekenis het vier *essentialia*: 1. dit behels ʼn stel regsnorme wat vanself geld en soos die natuurwette onafhanklik is van menslike vorming of menslike regvormende organe, 2. die regsnorme van natuurreg geld universeel vir alle mense, onder alle omstandighede, te alle tye en plekke, 3. die regsnorme kan maklik geken word sodat ʼn mens met sy verstand dit kan "ontrafel", 4. en die regsnorme is in ooreenstemming met die regsidee waarvan die inhoud "gelyk is aan die ideale of volmaakte reg" (Van Zyl & van der Vyver 1982:50). In ʼn tradisionele sin definieer Van Zyl & van der Vyver 1982:50 die natuurregsleer "as ʼn stel middele regsnorme wat *per se* en universeel geld en wat redelik kenbaar is". Die hedendaagse natuurregsfilosofie wyk in een opsig van die tradisionele af deurdat daar afgesien word van die universele idee van natuurreg en word aanvaar dat die regsnorme van natuurreg van tyd en plek kan verskil en dit deesdae meer onder die leerstuk van menseregte tuishoort (Van Zyl & van der Vyver 1982:51). (Dit is nie seker na watter stroming van die natuurreg Buss verwys nie.)

[263] Die negentiende eeu is die era van positivisme (Van Zyl & van der Vyver 1982:49). Dit was ʼn reaksie op "onsienlike verskynsels" soos natuurreg, regsbeginsel, menseregte, ens. Die rigting hou voor dat alleen daardie verskynsels wat sintuiglik waargeneem word, werklik bestaan en regswetenskaplik bestudeer kan word en gevolglik kan net konkrete regsreëls soos gepromulgeer deur kompetente regsorgane regswetenskaplik en regsfilosofies ondersoek word. Enigiets anders moet verban word (Van Zyl & van der Vyver 1982:63). Daar is verskillende positivistiese strominge met verskillende klemverskuiwinge (Van Zyl & van der Vyver 1982:64). Sien Hart (1958:593-629) wat een van die groot proponente van die positiewe reg is en sy bespreking van die teorie.

ander dokument as die "toepaslike vorm" van die reg beskou kan word. Die eerste alternatief kan by die positiewe reg gevind word en is ʼn aanduiding hoe die hedendaagse regspraktyk werk. Die tweede alternatief is deel van die natuurreg, en dit verduidelik hoe die regaspekte behoort te werk (Buss 1994:89).

In die lig hiervan noem Buss dat Westbrook se standpunte die versamelings aan die teorie van die natuurreg koppel en dit verklaar waarskynlik waarom die versamelings nie in dokumente voorkom nie. Sou die regsreëls deel van die positivistiese regsleer wees sou 'n hof hierdie wetgewing by sy beslissing in elke geval genoem het en sou dit gereeld in dokumente vermeld word (Buss 1994:89).

In die hedendaagse reg is daar 'n groot verskil tussen die positiewe en natuurreg benaderings, maar Buss is van mening dat vir die Israeliete en ander volke in die Ou Nabye Ooste daar nie so groot verskil tussen rede en gode se wil en tussen regswetenskap en goddelike wetgewing was nie. Moontlik het die mense van die Ou Nabye Ooste, die orde en wat ons rasionaliteit noem, as net 'n aspek van die gode/God gesien (Buss 1994:90).[264]

Levinson (1994:54) noem dat Westbrook in sy artikel slegs op die regsparagrawe konsentreer en die godsdienstige en literêre raamwerk waarin hulle gevind word, weglaat. Levinson noem dat dit nie seker is of die kombinasie van die reg en die raam oorspronklike of sekondêr is nie, aangesien elkeen sonder die ander gevind was.[265]

Greengus lewer kommentaar op twee punte van Westbrook se standpunte: Eerstens die statiese element van die gemene Mesopotamiese en Ou Nabye Ooste tradisie en tweedens dat volgens Westbrook die verskillende weglatings nie te veel benadruk hoef te word nie. Greengus bevraagteken of Westbrook se bewyse voldoende is om te aanvaar dat daar 'n kulturele dominasie van die spykerskrifreg oor die inheemse- of plaaslike reg plaasgevind het (Greengus 1994:83).

---

[264] Buss se standpunte het ʼn hedendaagse regsagtergrond wat die beginsels en aspekte van die hedendaagse reg neem as wegspringplek om dan die regstradisies se aard en gevolglik die posisie van die versamelings as bron in die ONO probeer te verduidelik. Die Mesopotamiese regstradisies was ʼn konkrete holistiese opvoering deur die lede van die samelewing in die gebruik van ʼn multi-media van sintuie om ʼn boodskap oor te dra en te onthou. Die Mesopotamiërs het nie abstrak gedink nie en dus kan die regsfilosofiese denke van die Grieke wat abstrak gedink en waaruit die natuurreg voortspruit en die positiewe reg wat in die hedendaagse denke ontstaan het, nie gebruik word in ʼn bespreking van die Mesopotamiese regstradisies se aard en of die versamelings as ʼn bron gebruik was nie.

[265] Westbrook het die *lacunae* aangespreek - sien deel 2, hoofstuk 5.

Greengus stem nie met Westbrook saam dat daar 'n statiese onveranderde regs- en sosiale sisteme in die Ou Nabye Ooste voorgekom het nie. Die geskrewe versamelings is onvolledig en hulle mag 'n opvoedkundige funksie gehad het, maar was nie die belangrikste nie, selfs nie vir die opleiding van regters nie. Greengus verwys na Bottéro se standpunt wat van mening was dat die Mesopotamiese geskrewe regsliggaam onvolledig is en dat die Mesopotamiese reg nie net grootliks ongeskrewe was nie, maar ook ongeformuleer, en dat regters op beginsels eerder as neergelegde reëls staat gemaak het. Die groter massa wat ons as reg sien, was nie op 'n formele manier beskikbaar nie, maar het deur die handelinge van die regters gekom wat hulle ooreenkomstig die gemeenskap se waardes van gelykheid en geregtigheid, die terme *kittu u mīšarum*, toegepas het. Greengus voel die mondelingse reg strek nie so ver nie, maar noem tog dat daar 'n mondelingse regstradisies in Mesopotamië vir sekere gevalle was (Greengus 1994:85).

Greengus is van mening dat die skryfkuns in Mesopotamië was insidenteel en selfs per ongeluk en die regsbeginsels is ideëel deur middel van die skolastiese tradisie geleer. Greengus kwalifiseer verder die feit dat die regters die versamelings as ʼn naslaangids gebruik het. Dit sal beteken dat indien die regters te doen gekry het met 'n situasie wat die tradisie nie kan dek of behandel nie, hulle eers na soortgelyke bekende sake gegaan het en dan nuwe en onbekende situasies ondersoek, maar steeds op die algemene beginsels van gelykheid en regverdigheid berus het (Greengus 1994:86).

Greengus noem dat die "harde pad" eerder gevolg word waar elke regsonderwerp of groepe van regte individueel ondersoek moet word saam met die toepaslike data ten einde om dan te bepaal of daar ooreenstemminge by elke geval is (Greengus 1994:87).

Matthews (1994:120) stem nie saam dat die evolusie van die reg van die Ou Nabye Ooste staties was nie, maar gee toe dat dit die ontwikkeling wel stadig kon gewees het. Die reg sal verander of aanpas by die veranderende ekonomiese-, sosiale- en lewensomstandighede en die samelewing se behoeftes om die komplekse politiese leierskap te weerspieël. Matthews beskou die versamelings as hofbeslissings rondom 'n reeks temas wat bedoel was om as riglyn vir die regters te dien. Hierdie kon 'n vorm van kontinuïteit verseker om die regsisteem te reëvalueer. Die versamelings kon as politieke hulp dien vir die konings wat hul status wou verhoog deur hulself as wetgewers te verklaar. Matthews noem dat daar 'n "groter sosiale dimensie" vir die versamelings is as net propaganda of "antiquarian curiosities" (Matthews 1994:120).

Patrick (1994:152) is van mening dat Westbrook een evolusionêre model met 'n ander vervang. Hy noem dat Westbrook verkeerdelik dink dat die Bybelse- of antieke Ou Nabye Oosterse se reg primitief of "heropbouende lae" binne-in regstekste het. Patrick maak die opmerking dat al die regsdokumente van die Ou Nabye Ooste op 'n relatiewe gevorderde stadium van ontwikkeling dui. Ten opsigte hiervan bied Westbrook 'n "kulturele ervaring van sosiopolitieke en intellektuele stagnasie". Deurdat Westbrook 'n evolusie tussen die versamelings binne-in en tussen mekaar gee, werk Westbrook eintlik met 'n evolusionêre skema. Patrick regeer op Westbrook se siening van 'n statiese reg dat indien Westbrook voorhou dat die hele "Vrugbare Halfmaan" polities en kultureel homogeen en staties was, hy die regsdokumente oor verskillende tye en plekke kan bestudeer ooreenkomstig dieselfde denke en regsleerstellinge (Patrick 1994:153).

Patrick (1994:153-4) stel dit dat die vraag bestaan of die versamelings 'n wye aantal konsepte en beginsels het wat van die vertolker daarvan sal afhang. Moontlik was die Mesopotamiese politieke samelewing en regkultuur nie so geredelik vatbaar vir verandering nie, maar 'n mens moenie 'n beginsel van dit maak nie (Patrick 1994:154).

Lafont (1995:96) se grootste beswaar teen Westbrook se teorie is dat die diverse historiese milieu van die Ou Nabye Ooste in een "rigiede skema" gedwing word. Lafont som die hoofpunte van Westbrook se argumente as volg op, naamlik:

a. Die reg blyk 'n teks te wees komende van 'n instelling met wetgewende mag wat vir 'n onbepaalde tyd op almal afdwingbaar was.
b. Die versamelings is werklike regsreëls wat die koning afgekondig het deur die opdragte van die gode en wat bedoel was om permanent te wees, soos die vloeke dit in die epiloë van die versamelings uitstip.
c. Die tydlose dimensie van die versamelings wys daarop dat werklike regstekste moet van nature aanhou bestaan.
d. Die inhoud van die bepalings is sekondêr in die soeke om hulle te definieer.

Lafont lei hiervan af dat die *mīšarum*-inskripsies in die lig van hierdie argumente nie regsbepalings kan wees nie. Die *mīšarum*-inskripsies is deel van die koninklike aktiwiteite. Die inhoud daarvan bevat tydelike en retroaktiewe bepalings wat tot hulle onderwerpe beperk is. Die uitvaardiging dui op die begenadiging van die koning of 'n rampspoedige ekonomiese situasie (Lafont 1995:96). Die kwytskelding van skulde word om sosiale en ekonomiese redes gedoen.

Lafont voeg by dat onlangs is daarop gewys dat die *mīšarum*-inskripsies gekanoniseer is deurdat die inhoud van een tyd na 'n ander oorgedra is, wat op sy beurt die teorie van die hervormingswaarde van die inskripsies verminder (Lafont 1994:97).

6.4.1 Eie siening van Westbrook se teorie

Westbrook het in ander artikels ten opsigte van sekere kritiek verduidelikings gegee, soos Buss wat meen dat Westbrook nie veel uitwei oor wat hy bedoel met akademiese dokument[266] nie en Levinson se kritiek dat Westbrook nalaat om die wye godsdienstige en literêre raamwerk wat deel vorm van LH en LU, aan te spreek.[267]

Greengus se kritiek dra gewig en spesifiek waar Westbrook van mening is dat die spykerskrif die regssisteem daar gestel het. Ter aanvulling kan genoem word dat in die lig van die onbepaalde tyd waar die ongeskrewe reg mondelings op ʼn multi-sintuiglike- en simboliese wyse deur die lede van die samelewing van geslag tot geslag opgevoer is, is dit onwaarskynlik dat die spykerskrif die regsisteem vir die antieke Mesopotamiërs daar gestel het. Die reg is ʼn diepgesetelde bewuswording van die mens in sy soeke en behoefte om reëls/norme daar te stel sodat hy in ʼn groepsverhouding in harmonie met ander kan leef.[268]

Westbrook se siening dat daar ʼn gemene wetenskaplike regstradisies in die Ou Nabye Ooste was wat staties is, word onredelik deur bogenoemde skrywers afgeskiet. Daar moet egter met omsigtigheid omgegaan word om die regstradisies in die Ou Nabye Ooste onder een gemene tradisie in te dwing. Die Ou Nabye Ooste se regstradisies, en in besonder die verskillende regstradisies van Mesopotamië, se aard en kenmerke toon wel in breë trekke ooreenkomste met mekaar. Dit is egter net **algemene** aard en kenmerke en in elke regstradisie sal daar klemverskuiwinge op verskillende tye en plekke wees.[269] Die Mesopotamiese regstradisies en ander antieke regstradisies toon wel tot ʼn mate ʼn statiese karakter soos in hoofstuk sewe vermeld word. Die *status quo* moet gehandhaaf word, want dit skep regsekerheid, met die doel dat

[266] Sien in die verband Westbrook (1990), veral bladsy 547 van die artikel, asook hoofstuk 5 onder skrywerskole en propaganda van koning waarin Westbrook se standpunte hieromtrent bespreek word.
[267] Sien Westbrook (1985) en hoofstuk 5 onder propaganda van koning waarin Westbrook se standpunte hieromtrent bespreek word.
[268] Die antieke Mesopotamiese regstradisies is in teenstelling met die hedendaagse reg waar die ongeskrewe reg slegs as bindend beskou as dit deur ʼn wetgewende liggaam gepromulgeer of deur ʼn regsprekende liggaam beslis word. In laasgenoemde geval sal ʼn mondelingse beslissing op skrif gestel word, sodat dit en die wetgewing aan die breë geletterde publiek bekend gestel sal word om na te volg.
[269] In hoofstuk sewe word die aard en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies kortliks aangespreek ten einde aan te toon dat daar moontlik in die versamelings en inskripsies sekere raakpunte kan wees met betrekking tot ideële konsepte soos koningskap, verwantskap, tyd, ens.

volgehoue harmonie binne die familieverband en die gemeenskap belangrik is in die handhawing van die gesag van die *paterfamilias* en die koning. Verder is godsdienstige ideologie nou verweef met die aard en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies. Westbrook kwalifiseer net nie die komponente van die gemene tradisie en sou hy dit gedoen het sou daar moontlik minder teenkanting gewees het.

6.5 ROTH SE SOSIALE KATEGORIEË

Roth is die hedendaagse proponent in die ondersoek van sosiale kategorieë in Ou Nabye Ooste samelewing.[270] Roth gebruik die sosiale kategorieë aan die hand van die algemene beginsels van *Lex Talionis* en die sogenaamde eer en skande-bepalings om die Versameling van Hammurabi beter te kan verstaan (Roth 1995: 24-25). In die lig van haar besprekings moet in gedagte gehou word dat sy nie weet wat die versamelings vir die antieke skrywers, judisiële owerhede en die samelewing kon beteken het nie en dat sy verder noem dat sy glo nie daar is ʼn enkele antwoord of dat ons ooit werklik sal weet nie (Roth 1995:13).

Die sosiale kategorieë word gekompliseer deur die begrensing van tyd, ruimte en taal en die kategorieë van eer en skande word gewoonlik nie uitdruklik in die geskrewe dokumente verduidelik nie.[271] Roth fokus op gevalle waar daar melding gemaak word van die sogenaamde "wang-slaan" bepalings: paragrawe 202-205 van LH[272] en maak ʼn vergelykende studie tussen LH, LE, LU en twee regsdokumente (Roth 1995: 25-37).

Die algemene beginsels van eer en skande is hoog in die Mesopotamiese samelewing aangeslaan (Roth 1995:25). Wanneer na die dader se handeling gelet word, is die handeling en die sosiale

---

[270] Sien Roth (1998), (1987) se artikel waarin sy ʼn breedvoerige verduideliking gee t.o.v. ʼn ondersoek na sosiale kategorieë en die rede waarom daar vertolkingsprobleme in die regstekste en ander dokumente op grond van hierdie kategorieë kan voortspruit. So bv. onder ʼn faktor soos ouderdom verduidelik Roth dat ʼn persoon deur verskillende stadiums beweeg vanaf baba, kindwees, puberteit, vroeë volwassenheid, middeljarigheid en bejaardheid waarin ʼn persoon in verskillende kategorieë deur verskillende samelewings geplaas word. ʼn Persoon funksioneer ooreenkomstig sekere rolverwagtinge wat verder bepaal word deur faktore soos geslagtelikheid, verwantskap, ekonomiese- of sosiale klas. In baie van die antieke samelewings word die verskillende stadiums nie streng bepaal deur kronologiese ouderdom nie, maar tekens of optrede wat deur ander mense gesien kan word en wat gepaardgaan met sekere rituele en seremonies (Roth 1998:717).

[271] Roth noem dat skrywers soos Driver & Miles, Kraus en ander het met betrekking tot die aanranding klousule wat wyd bespreek was, opgemerk dat die sogenaamde "wang-slaan" bepalings is onvolledig, met geen logiese rangskikking nie en "poorly thought-out, resulting in partially abstruse consequences" (Roth 1995:28).

[272] Die wang slaan-bepalings 202-205 van LH is vertaal deur Roth (1998) en lees as volg: "202) If an *awīlu* should strike the cheek of an *awīlu* who is of status higher than his own, he shall be flogged in the public assembly with 60 stripes of an oxen whip. 203) If a member of the *awīlu*-class should strike the cheek of another member of the *awīlu*-class who is his equal, he shall weigh and deliver 60 shekels of silver. 204) If a commoner should strike the cheek of another commoner, he shall weigh and deliver 10 shekels of silver. 205) If an *awīlu's* slave should strike the cheek of a member of the *awīlu*-class, they shall cut off his ear".

stand van die dader én die benadeelde belangrik. Die sosiale stand van ʼn persoon hang af van die persoon se waarde soos deur die persoon self en die groep beskou word en plaas ʼn persoon binne ‘n spesifieke plek binne die familie, huweliksaangeleenthede, status verandering, ekonomiese transaksies, morele handelinge, ensovoorts (Roth 1995:25).[273] Eer wat gewoonlik by geboorte ontvang word kan ook deur ʼn persoon se eie optrede verkry word (Roth 1995:26). Die verskillende sosiale status groepe kan met dieselfde optrede verskillende gevolge op hulself plaas. Daar is verskillende standaarde en kategorieë van eer vir mans, vroue en vir ouderdomsgroepe (Roth 1995:26).

In die lig van hierdie algemene beginsels het Roth die twintig bepalings, LH 195-214, die sogenaamde aanrandings-klousules genoem, wat insluit waar die seun van ʼn vry man sy vader aanrand, ʼn vry man ʼn swanger vrou aanrand met gevolglike miskraam en ander bepalings van aanranding.

Roth fokus op die posisie waar die bepalings in LH geplaas word. Die geval van die ongehoorsame seun word beïnvloed deur voorafgaande bepalings van aanneming, die gebruik van ‘n soogvrou en leerlingskap wat as familie- en kinder pligte beskou kan word (Roth 1995:26). Die bepaling waar die seun sy vader aanrand word, word gevolg deur die *Lex Talionis*-bepalings, daarna situasies en regulasies van dokters en hulle dienste wat in die meeste van die aanrandingsake benodig sal word (Roth 1995:26-27).[274]

Die vader se gesag word deur sy eie seun bevraagteken en in die geval van die miskraam verloor die vader sy nageslag of vrou, wat in albei gevalle “interne familie aangeleenthede” behels en die familie se voortbestaan en harmonie bedreig. Die hoof van die huisgesin se gesag word bevraagteken en die staat, die koning, tree as ʼn familie gesag *in loco* op. Die staat tree verder op deur die vergoeding in die sake te beheer (Roth 1995:27).

Roth verwys na LE[275], LU[276] en HL[277] wat soortgelyke bepalings bevat (Roth 1995:28-31).

---

[273] Sien hoofstuk 7 t.o.v. groepsoriëntering as ʼn kenmerk van die Mesopotamiese regstradisies en wat by hierdie aspekte aansluit.

[274] Die indeling is nie soos die hedendaagse reg se tradisionele indelinge van Siviel- en Strafreg, met hulle afgebakende onderafdelings nie. Die bepalings wat sekere optredes in ʼn samelewing blyk reguleer word ooreenkomstig die normale gang van sake gegroepeer. Alle aspekte van familie aangeleenthede, afgesien of dit onder die hedendaagse siviel of strafreg hoort, word saamgevoeg, met die praktiese opvolging van die bepalings van die dokter en sy dienste soos dit benodig sal word wanneer ʼn aanranding plaasvind.

[275] Paragraaf 42 van LE bepaal, vertaal deur Roth en lees as volg: “If a man (*awīlum*) bites the nose of another man (*awīlum*) and thus cuts it off, he shall weigh and deliver 60 shekels of silver; an eye - 60 shekels; a tooth - 30 shekels; an ear - 30 shekels; a slap to the cheek - he shall weigh and deliver 10 shekels of silver” (Roth 1995:28).

Buiten hierdie versamelings verwys Roth na twee regsdokumente, ʼn Oud-Babiloniese dokument en ʼn testament van Emar (Roth 1995:31-32).

Die Oud-Babiloniese dokument is ʼn hof memorandum wat as UCP 9 379ff gepubliseer is en as volg lees:

> Piri'ilishu, the Amorite soldier, slapped the cheek of Apil-ilishu, son of Ahushina, but then denied it, saying: "I did not slap (him)." The governor and the judges remanded Pir'i-ilishu, the Amorite soldier, to the Tishpak (?) Gate. Should he present himself to take the oath, he would depart and not pay any silwer; (but since) he has not presented himself to take the oath, he will pay three and one-third shekels of silver. (Before:) Shelebu, Ili-tillati, and Shiqlum. Tablet memorandum (Roth 1995:31).[278]

In hierdie Diyala-hofmemorandum is die dader die "Amoriet soldaat", wat ʼn laer status het, terwyl die slagoffer op ʼn persoon van ʼn hoër status dui (Roth 1995:35).

Die tweede dokument ʼn testament van Emar bepaal as volg:

> (11-14) Should Zu-Ba'la (the son) declare in the presence of the daughter of Ba'al-iqīsha (the wife), his mother: "(She is) not my mother," let her strike his cheek and let her drive him through the front door!
>
> (15-24) Should the daughter of Ba'al-iqīsha (the wife) declare to Zu-Ba'la (the son), her son: "You are not my son," and moreover should she determine to go off with another man, she shall place her cloak on the stool and she shall go where she will.[279]

Laasgenoemde bepaling bepaal dat indien die moeder die verhouding tussen haar en haar seun negeer en ʼn nuwe huwelik wil aangaan, sy die huishouding sonder geld en in skande moet verlaat. Verder, in die eerste paragraaf, waar die seun sy moeder sal verstoot, kan die moeder haar seun slaan en hom onteer, en boonop in die openbare oog uit die huis gooi. Die moeder verkry hier ʼn nuwe rol as hoof van die huishouding en haar seun is ekonomies en regsafhanklik

---

[276] Die onvolledige paragraaf 26 van LU bepaal as volg: "If a slave woman strikes someone acting with the authority of her mistress, [..]". Paragraaf 25 het ook betrekking op ʼn aanranding deur ʼn slavin, maar bevat nie die wang-slaan geval nie en is volledig. Dit bepaal as volg: "If a slave woman curses somenone acting with the authority of her mistress, they shall scour her mouth with one sila of salt" (Vertaling deur Roth (1998)).

[277] Hittitiese Versameling , beter bekend as *Hittite Laws*, ʼn versameling wat deur ʼn groep wat Indo-Europese in Anatolia gebruik was. Paragrawe t.o.v. wang-slaan is paragrawe 9 en die hersiening van HL viii. Vertaling deur Hoffner en weergegee deur Roth (1995:31) en lees as volg: "9. If anyone injures a person's head, they used to pay 6 shekels of silver; the injured party took 3 shekels of silver, and they used to take 3 shekels of silver for the palace. But now the king has waived the palace share, so that only the injured party takes 3 shekels of silver. VIII If anyone injures a man's head, the injured man shall take 3 shekels of silver". Roth (1995:31) noem dat die HL bepalings eerder gewone aanranding tot die kop is as wat die wang-slaan aangeleenthede is.

[278] Sien Roth 1995:31-32 waar sy noem dat hierdie aangehaalde vertaling deur HF Lutz gepubliseer is.

[279] Vertaling deur Tsukimoto (1994).

van haar. Terselfdertyd speel biologiese geslag ‘n rol en vanweë die sosiale rolverwagtinge in die Mesopotamiese gemeenskap kan die moeder nooit haar seun se volle gelyke wees nie. Wanneer haar seun volwasse ouderdom bereik en sy ouer word, verander die status posisies dramaties en is die situasie in die tweede bepaling ’n uitvloeisel daarvan (Roth 1995:34).

Die wyse hoe Roth die sosiale kategorieë as sentrale tema in haar interpretasies van hierdie dokumente maak, herhaal sy ook in die wang-slaan bepalings, paragrawe 202-205 van LH. By LH gaan dit oor die twee statusgroepe die *awīlum* en *muškēnum*. Die bepalings maak van gevallestudies gebruik waar een *awīlum* ’n ander beseer en dieselfde met die *muškēnum*. Dit laat Roth tot die gevolgtrekking kom dat daar nie ’n oortreding is waar ’n *awīlum* ’n slaaf op die wang slaan nie, tensy dit die eiendomsregte van die slaaf se eienaar benadeel (Roth 1995:34). Soortgelyke situasies met betrekking tot sosiale stand word ook in LE en HL gevind. In LU is die dader, die slavin, wat ’n “dubbele-laer” status in die Mesopotamiese samelewing het. Die slavin se slagoffer is enige persoon wat in die plek van haar meesteres is of wat andersins hoër status as die slavin het.

Ten opsigte van die strawwe wat toegesê word, verwys Roth na LH waar die vier sake in paragrawe 202-205 in twee groepe verdeel kan word: Oortredings tussen gelykes met geldelike vergoeding en oortredings teenoor gesag waar daar fisiese straf toegedien word saam met ‘n openbare vernedering is (Roth 1995:35-36).

“Wang-slaan” is ’n oortreding in die regs- en sosiale sisteem en word as ’n sosiale oortreding beskou. Roth noem dat sy poog om deur die bespreking van die sosiale kategorieë wat voorkom in die bepalings die verskillende lae van betekenisse te ontbloot wanneer ’n dokument as ’n “historiese artefak”, verwyder deur tyd en ruimte bestudeer word (Roth 1995:37). Roth se ondersoek na die sosiale kategorieë en onderafdelings daarvan, vind by haar metodologie die sogenaamde saak metode aanwending, wat hiernaas bespreek word.

6.6 ROTH SE SAAK-METODE

Roth (2001:244) noem dat in die studie van Mesopotamië daar miljoene kleitablette is wat die alledaagse lewe en produkte van skrywerskole openbaar. Ongelukkig bied hierdie dokumente min ten opsigte van die agtergrond en gewone veronderstellings daarvan. Die vrae wat gevra kan word, is hoe ons die bronne kan lees, hoe ver kan die dokumente aan ons insigte bied ten opsigte van hulle beperkinge en hoe kan die inligting van een teks by ’n ander inpas? Roth is van

mening dat daar twee veronderstellings is wat al lank bestaan en wat nog nie bevraagteken is nie (Roth 2001:244).

Een is die sogenaamde *Hammurabi's Gesetz* waarvan Kohler, Ungnad en Koschaker die proponente[280] is wat groot volumes werk verrig het (Roth 2001:245). Roth se kritiek hierop is dat die indelings wat hulle maak baie min in ooreenstemming is met die Akkadiese en Sumeriese terme, soos in die spykerskrif-dokumente gevind kan word. Byna al die kategorieë van *Hammurabi's Gesetz* is analoog tot dié van die Romeinse regsteorie (Roth 2001:245).

Roth kritiseer verder dat die *Hammurabi's Gesetz* dat dit die Mesopotamiese kategorieë minimaal gebruik. In *Hammurabi's Gesetz* word die teoretiese Romeinse regskategorieë met daardie onderafdelings gebruik en georganiseer. Verder vind besprekings plaas volgens "thing-specificity" waar Arabiese- en Romeinse syfers en Latynse en Griekse letters gebruik word. Die "native rubrics" is baie min en dit is nie seker wat die rasionaal daarvan is nie. Die skrywers van hierdie volumes het gepoog om die bepalings onder kategorieë te plaas wat vir die Europese juris erkenbaar is (Roth 2001:246).

Daar is ʼn verband geskep tussen die *Hammurabi Gesetz* se versamelings en die "on-the-ground"-hofsake en -kontrakte waardeur ʼn bepaalde metodologie geskep is wat nooit bevraagteken is nie. Elke "regsbepaling" in LH en ander versamelings is met sake en kontrakte geïllustreer en in ooreenstemming met daardie bepaling gebring. Die gevolg is dat ʼn spesifieke kontrak beskou word om te verskil van die standaard in die bepalings van die versamelings of daar word gesê dat so ʼn bepaling nie in die bestaande kontrakte getoon word nie.

Wanneer byvoorbeeld ʼn hedendaagse vraag geopper word wat die Oud-Babiloniese reg op egskeiding is, sal die geleerdes dit antwoord deur dit binne die "raam" van die bepalings van ʼn bepaalde versameling te plaas asof dit die reëls was wat die "kwalifikasies" of "modifikasies" van die verskillende regsdokumente in hulle streeks- en kronologiese verskille gegee het. Roth voeg by:

> But the very question is, in certain ways, disingenuous, and its framing should be suspect (Roth 2001:247).

[280] Sien in die verband Kohler J & Peiser F E, 1904. *Hammurabi's Gesetz* Volume 1 Leipzig: Pfeiffer, Kohler J & Ungnad, A, 1909. *Hammurabi's Gesetz* Volume 2 Leipzig: Pfeiffer, Kohler J & Ungnad, A, 1909b. *Hammurabi's Gesetz* Volume 3 Leipzig: Pfeiffer, Kohler J & Ungnad, A, 1911. *Hammurabi's Gesetz* Volume 4 Leipzig: Pfeiffer, Kohler J & Ungnad, A, 1911. *Hammurabi's Gesetz* Volume 5 Leipzig: Pfeiffer, Koshaker, P & Ungnad, A, 1923. *Hammurabi's Gesetz* Volume 6 Leipzig: Pfeiffer.

Die proponente van hierdie teorie maak ’n rekonstruksie van ’n eenvorminge en “operasionele” regsisteem in die bestudering van ten minste die Oud-Babiloniese periode waar daar na die bepalings van die versamelings en vinnig na die kontrakte en regsdispute gelet word (Roth 2001:281).

Roth betoog dat ons nie kan aanvaar dat daar regsreëls was nie. Daar moet daar eerder van die standpunt uitgegaan word dat daar “standaarde” was wat op spesifieke sake toegepas is (Roth 2001:247).

Die ander veronderstelling is die sogenaamde “evolusionêre assumpsie” wat twee vooroordele daargestel het, naamlik die vooroordeel van ’n lineêre ontwikkeling en progressie van die regsteorie wat deur die eeue in die Mesopotamiese bronne getoon is, en die ander waarin die skrywers bevooroordelend is en die Mesopotamiese bronne as evolusionêr en ontwikkeld teenoor die hedendaagse gesofistikeerde bronne ag (Roth 2001: 244-245). Roth kritiseer Westbrook en Bottéro. Sy noem dat Bottéro verteenwoordig ’n middel-twintigste eeuse Westerse Europese evolusionêre siening van lineêre progressie en verbetering in menslike pogings met die veronderstelling dat die Griekse wetenskaplike/filosofiese wêreld die direkte voorouer van die Westerse s’n is (Roth 2001:248-249). Roth is van mening dat alhoewel Westbrook toegee dat Hammurabi se wetenskaplike standaarde baie verskillend van ons s’n is, hy nog steeds sy standpunte staaf deur die verskille in “ontwikkelde terme” te noem waar die Mesopotamiërs nie in staat is om algemene beginsels en abstrakte kategorieë te formuleer nie, hulle nie vertikaal kan redeneer nie, en hul benadering primitief en voor-wetenskaplik was in die lig van die klassieke of moderne metodologie om kennis te organiseer (Roth 2001:249). Roth wys daarop dat ten opsigte van hierdie metodologie en veronderstellings van Westbrook en Bottéro dat:

> In response, then, I challenge the assumption of a primacy of *generalizations* over individual cases, and assert rather the independence as well as the independent value of the law collections and the law cases (Roth 2001: 250).

As ’n alternatiewe metodologie bied Roth die sogenaamde saak-metode aan wat in die Amerikaanse regskole, mediese skole en besigheidskole gebruik word en waarvan die basis daarvan die bestudering van ’n spesifieke geval is waar daar gekyk word of daar ooreenkomste tussen die sake is, daarna watter regsreël inherent tot die eerste geval is en dan dit op die volgende geval toe te pas. Die sukses van hierdie metode hang grotendeels af van die keuse van sake wat ’n instrukteur/ondersoeker sal maak.

Roth is van mening dat die Mesopotamiese skryfsentrums, die **é.dub.ba.a** duisende jare voor die Amerikaanse skool, die saak-metode gebruik het. Die student van die **é.dub.ba.a** het opvoeding ontvang deur eers die voorbeelde van die verskillende gebiede, soos die leksikale tekste, spreuke, literêre komposisies, wetenskaplike verhandelinge en ander regsliteratuur te bemeester.

Hier moet onderskeid getref word tussen die sogenaamde "paradigmatiese"-benadering, waar die student enkele woorde en frases leer, en die "patroon praktyk"-benadering, waar die student volledige tekste moet oorskryf (Roth 2001:253).

Roth (2001:254) noem dat die versameling ook in hierdie skole deur generasies van skoliere oorgeskryf is en wat LH betref, self meer as ʼn duisend jaar na Hammurabi se tyd. Die skoliere is opgelei in die kasuïstiese formulering van regsbepalings wat hulle later gebruik in ander versamelings en bevele wat konings uitgevaardig het.

Roth is van mening dat die versamelings is "assembled applications of the standards". Die oorskryf van hofsake het as voorbeelde vir die skoliere gedien in regsberedenering en sosiale waardes. Daar is in die Oud-Babiloniese periode "model kontrakte" en "model-hofsake" gevind wat in die *é.dub.ba.a* versamel en deel van die skoolkurrikulum gevorm het.

Die instrukteur het die keuse gemaak tussen die tipiese en verteenwoordige gevalle en die uitsonderlike gevalle, waarvan elkeen sy doel gedien het. Die tipiese en algemene gevalle voed die skoliere op ten opsigte van die gewone lewensprobleme en -oplossings. Die uitsonderlike gevalle laat ʼn groter indruk op die student, veral ten opsigte van die lesse wat daardeur geleer kan word (Roth 2001:254).

Roth het die spykerskifteks PBS 5 100 bestudeer wat ʼn rekord is van ʼn bevestiging van ʼn verhoor voor amptenare en regters van Nippur om uitsluitsel te gee van dubbelsinnige regspunte en ander onreëlmatighede ten opsigte van die getuies en geskrewe dokumente wat vantevore plaasgevind het (Roth 2001:260). Roth het in ʼn lang en gedetaileerde bespreking na die aansoekers gelet, die regsproses en die vertellinge van die getuies, om gevolgtrekkings te maak wat tot die spesifieke geval hoort (Roth 2001: 260-281).

Ten slotte kan Roth se standpunte opgesom word dat sy die veronderstellings gestel deur die *Hammurabi's Gesetz* en die evolusionêre veronderstelling beskou om die getuienis van gevalle te "de-historicize" en "de-contextualize" (Roth 2001:281). Roth se saak-metode bied ʼn nuwe

benadering. Die basis van haar teorie is dat die regsdokumente soos kontakte en beslissings aan ons "stelle van omstandighede" gee, waarin ons die betrokke partye moet definieer om ʼn spesifieke probleem op te los. Die versamelings is "distillasies" van sodanige omstandighede wat van hulle spesifieke "life-markers" stroop is en reduseer is tot algemene identifikasies soos man, slaaf, getroude vrou, ensovoorts. Selfs na afloop van die bestudering en ondersoek van ʼn saak sal dit nog steeds ʼn ope vraag bly of die situasie in die beslissings en versamelings teenwoordigend is van óf ʼn spesifieke geval of gebeurtenis óf andersins ʼn algemene óf unieke gebeurtenis is. Die antwoord sal bepaal of die oplossing wat deur hierdie gebeurtenisse of gevalle gebied word oor die algemeen toegepas kan word (Roth 2001:248).

6.7 SIMBOLIESE EN MULTI-SINTUIGLIKE SENSORIESE PRAKTYKE: ʼN NAVORSINGSMETODE

6.7.1 Inleiding

Malul (1988:12) is van mening dat hy in die bronne vir "legal symbolism" ʼn verskeidenheid van regsdokumente vind wat hy "embedded legal documents" noem. Hierdie sluit briewe in wat regstransaksies beskryf.

Smith en Weisstub (1983:ix) stel dit dat in die Ou Nabye Ooste

> law as an instrument of transaction, was described poetically. All types of agreements, rites, regulations, and other legal relationships worked through literary modalities.

Nuwe tegnologie in die hedendaagse wêreld en die multimedia-inligtingsontploffing van die hedendaagse wêreld bied vir geleerdes vandag die geleentheid om die multi-sensoriese/sintuiglike kommunikasie en simboliese handelinge en gebeure in ʼn sintese van opvoering[281] in die Ou Nabye Ooste en in besonder die Mesopotamiese regstradisies[282] beter te verstaan.[283]

---

[281] Die reg is holisties opgevoer (Hibbits 1992:945) en kan gesien word as "a belief that all form of expression and sensory experience are somehow united" (Hibbits 1992:949).

[282] "Law is simultaneously heard, seen and sometimes even felt and savoured" (Hibbits 1992:943).

[283] Die hedendaagse mens word deur middel van rekenaartegnologie met klanke en beelde gebombardeer. Programmatuur is geskryf waar die mens inligting kan tik deur net in ʼn mikrofoon te praat, inligting word op die internet en met voorleggings in die sakewereld deur beelde en kleur opgekikker. In hedendaagse winkelsentrums is daar groot televisieskerms waar inligting deur beelde en nie deur skrif nie aan die publiek deurgegee word. Die vermaak wat televisie en rolprente vir die publiek gee, oorskry selfs die lees van boeke.

Hibbits (1992:874) in sy verduideliking van hierdie belangrike konsep in die Mesopotamiese regstradisies en ander antieke regstradisies beklemtoon dat die geskrewe woord tog sy voordele vir die hedendaagse samelewing het en dit onderskryf die aanhang daarvan.

Die voordele van die geskrewe woord is dat dit (a) bewaar ons gedagtes en herinneringe, (b) vergoed waar ons geheue tekort skiet, (c) is oordraagbaar en ’n gerieflike medium wat gebruik kan word om kommunikasie oor lang afstande te vergemaklik, (d) kan dupliseer word en kan oor ’n baie lang tyd behoue bly en (e) kan gebruik word in kommunikasie met mense oor verskillende tydsgrense vanweë die aard dat afskrifte van inligting vir daaropvolgende geslagte gereproduseer kan word (Hibbits 1992:874). Hibbits (1992:874) stel dit kort en kragtig dat die “written word shapes our lives”.

Vandag identifiseer ons “ernstige intellektuele kommunikasie” met skrif (Hibbits 1992:877). In die beskrywing van ander samelewings as “gemarginaliseerd ongeletterd” (insluitend etikettering soos “ongeletterd” en “ongeartikuleerd”) besluit ons watter vorme van hul kulturele uitdrukking belangrik is. Ons impliseer deur hierdie etikettering dat sodanige samelewings in hul ongeletterdheid of gemarginaliseerde ongeletterdheid inherent laer en swakker as ons is en “their tendency to set little of nothing down in writing amount to them saying nothing at all” (Hibbits 1992:877).

Baie geleerdes het alreeds weggedoen met sulke etikettering en Hibbits betoog dat veral die jonger geslag makliker kan vermy, omdat hulle aanklank vind tot die multi-sintuiglike kommunikasie vanweë hul eie blootstelling tot die multi-media se multi-sintuiglike kommunikasie, soos die televisie en internet (Hibbits 1992:877–879).

Hierdie nuwe beweegrede blyk nie veel impak op juriste in die algemeen te hê nie (Hibbits, 1992:880).[284] Dit is ’n groot probleem omdat Hibbits (1992:885) van mening is dat “law is very much embedded in culture”. In die hedendaagse wêreld word skrif as die belangrikste medium van kommunikasie beskou.[285] In die hedendaagse wêreld moet skrif as ’n kommunikasie medium die las dra om ‘n boodskap oor te dra, terwyl dit nie die geval in die antieke regstradisies is nie

[284] “[W]hile society as a whole has started to lose interest in writing, lawyers have seemingly become more insistent upon it” en “[T]hey (lawyers) have given little thought to the legal applications and implications of alternative media either in their own society or in others” (Hibbits 1992:880).

[285] Hibbits (1992:885) voer aan dat skrif kan die reg fisies intellektueel isoleer van “general cultural currents”. “Separating culture from law is nonetheless a convenient stylistic device that allows me to associate and analogize cultural and legal practices while highlighting the latter for a reading audience composed of legal scholars and specialists” (Hibbits 1992:885).

(Hibbits 1992:953). So byvoorbeeld in antieke regsdokumente word nie al die inligting weergegee, soos in vandag se kontrakte nie. Dit kan aanleiding gee dat geleerdes die antieke regstradisies kon beskou om beperkend of "*haphazardly*" te wees, wat nie die geval is nie. Hibitts (1992:954) is van mening dat regsinligting van die antieke regstradisies anders as die hedendaagse reg "in verskillende patrone en sensoriese ratios" funksioneer en hy sluit af deur te noem dat: "[F]failing to recognize this would reveal an intellectual weakness that is less theirs than ours".

6.7.2 Multi-sintuiglike kommunikasie en die opvoering van die reg

6.7.2.1 Inleiding

Hibbits (1992) het enkele aspekte van hierdie kommunikasie vir ons in sy artikel uitgestip. Alhoewel ons vandag meestal net beperk is tot geskrewe dokumente en ikonografiese uitbeeldings, kan ons na hierdie aspekte let wat soms in geskrewe dokumente en ikonografiese uitbeeldings verskuil is. In 'n "opvoerende"-kultuur[286] hoef een medium nooit alleen die hele boodskap te dra nie en is die bestudering van enige medium geïsoleerd op sy eie beperkend tot die uiteindelike uitslag van interpretasie van 'n teks (Hibbits 1992:953–954.). Die geheim van sosiale oorlewing lê in geheue en daarom is dit belangrik dat die verskillende mediums van kommunikasie saamwerk sodat mense die boodskap of gebeurtenis kan hoor, sien, voel en proe om dit te kan onthou (Hibbits 1992:955). Hibbits noem die verskillende kommunikasie-mediums visuele- ("visual"), ouditiewe- ("aural"), taktiele- ("tactile"), en smaak-en-reuk- ("savory-sense") kommunikasie. Hierdie mediums word soos 'n toneelstuk opgevoer en daarom word na "opvoerende"-reg verwys.

6.7.2.2 Visuele kommunikasie

Die hedendaagse wêreld is 'n geskrewe kultuur en ons word opgevoed om visueel georiënteerd te wees, want ons begryp en kommunikeer deur te lees en te skryf, en gebruik uitdrukkings soos "ek sien" (Hibbits 1992:905).

In die Mesopotamiese regskultuur en "opvoerende"-reg is visuele boodskappe gebaseer op gebare en seremonie, anders as ons wat klem op lees en skryf plaas (Hibbits 1992:910). Waar

[286] Sien ook Kruger (1998:147).

ons visuele kommunikasie twee-dimensioneel en staties is, is die Mesopotamiese kultuur en regstradisies se kommunikasie drie-dimensioneel en kineties (Hibbits 1992:907).

Gebare kan natuurlik ook konvensioneel wees waar baie emosies en ervaringe gekommunikeer word. Die uitstrek van arms mag iemand welkom heet, om te kniel kan op onderdanigheid dui en om ’n geskenk te gee mag op vriendskap wys. Die aaneenskakeling van ’n aantal gebare skep ’n seremonie en die versnelling van sulke handelinge skep ’n dans (Hibbits 1992:907).

In antieke Mesopotamiese regstradisies word regsverhoudinge deur gebare geskep,[287] waar byvoorbeeld ’n man wat op sterwe lê en ’n begunstigde (erfgenaam/legataris) toewys deur aan daardie persoon se hand te raak (Hibbits 1992:912).

’n Aanvaarding van ’n ooreenkoms of alliansie kan ook deur ’n visuele gebaar bevestig word, soos die Mesopotamiese skuldenaar wat ’n leenooreenkoms kan bekragtig deur in die openbaar sy klere[288] (volgens sekere bronne die mou van die kleed) aan sy krediteur lewer.

Die beëindiging en vernietiging van regsverhoudinge en ooreenkomste kan deur visuele gebare bewerkstellig word. So byvoorbeeld sal die Mesopotamiese seun wat wens om regtens van sy ouers onterf te word, sy kledingstuk by die voordeur van sy ouerhuis laat (Hibbits 1992:915–6).

6.7.2.3 Ouditiewe kommunikasie

Antieke Mesopotamië was ’n buitengewone lawaaierige milieu en Hibbits (1992:890) beskryf die Mesopotamiese stad om net so raserig en bedrywig te wees as ’n Middeleeuse stad:

---

[287] Malul (1987(c):491) verwys na ’n Oud-Babiloniese brief van die stad Kisurra in die suide van Mesopotamië waarin daar staan: “(11–16) Thus you (have said to me): ‘Let your envoy grasp my testicles and my penis, and then I will give (it) to you’. (17–19) Concerning (?) then what you have said to me, (I am dispatching to you) Burriya the son of Menanum”. Malul (1987(c):492) se vertolking van die brief is as volg: (1) Die sender het vantevore iets van die geadresseerde gevra. (2) Die geadresseerde was gewillig daartoe, onderhewig aan die voorwaarde dat die sender se boodskapper ’n eed moes neem. (3) Die gebaar wat in die brief uiteengesit word dui op die eed. (4) Ongelukkig word die aard van die eed en die sender se ontvangs daarvan nie gespesifiseer nie. Malul (1987(c):492) noem verder dat die Akkadiese woord *ĭsku* op testikel en seun kan dui. In die Akkadiese bronne en meer spesifiek die verdrae word die aanraak van die bors, ’n ander voortplantingsorgaan van die liggaam. (*sibut tulê*) gevind (Malul 1987(c):492 vt 2). Die simboliese verklaring hiervan is dat die seksuele organe na ’n persoon se voorspoed, saad (voortplanting) en voorvaders verwys en die voorvadergeeste opgeroep word om die persoon by te staan om die eed na te kom. Die persoon se vermoë om voort te plant en voorspoedig te leef, word aan die nakoming van die eed gekoppel (Malul 1987(c):491).

[288] Greenstein (1982:216) noem dat om die hemp te gryp, kan beteken om onderdanig aan ’n ander te wees en kom in Akkadies, Hebreeus en Oud-Aramees voor. Dit dui nie net op ’n idiomatiese uitdrukking nie, maar stel ook ’n *nexus*, innerlike gevoel en buite-aksie voor.

> Noises permeated the streets of the medieval city from dawn to dusk. Street criers were everywhere and kept up their business at all hours of the day. [They] proclaimed at dawn that the baths were open and the water hot; then followed bawling vendors advertising fish, meat, honey, onion, shoes, old clothes, flowers, pepper, charcoal, or other wares. Friars from different religious orders swarmed over the city, demanding alms. Public criers announced death and other news. Street musicians provided entertainment but also could annoy those with well-attuned ears.

Klank en gehoor was die metaforiese maatstawwe vir wysheid en die afwesigheid daarvan is as domheid beskou (Hibbits 1992:890). Die spesiale belangrikheid van ouditiewe kommunikasie kan ook gevind word in die versiering van die liggaam en spesifiek die mond en ore wat met groot versierings versier was om die prominensie van die sintuie uit te beeld (Hibbits 1992:890 vt 48).

Die reg is gepraat en die taal was ritmies en metries, wat daarop dui dat die gehoor lief vir alliterasie en assonansie was (Hibbits 1992:901).

Die ouditiewe uitdrukking van "opvoerende-reg" word in musiek, liedere en spraak gevind. Musiek kon in die begin en die einde van 'n regsprosedure gevind word en liedere kan deel van litigasie vorm (Hibbits 1992:903). Musiek maak nie net die reg maklik om na die luister nie, maar die melodiese raamwerk waarin die regsinhoud aan die mense voorgedra word, maak dit makliker om die inhoud daarvan te onthou (Hibbits 1992:904). Klank kan ook gebruik word, soos die harde en skerp klank om regsoordragte af te kondig.[289]

6.7.2.4 Taktiele kommunikasie

In hedendaagse samelewings hou ons in die besigheidsmilieu nie van aanraking nie: "Indeed, people do not like to have the touchy person around" (Hibbits 1992:924).

---

[289] Vandag is daar nog oorblyfsels daarvan soos wanneer die hamer by veilings geslaan word (Hibbits 1992:905 vt118). Ali (1964:66) het 'n Sumeriese teks aangehaal waar daar 'n hofbeslissing gegee is t.o.v. die verlies van 'n handelaar, Urshul, se seël wat sy handtekening bevat en vanweë die voorval is die Vergadering deur die balju byeengeroep. Die saak is in die openbaar afgekondig en die balju het in die strate afgegaan en die horing geblaas ten einde die publiek se aandag te vestig op sy afkondiging dat die seël se geldigheid nou gekanselleer is. Die vertaalde teks deur Ali lees: "1. A seal (bearing) the signature of Urshul, the merchant, was lost. 2. According to the word of the Assembly, 3. the bailiff blew the horn in the streets, 4. (so that) no one may have any claim against him. 5. Lusuenna, governor, 6. Lugalmelam, city ruler (and) *sanga*-priest, 7. Zuzu, ummia, 8. Si-DU, scribe, 9. Allul agrig-priest, 10. Banshagen, gala-priest, 11. Ullia, chief magistrate, 12. (and) the bailiff are witnesses" (Ali 1964:67).

Hibbits (1992:928–934) het vier vorme van taktiele kommunikasie in die antieke kulture geïdentifiseer:

a. Sagte aanraking. Dit kan wederkerig of eensydig wees, byvoorbeeld om hande te skud of die aanraking van mou van kledingstuk

b. Kragdadige aanraking. Dit is meer ’n pynlike aanraking om die ernstigheid van die eis, vriendskap of transaksie te beklemtoon, byvoorbeeld wanneer ’n regsaanklag teen ’n ander gemaak word, slaan die klaer die ander teen die voorkop, of om te bevestig dat ’n regsgeldige eis later terug betaal moet word, word dit bevestig deur die skuldenaar teen die voorkop te slaan.

c. Soen. Hierdeur word ’n intieme en nabye band geskep of erken, soos die rituele soen van ’n bruid en bruidegom by ’n huwelikseremonie.

d. Oordrag. Hier dra een party iets aan ’n ander oor as ’n teken van iets, maar dit het ’n visuele en taktiele dimensie van hou en laat gaan. Die een party weet hy gee iets prys deur die verlies van ’n taktiele stimulus (wat hy nie meer voel nie) en terselfdertyd weet die ander party hy ontvang iets, omdat hy dit kan voel.

6.7.2.5 Smaak-en-reuk kommunikasie

Die soet reuk van parfuum, wierook en rook wys op goddelike teenwoordigheid en goedkeuring, en word gebruik in godsdienstige en politieke rituele (Hibbits 1992:935).

Salwing, waar olie gemeng met vet oor ’n slaaf se kop gegooi word, het in Mesopotamië voorgekom en daar word voorgestel dat soos die dag verloop, dit warmer word en die reuk meer prominent raak, almal dit kan ruik, van die voorval kennis neem en dit sal onthou (Hibbits 1992:937).[290]

Die sin vir reuk gaan verder saam met smaak en daarom is die samekoms van mense gedurende maaltye waar daar gedrink en geëet word, ’n simbool van vriendskap, goedkeuring, ooreenkoms en oordrag (Hibbits 1992:936). Om te drink, kan ’n transaksie op sy eie wees en die smaak van die drankie kommunikeer ’n regsbetekenis van verandering. Eet en drink word ook direk met die aflegging van ’n eed geassosieer (Hibbits 1992:939–940).

Getuies kan drank en ete aangebied word, wat die voordeel bied dat die getuies vir hul ondersteuning bedank word, maar ook om die aard en belangrikheid van die regsgebeurtenis te

[290] Moontlik is dit waar die gesegde vandaan kom om vryheid te ruik (Hibbits 1992:937).

bevestig (Hibbits 1992:938-939). In die Mesopotamiese regstradisies word partye en getuies van ’n grondtransaksie vereis om “to eat the ram and drink the cup” voordat verrigtinge as afgehandel beskou is (Hibbits 1992:939).

6.7.3 Simboliese handelinge

Malul (1988:v) noem dat die bestudering van regsimbolisme ’n baie belangrike bron is om die regsdenke en regsinstellings van antieke Mesopotamië beter te verstaan.

Simboliese “seremonialisme” is volgens Malul (1988:3) onder “onvolwasse” regsisteme wyd verspreid en kom ook in die vroegste stadiums van Griekse, Romeinse en verskillende Germaanse regsisteme voor.

Daar moet onderskei word tussen ’n simboliese handeling en ’n simboliese gebaar. ’n Simboliese gebaar word vandag nie-verbale kommunikasie genoem. ’n Simboliese handeling bestaan uit ’n liggaamsbeweging of gebaar (soos om ’n persoon se ore te gryp) en behels ook die manipulering van voorwerpe en materiale. Die funksies hiervan is verskillend en dien verskillende doele (Malul 1988:21).

6.8 SAMEVATTING

Goetze, Jackson, Westbrook en Roth se wyse van interpretasie en vergelykende metodologieë is bespreek. Hulle benaderingswyse ten einde die posisie van die versamelings te bepaal is wyduiteenlopend en wys op die verskillende maniere hoe om die versamelings en instruksies te bestudeer en waar die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies as ’n bron geplaas kan word.

In teenstelling met Goetze wat meer let op die omgewing en die oorsprong van die heersersklas wat ’n invloed op die versamelings se oorsprong, funksie en vorm gehad het, het Jackson ’n interessante wending geneem deur psigiatriese studies in te span, met ’n buitengewone manier om ’n vergelyking tussen die versamelings te tref om so ’n alternatiewe moontlikheid daar te stel om hul oorsprong, funksie en vorm te bepaal.

Westbrook se siening dat daar ’n gemene wetenskaplike regstradisie in die Ou Nabye Ooste wat staties is, word onredelik deur bogenoemde skrywers afgeskiet. Daar moet egter met

omsigtigheid omgegaan word om die regstradisies in die Ou Nabye Ooste onder een gemene tradisie in te forseer. Die Ou Nabye Ooste het ʼn onbepaalde lang tydperk van ongeskrewe reg wat van geslag tot geslag mondelings oorgedra is ooreenkomstig die bepaalde groepe se behoeftes in tyd en plek. Die Ou Nabye Ooste se regstradisies en in besonder die verskillende regstradisies van Mesopotamië se aard en kenmerke in breë trekke toon wel ooreenkomste met mekaar. Dit is egter net algemene aard en kenmerke en in elke regstradisie sal daar klemverskuiwinge oor verskillende tydperke en plekke wees. Verder toon die Mesopotamiese regstradisies en ander antieke regstradisies wel tot ʼn mate ʼn statiese karakter soos ook in hoofstuk sewe vermeld is. Die *status quo* moet gehandhaaf word, want dit skep regsekerheid, met die doel dat volgehoue harmonie binne die familieverband en die gemeenskap belangrik is in die handhawing van die gesag van die paterfamilias en die koning.

Roth (1998, 1987) is die hedendaagse proponent in die ondersoek van sosiale kategorieë in Ou Nabye Ooste samelewing. Roth gebruik die sosiale kategorieë aan die hand van die algemene beginsels van *Lex Talionis* en die sogenaamde eer en skande-bepalings, om die Versameling van Hammurabi beter te kan verstaan (Roth 1995: 24-25). Wang-slaan is ʼn oortreding in die regssisteem en sosiale sisteem en word as ʼn sosiale oortreding beskou. Roth noem dat sy poog om deur die bespreking van die sosiale kategorieë wat voorkom in die bepalings die verskillende lae van betekenisse te ontbloot wanneer ʼn dokument as ʼn "historiese artefak", verwyder deur tyd en ruimte bestudeer word (Roth 1995:37). Roth se ondersoek na die sosiale kategorieë en onderafdelings daarvan vind by haar metodologie die sogenaamde saak metode aanwending.

Roth (2001:244) noem dat in die studie van Mesopotamië daar miljoene kleitablette is wat die alledaagse lewe en produkte van skrywerskole openbaar. Ongelukkig bied hierdie dokumente min ten opsigte van die agtergrond en gewone veronderstellings daarvan. Die vrae wat gevra kan word, is hoe ons die bronne kan lees, hoe ver kan die dokumente aan ons insigte bied ten opsigte van hulle beperkinge. Roth is van mening dat daar veronderstellings is wat van lankal af kom en wat nog nie bevraagteken is nie (Roth 2001:244).

As ʼn alternatiewe metodologie bied Roth die sogenaamde saak-metode aan wat in die Amerikaanse regskole, mediese skole en besigheidskole gebruik word en waarvan die basis daarvan die bestudering van ʼn spesifieke geval is waar daar gekyk word of daar ooreenkomste tussen die sake is, daarna watter regsreël inherent tot die eerste geval is en dit dan op die volgende geval toe te pas. Die sukses van hierdie metode hang grotendeels af van die keuse van sake wat ʼn instrukteur/ondersoeker sal maak.

Die basis van haar teorie is dat die regsdokumente soos kontakte en beslissings aan ons "stelle van omstandighede" gee, waarin ons die betrokke partye moet definieer om ʼn spesifieke probleem op te los. Die versamelings is "distillations" van sodanige omstandighede wat van hulle spesifiek "life-markers" gestroop is en gereduseer is tot algemene identifikasies soos man, slaaf, getroude vrou, ensovoorts Selfs na afloop van die bestudering en ondersoek van ʼn saak sal dit nog steeds ʼn ope vraag bly of die situasie in die beslissings en versamelings verteenwoordigend is van of ʼn spesifieke geval of gebeurtenis of andersins ʼn algemene of unieke gebeurtenis. Die antwoord sal bepaal of die oplossing wat deur hierdie gebeurtenisse of gevalle gebied word oor die algemeen toegepas kan word (Roth 2001:248). Daar is 'n tendens om nie meer 'n algemene vergelyking, sonder voorbehoude tussen hierdie samelewings te maak, nie, vanweë die gevare wat dit inhou in die interpretasies en gevolgtrekking van so 'n vergelyking.

Die nuwe benadering tot die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies is ook aangespreek, naamlik: die simboliese en multi-sensoriese praktyke. Hieronder is die komponente soos visuele kommunikasie, ouditiewe kommunikasie, taktiele kommunikasie, smaak-en-reuk kommunikasie en simboliese handelinge kortliks bespreek. Hierdie benadering in die metodolgie van die bestudering van die Mesoptomiese regstradisies kan aspekte van die regstradisies na vore bring wat verdoesel word deur die Westerse wyse van interpretasie van die geskrewe woord.

Die interpretasie van die "bronne" van die Mesopotamiese regstradisies word bemoeilik omdat ons geneig is om groter klem op inligting komende van geskrewe bronne te plaas, en ongelukkig wat die Mesopotamiese regstradisies betref, vanweë omstandighede buite ons beheer, genoop word om die geskrewe dokumente as enigste bron te aanvaar.

Die unieke kenmerke en kommunikasie-mediums van die Mesopotamiese regstradisies dwing ons in die bestudering van die Mesopotamiese geskrewe dokumente om tussen die lyne te lees ten einde beter insig te verkry in wat die unieke erfenis wat die Mesopotamiese regstradisies vir ons vandag kan bied.

DEEL II

HOOFSTUK 7

KENMERKE VAN DIE ANTIEKE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

> "So long as law is unwritten, it must be dramatized and acted. Justice must assume a picturesque grab or she will not be seen."
> *(English legal historian Frederic Maitland)*[291]

> 'n Beknopte oorsig van die aard en kenmerke van die antieke Mesopotamiese regstradisies word in 'n literatuurstudie in hierdie hoofstuk weergegee. Die doel is om die verskillende komponente van die regstradisies bekend te stel wat insluit die konkrete, holistiese opvoering van regsgebruike en regstradisies om die unieke kompleksiteit van die Mesopotamiese regstradisies teenoor die oorheersende abstrakte, hedendaagse geskrewe-woord wêreldsiening te beklemtoon. Die Mesopotamiërs se holistiese, simboliese en multi-sintuiglike opvoering en uitlewing van hul reg deur al die lede van 'n samelewing met die doel om harmonie in stand te hou sal uitgelig word. Die vraag: "Wat is die reg en wat kan 'n definisie van die Mesopotamiese regstradisies wees?" kan help om insig te gee op die verskillende komponente van die Mesopotamiese regstradisies.

7.1. INLEIDING

Die oorsprong van die reg blyk so ver in die verlede te wees

> . . . . as to be beyond our ability to recall them. For every code and court there are prior codes and courts, in apparently infinite regress (Barkun 1968:1).

Sekere geleerdes, soos Westbrook (ed.)(2003:1), glo dat die oorsprong van die reg net spekulatief is en noem dat die reg se oorsprong in die prehistoriese tyd "verlore" is. Sir Henry Maine het in sy werk *Ancient Law* genoem dat die reg kom van "voorafbestaande reëls van optrede" wat terselfdertyd voorskriftelik, mondelings oorgelewer en godsdienstig van aard was. In teenstelling met die hedendaagse tye waar moraliteit en godsdiens van die reg geskei word, was hierdie aspekte onlosmaaklik deel van mekaar (Diamond 1935:3).

[291] http://www.law.pitt.edu/hibbitts/ctos_ii1.htm

Ooreenkomstig die geskrewe bronne tot ons beskikking wil dit voorkom dat die antieke Mesopotamiërs so vroeg as 3000 v.C. intellektueel betrokke was in ingewikkelde regsaangeleenthede. Die Ou Nabye Ooste, wat beskou word as die wieg van die beskawing van vandag, word deur juriste van die antieke reg beskou as die wêreld se oudste erkende reg en die voorouer van die twee grootste Westerse regstelsels, naamlik die gemene reg en die privaatreg (Westbrook (ed.) 2003:1).[292]

Die Mesopotamiese regstradisies sluit die regstradisies van "uiteenlopende etnies-linguistiese elemente" in. Die regstradisies se bronne word gevind in geskrewe bronne wat oor 2 000 jaar strek in uiteenlopende tale wat Sumeries, Oud-Akkadies, Oud-Assiries, Oud-Babilonies, Middel-Babilonies, Middel-Assiries, Neo-Babilonies en Neo-Assiries insluit (Roth 1979:1). Roth (1979:1) is van mening dat die Mesopotamiese regstradisies nie "'n enkele homogene regsisteem" verteenwoordig nie, maar oor gemeenskaplike formulerings beskik.

7.2 DIE VRAAG: WAT IS DIE REG? EN 'N DEFINISIE VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

Die ontwikkeling van skrif gee vir hedendaagse skrywers en geleerdes 'n kykie in die administrasie van die regstradisies van antieke volke. Hierdie geskrewe dokumente blyk soms die enigste bronne te wees wat vir ons bewaar is, maar kan soms misleidend wees (Knapp 1988:4) en skep unieke probleme (Bottéro 1992:19).[293]

Reeds in die vorige eeu het sosiale antropoloë, leke en geleerdes op verskeie gebiede toegewyde aandag bestee aan die vraag wat die antieke reg is en hoe dit deur die antieke samelewings beoefen is.[294] Van Hoecke en Warrington (1998:520) beklemtoon dat wanneer ons by nie-Westerse kulture die verhouding tussen die reg en die moraal, godsdiens en ideologie wil bestudeer, 'n definisie van die reg nodig is om dit van sosiale reëls te onderskei.

---

[292] Hierdie siening word nie noodwendig deur die leek of "gewone" juris gehuldig nie.
[293] Die probleme met die interpretasie van geskrewe bronne is in deel 1, hoofstuk 4 uiteengesit.
[294] Sir Henry Maine se werk *Ancient Laws* en Diamond het waardevolle bydraes gelewer. Maine se werk is meer as 'n eeu oud en word gekritiseer vir sy wye veralgemenings sonder substansie, maar word nog steeds deur vele geleerdes as die raamwerk van hul sieninge beskou (Diamond 1935:1-2). Laura Nader (1965) het 'n goeie uiteensetting gegee van die verskillende sieninge in antropologie van die regte se benadering tot wat die reg is en hoe regsisteme beskryf word.

7.2.1 Wat is die reg?

Geleerdes het dikwels die vraag gevra: "Wat is die reg?" en die vereenvoudigde definisie blyk te wees: "Law must ultimately be tied to the ways in which people behave" (Barkun 1968:1).
Die 18de eeuse geleerdes het aanvaar dat met die bestudering van die mens daar sekere algemene beginsels van die reg is wat universeel tot mekaar is. In die 20ste eeu is daar 'n groot debat gevoer of alle samelewings regstelsels of reg (*law*) het (Nader 1965:4). Die oorgrote meerderheid van die regsfilosowe se fokus is volgens Tamanaha (1995:501) die positiewe reg en volgens hom het hulle die "luukse" om na die staatlike reg-model[295] te kyk.[296] Daarenteen beskou baie sosiale wetenskaplikes staatlike reg (*state law*) om twee redes as 'n onaanvaarbare beginpunt: Dat dit nie uit 'n wetenskaplike kategorie bestaan nie en dat die staatlike reg-model daarop sal neerkom dat baie samelewings nie 'n reg sal hê nie (Tamanaha 1995:501). Sommige regsantropoloë is veral gekant teen hierdie benadering omdat dit op sogenaamde Westerse etnosentrisme neerkom.[297]

Tamanaha (1995:501-2) noem dat met die debatvoering na die soeke van 'n definisie van die reg allerlei sinsnedes ontstaan het, soos dat die soektog beskou word as "onproduktief", "steriel" 'n "barre onderwerp", en as 'n "vermorsing van ink". Hoebel (1954:18) noem dat die soeke na 'n definisie van die antieke reg dieselfde is as die soeke na die Heilige Graal en hy haal Max Radin aan wat dit verduidelik as: "[T]hose of us who have learned humility have given over the attempt to define law".

Die meeste antropoloë is vandag dit eens dat dit nie meer nodig is om 'n definisie van die reg te vind ten einde te bepaal of daar by 'n antieke samelewing reg bestaan het nie. Nader (1965:6) is van mening dat wat van belang is, is hoe die reg die beste vir navorsingsdoeleindes bepaal kan word. Hoebel (1954:18) beklemtoon dat dit nie heeltemal onmoontlik is om 'n definisie te gee

---

[295] Staatlike reg teenoor Staatsreg is hier van toepassing. Staatlike reg is volgens die Suid-Afrikaanse hedendaagse reg "daardie regsreëls wat vir regsubjekte in die hoedanigheid van lede van die staatlike gemeenskap geld en wat gepositiveer word deur die orgaan wat kompetent is om in en vir die staatlike samelewing regsreëls te positiveer" (Van Zyl & Van der Vyver 1982:340). Staatsreg val onder die afdeling publiekreg waar bepaal word hoe 'n staatsowerheid saamgestel word, die verskillende dele van die staat en wat die funksies en bevoegdhede van die onderskeie staatsorgane is (Van Zyl & Van der Vyver 1982:345). In hierdie geval word daar na Staatlike reg (*State Law*) verwys.

[296] Die staatlike reg-model wat vandag deur hedendaagse juriste aangehang word, het in die verlede ander regsisteme soos die regstradisies van die inheemse volke van Suidelike-Afrika tot onreg gestel. Indien daar nie voldoen word aan die Westerse siening van wat reg is en wat geregtigheid is nie, is dit bloot genegeer.

[297] "This mix of scientism and concern about ethnocentrism resulted in analytical gridlock. Scientists who declared – at the outset of the enquiry – that 'No society is without law', were inevitably led to identify a different concept of law from those scientists who believed that whether or not particular societies have law should be an empirical question, one that can be answered in the negative" (Tamanaha 1995:501).

nie, met die wete dat so ’n definisie is ’n uitdrukking van die “erkende kenmerke van ’n fenomeen of konsep”. Die reg is onlosmaaklik deel van die “sosiale web” waarin dit hom bevind. Hoebel (1954:4) is van mening dat elke groep het ’n sisteem van “sosiale beheer” en dat die meeste groepe het komplekse patrone van optrede en “institusionele meganismes” wat vandag as ’n reg beskou sal word.

Tamanaha (1995:503) noem dat daar twee fundamentele kategorieë of denkskole uit die soeke na ’n definisie van die reg ontwikkel het, naamlik waar die reg deur die sogenaamde “patrone van optrede” bestudeer word en waar dit deur middel van die sogenaamde “staatlike reg-model” gesien word.

Die eerste denkskool of kategorie, naamlik die “patrone van optrede”, word oorheers deur twee voorstanders: Eugen Ehrlich en Bronislaw Malinowski. Ehrlich was van mening dat die reg is ’n rangskikking van ’n stel reëls.[298] Malinowski se siening was dat die reg uit ’n sentrale gesag, kodes, howe en regsdienaars bestaan en dat die reg maar net een van die aspekte van die stam is. Ehrilch en Malinowski se siening van die reg behels, met ’n paar verskille, grotendeels dat die reg ’n stel reëls is wat die optrede van die lede van ’n bepaalde sosiale groep beheers. Ehrlich en Malinowski is albei van mening dat sanksies belangrik was, maar dat dit nie die belangrikste rol in die handhawing van orde gespeel het nie. Die grootste probleem met hul teorie is hoe die regsreëls van die sosiale lewe en ander reëls van ’n samelewing van mekaar onderskei kan word (Tamanaha 1995:503-504).[299]

Max Weber en Adamson Hoebel het ’n prominente rol in die sogenaamde “staatlike reg-model” van reëls en instellings gespeel (Tamanaha 1995:503). Hoebel (1954:26) was van mening dat die “fundamentele *sine qua non*” van enige regstelsel die “regmatige gebruik van fisiese krag deur ’n sosiale goedgekeurde agent” is: “A legal rule without coercion is a fire that does not burn, a light that does not shine” en “law has teeth”.

---

[298] Nog ’n definisie van die reg wat hierdie skool se benadering onderskryf is dié van Richland en Deer (2004:17), wat as volg bepaal: “Any system for addressing antisocial behavior as resolving disputes”.

[299] Van Zyl en Van der Vyver (1982:1) noem dat dit noodsaaklik vir ’n samelewing is dat daar orde moet wees en daarom word so ’n “menslike samelewing” deur verskillende stelle reëls georden, soos onder meer taalreëls, maatskaplike toegangsreëls, etiese reëls en regsreëls. Die vraag wat gevra moet word, is nie wat hierdie reëls op hulle eie orden nie, want alle reëls is daarop gerig om ’n geordende samelewing daar te stel. Die verskil lê eerder tussen hierdie reëls “in die vraag hoe elkeen daarvan die samelewing van die mens orden” (Van Zyl & Van der Vyver 1982:4). Van Zyl en Van der Vyver (1982:4) is van die voorstanders van die “staatlike reg-model” wat noem dat “die wyse waarop juridiese kompetensies, regte en verpligtinge in die onderlinge verhouding van regsubjekte deur die reg georden word, word vergelding genoem”. Hierdie vergelding is in die breë sin “die afdwing van gepaste regsgevolge wat deur die reg aan ’n regsfeit verbind word”.

Uit ’n antropologiese oogpunt beskou Hoebel (1954:4) die reg as maar net een aspek van ’n kultuur en hy noem dat die reg die deel van die georganiseerde samelewing vorm wat die individu en die groep se optrede reguleer en om oortredings van “voorgeskrewe sosiale norme” te verhoed, aan te spreek of te straf. Dit is Hoebel se wegspringplek vir die definisie van die reg en word voetstoots, net met ander benamings, op alle regsisteme toegepas. Hy noem die reg van ongeletterde persone “primitiewe reg”. Die reg van samelewings wat volgens hom op die beginpunt van beskawing staan, noem hy “argaïese reg” en die reg van ontwikkelde samelewings noem hy “moderne reg”(Hoebel 1954:5).

Alhoewel Hoebel se sienings meer onder die staatlike reg-model tuishoort, skep hy in der waarheid sy eie metode, die sogenaamde “legal behaviourism” en beklemtoon dat die antropologiese benadering tot die reg “flatly behaviourism” is (Tamanaha 1995:512).

Hoebel (1954:28) se definisie van die reg is as volg:

> A social norm is legal if its neglect or infraction is regularly met, in threat or in fact, by the application of physical force by an individual or group possessing the socially recognized privilege of so acting.

In teenstelling met Ehrilch en Malinowski is die toets eerder die krag van die uitvoer en die aard van ’n sanksie met die inbreukmaking van ’n bepaalde regsreël. Regsnorme is dan slegs norme wat wanneer daarop inbreuk gemaak word dit deur openbare sanksies gestraf word. Enige ander norme is moreel of polities of gebruike, maar nie die reg nie (Tamanaha 1995:507).

’n Sekere groep sosiale wetenskaplikes vind hierdie siening egter onaanvaarbaar omdat hulle glo dat elke samelewing ’n reg het en hoewel die sogenaamde “voor-staatlike” samelewings nie oor ’n “moderne” staatsbestel beskik nie, hulle steeds ’n reg gehad het. Onder die maatstaf van die “staatlike reg-model” wat geleerdes soos Hoebel gebruik, sal dit egter beteken dat hierdie samelewing sonder reg bestaan het. Daar word aangevoer dat alle groepe dispute het en dat dit op ’n bepaalde wyse opgelos moet word (Tamanaha 1995:508). Die ou probleem bly opduik hoe ons tussen regsreëls en ander reëls van ’n samelewing, wat almal op ’n bepaalde wyse afgedwing moet word, onderskei. Met die siening van die “patrone van optrede-skool” is die gevaar dat die reg weer met ander reëls, soos morele en sosiale reëls, vermeng word. Tamanaha (1995:509) noem dat in ons definiëring van die reg, ons gedurig teruggedwing word na die sogenaamde “staatlike reg-model”, wat huidiglik die “dominante raamwerk vir die reg” is.

Die twee skole of denkrigtings is eensgesind ten opsigte van die feit dat die reg sosiale orde handhaaf (Tamanaha 1995:513). Tamanaha (1995:515) is van mening dat hierdie twee denkrigtings grootliks verskil in wat hulle glo en kan slegs ooreenkom indien hulle dit waarin hul glo, sou opgee. Tamanaha som dit op dat die skool van die "patrone van optrede" vir die "staatlike reg-model"-skool as't ware sê:

> [Y]ou are wrong if you believe the source of normative order in society is to be found in the activities of coercive institutions

waarna die "staatlike reg-model"-skool vir die aanhangers van die ander skool sal sê:

> [W]hat you are talking about is not what we mean by law because it brings in all of social life, not matching our intuitions about what law is, and rendering it impossible to identify the distinctively legal.

Die afgelope twee dekades het skrywers al meer wegbeweeg van die tradisionele benadering van vergelykende reg, waar die sogenaamde "law as rules"-benadering gevolg is wat die bestudering van reg tot die beskrywing, plasing en rangskikking van wette en hofbeslissing beperk het (Van Hoecke & Warrington 1998:495-496).

Sommige sosio-regsgeleerdes en regsantropoloë het 'n ander weg probeer inslaan deur op te hou praat van die reg en om eerder na konsepte soos "orde" en "dispute" te verwys. Tamanaha kritiseer hulle poging om te glo dat die klemverskuiwing na "orde en dispuut" sal die verwerping van die "legal mould" teweegbring (Tamanaha 1995:509). Een van hierdie geleerdes, Niklas Luhmann het die reg gedefinieer as:

> the structure of a social system which depends upon the congruent generalisation of normative behavioral expectations.

Die reg is volgens Luhmann nie 'n afdwingbare orde nie, maar eerder soos hy dit stel, 'n verwysing na verwagting. Die reg kom in alle samelewings voor (soos vooropgestel deur die "patrone van optrede"-skool), maar die reg ontwikkel soos die samelewings meer komplekse instellings verkry ("staatlike reg-model"-siening) (Tamanaha 1995:521).

Geleerdes volg vandag in die algemeen 'n wyer benadering waar daar na al die aspekte gelet word wat die reg op alle vlakke kan beïnvloed. Hierdie wyer benadering help die hedendaagse geleerdes om ons reg te verstaan, aangesien dit ons konfronteer met ons verborge ideologiese raamwerke en veronderstellinge (Van Hoecke & Warrington 1998:497). Die wyer benadering behels die bestudering van reg as kultuur en benadruk dat die reg baie meer is as net 'n stel reëls en geïsoleerd is. Die reg is 'n sosiale praktyk binne-in 'n regsomgewing. Om die reg te kan

verstaan, moet die sosiale praktyke van die betrokke gemeenskap verstaan word (Van Hoecke & Warrington 1998:498).

Tamanaha (1995:534) is van mening dat die reg nie in een wetenskaplike konsep geplaas kan word nie en dat die reg eerder ’n kulturele konstruksie is, waarvan daar nie ’n “universele essensiële aard” teenwoordig is nie: “Law *is* whatever we attach the label *law* to” (Tamanaha 1995:535).

7.2.2 Definisie van die Mesopotamiese regstradisies

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar met groot omsigtigheid gehandel moet word om die reg van ’n samelewing, veral ’n antieke samelewing, soos Mesopotamië te bepaal.

’n Definisie van die Mesopotamiese regstradisies kan help om te bepaal of die versamelings en inskripsies as ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.[300] Vir doeleindes van hierdie werk, word die Mesopotamiese regstradisies as volg gedefinieer:

Die totale liggaam van reëls, gebruike en voorskrifte soos opgevoer deur die lede van die verskillende volke in antieke Mesopotamië woonagtig in ’n uitgestrekte geografiese gebied oor ’n lang tydperk, komende van ’n lang prehistoriese en historiese mondelingse tradisie van oorlewering van geslag tot geslag met ’n gemeenheid in algemene aard en kenmerke, maar verskillend tot die unieke toestand en omstandighede van die volke in die uitoefening van sankies vir oortredings met die doel om harmonie in die familie in ‘n eng sin en die staat in ‘n wye sin te verseker.

7.3 MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES IN VERGELYKING MET ANDER REGSTELSELS

[300] In deel 2, hoofstuk 5 waarin die teorieë van die versamelings en inskripsies bespreek sal word en deel 2, hoofstuk 8 waarin van die tekste geevalueer word, sal die noodsaaklikheid van hierdie definisie na vore kom.

In ’n regstelsel is daar oor die algemeen sekere kenmerke[301] aanwesig (David & Brierly 1985:19). ’n Regstelsel het ’n woordeskat waarin konsepte uitgedruk word en waarvan die reëls in kategorieë verdeel kan word. David en Brierley stel dat ’n regstelsel nie net uit ’n liggaam van reëls bestaan nie. Dit behels veel meer as dit, aangesien die stelsel insluit: (a) ’n woordeskat om konsepte uit te druk, (b) reëls wat in kategorieë verdeel is, en (c) tegnieke om die reëls uit te druk en te interpreteer en waaraan dit alles gekoppel word aan ’n uitgangspunt dat die sosiale orde bepaal hoe die reg toegepas moet word en wat die funksie van so ’n regstelsel binne-in ’n samelewing omvorm (David & Brierley 1985:19).

Enige regstelsel bevat kenmerke wat van ’n ander kan verskil en wat in gedagte gehou moet word wanneer gevallestudies in so ’n stelsel bestudeer word. So byvoorbeeld het die werke van funksionele antropoloë volgens Bennett (1995:2–3) ’n belangrike rol gespeel om te wys dat samelewings wat blykbaar geen bemoeienis met die reg in die hedendaagse sin het nie, nieteenstaande in staat was om vreedsaam en in harmonie te funksioneer.

Die Westerse regstelsels het twee hoofkenmerke wat van die Mesopotamiese regstelsel verskil, naamlik individualisme en rasionalisme. Individualisme is die outonomie en vryheid van die individu wat in direkte kontras staan met die idee van kollektiwiteit waar die individu aan die gemeenskap ondergeskik is. By kollektiwiteit, wat ’n kenmerk van die Mesopotamiese regsmilieu is, staan die individu in ’n voorafgaande posisie tot die samelewing. Rasionalisme beteken die:

> belief in the infinite possibilities available to the human spirit to know, structure and master reality in an objective manner (Van Hoecke & Warrington 1998:503).

In teenstelling hiermee staan irrasionalisme wat weer die geloof is in:

---

[301] Hibbits (1992:956) het voorgestel dat die “characteristics of performance and exploring their possible manifestations in culture and law are obviously major undertakings that require consideration in a separate paper”. Sien Hibbits (1992:956-960) t.o.v. sekere kenmerke wat hierin bespreek is soos persoonlik, sosiale aard, dinamies, mnemoniese strategie en tydloosheid. As ’n voorbeeld van ’n uiteensetting van kenmerke van die antieke regstradisies word hier na die Oud-Germaanse reg van 100 v.C.–406 n.C. verwys wat volgens Van Zyl en Van der Vyver (1982:175) die volgende kenmerke gehad het:
a. Die Germane was in stamme georganiseer en het volgens die stamreg geleef, waar daar ooreenkomste en verskille tussen die tradisies was en dit nie ’n “afgeronde Germaanse regstelsel” gevorm het nie.
b. Die regstradisie het uit gewoonte bestaan wat “ongekompliseerde reëls van algemene strekking” was wat mondelings oorgedra is.
c. Die reg was onbuigsaam.
d. Die reg is toegepas in die volksvergadering wat die hoogste gesag was.
e. Regshandelinge was simboliese handelinge gepaardgaande met regspreuke wat daarop dui dat dit ’n “formalistiese karakter” gehad het.
6. Vreemde persoon was “regteloos” en het as gesag beskerming geniet (Van Zyl & Van der Vyver 1982:176–177).

> a preponderance of sentiment and metaphysical elements, in order to know, structure and master reality (Van Hoecke & Warrington 1998:503).[302]

Maar volgens Van Hoecke en Warrington (1998:513) het geleerdes ook ’n “paradigma”, waar hulle ’n ooreengekome verstandhouding het ten opsigte van basiese teorieë, konsepte, ’n gemeenskaplike taal en metodologie, of anders gestel, ’n “gemeenskaplike regskultuur” wat die volgende punte insluit:

a. Wat is die reg en sy verhouding tot ander sosiale norme, met ander woorde, wat is die konsep van die reg?[303]

b. ’n Teorie oor aanvaarbare regsbronne wat insluit wie die mag het om reg te skep en onder watter omstandighede, wat is die belangrikheid in volgorde van sodanige regsbronne en hoe moet botsings tussen regsbronne opgelos word, die verskillende rolle van verskillende regsprofessies en hoe gemaak met nie-regstekste en -besluite, ingeslote dié van ’n godsdienstige aard – is dit ook ’n regsbron?[304]

c. Wat is die metodologie van die reg? Dit sluit in hoe die reg geïnterpreteer moet word en watter metodes gebruik moet word. [305]

d. Die teorie van argumentasie – watter tipe argumente en strategie is daartoe toelaatbaar. Sluit dit net streng regselemente in of ook sosiale, ekonomiese, politieke, ideologiese en godsdienstige elemente?[306]

e. Die teorie oor die regsgeldigheid van die reg. Waarom is die reg bindend en hoe gemaak indien dit in konflik is met ander nie-regs, sosiale of godsdienstige norme?[307]

f. ’n Gemeenskaplike basiese ideologie wat die basiese waardes en wêreldsiening behels, en wat gebruik sal word om regsprobleme op te los. Vir die Westerse mens sal dit ’n rasionele individualistiese siening van samelewing insluit, met ’n positivistiese siening van die reg, onafhanklik van sy morele inhoud, wat ’n “instrumentele siening” op die reg insluit wat behels dat die reg ’n tegniek is wat die heersende mag gebruik om die samelewing te beheer, en

---

[302] Die regstelsels wat meer neig na irrasionalisme, is die regstelsels wat direk op godsdiens gebaseer is, soos die Islamitiese en Hindiese regsisteme (Van Hoecke & Warrington 1998:503).

[303] In hierdie hoofstuk *supra* is dit bespreek waarin uitgewys was dat alhoewel die staatlike reg-model die hedendaagse model is om as basis gebruik te word by die bepaling van ’n definisie van die reg, daar wat die Mesopotamiese regstradisies betref na ’n wyer benadering gelet moet word.

[304] Hierdie verskillende onderwerpe word aangeraak in die bespreking van die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies in hierdie hoofstuk en sal ook aandag geniet in hoofstuk 5 t.o.v. die verskillende teorieë rondom die versamelings en inskripsies.

[305] In deel 2, hoofstuk 6 vier word van die verskillende benaderings of metodologieë van die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies en -kultuur bespreek.

[306] Sien kenmerke *infra* in hierdie hoofstuk.

[307] Dit word kortliks aangeraak onder kenmerke (infra) in hierdie hoofstuk en bronne van die Mesopotamiese regstradisies in hoofstuk 4.

ontstaan nie spontaan deur "sosiale rangskikking" nie (Van Hoecke & Warrington 1998:514–515).

Die antieke samelewing wat nie 'n ingewikkelde regsisteem het nie, is nie meer wanordelik nie. Hulle is homogeen, waar inter-verhoudinge direk en intiem is en die belange 'n gemeenskapsbelang het. Informele regsnorme is voldoende in orde. Waar die gemeenskap meer heterogeen word, het dit 'n meer ingewikkelde sisteem nodig. Verhoudings is minder intiem en die toegang tot goedere word moeiliker (Hoebel 1954:293). Elke lid ken 'n ander op so 'n intieme wyse dat die lid deur assosiasie, sy optrede ooreenkomstig die ander lede s'n aanpas, sodat die groep tot mekaar behoort in 'n "komplekse netwerk van interpersoonlike verhoudinge" (Hoebel 1954:294).

In hierdie stelsels speel mediasie en rekonsiliasie[308] 'n uiters belangrike rol, tesame met die uitwerking van rituele waar geglo word die voorvaders oor wag hou (Bennett 1995:3). Vandag word daar voorgehou dat die afwesigheid van reëls so kenmerkend in die Westerse prosedurele stelsel en die beklemtoning van tradisie nie noodwendig beteken dat die individu sleg behandel word nie.[309]

7.4 AARD VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

Die Griekse en Romeinse regstelsels[310] is die onmiddellike voorouers van die grootste hedendaagse regstelsels in die wêreld en hul invloed op die regsmilieu van vandag moet nie

[308] Vandag begin Westerse samelewings om te eksperimenteer met die tegnieke van konflik-resolusie soos mediasie en rekonsiliasie wat histories met stamme en Oosterse samelewings geïdentifiseer is (Smith & Weisstub 1983:2).

[309] Daar is verskeie skrywers wat voorhou dat die Afrika inheemsregtelike regstradisies wel hul eie "indigenouns doctrine of rights" het (Bennett 1995:33). "Although, on a macro-comparative scale, it is difficult to classify the various indigenous legal systems applicable in Africa into one of the known and existing families of law, their common features and fundamental similarity in structure, procedure, principles, techniques and ideology enable one to regard them, despite their differences, as one family" (Van Niekerk 2001:203). Dit is volgens Bennett (1995:33) eerder duidelik dat in sekere omstandighede Afrika-stamme se optrede in stryd is met die Westerse siening van hedendaagse menseregte, maar terselfdertyd dat die standaarde in die inheemsregtelike regstradisies die hedendaagse menseregte filosofie selfs kan oorskry. In die inheemse hof stel Bennett voor dat 'n persoon 'n beter kans op prosedurele regverdigheid het, omdat die fokus rekonsiliasie en mediasie is. Dit is 'n stadige proses en alle partye kry genoegsaam geleentheid om hul klagtes in 'n "sympathetic environment" te lug (Bennett 1995:4). In die Suid-Afrikaanse milieu is daar 'n sterk kontras tussen die twee regsisteme, waar die Westerse stelsel poog "to counteract behaviour calculated to disrupt the status quo" en die inheemse regstradisies "facilitates a constant momentum of purposeful change" (Bennett 1995:3).

[310] Regsontwikkeling van die Romeinse Reg begin met die sogenaamde Koningstyd waar, soos Thomas (1980:17) dit stel, dit " 'n uiters primitiewe stelsel" was wat gekenmerk is met "strengheid, formalisme en 'n beperkte aantal regshandelinge. Die *ius* (regsreël) en *fas* (godsdienstige voorskrifte) is onlosmaaklik met mekaar en was in die hande van die priesters geplaas (Thomas 1980:17, Van Warmelo 1959:27–28). Tydens die Republiek, wat beskou word as die tydperk van ontwikkeling waarin die *Lex Duodecim Tabularum* geformuleer is, moet daar onderskeid getref word tussen die *ius civile* en *ius gentium* (Thomas 1980:17). Die *ius civile* was streng formalistiese regsreëls

onderskat word nie. In die Griekse, Romeinse en Germaanse regstradisies kom die sogenaamde "simboliese seremonialisme" voor (Malul 1988:3).

Die afgelope paar dekades het geleerdes meer aandag gegee aan hierdie unieke kenmerk, maar elkeen van die skrywers het hul eie fokus (Kruger 1998:142). Geleerdes, soos Kohler, Koschaker en Greengus wat as juriste ook in die studie van die Mesopotamiese samelewing spesialiseer het en ook 'n agtergrond in die primitiewe Germaanse regstelsels gehad het, het belangstelling in hierdie "grondbeginsel" van die Mesopotamiese regstradisies getoon. Greengus het die antieke Mesopotamiese bronne van die reg uit 'n regsagtergrond en regsimbolisme benader (Malul 1988:7). Artikels oor simboliese handelinge is sporadies gepubliseer en die inhoud was volgens Malul nie-sistematies en toevallig gepubliseer.

Gruber[311] fokus op die "emosionele-uitdrukking kant" (Kruger 1998:142). 'n Skrywer soos J. Grimm het hierdie element in die Germaanse regsisteme 'n "sensasionele element" genoem (Malul 1988:3). Barakat (1969:105) verwys na "gebare sisteme". Ander skrywers verwys na hierdie element in die Germaanse regsisteem as "Rechtssymbolik" (Malul 1988:6). In die regshandboeke waarin die Romeinse en Griekse regsstelsels bespreek word, word na "formalisme" verwys (Malul 1988:7). Ander noem dit "regsimbolisme" (Malul 1988:6-10). Veral op die gebied van die Hebreeuse Bybel het daar meer geleerdes soos Vorwahl, Gruber, Viberg, Müller en Keel voorgekom wat hierdie aspek benadruk het (Kruger 1998:142).

Die Griekse en Romeinse reg se regsimboliek bevat 'n formalistiese aspek wat behoorlik beskryf en voorgeskryf word. Die Mesopotamiese bronne beskik nie oor sodanige kwalifikasie nie (Malul 1988:14). Malul voer verder aan dat in die Mesopotamiese regstradisies daar hoofsaaklik op mondelingse oorlewering gesteun moes word om sodanige formaliteite oor te kan dra. Die geskrewe Mesopotamiese bronne blyk om te neig om te "focus on the *result* of a certain legal transaction, rather than on the *process* of a certain legal transaction" (Malul 1988:14–15).

---

wat net op die Romeinse burgers van toepassing was, terwyl die *ius gentium* in hierdie konteks regsreëls van verskeie volke was of gebruik was waar daar kontak met andere volke was (Thomas 1980: 17-18). Hierdie *ius gentium* is gekenmerk deur informele gewoontereg gebaseer op die *bona fides* (goeie trou) en *aequitas* (billikheid). Die regsreëls van die verskillende volke is deur die Romeine in hul reg geresipieer. Die formalisme en strengheid het verdwyn en die konsepte van goeie trou en billikheid speel 'n groot rol in die uitbreiding van die reg (Thomas 1980:18).

[311] Sien Gruber (1980) waar hy 'n omvattende studie gedoen het van die sogenaamde aspekte van die nie-verbale kommunikasie van die ONO en waarin Gruber meer gefokus het op die Hebreeuse nie-kommunikasievorme soos treur, woede en vreugde.

Kruger (1998:145), wie se fokus eerder die Hebreeuse Bybelstudies is, noem dat by nie-verbale kommunikasie die begrip nie as vanselfsprekend beskou moet word nie. Dit behels ’n verskeidenheid van funksies en dit is belangrik om elke keer te noem op watter wyse dit gebruik word.

Die antieke Mesopotamiërs het nie abstrak gedink nie en hul wêreldsiening was konkreet van aard, deurdat hulle byvoorbeeld op besit, eerder as eienaarskap gelet het. Die antieke Mesopotamiër moes iets fisies in sy besit kon hou (Malul 1988:4). ’n Belangrike aspek van die sogenaamde “simboliese seremonialisme” is dat dit van ’n publieke karakter was waar byvoorbeeld getuies aanwesig moes wees vir die sluit van ’n kontrak of die voltrekking van ’n regseremonie (Malul 1988:5). By die regsreëls wat oor die familie en stam[312] gehandel het is verpligtinge in dokumente neergeskryf, maar die meeste regveranderinge het blykbaar mondelings plaasgevind, waarvan baie min op rekord geplaas is (Malul 1988:18).[313]

Malul (1988:20) definieer simboliese handeling as volg:

> A symbolic act is an act or gesture which must be performable and performed, is executed intentionally and solemnly, in an appropriate context, for a limited span of time, and it must symbolize a legal result which differs from its manifest physical result.

Hierdie simboliese handeling wat Malul (1988:21) beskryf, bestaan uit ’n liggaamlike beweging of gebaar, byvoorbeeld waar ’n persoon sy eie ore gryp[314] of op ’n ander se voorkop slaan (Malul 1988:22).[315] Die simboliese handeling kan ook die manipulering van voorwerpe of materiaal behels waar ’n stuk kluit van die grond gebreek word,[316] waar ’n stuk van die kledingstuk geneem word en die huis verlaat word,[317] of waar olie op die bruid se kop gegiet word.[318] Malul beklemtoon dat die funksies van hierdie onderskeie simboliese handelings verskillend is in

---

[312] In die hedendaagse reg word na familiereg en personereg verwys maar so ’n kategorie-indelings is ’n hedendaagse indeling en het nie in die Mesopotamiese regstradisies voorgekom nie. Skrywers soos Malul (1988) en Versteeg (2000) verkies om die hedendaagse indeling te gebruik.

[313] Malul (1988:2) noem dat die geskrewe kontrak die “finale stadium” in die lang geskiedkundige ontwikkeling van die reg is.

[314] ’n Persoon wat aan sy eie ore gryp en weggaan kom voor by die aanneming van broederskap en die verbreking van familiebande (Malul 1988:100). In ’n dokument is hierdie simboliese handeling aangeteken waarin ’n klousule t.o.v. straf bepaal “he shall seize his ears and he shall depart” (Malul 1988:100). Sien Malul (1988:100-121).

[315] Sien Malul (1988:252–258).

[316] Die breek van ’n kluit kom voor by die verbreking van familiebande en handel oor die status van die seun (Malul 1988:100). Sien Malul (1988:79-92).

[317] Hierdie handeling kom by egskeidings voor. Sien Malul (1988:197-208).

[318] Die giet van olie oor die bruid se kop is ’n handeling wat by die voltrekking van die huwelik voorkom. Sien Malul (1988:161-178).

konteks en in die doel wat dit dien. Hy noem hierdie handelinge nie-verbale kommunikasie (Malul 1988:21).

Kruger (1989:141) beskou die sogenaamde nie-verbale kommunikasie as ’n “ongesproke, ongeskrewe medium” wat soms belangriker as die geskrewe en verbale kommunikasie was.

Kruger noem dat die kommunikasiehandelinge op ’n “toedrag van sake” dui, terwyl die simboliese handelinge na ’n “verandering van sake” verwys. Kruger (1989:146) stel dit verder dat daar met die simboliese handeling waarvan Malul melding maak, onderskeid getref moet word tussen handelinge of gebare wat as sogenaamde “kommunikasie middele” dien en dié wat as simboliese handelinge dien.

Kruger kritiseer die toekenning van die simboliese handeling omrede dit te onduidelik is om ’n beskrywing te gee van die fynere ondertone van betekenis ten opsigte van die verskillende vorme van nie-verbale kommunikasie in die regsmilieu. By kommunikasie moet daar onderskeid getref word tussen inligting (*information*) en kommunikasie (*communication*), omdat net sekere optredes op kommunikasie kan dui, terwyl die ander meer op inligting dui (Kruger 1989:144). Die aksies en reaksies wat vir inligting daar is, noem Kruger (1989:144) “doelbewus” en die handelinge of reaksies wat op ’n spesifieke kategorie van kommunikasie gemik is sinoniem met “nie-doelbewus”.

Hibbits (1992) het in sy artikel oor *multi-sensory communication* van unieke terminologie vir sekere begrippe gebruik. Hy verkies om eerder na die samelewing te verwys as ’n opvoerende kultuur (*performance culture*) wat dien as ’n “vehicle for remedying these rather basic deficiencies in the legal literature” (Hibbits 1992:882). In hierdie “opvoerende kultuur” word inligting, buiten die medium van mondelingse oordrag, deur ’n verskeidenheid van mediums oorgedra. Die lede van ’n “opvoerende kultuur” is die “opvoerders” wat vlot kultureel kan kommunikeer in spraak, gebare, aanraking, reuk en smaak (Hibbits 1992:883). Die verskillende multi-kommunikasie mediums wat uit visuele-, gehoor-, smaak-, en tassintuie bestaan, is ernstig opgeneem en gebruik om ook regsinligting oor te dra (Hibbits 1992:883–4). Die belangrikheid van die aanwending van die mediums van kommunikasie in ’n gemarginaliseerde samelewing soos antieke Mesopotamië word deur Hibbits (1992:951–2) as volg verduidelik:

> [E]very medium implicated becomes a hook from which the thread of memory can hang. Someone might not immediately remember hearing something, but they might remember seeing of feeling it . . . if several different media are used to transmit exactly the same message, the power of that message as a whole is

> reinforced to the point where the audience may be overwhelmed with sensory input.

Hibbits gaan verder as die ander skrywers op hierdie gebied en beskou alle sintuie om betrokke te wees by ’n simboliese en ander betekenis, om inligting te bewaar en/of om dit oor te dra. Die mondelingse oordrag van inligting word ook ingesluit.

7.5 KENMERKE VAN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

7.5.1 Inleiding

Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies sal kortliks uiteengesit word. Die kenmerke behoort ’n beter idee van die Mesopotamiese regstradisies se besondere aard en uniekheid te gee. In die bespreking is daar enkele verwysings na ander regstradisies en regstelsels, veral die kenmerke van die inheemsregtelike regstradisies van Suidelike Afrika[319] wat kortliks ter ondersteuning van aspekte van die Mesopotamiese regstradisies bespreek word. Daar is vele ooreenstemminge en ons bevind ons vandag in die posisie dat die Mesopotamiese regstradisies nie in persoon bestudeer kan word nie, maar wat wel by die inheemse reg die geval is. Wanneer die regstradisies in analoog tot mekaar gestel word, word dit met groot omsigtigheid gedoen. Elke regsisteem het sy unieke kenmerke en selfs in die hedendaagse regstelsel waar daar ooreenkomste is, is daar groot verskille aanwesig.

7.5.2 Ongespesialiseerde beoefening van regstradisies

Myburgh (1985:2) betoog alle kulture het ’n mate van spesialisering, wat dui op:

> separation, differentiation, classification, delimitation, definition, or individualization in respect of time, activity, functions, interests, duties, knowledge, conceptions, etc., the isolation of ideas or abstraction falling within the meaning.

[319] Die term inheemse reg is ’n vakbenaming vir die Afrika-regstradisies van Suidelike Afrika waaroor daar nie algemene konsensus is of dit die aanvaarbare term is nie. In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word die term “gewoontereg” en “inheemse reg” afwisselend gebruik. Die term “inheems” verwys na dit wat van nature in ’n land of streek voorkom. Vir verdere verduideliking, sien INR101-Q 1996. UNISA. Enigste Studiegids 1996:5-6. Die benaming “inheemse reg” word deur ’n groter meerderheid juriste gebruik en vir doeleindes van hierdie studie word dit so gebruik.

Die bepaling van hoe gespesialiseerd ’n samelewing is, sal afhang van die grootte van ’n bepaalde bevolking, aangesien die grootte daarvan aanleiding kan gee tot “skeiding van aktiwiteit”. Ander bepalende faktore sal die ekonomie, godsdiens, opvoeding en die kuns wees (Myburgh 1985:3).[320]

Waar in die hedendaagse reg ’n spesialisering van die reëls voorkom waar die regsreëls van die morele en sosiale reëls geskei word en deur ’n afgebakende stelsel, die presedentestelsel, beheers word, is dit nie die geval met die Mesopotamiese regstradisies nie.

In Mesopotamië was daar nie ’n skeiding van magte nie, die amptenaar kon in ’n kwasigeregtelike handeling besluit het oor die regte van ’n ondergeskikte sonder die hou van ’n formele verhoor, en selfs in gevalle waar die amptenaar ’n belang in het (Westbrook 1995(b):152).

In Mesopotamië was dit die algemene gebruik dat die seuns hul vader in hul beroep opvolg (Stol 1995:488). Stol haal ’n Sumeriese gesegde aan wat die vader aan sy rebelse seun sê:

> It is in accordance with the fate decreed by the god Enlil for man that a son follow the work of his father.

Volgens Van Niekerk (2001:203) is die Westerse reg vanuit ’n filosofiese, politieke en ekonomies oogpunt individualisties of kapitalisties, terwyl die inheemsregtelike stelsel se fokuspunt die gemeenskapsbelang en groepsoriëntering is waar die instandhouding van die groep se *status quo* en harmonie die belangrikste is. Vanuit ’n regstegniese oogpunt is die Westerse regstelsel gespesialiseerd, terwyl die inheemsregtelike regsisteme nie-gespesialiseerd is. In die inheemsregtelike Afrika-stelsels is daar geen skeiding tussen die kriminele en siviele aksies, regeringsfunksies of groepsregte en kollektiewe aanspreeklikheid nie (Van Niekerk 2001:203).

Net so in ander antieke regstradisies as ’n groep is Smith en Weisstub (1983:17) dit eens dat die begrip regsverpligting (“rights”) beskou is as ’n *verkeerde besit* van die krediteur se eiendom. Waar daar gefaal word om ’n lening terug te betaal kom dit neer om die verkeerde besit van die krediteur se geld. Hulle is van mening dat wanneer daar na die inhoud van die sogenaamde versamelings van Mesopotamië gelet word, dit blyk dat regsremedies nie geskep is deur die eed

[320] Myburgh (1985:1–12) maak ’n vergelykende studie tussen die inheemse en Westerse regstelsel om sodoende ’n onderskeid te tref tussen die begrippe spesialisering en ongespesialiseerde regstelsels. Myburgh (1985:12) noem terselfdertyd dat die onderskeid is “entirely free from judgment based on values”. Die *ratio* vir die vergelykings is “[to be] recommended for consideration as a conceptual and terminological device”.

wat afgelê is om sodoende regsverpligtinge daar te stel om die ooreenkoms na te kom nie, maar eerder dat die doel van die eed was dat met die verbreking daarvan dit ’n onreg (“wrong”) was wat teenoor die ander persoon gepleeg is. Die Ou Nabye Oosterse reg was “a law of wrongs rather than rights” (Smith & Weisstub 1983:17).[321]

7.5.3 Persoonlike aard van regstradisies

Die persoonlike aard van die Mesopotamiese regstradisies moet nie verwar word met die hedendaagse individualistiese menseregte-filosofie wat meestal in die hedendaagse privaatreg gevind word nie. Die opvoering[322] van ’n regshandeling is persoonlik sover dat die handeling nie sonder die persoon kan bestaan nie. In die hedendaagse regstelsel word die geskrewe woord gebruik sodat die boodskap stilisties en fisies onafhanklik van die skrywer kan funksioneer (Hibbits 1992:956).

In die antieke regstradisies word in die opvoering van ’n boodskap ’n sintese gebruik van die media van spraak, gebare, reuk- en tassintuie om deur die aktiewe deelname van die “akteur” ’n regshandeling te kan orkestreer. Sonder die opvoerder is daar geen opvoering nie. Die reg en sy mense is een.[323] In die Mesopotamiese regstradisies sou dit nie gegaan het oor die wen van ’n argument nie, maar oor “vergelykende berekeninge van persoonlike eer en status” (Hibbits 1992:956–957).

7.5.4 Groepsoriëntering

Die Westerse samelewing is individu-gerig, in teenstelling met die groepsgerigtheid van dié van die Mesopotamiese regstradisies. Die optrede van regshandelinge voor “lewendige gehoor” moedig lede van die Mesopotamiese samelewing aan om te luister en te reageer op die behoeftes en verlange van ’n ander. Die opvoerings word “produkte van spontane aksie en reaksie” (Hibbits 1992:957).

---

[321] Daar is sekere hedendaagse geleerdes wat van die term *debt* gebruik maak om ’n regssituasie te beskryf waar ’n *wrong* gepleeg was en wat ’n algehele benadering tot die term *wrongs* volg, ongeag die bron in die antieke tradisie (Smith & Weisstub 1983:17).

[322] Regshandelinge in die Ou Nabye Ooste is deur die lede van die samelewing opgevoer. Die verskillende kommunikasie mediums van gehoor, tassintuie, reuk, sig en smaak is saam ingespan om ’n boodskap oor te dra.

[323] Daar kan nie soos in Amerika ’n slagspreuk bestaan van “a government of laws and not of man” (Hibbits 1992:956).

Hibbits noem dat sosiale optrede baie belangrik is en daar kan nadele in hierdie sosiale opvoering van regshandelinge skuil. Die individu raak afhanklik in sy kontak met ’n ander en sy selfwaarde word primêr in sosiale verhoudinge en die gemeenskap se opinie gevorm. Die uiteinde hiervan is die ontwikkeling van die sogenaamde “outwardly oriented ‘shame cultures’” in teenstelling met die sogenaamde “inwardly oriented ‘guilt cultures’”.

Verder veroorsaak hierdie sosiale milieu dat mense baie meer sosiaal is en die behoefte tot die intieme kommunikasie met mekaar kan veroorsaak dat die “kulturele korpus” meer in stand gehou sal word (Hibbits 1992:957). ’n Meer rigiede regsbeoefening sal plaasvind, waar mense nie maklik verander nie en dieselfde wil bly.

Die samelewings van die Ou Nabye Ooste was hiërargies, beginnende met die kerngesin wat deur die *paterfamilias* beheer is en wat ’n aantal vrouens, kinders, slawe en ander afhanklike familielede ingesluit het. ’n Verder opwaartse laag was die adelstand, en dan die koning, gevolg deur die gode waarvan die panteon van gode ’n spieëlbeeld van die hiërargiese struktuur tussen die mense was. Die term “slaaf” is gebruik om na slawe in die hedendaagse sin van die woord wat nie-vry persone insluit en wat heel laagste in die hiërargiese samelewingsstruktuur gestaan het, te verwys. Waar dit ’n persoon se verhouding met ’n ander beskryf het, het dit na dié wat bo jou in die hiërargie gestaan het, verwys. ’n Voorbeeld is waar ’n gewone burger en vry persoon die slaaf van sy koning genoem word en alle mense as die slawe van die gode beskou is (Westbrook 1995(b):149). In hierdie hiërargiese struktuur is die koning die *paterfamilias* van al die burgers van die land. Koning Hammurabi noem dat hy onthou sal word dat hy geregtigheid bewerkstellig het, soos “the master who is like the father of a child to his people” (Westbrook 1995(b): 151).

Maine het geargumenteer dat die samelewing begin as ’n versameling van families en dat die individu se regte en verpligtinge deur sy familiebetrekkinge bepaal word (Smith &Weisstub:81). Vermaak (1990:115) verduidelik dat die begrip “groter uitgebreide familie”[324] in die Ur III-tydperk van Mesopotamië verduidelik kan word as

> ’n groepering van uitgebreide families, kernfamilies en enkelinge, wat hulle verwantskap aan ’n verwante voorvader verbind en wat dan binne die kader van die multi-generasie val, en oor ongeveer vier of vyf generasies strek.

[324] Word ook die “groot familie” genoem.

Selfs in die inheemsregtelike stamme van Suidelike Afrika het hierdie groot groepe in die lid van die gemeenskap se materiële, sosiale en emosionele behoeftes voldoen en lojaliteit was 'n voorvereiste. Die familie, en nie die individu nie, was die fokus en die individu se pligte is beklemtoon, eerder as sy of haar regte (Bennett 1995:5).[325]

Maine (Smith &Weisstub 1983:81) noem dat "a man's conduct follows from his place in this constellation of relationships". Hy was van mening dat die ekonomiese sisteem binne-in sosiale verhoudinge gesetel is. Regsverhoudinge spruit voort uit onderhandelinge met ander familiegroepe en nie vanweë persoonlike verhoudinge tussen individue nie (Bennett 1995:5). 'n Voorbeeld hiervan is waar in die hedendaagse indeling van die reg, genaamd Deliktereg, daar 'n regsverhouding tussen die krediteur en debiteur bestaan (Myburgh 1985:14).

In al die antieke samelewings kom die patriargale samelewing die meeste voor, waar soos in Mesopotamië 'n persoon se status deur sy vader se familie se status bepaal word. Die belangrikste besluite word deur die vader en sy broers geneem (Stol 1995:488).

7.5.5 Koningskap-ideologie of sentrale gesag

Lede van antieke samelewings (insluitende prehistoriese samelewings) het gereeld saamgewoon vir beskerming en in sulke omstandighede kon chaos en sosiale wanorde maklik ontwikkel.

Daar is vandag twee basiese hipoteses oor hoe die begin van regsprosedures ontstaan het. Die eerste is waar die mens homself gehelp het, die reg van die sterkste geheers het, waar beherende self-help toonaangewend tot self-geregtigheid geheers het en uiteindelik die proses van regsorde daargestel het (Boecker 1980:21).

Boecker is van mening dat die tweede hipotese meer gewig dra. Dit behels dat regsorde vanweë die proses van arbitrasie daargestel is. Sou 'n dispuut tussen partye ontstaan, is dit vir arbitrasie voorgelê en die beslissing het die doel van aanbeveling gedien, maar was nie afdwingbaar op die partye nie. In so 'n geval moes die partye die aanbeveling ratifiseer (Boecker 1980:22).

[325] "To stand by rights would be thought anti-social; rather, one was expected to compromise one's interest for the good of all" (Bennett 1995:5). Bennett haal 'n naamlose menseregte juris aan wat noem dat in die hedendaagse reg word individue gesien "as locked in a constant struggle against society for the redemption of their rights".

Dit wil ook voorkom dat die arbiter ’n persoon met gesag was en hoe meer daar van sy dienste gebruik gemaak is, hoe meer het dit sy gesag versterk (Boecker 1980:22). In baie van die antieke samelewings was dit die koning wat as arbiter opgetree het en die “koninklike afkondiging” was ’n magtige manier om onenigheid tot ’n einde te bring en harmonie te herstel (Boecker 1980:21).

In die vroeë Mesopotamië was die stadstaat die eenheid van die regering (Kagan 1975:1). In die vroegste historiese tye van Mesopotamië was die politieke gesag in die hande van ’n klein gesagstruktuur. Die kleiner gemeenskappe het grotendeels gedurende die eerste eeue van die bestaan van hierdie stadstate ’n netwerk van klein, self-onderhoudende of outonome stadstate gevorm. In elkeen van die stadstate het die heerser oorheersende mag oor al drie die groot politieke magte, naamlik wetgewend, regtelik en uitvoerend, gehad (Kagan 1975:7).

Aanvanklik was daar die sogenaamde prinse wat in beheer van ’n klein gemeenskap was. Die heerskappy van Sargon die Grote het ’n nuwe omwenteling meegebring, waar die koning eers oor sy eie gebied – Akkadië – geregeer het en met aggressiewe veldtogte die omringende lande onder sy heerskappy geplaas het om dit ’n groot ryk te maak:

> The sought-after ideal was no longer the weak city state but the vast, powerful, organized kingdom, which was in every way more wonderful than those juxtaposed mini principalities of the past (Bottéro 2001:14).

Die koning het in effek nuwe wette gepromulgeer en was as verteenwoordiger van die gode verantwoordelik om reg en geregtigheid te laat seëvier. Die koning was die opperbevelvoerder van die weermag, sowel as die administrateur van die groter tempelkompleks wat hy as die magtigste ekonomiese eenheid tot voordeel van die burgers van die stadstaat beheer het. Elke heerser oor ’n stadstaat het daarna gestreef om die ander stadstate onder sy mag te verenig, soos die koninkryke van Lugalzagesi, die vroeë Sargonoïde en die Ur III-dinastie (Kagan 1975:7).

Die koningskap-ideologie het nou ’n hoogtepunt bereik, waar die hoof van die stadstaat verander het in die sin dat

> he would no longer be that good-natured and easily accessible petty king, but the proud and haughty chief at the head of a huge region, of a large collection of people, henceforth existing well above the masses, governing them all from above in his quasi-supernatural majesty, and simultaneously evoking admiration, prostration, and fear (Bottéro 2001:14).

Die stadstaat se politieke filosofie was ’n demokrasie[326] in die klassieke sin van die woord (Epsztein 1986:3, Kagan 1975:7). Hierdie tipe demokrasie het behels dat die gesag van die regering en interne oppermag in alle vrye manlike burgers, ongeag status en rykdom, gesetel was. Groot besluite, soos die onderneming van ’n oorlog, moes deur hierdie persone geneem word, soos vertel deur die Sumeriese epos van Gilgamesj en Agga.[327] Die oppergesag van die judisiële mag van die staat, die regeerder en magistrate het hul toestemming van hierdie groep verkry (Kagan 1975:6).

Die koning as wetgewer het egter in die Oud-Babiloniese tydperk verdwyn en daar was ook nie meer koninklike pogings om die algemene welsyn van die bevolking deur die kwytskelding van skulde en regulering van rente, lone vir noodsaaklike werk en pryse van voorraad daar te stel nie (Oppenheim 1964:102).

Jackson (1968:387) is van mening dat die ontwikkeling van sentrale gesag ’n rol in regsvorming gespeel het. Daar is ook ’n verband tussen towermag en die afwesigheid van sentrale gesag. By sentrale gesag vind ons die beoefening van godsdiens en word dit deur die sentrale gesag gekanaliseer waar die koning ’n prominente rol in die beoefening daarvan speel. Daar heers ’n konflik tussen die sentrale gesag en towermag en dit is amper altyd een van die eerste oortredings[328] wat in geskrifte aangemeld is.

Lemche (1995:1 696, 1714) argumenteer dat die geskrewe reg nie enige rol in die Ou Nabye Ooste gespeel het nie en dat die gebruik daarvan net vir die administrasie ’n hindernis sou wees.

Die beoefening van die reg was “plaaslike besigheid” wat familiegesentreer en op ’n patronaat-stelsel geskoei was (Lemche 1995:1702, 1704–06, 1710). Die gesagstruktuur het glad verloop omdat die *patronus* besluit het wat reg of verkeerd was (Lemche 1995:1714).[329]

---

[326] Kagan (1975:6) betoog dat daar onderskeid getref word moet tussen die klassieke en primitiewe demokrasie. ’n Primitiewe demokrasie bevat ’n meer primitiewe karakter, omdat die verskillende regeringsfunksies minder gespesialiseerd is en daar nie ’n definitiewe skeiding van magte is nie (Kagan 1975:6). Vgl. Jackson (1943 & 1957). Sien in die verband Posner (1980) en Katz (1987).

[327] In hierdie verhaal was daar ’n konflik tussen die twee stadstate van Sumerië, naamlik Kish wat deur koning Agga geregeer is en Erech wat die koning Gilgamesj, die verteller van die storie, oorgeheers het. Agga het ’n ultimatum uitgereik waarin hy onderwerping gevra het en Gilgamesj se reaksie daarop was om die raad van oudstes se toestemming te probeer verkry om op die ultimatum te reageer. Die epos wys duidelik op die mag van die raad, alhoewel die uiteindelike gesag in die algehele vergadering op alle vry manlike mans gesetel het (Epsztein 1986:3).

[328] Sien Koucourek & Wigmore (1979:387-389) waarin die eerste twee bepalings van LH beskou word as ’n verbanning teen towery.

[329] Die lewe in Mesopotamië was vanweë die vyandige geografiese ligging en ander faktore moeilik. Daar was baie droogtes en vloede en geen hedendaagse welsynsisteem nie. Om te oorleef, moes die mense van die land juridiese status gehad het wat hulle gevind het in ’n “benevolent’ person” wat in die *paterfamilias* gepersonifieer is (Lemche

Westbrook (2005:210) noem dat die term "patronaat" kom van die Romeinse geskiedenis.[330] Vandag aanvaar antropoloë dat die verhouding tussen die *patronus* en *clientes* wydverspreid in die antieke wêreld voor gekom het. Westbrook beskou die basiese kenmerke van so 'n patronaat verhouding, soos dit in die wêreld voorkom, as volg:

a. Dit is gebaseer op 'n persoonlike verhouding wat as 'n "vriendskap", tussen 'n sosiale dominante en ondergeskikte party beskou word.
b. Wedersydse verruiling van goedere en dienste vind plaas. Hoofsaaklik verskaf die *patronus* beskerming en in ruil verkry hy sy onderdane/*clientes* se getroue ondersteuning.
c. Die verhouding moet langdurig wees om enige behoorlike effek te hê ten einde die simbiotiese verhouding diensbaar te kan maak.
d. Die verhouding is gewillig of gee ten minste voor om gewillig te wees (Westbrook 2005:211).

Lemche (1995:1714) beskou die patronaat as 'n sisteem[331] (Lemche 1995:1701-1713). Lemche bring die koningskap ideologie in analoog met die patronaat-sisteem. Die enigste een wat op die beskermheer se reg kon inmeng was ’n patronaat wat nog ’n hoër stand in die samelewing gehad het, naamlik die koning. (Lemche 1995:1714)

Lemche (1995:1701) argumenteer dat die koningskap-ideologie dié van die sogenaamde regverdige koning was wat deur die gode uitverkies is om as hul verteenwoordiger op aarde reg te laat geskied en waarvan die ideologie op ’n tipe van ’n "sosiale mite" gebaseer was. Hierdie mite wettig die koningskap en die uitvoer van die reg, maar die koning het amper nooit in ’n gedingvoering tussenbeide getree nie (Lemche 1995:1701). Lemche is van mening dat die koning net sal inmeng as sy eie belange op die spel is. Die antieke samelewing het net ’n algemene houding ten opsigte van wat hulle glo geregtigheid is (Lemche 1995:1714). Lemche

---

1995:1710). Lemche (1995:1711) beskou die verskil tussen "patronaat" en "skuld-slawerny" as marginaal. In die praktyk, wanneer daar ’n twis ontstaan, sal die persoon na sy beskermheer gaan waar daar ’n "persoonlike alliansie" teenwoordig moet wees vir die beskermheer om namens die persoon te kan optree (Lemche 1995:1711–1713). Die beskermheer kan gevind word binne ’n uitgebreide familie waar hy aan die hoof staan oor kerngesinne, met hul hoofde (Lemche 1995:1713). Die kerngesin was nie op sy eie ekonomies, politiek en juridies onafhanklik nie (Lemche 1995:1704–1705). Die uitgebreide gesag van die beskermheer sluit ook halsmisdade in waar die groephoofde met ’n arbiter bymekaar sal kom waar onderhandelinge gevoer sal word (Lemche 1995:1706).

[330] In die Romeinse Ryk was die *patronus* 'n magtige aristokraat wat getroue volgelinge, die *clientes* gehad het. Die *clientes* moes vir die *patronus* stem en politieke ondersteuning en ander dienste gee, waarna die *patronus* in ruil hiervoor aan hulle beskerming, regs- en materiële ondersteuning verleen het (Westbrook 2005:210-211). Daar kan gesê word dat die *patronus* en *clientes* het in 'n simbiose met mekaar saamgeleef.

[331] Westbrook (2005:216) kritiseer Lemche se standpunt dat die patronaat in die Ou Nabye Ooste 'n sisteem is en noem dat met die beginsel patronaat moet daar onderskeid gemaak word tussen die "individuele vlak" en die "sistematiese vlak".

(1995:1714–5) vind die basis van hierdie argument uit die verbiedinge van die versamelings wat glo "gemene kennis" en "gemene sentiment" weerspieël en wat moord, egbreuk, gewone diefstal, valse verklaring en betreding behels.[332]

In die koningskap-ideologie, wat deel van die koninklike propaganda was, is daar drie aspekte wat die volke van die Ou Nabye Ooste met mekaar in gemeen gehad het:

a. Die koning is beskou as die regverdige regter.

b. Die koning is die hoogste instelling van appèl.

c. Die koning sal die reg en regverdigheid tussen die gewone mense van die land versprei (Lemche 1995:1701).

In die Mesopotamiese profesieë word na die ideale koning verwys as die een was sal kom en reg en geregtigheid in die land sal vestig (Weinfeld 1995:67).[333]

Dit is in hierdie koningskap-ideologie wat daar twee unieke begrippe na vore kom, naamlik *mīšarum* (**níg.si.sá**) *šakānum* en die *andurārum* (**ama.ar.gi$_4$**) *šakānum*. Die *mīšarum* (**níg.si.sá**) *šakānum* beteken om geregtigheid te vestig[334] en die *andurārum* (**ama.ar.gi$_4$**) *šakānum* beteken om bevryding te bevestig (Weinfeld 1995:75).

Die rol wat koningskap in Mesopotamië gespeel het, wissel in die verskillende tydperke en dit moet in ag geneem word wanneer die regstradisies van die verskillende tydperke bestudeer word.[335]

Vermaak (1990:113, 121) betoog dat dit uit 'n groot aantal dokumente blyk dat die uitgebreide familie in die Ur III-tydperk 'n "prominente" en "primêre rol" in daardie samelewing gespeel

---

[332] Lemche (1995:1 715) kom tot die slotsom dat almal die reg geken het en daar was geen rede waarom die wette nie neergeskryf of gekodifiseer hoef te word soos ons dit vandag ken nie. Dit wat neergeskryf was, was in die vorm van versamelings en inskripsies wat interpretasies was soos dit in die praktyk voorgekom het en komende van die heilig reg van die gode, soos deur die gode neergelê en wat deur die koning nagevolg is (Lemche (1995:1701).

[333] Een van die profesieë lees: "Afterward his son will rise (as king of Uruk) and will become master over the world (lit. will rule over the four corners of the earth) . . . his dynasty will last forever. The kings of Uruk will rule like gods" (Weinfeld 1995:68).

[334] Weinfeld (1995:73) het 'n Babiloniese orakel aangehaal waarin die *mīšarum* voorgekom het en dit lees as volg: "the message by fire is coming . . . the sound of the opening of the gates of heaven is heard on earth. Anu commanded Enlil to promulgate *mīšarum*. *Mīšarum* shall be established, the perplexed shall be set straight, the troubled shall be clarified, the dispersed shall be gathered, the righteous will be re-established. The poor will become rich . . . the office holder will return to his office; their denouncer will be executed . . . "

[335] In die inheemse reg van die inheemse groepe van Suidelike Afrika was daar twee diep gesetelde instellings in hulle "publieke reg", naamlik die idee van koningskap en die mense se deelname in die administrasie van geregtigheid (Myburg 1985:11).

het. Die belangrikste poste in die staatsadministrasie het oorerflik binne ’n familieverband gestaan. Vermaak (1990:121) is van mening dat die koning se pos seremonieel en simbolies van aard was en hy stem nie saam met die tradisionele opvatting dat die mag van die regering altyd in die persoon van die koning gesetel was nie.[336] Die koning en die nie-koninklike families kon almal hoë poste beklee het, maar tradisioneel word daar meer klem op die rol van die koninklike familielede in die publieke arena gelê. Dit was die gebruik dat die seun sy pa se vaardighede in ’n amp bemeester deur van sy pa te leer. In ’n burokratiese samelewing was daar ampte wat vir sekere families gereserveer was en die ampte is vir geslagte binne een familie oorgedra (Vermaak 1990:117–118). Die oorerflikheid van die amp van goewerneurskap dui daarop dat die ensi nie deur die koning aangestel is nie (Vermaak 1990:119). Konflik tussen die koning en die ryk, magtige families in ’n burokratiese samelewing was volgens Vermaak (1990:117–119) onvermydelik. Families kon ’n “magsbasis” gevorm het en dit het daarop neerkom dat magtige, ryk families “in werklikheid die land regeer” (Vermaak 1990:121). Die koning het ’n “mindere mag” gehad (Vermaak 1990:121). Vermaak beperk sy siening net ten opsigte van die Ur III-tydperk.[337]

Die tradisionele siening is dat die koning ’n sogenaamde *mīšarum*[338]-handeling uitvoer. Roux (1992:202) beskou dit as een van die koning se eerste handelinge. *Mīšarum* kan vertaal word as geregtigheid, maar dit sluit ook ander aspekte in, soos om die ekonomie effektief te reguleer (Roux 1992:203). Roux is van mening dat die koning net die gewoontereg oorgedra en toegepas het, maar in geïsoleerde gevalle waar daar geen “presedent” gevind kon word nie, het die koning “koninklike besluite”, die sogenaamde *dīnāt mīšarum* uitgevaardig en dit is in LH aangeteken.[339]

Die patronaat-teorie blyk in antieke Mesopotamië voorgekom het. Die koning moes as 'n *patronus* in opdrag van die gode na sy mense omsien en aan hulle beskerming moet verleen. Die

---

[336] Die struktuur van die Ur III-samelewing se regering het as volg daarna uitgesien: Aan die bopunt het die koning (**lugal**) gestaan. Onder hom was die volgende regeringsampte van belang: veiligheidshoof (**sukkal-mah**), militêre hoof (**šakkanaku**), siviele hoof (**ensi**) en die tempelhoof (**šabra/ugula-e**). Die siviele hoof of goewerneur (**ensi**) was in beheer van die “siviele lewe”, die **šabra** was die hoof-tempeladministrateurs in beheer van die tempelgodsdiens en ekonomie (Vermaak 1990:121).

[337] In hoofstuk 8 sal die standpunte van Vermaak verder ondersoek word en ‘n eie mening gegee word van die moontlik posisie van LU in die Mesopotamiese regsversamelings en watter rol dit in die Ur III-dinastie kon gespeel het.

[338] Voorbeelde waar die *mīšarum* -handeling voorgekom het, was in LH (“He established justice in the country”), die Inskripsie van Ammi-saduqa, wat voorgehou word een van Hammurabi se opvolgers was en selfs ook die Inskripsie van Urukagina (Roux 1992:202–203).

[339] Hierdie koninklike besluite is saamgevat vir verdere gebruik deur regters in die daaropvolgende geslagte (Roux 1992:203). Alhoewel Roux noem dat LH nie in die hedendaagse sin as ’n kode gesien moet word, soos Justinianus se *Institutiones* of Napoleon se *Burgerlike Kode* nie, beskou hy die versameling as ’n koninklike besluit. Roux sien dit nie as ’n definitiewe regshervorming van ’n “uitgeputte” liggaam van logiese “rangskikkings” nie.

koning het as deel van sy propaganda aan die mense van sy land verklaar dat hy aan hulle hierdie beskerming sal verleen. Terselfdertyd moet die posisie van die magtige, ryk families in sekere tye van antieke Mesopotamië en veral die Ur III tydperk nie onderskat word nie. Hierdie families het ook as *patronate* opgetree en bepaalde funksies in hul rol beklee, maar terselfdertyd baie mag gehad.

7.5.6 Konkrete aard

Nog ’n kenmerk van antieke regstradisies was die konkrete aard daarvan waar daar byvoorbeeld ’n bewyswaarde[340] aan materiële voorwerpe gekoppel was, soos die gryp van ’n hempsmou. Dit kan daarop dui dat die skryfkuns nie so ’n groot rol gespeel het soos in die wêreld van vandag nie en dat ’n geskrewe dokument, sou dit ontstaan, nie die hele regsaksie ondersteun het nie. Geskrewe dokumente het slegs daarop gedui dat daar ’n regsituasie ontstaan het, maar dit was nie die enigste en swaarste bewyslas nie.

In die antieke regstradisies was daar min fokus op “conceptual specialization or abstraction”. Die verskillende vorme van *mens rea* word nie behoorlik gedefinieer nie. Verskeie geleerdes het ook aangetoon dat die inheemse reg[341] en die antieke Germaanse reg ten opsigte van hierdie aspek dieselfde is. Die Bewysreg is konkreet en die getuie word byvoorbeeld beskryf as oë en ore. Groot waarde word aan fisiese bewyse geheg (Myburgh 1985:7). Myburg (1985:8–9) noem dat “it is not the relations between persons that are stressed, but the persons themselves as entities acting by virtue of the relations”

[340] In die hedendaagse reg en meer spesifiek Suid-Afrikaanse reg, omvat bewysreg (*law of evidence*) “die geheel van regsreëls wat die bewys van feite in ’n geregshof reguleer” (Schmidt 1989:1). Hierdie kategorisering was onbekend in die antieke regstradisies. Die hedendaagse regsbetekenis van die woord “bewys” dui daarop “dat daar gronde is vir ’n bevinding t.o.v. ’n feitlike geskilpunt”, maar dit is “nie ’n opwekking van die regbank se geloof, sekerheid of oortuiging wat bewys daarstel nie” (Schmidt 1989:2). In die hedendaagse reg gaan dit oor die maatstawwe wat deur die reg daar gestel word om aan te voldoen en wat verskil na gelang van die geding. In die Suid-Afrikaanse hedendaagse reg is ’n feit “bewese as daar voldoende gronde is vir die aanvaarding deur die regbank dat daardie feit bestaan” (Schmidt 1989:2).

[341] In die inheemsregtelike stelsels van Afrika word die posisie van persone in die familie uiteengesit dat ’n man wat vir ’n afwesige familiehoof optree, die hoof se oog genoem word, omdat hy oor die belange van die groep waak. “[A] wife is shown an ear of corn, a piece of wood, people’s stomachs, and a sjambok at the marriage ceremony, for she must perform household duties, be hospitable, and obey those in authority over her” (Myburgh 1985:9).

Die verskillende konsepte van die antieke tradisie verkry sy betekenis direk van die dit wat konkreet ervaar word. In die versamelings kom daar ’n spesifieke patroon van optrede voor met ’n voorgeskrewe straf vir die verontagsaming daarvan. “[L]aw of empirically know psychologically sensed wrongs” (Smith &Weisstub 1983:17). ’n Kontrak is byvoorbeeld nie ’n kontrak in die hedendaagse sin van die woord nie, maar transaksies (Smith &Weisstub 1983:20).

Die Mesopotamiërs het nie hul ervaring in hoog abstrakte konsepte en kategorieë gegroepeer nie. Dit is nie vanweë ’n inherente fout nie, maar omdat die antieke Mesopotamiërs nuwe ervaringe in term van hulle eie “oorgeërfde konseptuele struktuur” ervaar wat ’n anderse tipe logika en beginsels daarstel om die ervaring in hulle wetenskap en wiskunde te organiseer (Smith &Weisstub 1983:17).

Selfs die geskrewe dokument dra gewig en het ‘n konkrete element. Speiser (1963:538) wys daarop dat die partye wat hulle merk laat deur ‘n silinder seel,[342] as ‘n eed geag word, ter ondersteuning van die ooreenkoms aangegaan. Die gode is die verteenwoordigers van die reg en die skryfkuns en die partye onderwerp hulle gevolglik aan die magte van die natuur.

7.5.7 Openlikheid/Publieke aard

Die sosiale aard van ’n opvoering dui daarop dat die opvoerende reg voor die lede van ‘n samelewing opgevoer moes word (Hibbits 1992: 957–8). Die inhoud van die reg wat opgevoer word, het afgehang van wie die partye is. Daar was nie private regsbeslissing (*in camera*) wat gehou is nie, want die beslissing en saak is in die openbaar voor die hele gemeenskap opgevoer en was sosiaal sensitief en oorredend van aard (Hibbits 1992:958).

7.5.8 Bewaring van *status quo*

In die sosiale kontak met mekaar moet die lede van die gemeenskap wat Hibbits “performative lawmakers” noem, spesiale maatreëls en pogings maak, sodat die verhoudinge in goeie gees bly plaasvind. In die geval van konflik sal arbitrasie as ’n middel gesoek word om die verhouding in harmonie te bring (Hibbits 1992:958).

[342] Speiser (1963:538) verwys na die geskiedskrywer Herodotus wat bevestig het dat geen selfgerespekteerde lid van die Mesopotamiese samelewing sonder sy seel sal gaan nie.

Westbrook (1995(b):161) beskou sosiale geregtigheid in die Ou Nabye Ooste om die *status quo* te handhaaf waar elke lid van die familie sekere voorregte geniet het ooreenkomstig hul erkende sosio-ekonomiese status. Waar die voorregte deur sekere handelinge verlore geraak het, was daar meganismes in plek om die balans te handhaaf (Westbrook 1995(b):161).

7.5.9 Dinamies

Die opvoering van handelinge is dinamies. Betekenis word uitgedruk deur middel van energieke aksies en ’n kombinasie van verskillende mediums van kommunikasie word gebruik. Hibbits is van mening dat dit gaan oor wat gebeur, eerder as wat is. Die reg is nie dinge nie, maar handelinge en nie die reëls waarop in die Westerse samelewing gefokus word nie (Hibbits 1992:958–9).

Dit gaan hier oor die proses wat die reëls teweeg moet bring. ’n Opgevoerde kontrak is dus nie ’n objek nie, maar ’n “roetine van woorde en gebare”. ’n Getuie getuig nie oor die identiteit of juistheid van ’n stuk papier nie, maar oor dit wat hy sien of hoor. Die antieke regstradisies is baie meer gemoeid met prosedure, omdat hulle nie dink aan die reg as wat iets wat is nie, maar iets wat gedoen word (Hibbits 1992:959).

7.5.9 Mnemoniese strategie

Die opvoering van ’n verskeidenheid media in ons samelewing is gemarginaliseer. Die hedendaagse howe word geag om te wees ’n “world of legal theater simultaneously implicating and relying on both verbal and non-verbal forms of expression”, wat oorblyfsels van die multi-sintuiglike samelewings van ouds is. Nieteenstaande, som Hibbits (1992:945) dit op deur te noem dat “[O]our law is considered to reside primarily in documents, not doings”.

Hibbits (1992:943–8) voer aan dat die antieke samelewings se kommunikasie tussen sy lede plaasgevind het deurdat sy lede ’n verskeidenheid media gelyktydig opgevoer het. “Law is not so much said, sung, gestured, or felt as it is holistically performed” (Hibbits 1992:945).

Die rede waarom hulle dit so verkies het, was waarskynlik vir gemak (“convenience”). Daar is staat gemaak op onmiddellike gesigskontak. Vir ’n boodskap om effektief te wees, moet ’n prater en ’n hoorder beskikbaar wees. Vir ’n betekenisvolle getuie is ’n aanwyser en ’n

waarnemer nodig en vir aanraking een wat aanraak en ’n ander om aangeraak te word. Sodra die een medium aan die gang gesit word, vind ’n ander plaas en almal vul mekaar aan.

In die oordrewe geskrewe en hedendaagse kulture word die sender en ontvanger geskei en hoef hulle mekaar nooit in persoon te ontmoet nie (Hibbits 1992:948). Daar is min ondersteuning van die ander media en dit opsigself is “a point of professional pride” (Hibbits 1992:949).

In die antieke regstradisies en gemeenskappe lê die boodskap van kommunikasie minder in die aparte mediums van kommunikasie en word klem gelê op die “sintese”[343] van die “opvoering” (Hibbits 1992:943). Die mag van die oordrag van die boodskap lê daarin dat daar ’n sensoriese oorlading vir die gehoor plaasvind (Hibbits 1992:951–2).

Hibbits (1992:950) voer aan dat die regstransaksie in die sogenaamde “synesthetic performance cultures” herinterpreteer moet word, want ’n regshandeling wat deur een medium uitgevoer word, sal ook in ’n ander “sensoriese dimensie” bestaan. Die Mesopotamiese gebruik om ’n persoon op sy voorkop te slaan ten einde ’n beskuldiging te maak, kan nie net beskou word as ’n uitdruklike wyse om ’n regsaksie te loods nie, maar moontlik ook om letterlik die uitgesproke klagte op die beskuldigde se kop te plaas. Om ’n eed te neem deur voedsel of drank te neem kan nie net gesien word om die eed in te sluk nie, maar om ook letterlik deel te word van die eedafnemer en homself fisies in gevaar te stel by die onteer daarvan.

Hibbits (1992:959) is van mening die afwesigheid van permanente rekords maak dat die opvoering van regshandelinge “efemeer” is:

> Because it exists in time, it is constantly coming into and going out of existence. This is somewhat ironic, given that performance itself is – at least in part – calculated to mitigate the inherent ephemerality of its sensory components.

Dit maak dat die samelewing se kulturele produk baie kwesbaar is vir doelbewuste en onbedoelde verandering en dat die verandering, vanweë die afwesigheid van fisiese rekords, nie maklik gesien kan word nie.

Terselfdertyd moedig hierdie eienskap die lede van die gemeenskap aan om die opvoering van handelinge so te organiseer en te orkestreer dat dit maksimaal onthou kan word en dat

[343] Die fenomeen “synesthesia” kom volgens Hibbits (1992:949) ook in die hedendaagse Amerikaanse Engels voor in uitdrukkings soos: “[S]ome colours are loud, some smells are sweet, some notes are sour”.

verandering so beperk kan word. Dit word bereik vanweë die "combination of publicization, concretization, and stylization". Die handelinge word in die openbaar voor die gemeenskap opgevoer sodat dit meer geredelik onthou kan word (Hibbits 1992:959).

Die opvoering is konkreet van aard, want dit stel 'n "fisiese realiteit" daar, maar gee ook die geleentheid dat die verbeelding gebruik kan word om idees en ervaringe te konkretiseer in 'n werklikheidsvorm om sodoende die geheue te versterk. Die opvoering word gestileer in formate sodat deur herhaling van klank, patrone of formules dit as 'n maklike verwysing kan dien (Hibbits 1992:959).
Hierdie drie komponente noem Hibbits "mnemoniese strategieë" wat gebruik word om die groot vyand van die reg in enige samelewing, naamlik "ephemerality", te besweer onder die banier van "what was done and always has been done".

Kontrakte word voor 'n aantal getuies, die gemeenskap, voltrek en dispute word in die openbaar opgelos, terwyl daar nie soseer abstrakte regsreëls in die reëls van stories en verhale voorkom nie. Die handelinge gaan gepaard met seremonies van sigbare patrone, herhalinge, uitdrukkings, en konkrete en simboliese handelinge, wat meestal buitensporig en oordrewe is (Hibbits 1992:959).

7.5.10 Godsdienstige karakter

Godsdiens was nog altyd 'n integrale deel van die samelewing en die regstradisies. Die gode het 'n groot rol gespeel in die handhawing van harmonie in die samelewing. In een lied tot die god Šamaš word die god as die beskermheer van die reg uitgebeeld (Boecker 1980:54).[344] Utu of Šamaš, die songod, is as die god van geregtigheid ook uitgebeeld om oor die orde van die heelal te heers. 'n Godin van Lagaš, Nanshe, word in een lied opgedra as sy wat sensitief is vir die onderdrukking van mense, wat as 'n moeder vir die wees optree, wat omgee vir die lot van die weduwee en wat geregtigheid soek vir die armes en 'n toevlug vir die swakkeres is (Epsztein 1986:3). Nanshe tree op as beskermvrou vir die randfigure van 'n samelewing.

Hoebel (1954:257) noem dat sedert Maine die gewilde siening gehuldig het dat die reg se oorsprong in godsdiens gevind kan word, is daar 'n foutiewe interpretasie deur latere skrywers,

[344] "You imprison the unjust judge, you punish the one who accepts bribes and acts unjustly. The one who accepts no bribes, who intercedes for the weak, is pleasing to Shamash (and) gains long life. The prudent judge who passes just judgement will (eve[?]) complete a palace; he shall dwell in a royal court" (Boecker 1980:54).

soos Diamond en Seagle, gemaak. Hulle negeer die siening van Maine deur met die ontleding van die "antieke wetkodes" te noem dat in die versamelings se inhoud geen godsdienstige ondertone gevind kon word nie en op grond hiervan word Maine se siening as foutief afgemaak. Hoebel verdedig Maine en noem dat Maine slegs beklemtoon het dat die reg en godsdiens met mekaar verweef is (Hoebel 1954:258). Hoebel se kritiek teenoor Maine is dat die aard van die primitiewe samelewing nie patriargaal was soos Maine dit gestel het nie.

In al die antieke kulture speel die voorouergeeste 'n dominante rol. Daar is na die geeste van die oorledene omgesien en die voorouergeeste het semi-goddelike status verkry en moes elke dag 'n heilige ete ontvang (Stol 1995:488). In die antieke regsisteem is die bo-natuurlike die ondersteuner van die regsproses en tree as regter en veroordelaar op. Die geeste ken die waarheid, omdat hulle alwetend is en die saak kan beoordeel, direk straf toedien of dit aan hul sogenaamde menslike verteenwoordigers oorlaat.[345] Die sogenaamde godsoordeel of waterproef, vervloeking, eedsbeswering[346] en divinasie waar daar tot die bonatuurlike geappelleer word, is 'n algemene kenmerk van die antieke volkere (Hoebel 1954:260).

Die godsdienstige houdings van lede van 'n gemeenskap het 'n invloed op die gemeenskap se regsontwikkeling. Godsdiens is hoofsaaklik gemoeid met die verhouding tussen mens en goddelike wese, terwyl die reg weer op die verhoudings tussen mense fokus.

> The law, for its part, consistently turns to religion when its techniques are not up to the problem of eliciting adequate evidence on which to settle a trouble case (Hoebel 1954:266).

By Sippar en Larsa is daar twee groot Babiloniese tempels aan die kinders van Šamaš, die songod en god van geregtigheid, opgedra. Hierdie twee kinders is personifikasies van *kittum* en *mīšarum* wat afkomstig is van die Akkadiese wortels *kânu* en *eshêru* wat "be true" en "be just" beteken (Epsztein 1986:4).

7.5.11 Tydloosheid

[345] "Every single primitive society without exception postulates the existence of spirit beings and supernatural powers. Each of them attributes emotional intelligence to the spirit beings and holds to the belief that they respond with favor or disfavor to specific acts of men" (Hoebel 1954:260).

[346] Vandag gebruik ons nog steeds in die howe en met sekere dokumentasie met die inswering van 'n getuie die bewoording: "So help my God", alhoewel daar uit sekere oorde al besware teen die gebruik geopper is.

Daar word nêrens in die bronne van die Mesopotamiese regstradisies melding gemaak van verjaringstydperke nie. Dit is ook die geval by ander nie-Westerse regstelsels wat op ’n stamgebaseerde reg geskoei en Myburg (1985:8) noem tereg:

> The measurement of periods is of no more importance than the determination of moments.

Hibbits is van mening dat die tydloosheid van die regstradisies maak dit kwesbaar en daarom spoor dit die lede van ‘n gemeenskap aan om deur openbare opvoering van konkrete handelinge op ‘n formalistiese (volgens ‘n patroon) wyse die onthou van ‘n sekere handeling te versterk. Dit is ‘n poging om op te maak vir die afwesigheid van ‘n permanente aantekening van ‘n bepaalde gebeurtenis (Hibbits 1992:959).

7.5.12 Instandhouding van harmonie

Speiser (1963:537) is van mening dat die antieke Mesopotamiërs die reg as deel van die kosmiese orde en as ‘n “geskenk” van die kragte van die heelal gesien het. Die koning is die tydelike trustee wat verantwoording moet doen aan die gode vir die “implementering van die kosmiese ontwerp”. Die koning moet verantwoording doen vir magte buite homself en daarom word sy odnerdane van autokrasie beskerm en is hulle belange verskans teen misbruik.[347] In uitlewing van die *kittum* en *mīšarum* deur die koning onder die toesig van die gode word orde en stabiliteit in die land verseker.

7.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is bepaal dat daar wegbeweeg moet word van die “gewilde” staatlike reg-model waarvan die skool se aanhangers dit eens is dat as ’n samelewing net reg kan hê, sou daar instellings in plek gewees het wat die inbreukmaking van die harmonie in die gemeenskap met behoorlike sanksies straf en dit as ’n afweermiddel teen verdere gewraakte optrede deur sy lede bied. Ander benaderings moet ondersoek word waar byvoorbeeld na al die aspekte van die kultuur in sy geheel gelet word en waarvan die reg net nog ’n komponent is. Die hedendaagse juris wat geneig is om die hedendaagse reg deur die stilistiese medium van skrif en formaliteit die reg van andere komponente van die hedendaagse kultuur as’t ware skei, moet van sy “natuurlike” neiging afsien en ’n paradigmaskuif maak ten einde die ryk erfenis van die Mesopotamiese regstradisies beter te verstaan.

---

[347] Sien Marcus (1973:53-60) wat ‘n vergelykende studie tussen van die Israelitiese- en Mesopotamiese konings gedoen het en tot die slotsom gekom word dat die konings kon nie absoluut in hulle handelinge teenoor hulle onderdane opgetree het nie. Die koning was die onderdaan en nie die meester van die reg nie.

Daar is voorgestel dat ’n definisie van die Mesopotamiese regstradisies as volg kan wees: Die totale liggaam van reëls, gebruike en voorskrifte soos opgevoer deur die lede van verskillende volke in antieke Mesopotamië woonagtig in ’n uitgestrekte geografiese gebied oor ’n lang tydperk, komende van ’n lang prehistoriese en historiese mondelingse tradisie van oorlewering van geslag tot geslag met ’n gemeenheid in algemene aard en kenmerke, maar verskillend tot die unieke toestand en omstandighede van die volke in die uitoefening van sankies vir oortredings met die doel om harmonie in die familie in ‘n eng sin en die staat in ‘n wye sin te verseker. Hierdie definisie kan help om te bepaal of die versamelings en inskripsies as ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

Die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies is in vergelyking met ander antieke regstradisies en regstelsels soos die Romeinse Reg, Germaanse Reg en die Inheemse reg van die stamme van Suidelike Afrika, nog in sy kinderskoene. Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies is nog nie omvattend uiteengesit en bespreek nie en in hierdie hoofstuk is gepoog om in ’n beknopte oorsig die aard en kenmerke uiteen te sit, sodat die uniekheid van die Mesopotamiese regstradisies beter verstaan kan word.

Die uitlig van die aard en kenmerke kan help om te bepaal wat die versamelings en inskripsies van die Mesopotamiese regstradisies se betekenis binne die Mesopotamiese samelewing was. Die gemarginaliseerde geletterheid van die lede van die Mesopotamiese samelewing (waarvan ongeletterdheid in sekere tye onder sekere volke meer was as in ander tye) het meegebring dat die lede van die samelewing op ander kommunikasie-mediums moes steun wat vandag, alhoewel bekend aan ons, nie vir ons ’n prominente rol in die oordrag en bewaring van inligting speel nie. Skrif was net een van die kommunikasie-mediums in die Mesopotamiese regstradisies wat ’n minder prominente rol gespeel het. Gevolglik is die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies soveel anders as dié van die hedendaagse reg, maar daar is aanknopingspunte met ander regsisteme waarvan die lede van die samelewings ook gemarginaliseerd geletterd was.

DEEL II

HOOFSTUK 8

EVALUERING VAN TEKSTE

> "You would be surprised at the number of years it took me te see clearly what some of the problems were which had to be solved… Looking back, I think it was more difficult to see what the problems were than to solve them, as far as I have succeeded in doing, and this seems to me rather curious."
> *(Charles Darwin)*

In hierdie hoofstuk word in ʼn vergelykende studie sekere versamelings en inskripsies krities bespreek aan die hand van die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies.

8.1 INLEIDING

Roth (1995:13) noem dat met in ag name van die sosiale, taalkundige, politieke, ekonomiese en etniese veranderinge wat deur die tyd in Mesopotamië geheers het, inskripsies en versamelings veelsydige betekenisse het. Sy (Roth, 1995:14) is van mening dat die versamelings ʼn "historiese artefak" is "wat deur tyd en ruimte op verskillende maniere opereer". Vanweë die beperking in die omvang van die studie word in die evaluering van die tekste na net sommige van die inskripsies en versamelings gelet. Die tekste onder bespreking word op hul eie behandel.

8.2 INSKRIPSIES SE POSISIE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

8.2.1 Inleiding

Dit is nog ʼn ope vraag of by inskripsies waar dit blyk dat die koning sy onderdane onthef van verpligtinge ten opsigte van dwangarbeid of skuld óf dit koninklike propaganda óf tot ʼn mate ʼn weergawe van historiese gebeurtenisse was.

Die twee hoof teorieë van die posisie van die inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies blyk te wees, dat die inskripsies koninklike proklamasies of die herstel tot die vorige orde kan wees.

Daar moet na elke inskripsies op sy eie gelet word om te bepaal of die teorieë haalbaar is. [348] So byvoorbeeld by die inskripsies van koning Urukagina en Enmentana kan moontlik altwee teorieë van toepassing wees.

8.2.2 Inskripsie van koning Urukagina / Uruinimgina (Sumeries, 2350 v.C.)

Die inskripsie bestaan uit twee dele, waarvan die eerste gedeelte die lys van vergrypings uiteensit wat sy regering voorafgaan het (volgens sommige vertalings "since time immemorial") en die tweede gedeelte verantwoord Urukagina se remedies op hierdie vergrypings en die wegdoen van onregverdige optrede gepleeg deur amptenare van die skaapherder, bouers, armes, skuldenaars en hul families (Epsztein 1986:5).[349]

Uit die bewoording van die inskripsie blyk dit dat Urukagina uit die bevolking verkies is om die god Ningirsu se opdragte uit te voer.[350] Foster (1995:169) is van mening dat as daar in besonder na die woorde van die teks gelet word, sal daar gemerk word dat ’n teokratiese land geskep word waar geglo word dat die land aan die gode behoort. Die stadsregeerder kon al die tempels oorgeneem het en terselfdertyd daarop aanspraak maak dat alle mag aan die gode gegee is en dat die gode die regering van die stad oorgeneem het.

Foster (1995:169) onderskryf sy standpunt met die verwysing na die verwydering van inspekteurs, sodat daar nie meer ’n onderskeid tussen die paleis en tempel-ekonomie was nie en noem dat Urukagina in hierdie inskripsie hierop aanspraak maak, maar volgens Westbrook (ed.) (2003:143) is daar vandag baie skeptisisme onder geleerdes of dit die weerspieëling van die werklike posisie was. [351]

---

[348] Sien ook Renger se siening in hoofstuk 5 onder 5.3 t.o.v. die sg. *oikos*-ekonomie.

[349] In die proloog en epiloog van die versamelings is daar ook die tema teenwoordig dat die gode die huidige heerser met die beskerming van die mense toevertrou (Boecker 1980:54).

[350] (But) when Ningirsu, the foremost warrior of Enlil, gave the kingship of Lagash to Urukgina, (and) his (Ningirsu's) hand has grasped him out of the multitude (literally, "36,000 men"); then he (Ningirsu) enjoined upon (literally, "set up for") him the (divine) decrees of former days. He (Urukgina) held close to the word, which his king (Ningirsu) spoke to him (Kagan 1975: 13-15).

[351] In die bespreking van die struktuur van die Mesopotamiese gemeenskap was daar twee teorieë in die verlede, nl.: die tempel-ekonomiese teorie en die staats-ekonomiese teorie (Vermaak 1992:51). Die tempel-ekonomiese teorie bepaal dat die Mesopotamiese samelewing op 'n teokratiese wyse geregeer is en die hele land onder die beheer van die tempels en tempel-amptenare was (Vermaak 1992:51-52). Daarenteen behels die staats-ekonomiese teorie dat die staat die Mesopotamiese stadstaat se ekonomie beheer het (Vermaak 1992:52). Die teorie is gebaseer op die staat wat die tempel-amptenary beheer het en daar is van "staatsosialisme" gepraat, waar daar huis- en tuineienaars was, maar nie grondeienaars nie (Vermaak 1992:52). Daar is egter dokumente uit Nippur ontdek wat daarop dui dat daar wel 'n privaat ekonomie was en dat die staat en tempel nie so teokraties of sosialisties was as wat beweer is nie (Vermaak 1992:53). Vermaak (1992:53) is van mening dat nie een van die teorieë korrek is nie, en dat daar eerder na die gebied en tyd (die sg. lokale teorie (Vermaak 1992:51,76)) gelet moet word om te bepaal wat die struktuur

Die inskripsie se bewoording en betekenis bring heelwat bespiegelinge en besprekings mee. Buiten die ongewone woorde is die gedeelte van een van die afskrifte van die inskripsie wat bepaal dat ’n vrou nie meer as twee mans mag neem nie, ook eienaardig.[352]

’n Ander skrywer, Stephens, het dieper na die sekere bepalings van die inskripsie gekyk en die vraag gevra waarom ’n amptenaar gewillig sou wees om die skuld van ’n skaapherder of boer te betaal. Sy gevolgtrekking was dat die amptenaar met hierdie aksie gehoop het om ’n finansiële wins hieruit te verkry (Stephens 1955:132).[353] Stephens stel voor dat die amptenaar moontlik kon gesê het:

> I will take the animal; but you will not receive any silver, because by this transaction you can just pay the amount you already owe me.

Hierdie woorde word volgens Stephens in die paragraaf van die edik gereflekteer as:

> Should a good ass be born for a peasant of the king, and should his foreman say to him, “Let me bargain with you for it”, when they have completed a bargain for it, he (the foreman) may say to him (the peasant), “Pay me the silver to settle my account” (Stephens 1955:132).

Selfs al wil die arm persoon nie sy eiendom verkoop nie, is hy hulpeloos teen die skuldeiser se eis.[354] Die skuldeiser trek voordeel uit die arme (Stephens 1955:133).

---

van die Mesopotamiese gemeenskap was. Vermaak (1992:54) noem dat daar 'n “simbiose” tussen die staat en tempel moes bestaan het, aangesien hulle verweef met mekaar was. “Die staat was in die oë van die volk afhanklik van die tempel vir sy kredietwaardigheid” (Vermaak 1992:54).

[352] Foster (1995:170) beskou die gedeelte nie as poliandrie soos ander skrywers dit sien nie, maar sien dit as die moontlikheid dat ’n vrou nie skuld kan aangaan waar sy aanspreeklik gehou kan word met gepaardgaande seksuele uitbuiting deur ’n krediteur nie. Sien egter ook Wilcke (2003:21–22) waar die geskiedkundige agtergrond van hierdie tydperk in berekening gebring is, en Claus Wilcke wat in sy e-pos korrespondensie met Westbrook die volgende uitgelig het soos deur Westbrook voorgestel is: (i) Vir ’n kort tyd het Iri-kagina.k juis hierdie drastiese inkorting toegepas. (ii) Hierdie inkorting was deel van die laaste van die drie inskripsies en moontlik nie vroeër as jaar sewe van sy regering nie. (iii) Dit is uitgereik na die oorlog met En-šakuš-ana.k van Uruk en gedurende die oorlog met Lugal-zagesi van Umma en Uruk. Teen hierdie tyd moes die oorlog ernstige verliese onder die lewens van die volwasse manlike bevolking van Girsu-Lagaš meegebring het. (iv) Iri-kagina.k het hierdie drastiese reël ingestel om te verseker dat weduwees hul rolle as hoofde van die huishouding moes behou. Die volwasse hubare mans wat oorgebly het, moes aangewend word om met dogters van families in die huwelik te tree, om so nuwe alliansies te skep, met uitsluiting van die weduwees en geskeide vroue van die huweliksmark.

[353] Uit die tekste komende van dieselfde periode blyk dit so die geval te wees en in die verband verwys Stephens na DP 519 en RTC 28. Ooreenkomstig DP 519 moet die amptenaar hom eers wend tot die hof waar hy ’n bevel sal verkry teen die betrokke persone wat aan hom geld verskuldig is. Hy betaal self die silwer (skuld) namens hulle. Die amptenaar gaan daarna na die arm persoon en stel hom in kennis dat hy ’n eis teen hom het, met die wete dat die skuldenaar nie in staat is om aan die eis te voldoen nie. Die amptenaar stel dan voor dat in ruil vir die skuld ’n deel van die skuldenaar se kudde aan hom afgestaan moet word. Die amptenaar probeer om sodoende ’n winskoop daaruit te verkry (Stephens 1955:132).

[354] Nog soortgelyke gevalle wat in dokumente voorgekom het, was in VAT 4459 waar ’n aantal skape, beskryf as “bar duba”, opgeëis is deur die tempelamptenaar. Krediet is aangegee teen die rekening van die skaapherders vir skuld op grond van hulle *bar duba*-verpligting. Ten einde die verpligting na te kom, is die *bar duba* of skape opgeëis. Hierdie term is gewoonlik van toepassing op silwer (Stephens 1955:134).

Stephens is van mening dat die silwer die enigste materiaal was waarteen ander eiendom gewaardeer kon word (Stephens 1955:133). In die meeste gevalle is grond opgeëis, maar dit was nie soos vandag ’n oordrag van eiendom van een geregistreerde titelhouer na ’n ander nie. Die grond ter sprake was moontlik die eiendom van die tempel en die arm persoon het net ’n reg verkry om op ’n gedeelte daarvan ’n opbrengs te verdien. So ’n stuk grond wat deur ’n skuldeiser opgeëis is, was net die opeising van die inkomste-regte daarop.[355]

Stephens dui aan dat Urukagina se inskripsies, wat hy hervormings noem, op die oog af blyk om onbillike praktyke hok te slaan. Of dit in die praktyk toegepas is, is ’n ope vraag. Die vraag word ook gestel of hierdie hervormings werklik ten doel gehad het om toegepas te word. Daar is sekere tekste wat blyk in die tyd van Urukagina te wees wat in stryd met sy hervormings was, soos die gedeelte:

> If they do not complete a bargain for it, the foreman shall not credit it to him by violence (Stephens 1955:134).

Dit blyk dat hierdie praktyke nie so baie in die regeringstyd opgeteken is nie. Daaruit kan afgelei word dat die hervormings nie effektief was nie of dit is teen die einde van sy ryk eers in werking gestel. Stephens is meer ten gunste van die laaste teorie. Hierdie hervormings kon die rede wees waarom koning Urukagina tot ’n val gekom het, want sommige geleerdes is dit eens dat die koning se val vanweë die ontevredenheid van die belangrike families teenoor sy sosiale hervormings was (Stephens 1955:135).

Boecker (1980:53) huldig ’n ander siening en noem dat die Sumeriese politieke sisteem as “nasionale godsdienstige sosialisme” beskryf kan word. Soos in baie van die stelsels is daar korrupsie en volgens die inskripsie van Urukagina het selfs die koning en sy hof in die vorige bedeling hulle daaraan skuldig gemaak deur hulle te verryk met die tempel se goed en die randfigure van die samelewing te onderdruk. Boecker (1980:54) beskou die inskripsie van Urukagina, wat hy ’n edik noem, as die koning se laaste poging om ’n primitiewe Sumeriese sosiale stelsel deur sosiale hervorming te red. Die inskripsie illustreer volgens Boecker (1980:54) ’n sekere manier van regsdenke wat konstant in die Ou Nabye Ooste se reg en regsadministrasie voorgekom het.

---

[355] In sommige gevalle blyk dit dat grond opgeëis is waar daar kanale was wat reggemaak is. Dit kon daarop dui dat dit werksmense was wat die herstelwerk gedoen en die toesighouer het hul arbeid opgeëis. Die werk wat verrig is, was in ruil vir geld wat die werksmense geskuld het. Die laer klasse moes militêre diensplig verrig vir geld wat hulle geskuld het (Stephens 1955:134).

Knapp (1988:72) sien die inskripsies eerder as briljante politieke propaganda van ’n koning wat gepoog het om deur die propaganda-foefie die tempel en koninklike gesag te vergroot. Renger (2002:142) noem dat dit uit die bewoording blyk dat die verhouding tussen die tempels en hul personeel teenoor die paleis en sy administrasie gereël word. Dit sal beteken dat die hele Lagaš, insluitend die tempel-eiendom, voorheen onder die streng beheer van die paleis en die paleisadministrasie was (Renger 2002:143). Die paleisamptenary se beheer word deur die maatreëls van Urukagina ingeperk en die tempel-huishoudings word die “dominante ekonomiese instellings”, wat nou onder die beheer van koning Urukagina, sy vrou en kinders ressorteer. As gesag vir sy standpunt haal Renger (2002:143) aan:

> The ruler’s estate and ruler’s fields, the estate of the woman’s [*i.e.* the ruler’s wife, J.R.] organization (É.MUNUS) and fields of the woman’s organization, and the children’s estate and children’s fields all abutted one another. The bureaucracy was operating form the boundary of Ningirsu to the sea [i.e. the entire realm].[356]

Foster (1995:170) is van mening dat nieteenstaande die lengte en komplekse inhoud van die inskripsies dit nog steeds ’n “enigma” blyk te wees. Sommige van die wysigings wat voorgestel was blyk tot die gemene voordeel vir die lede van die samelewing te wees terwyl ander eerder voorkom om die “skepping van ’n nuwe ideologie” te wees vir die heerser en sy familie om in ’n nuwe teokratiese staat die tempels en landgoed te administreer.

Uit die inskripsie blyk Urukagina ’n heerser te gewees het wat die las van sy mense probeer verlig het. Of hy die daad by die woord gevoeg het, sal ons net kan raai totdat nuwe inligting tot ons beskikking kom.

8.2.3 Inskripsie van koning Ammi-saduqa (Ou-Babiloniese periode – Hammurabi dinastie)

Die grootste gedeelte van die inskripsie handel oor hervorming. Finkelstein (1961:92) is van mening dat die rangskikking van die inskripsie, wat insluit styl en formulering, baie min met ander versamelings in gemeen het.

Finkelstein (1961:92) is van mening dat die doel van die inskripsie was om as ’n afkondiging van ’n *mišarum*-hervorming te dien, wat een van die sogenaamde formele handelinge was van ’n nuwe koning. Hierdie handeling kon slegs amptelik afgekondig word na die begin van die eerste amptelike jaar van ’n koning (Finkelstein 1961:93).

[356] Vertaling deur Cooper (sien Renger 2002:143).

8.3 VERSAMELINGS SE POSISIE IN DIE MESOPOTAMIESE REGSTRADISIES

8.3.1 Inleiding

Daar word aan die hand gedoen dat elke versameling individueel ondersoek en ontleed moet word. Hierdie geskrifte is oor ʼn lang tydperk in verskillende kulture gevind en val binne ʼn spesifiek tyd- en kultuurraamwerk. Om die rede kan dit nie as ʼn kollektiewe groep gesien word nie. Die twee versamelings onder bespreking is die Versameling van Ur-Nammu (LU) en Hammurabi (LH). By LU word daar gefokus op net een kenmerk van die Mesopotamiese regstradisies, die koningskap ideologie, maar by LH word die meeste van kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies toegepas, ten einde insig te bied op die posisie van die twee versamelings in die Mesopotamiese regstradisies. [357]

8.3.2 Versameling van koning Ur-Nammu (Sumeries, 2112–2095 v.C.)

Daar word aan die hand gedoen dat daar na die rol van die koning binne die struktuur van die Ur III dinastie gelet kan word, om te bepaal wat die doel van die LU was en of dit as ʼn bron beskou kan word.

8.3.2.1 Koningskap ideologie

Kramer en Finkelstein (1954:41) interpreteer die Versameling van Ur-Nammu (LU) dat die stad Ur, deur die god verkies is om die setel van koningskap vir die Ryk van Akkadië en Sumerië te wees. Buiten vir sekere rituele wat bekend gestel word, word Ur-Nammu, wat die Ur III-dinastie gestig het, se dade uiteengesit wat bygedra het om Akkadië en Sumerië as een ryk te konsolideer, waaroor hy nou regeer.[358] Ur-nammu het die stad Ur se grootste vyand Lagaš verslaan, en daarvan word in LU melding gemaak.[359] ʼn Groot gedeelte van die proloog handel oor Ur-nammu se morele en etiese prestasies en drastiese hervormings. [360] Ur-Nammu het ook "sosiale

[357] Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisie is in hoofstuk 7 bespreek.
[358] In hoofstuk 4 is vermeld dat Ur-Nammu se seun Shulgi word beskou as die opsteller van hierdie versameling, alhoewel daar pertinent na sy vader verwys word.
[359] Kramer en Finkelstein (1954:41) meld dat LU pertinent noem dat Ur-Nammu vir Namhani van Lagaš verslaan het, dat die aanduiding van historiese belang is.
[360] In die Kramer-vertalings word aanvaar dat die inleiding in die derde persoon geskryf is, in teenstelling met die LH en LL wat in die eerste persoon geskryf is (Kramer 1983:453–4). Kramer argumenteer dat die proloog anders getranskribeer en vertaal moet word, omdat die Nippur-dokument misleidend is en die Sippar-dokument duideliker ten opsigte van sekere aspekte is (Kramer 1983:454).

gewete" gehad om die weduwees, wese en die armes teen uitbuiting te beskerm (Kramer & Finkelstein 1954:41).

In die Sippar-dokument het Ur-Nammu vryheid vir 'n sekere getal stede gebring, standaardisering ingestel en bome geplant (Kramer 1983:455–6). Ur-Nammu se etiese dade is geprys waar hy as beskermheer vir randfigure van die gemeenskap – die wese, weduwees en armes – opgetree het. Shulgi het daarna eers verwys na sy eie prestasies, sy goedgunstige behandeling van sy goewerneurs en lede van sy familie. Hy maak daarop aanspraak dat vyandskap en geweld verdwyn het en dat hy geregtigheid in sy land ingestel het, waarna die hoofdeel van die versameling volg (Kramer 1983:456).

Uit die Sippar-dokument blyk dit dat 'n "*sadug*-offerande" elke maand aan Ur-Nammu gebring is en Kramer (1983:454) voer aan dat die redelike vermoede is dat Shulgi, Ur-nammu se seun, daarvoor verantwoordelik was. Dit beteken dat Shulgi sy vader se prestasies genoem het, wat Ur-nammu se militêre en politieke prestasies insluit waarvoor hy in Ur vereer is (Kramer 1983:454–455). Shulgi het ook sy vader se administratiewe prestasies, baie dieselfde soos die Urukagina-inskripsie, genoem wat Ur-Nammu se administratiewe hervormings en teenstand teen landbou, kommersiële en pastorale onregverdighede insluit (Kramer 1983:455).[361]

Die liedere, wat volgens Saggs (2000:87) deel van die skrywerskool se kurrikulum was, gee ook vir ons inligting van twee klasse aan wie die liedere opgedra was. Die eerste klas is gerig aan die gode, waarin die koning geprys en aanbid word, en die tweede klas is aan die koning self opgedra (Saggs 2000:85–86). Laasgenoemde kan historiese verwysings wees, waar die koning byvoorbeeld roetes geopen het of godsdienstige verwysings gehad het waarin kultiese bedrywighede vermeld is (Saggs 2000:86). In al die liedere word benadruk dat Shulgi 'n voorbeeldige "piety and his kinship with the gods" gehad. As die liedere geglo kan word, was Shulgi 'n merkwaardige man. As 'n jong seun is hy in die skrywerskool (*edubba*, wat letterlik "tablet-huis" beteken) opgelei, waar hy 'n skrander student was. Volgens die liedere was hy 'n goeie soldaat en oorlogsleier, asook 'n uitstekende jagter. Hy het familiebetrekkinge met die gode gehad, omdat sy moeder die godin Ninsun was en die songod Utu sy broer en metgesel was, sodat hy die koning van alle konings was (Saggs 2000:87).

[361] Kramer en Finkelstein (1954:46) vergelyk ook LU met Urukagina se hervormings en noem dat LU, net soos Urukagina, ook 'n lang lys van sosiale en ekonomiese misbruike gee wat hoofsaaklik deur die burokrasie gepleeg is.

In nabetragting het Saggs (2000:87) Shulgi se bemoeienis met geregtigheid[362] as volg opgesom:

> Even allowing Shulgi a touch of megalomania, the claims he makes for himself, and those made by others, do in essence correspond to programmes of administrative and economic reforms which he initiated and saw through. An instance is his concern for justice. Earlier kings had recognised their duty to protect the weak form the mighty, and some had attempted reforms, but Shulgi was the first yet known to promulgate a collection of laws . . . , formerly attributed to his father.

Shulgi benadruk uitdruklik dat hy die ekonomies weerloses beskerm, en hy sê pertinent:

> I did not deliver the orphan to the rich man, the widow to the mighty man, the man with one shekel to the man with one mina, the man with one lamb to the man with one ox.[363]

8.3.2.2 Samevatting van koningskap ideologie en eie mening van die posisie van LU

Kagan was van mening dat in die Ur III-dinastie elke heerser oor ’n stadstaat, daarna gestreef het om ander stadstate onder sy mag te verenig. In effek beteken dit dat die koning nuwe wette gepromulgeer het en as verteenwoordiger van die gode verantwoordelik was om reg en geregtigheid te laat seëvier. Die koning was die opperbevelvoerder van die weermag, sowel as die administrateur van die groter tempelkompleks wat hy as die magtigste ekonomiese eenheid tot voordeel van die burgers van die stadstaat beheer het (Kagan 1975:7). Jackson (1968:387) het ook die standpunt gehuldig dat die ontwikkeling van sentrale gesag ’n rol in regsvorming gespeel het.

Lemche het ’n klemverskuiwing gemaak en beskou die beoefening van die reg as “plaaslike besigheid” wat familiegesentreer en op ’n patronaat-stelsel geskoei was (Lemche 1995:1702, 1704–06, 1710). In die beoefening van reg moet die patronus, die hoof van die familie harmonie in die regsmilieu van die familie instandhou.[364] Die koningskap-ideologie vind sy weg binne hierdie patronaatstelsel en as deel van die koninklike propaganda, word die koning beskou

---

[362] Ander bepalings geld dat as ’n vader nie sy ooreenkoms met ’n toekomstige bruidegom nakom nie en sy dogter in huwelik aan hom toevertrou nie, maar haar aan ’n ander bied, moes die vader die benadeelde party vergoed. Sou ’n persoon ’n ander beseer, was daar ’n vergoedingsbedrag wat betaal moes word. Die sogenaamde *Lex Talionis* met persoonlike besering het nie in LU voorgekom nie. Moord, diefstal en sekere gevalle van verkragting was strafbaar met die dood. Ander wette het die gebruike van die land gekontroleer (Saggs 2000:88).

[363] By ’n egskeiding is vroue tot ’n mate beskerming verleen:
1. Sou sy as ’n maagd getroud het, verkry sy een *mina* vergoeding.
2. Sou sy met huweliksluiting ’n weduwee gewees het, verkry sy ’n halwe *mina*. ’n Vrou wat haar in ’n saambly-verhouding begewe het, sou egter by die ontbinding van so ’n verbintenis niks ontvang nie (Saggs 2000:88).

[364] Sien die bespreking van die instandhouding van harmonie in hoofstuk 7, onder 7.5.12.

as die regverdige regter, die hoogste instelling van appèl en dat hy reg en regverdigheid tussen die gewone mense van die land versprei het (Lemche 1995:1710).

Vermaak (1990:113, 121) in sy studie van ʼn aantal administrasie dokumente is van mening dat die uitgebreide familie in die Ur III-tydperk ʼn "prominente" en "primêre rol" in daardie samelewing gespeel het. Anders as die ander skrywers soos Jackson en Kagan beskou Vermaak die families as dié wat ʼn "magsbasis" gevorm het en waarop dit neerkom dat magtige, ryk families "in werklikheid die land regeer" het (Vermaak 1990:121). Die koning het ʼn "mindere mag" gehad (Vermaak 1990:121).

In die lig van Vermaak se opmerking kan gevra word of Shulgi net ʼn seremoniële koning was? Sou hy 'n seremoniële koning gewees het, sal dit die funksie van LU daardeur beïnvloed word, sowel as hoe ons die versameling kan interpreteer en gebruik. Die vraag kan in so ʼn geval gevra word of LU se bepalings regtig afdwingbaar was? Op grond van Vermaak se standpunt kon Shulgi nie sulke hervormings op sy eie doen nie – of het hy dalk? As die versamelings as wetgewing beskou word, beteken dit dat in die afkondiging van die wetgewing was Shulgi of ʼn revolusionêre koning, omdat hy sonder die magtige families wetgewing afgekondig het, of het die magtige families, wat beheer in die staatsadministrasie gehad het, die wetgewing opgestel en die koning as die wetgewer laat voorhou. In so ʼn geval sal die propaganda van die koning-teorie aangehang word, maar is LU nog steeds wetgewing (die positiewe reg-teorie)? Daar is nie konsensus onder die skrywers dat LU ʼn gewoonteregtelike tradisie of koningsbesluite was nie. Die huidige inligting wat ons oor beskik is nog nie voldoende om tot ʼn finale gevolgtrekking te kom oor die bron en posisie van LU in die Mesopotamiese regstradisie nie.

Veral in die Ur III-dinastie periode is daar ʼn magdom administrasie dokumente ontdek en vertaal wat in ʼn verdere studie moontlik lig kan werp op hierdie versameling se werking in die Mesopotamiese samelewing.

8.3.4 Versameling van Hammurabi (Babilonies, 1792–1750 v.C.)

Die Versameling van Hammurabi vervul in antieke Mesopotamië en in die studie van die Ou Nabye Ooste se kultuur en -regstradisies, die mees prominentste rol van alle versamelings en inskripsies.[365] LH word aan die hand van die kenmerke van die Mesopotamiese regtradisies

[365] Vandag kan die belangrikheid van LH nie net toegeskryf word aan sy lengte nie, aangesien ander versamelings

bespreek ten einde te bepaal of dit as ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word.

8.3.4.1 Ongespesialiseerde beoefening van die regstradisies en Groepsoriëntering

Epsztein (1986:9) noem dat LH nie ’n perfekte eenheid is nie, want daar is baie weglatings en weersprekings, maar nogtans word dit beskou as die belangrikste klassieke werk van Babiloniese literatuur. Die proloog en epiloog is noodsaaklik, want dit onderskryf die hele betekenis van die monument (Bottéro 1992:158). Die proloog en die epiloog is “ryk versierd, formeel en spoggerig” en die boodskap is “duidelik, feitelik en met opeenvolgende bepalings” wat ’n gesamentlike boodskap vir die gehoor wat luister of diegene wat kan lees, uitdra. In die visuele uitbeelding van LH is die enigste onderbreking die skets waar die god en koning in interaksie is, met die bepalings wat volg. Die bepalings begin met *summa* wat “as” beteken, sonder enige visuele merk. Daar is geen dubbellyne of blanko spasie nie. Die oorgang blyk glad te wees, sodat dit die eenvormige boodskap van die werk versterk (Roth 1995:16)

Aan die agterkant is agt kolomme waarin 3 500 reëls geskryf is. Dit is interessant dat daar van verskillende soorte prosa in die monument gebruik gemaak is. Die proloog en die epiloog, wat uit vyf kolomme bestaan, se styl is eie aan die heroïese en liriese literatuur van Mesopotamië. Bottéro beskou dit as die inleiding en slot van die hoofwerk, en is van mening dat die prosa en taal wat gebruik is, oor die algemeen deur die regsprofessie van die tyd gebruik is (Bottéro 1992:156–8).

As LH as wetgewing beskou word blyk dit dat die prosa van literêre werke en dokumente van die reg met mekaar vermeng word. Die reg is op alle gebiede onlosmaaklik deel van die samelewing. Spesialisering van verskillende gebiede is onbekend vir die antieke Mesopotamiërs.

Liagre (1953:357) wys daarop dat daar ’n verskeidenheid van sintese in LH voorkom. Hammurabi het Marduk die hoofgod van die Babiloniese panteon gemaak, maar in LH vind hy ’n sintese deur dele daarvan aan die verskillende gode van die panteon op te dra en erkenning te gee. Die uitbeelding van Hammurabi se persoonlike voorkoms wys ook op ’n sintese – die kort ronde baard en skoongeskeerde bo-lip - wys op ’n tipiese Amoritiese voorkoms, maar die klere,

---

soos LE en MAL ook lank is.

mantel en hooftooisel wys op ’n Sumeriese invloed (Liagre 1953:361). Alhoewel Hammurabi ’n absolute heerser was, wat volgens LH met ’n ferm hand regeer het en beheer oor die land gehad het, het hy homself nooit vergoddelik nie. Liagre (1953:358) noem, dat daar nie skeiding tussen die sekulêre en godsdienstige sfeer, tussen die tempel en paleis, en selfs die “kerk” en die staat was nie. LH wys op die politieke unifikasie van die gebied waar die werk in Akkadies geskryf is, maar ook die Sumeriese en Semitiese tradisies versamel en unifiseer is (Epsztein 1986:9).

8.3.4.2 Koningskap-ideologie

Die Mesopotamiese koning se sosiale verantwoordelikheid was om die regsbeskerming aan sy onderdane en meer spesifiek die randfigure soos die weduwee, wees en armes te verseker. Hy was ook belas met die daarstelling en onderhouding van regsprosedures en om appèlle aan te hoor. Tradisioneel het hy die wette gepromulgeer en prys regulasies ingestel.

Die koningskap ideologie as ’n kenmerk van die Mesopotamiese regstradisies word uitgebeeld waar in ’n hiërargiese struktuur van die gode aan die bopunt, gevolg deur die koning, in die versamelings gereflekteer word. ’n Akkadiese spreuk noem dat “Man is the shadow of a god, a slave is the shadow of a man; but the king is like the (very) image of a god” (Pritchard 1955:426).

Dit is ook opvallend dat alhoewel die grote van die figure verskillend is, Hammurabi in 'n staande, nederige posisie is en die godheid in 'n sittende gesagsposisie, maar hulle het nogtans oogkontak. Koning Hammurabi word dus uitgebeeld om direkte opdrag van die godheid te ontvang. Hammurabi se belangrikheid is voor die hand liggend. Hy word toegelaat om oogkontak te hê met ’n god en iets van die god te ontvang. Is die boodskap aan die mense van die land dat koning Hammurabi geag word net onderkant die gode is en as belangrikste van alle mense geag word en daarom op grond van die direkte opdrag van die godheid in sy oë kyk en iets van die god ontvang - ’n simboliese handeling wat ’n direkte opdrag simboliseer (visuele en taktiese uitbeelding) om te beklemtoon dat hy, koning Hammurabi inderdaad koning en regter van die land moet wees in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van die gode?

8.3.4.3 Godsdienstige aard

LH kan in drie “dele” verdeel word, naamlik die visuele uitbeelding van koning Hammurabi en ’n godheid, die proloog-epiloog gedeelte en die liggaam van bepalings.

LH verskil van die ander versamelings en edikte deurdat bo aan die punt van hierdie monumentale werk daar 'n pragtige uitbeelding is wat ons vandag interpreteer om die koning Hammurabi te wees wat staande 'n tipe van 'n staf ontvang van 'n god, waarvan daar nog meningverskil is wie die godheid is (Marduk[366] of Šamaš[367]). Bottéro (1992:156–7) is van mening dat koning Hammurabi van Babilon (*ca.* 1792–1750) ’n “embleem van koninklike mag” van die god Marduk ontvang.[368] Roth (1997:73) noem dat die ikonografiese boodskap dit duidelik stel: “King Hammurabi and the god of justice Shamash together protect the people of Babylonia”.

Die voorkoms van die monument wys op 'n sekere doel. Finkelstein (1961:103) en ander[369] is dit eens dat hierdie monumentale werk, koninklike propaganda is. Die gode in die proloog, epiloog en die visuele uitbeelding van ’n god aan die hand van die multi-sintuiglike kultuur van die land gee een boodskap deur: koning Hammurabi het die mag om as *sar mīšarum,* die *kittum* en *mīšarum* van die land en sy onderdane daar te stel. Hy het die goddelike toestemming en direkte opdrag om geregtigheid van die land, ordelike regering en waarheid en geregtigheid deur te land te vestig met die uiteindelik doel om voorspoed te bewerkstellig. Hy is die verteenwoordiger van die gode, die skaapherder en die onderdane van die land moet aan hom onderdanig wees en hom toelaat om koning en *sar mīšarum* te wees, want dit is die wil van die gode. Dit is asof koning Hammurabi as’t ware sê: "Ek is koning Hammurabi, die magtige heerser, aangestel deur die goed om as *sar mīšarum* oor julle te heers. Dit is die wil van die gode en niemand mag dit bevraagteken nie."

’n Onbekende Babiloniese skrywer het die volgende skeptisisme teenoor sy koning en god openbaar:

---

[366] Marduk was die stadsgod van die stad Babilon van ten minste die Derde Dinastie van Ur. Daar is ’n verband tussen die opkoms van die kultus van Marduk en die politieke opkoms van Babilon van stadstaat tot die hoofstad van die ryk. Vanaf die Kassitiese Periode het Marduk al belangriker geword en in die Babiloniese Skeppingsverhaal word hy aangedui as die koning van alle gode (Black & Green 1992:128).

[367] Šamaš was die Akkadiese naam en Utu die Sumeriese naam vir die god wat die “brilliant light of the sun” verteenwoordig en wat elke dag terugkeer om lewe te gee aan die mensdom en voordelige warmte wat die plante laat groei (Black & Green 1992:182). In die Sumeriese tradisie was Utu die seun van Nanna, die maangod en tweelingbroer van Innana, maar in die Akkadiese tradisies was Šamaš soms die seun van Anu (An) of Enlil (Black & Green 1992:182, 184). Waarskynlik as gevolg van sy verbintenis met die son is Šamaš gesien as die god van waarheid, regverdigheid en reg. Šamaš is ook die beskermheer van die regverdige en die vernietiger van die bose en het ook ’n vegteraspek in sy persoonlikheid (Black & Green 1992:184).

[368] Ander skrywers stel weer voor dat dit eerder Šamaš, die songod is. Roth (1997:73) is van mening dat die godheid wat uitgebeeld word, die god Šamaš is wat die wette aan Hammurabi deurgee, óf dat hy die wette aan die gode offer, óf dat Hammurabi die “rod and ring”, simbole van tempelbou en –heerskappy, van die godheid aanvaar. Daar word nog hewig debat gevoer oor wie die god is wat uitgebeeld word.

[369] Sien Epsztein (1986), Steele (1948), Zaccagnini (1994), Oppenheim (1964) en Roth (1995) se gekwalifiseerde mening.

> Slave listen to me.
> Here I am sir, here I am.
> I will perform a public benefit for my country.
> So perform, sir, perform. The man who performs a public benefit for his country - his deeds are placed in the ring (?) of Marduk.
> No, slave, I will by no means perform a public benefit for my country.
> Do not perform, sir, do not perform. Climb the mounds of ancient ruins and walk about; see skulls of high and low: which is the malefactor and which is the benefactor?
>
> Slave listen to me.
> Here I am sir, here I am.
> Quickly, fetch me water for my hands and give it to me so that I can sacrifice to my god.
> Sacrifice sir, sacrifice. The man who sacrifices to his god is happy: he shall hold office upon office.
> No, slave, I will by no means sacrifice to my god.
> Do not sacrifice sir, do not sacrifice. You can teach your god to run after you like a dog, when he asks of you (saying): '[Celebrate] my ritual' or 'Do not inquire [by means of oracles],' or anything else. (aangehaal deur Zaccagnini 1994:285-286)

Daar word aan die hand gedoen dat alhoewel godsdiens onlosmaaklike deel van die ideologieë van die land en die ideologie van die koning is, dit nie noodwendig om "geloofredes" gegaan het nie. ŉ Meer siniese siening word voorgestel waar die koning die diep sentimente van die bevolking gebruik het om goddelike ratifikasie vir sy optrede te kry, maar altyd seker te maak dat in die monumente, versamelings en ander geskrewe dokumente hyself die erkenning vir sy prestasies verkry en nie die gode nie.

Daar is meningsverskil ten opsigte van die derde gedeelte van LH - die liggaam van bepalings - se die doel en funksie. Die vrae wat gevra word is of dit koninklike propaganda, of veranderings op buitengewone gevalle, of bestaande gewoontereg is, of beslissings van koning Hammurabi tydens sy heerskappy as koning waar hy besondere beslissing gegee het (soos 'n Bybelse Salomo). Buss (1995) is van mening dat dit positiewe reg of natuurreg kan wees. Daar moet met omsigtigheid omgegaan word om hedendaagse regsfilosofiese denke op die Mesopotamiërs s'n toe te pas. Die grootste verskil is ons abstrakte denke teenoor die Mesopotamiërs se oorheersende konkrete denke soos weergegee word in die vorm van kommunikasie en regsoordrag van handelinge. Wat ŉ skrywer soos Buss seker bedoel is dat positiewe reg verwys meer na die bepalings wat hedendaagse regskrag het. Dit is dan mondelingse regsgebruike in antieke Mesopotamië wat net oorgesit is in ŉ geskrewe reg. Die natuurreg verwys meer na

voorafbestaande reëls komende van die gode. Dit is reëls wat onverander, permanent van aard en van goddelike oorsprong is.[370]

8.3.4.4 Openlikheid/Publieke aard

Daar is deur skrywers aangevoer dat hierdie werk in die openbaar vertoon is. Indien so aanvaar, is die onmiddellike vraag waarom sal in 'n multi-sintuiglike samelewing waar alle handelinge opgevoer was, dit net daar geplaas word. Skrywers soos Diamond en Westbrook het aangevoer dat die mense kan in geval van 'n probleem: ’n oplossing daarin vind, dit lees(?), huis toe kan gaan en die oplossing uitvoer.

Belangrike werke moes egter voorgelees word. 'n Klein presentasie van die bevolking was geletterd. Sou jy iets op skrif wou gehad het, het jy 'n skrywer gevra om dit vir jou so te notuleer. Ons weet dat daar in verhouding tot die bevolking daar ’n klein persentasie skrywers was en dat hulle ’n hoogs opgeleide groep mense was, wat aansien in die samelewing gehad het.

Die boonste gedeelte is die rede waarom hedendaagse skrywers gereeld na die “Stele van Hammurabi” verwys. Dit is ’n besonderse tematiese uitbeelding van goddelike ratifikasie en koninklike propaganda.[371] Die doel van die *kudurrus* sluit hierby aan. Die *kudurrus* was mooi gepoleerde visuele uitbeelding van ’n kern boodskap wat óf net gesien kan word óf deur ‘n klein persentasie persone gelees kon word (Slanski 2000:96). Slanski het bewys dat hierdie *kudurrus* waarvan LU en LH volgens haar deel daarvan was, was in tempels opgerig. Die sogenaamde *kudurrus*[372] het in die Middel en Neo-Babiloniese periodes voorgekom waar koninklike toelae op ovaal of pilaarvormige stene geskryf is en in die velde of groot landbousentrum, waar die koning toelae aan die inwoners van die land toegeken het, ten toongestel is (Oppenheim 1964:286).

[370] Ander skrywers is geneig om die versamelings as deel van die skoolkurrikulum te sien. Dat dit ’n produk van die skrywerskool is, is vanselfsprekend, aangesien ’n hele aantal afskrifte daarvan deur die Ou Nabye Ooste oor ’n lang tydperk gevind was en dit inderdaad deur die skrywers van hierdie skole gedupliseer is. Was die betekenis van die stele vir die mense in die tyd van Hammurabi anders as vir geslagte daarna?

[371] Die skematiese uitbeelding, vergesel met ’n hoofdeel van skriftelike bepalings of hipotetiese gevalle is enig in sy soort in die geskiedenis van die Ou Nabye Oosterse argeologiese opgrawings. Dele van die “s*telae* van Ur-Nammu” is met moeite aanmekaar gesit is, maar dit word nie vergesel met ’n soortgelyke hoofdeel van skriftelike uiteensettings soos waarvoor LH beroemd geword het nie. Sien in die verband die rekonstruksie en verduidelikings oor betekenis van die “*stelae* van Ur-Nammu” deur Canby (1987).

[372] Slanski verwys na *kudurru* ook as “grens steen” (“boundary stone”) en “grenzstein”. Die monumentale werke het die benaming *kudurru* verkry, wat ’n Akkadiese woord vir “grens” is en dit het daartoe gelei dat dit as koninklike of feodale landelike toelae geklassifiseer is (Slanski 2000:95). Slanski kom tot die slotsom dat op grond van hierdie stellings die grensmerkers nie grensmerkers in die gewone sin van die woord is nie, en dat die Babiloniërs dit eerder volgens die term *narû* geken het, wat steen monument beteken. Daar is vele *narûs* ontdek waaronder die mees bekende die oorwinnings stele van Naram-Sin is en LH is (Slanski 2000:97).

Deel van hierdie inskripsies was die goddelike simbole wat die gode verteenwoordig het en wat bedoel is om die monumente te bewaar. LH is ook in die vorm van so ʼn versierde stele in die publiek uitgestal (Oppenheim 1964:287). Die oprigting daarvan was duursaam, want iemand moes die teks saamstel, die steen uitkerf en die lede van die Susa samelewing het dit waardevol en belangrik genoeg geag om dit as oorlogsprys vir hulself te neem (Slanski 2000:114).

Slanski benadruk die belangrikheid van klassifikasie (2001:95-96) en dat deur klassifikasie alle grensstene beskou is as koninklike land toelae, nieteenstaande sekere kenmerke wat die teendeel bewys.[373] Slanski het spesifiek by LH stilgestaan en dit beskou as deel van die *narûs*. Sy beeld die steen-monument uit as proloog waar koning Hammurabi sy prestasies en ʼn keuse van gode uiteensit, met ʼn middelgedeelte wat die koning se regsbesluite uitmaak en ʼn epiloog wat sy noem na die toekoms gerig is. Vir haar wys die epiloog na koning Hammurabi se verlede en die epiloog na sy toekoms. Sy beklemtoon ook die visuele- en hoor element van die monument.

Die *narûs* sien sy in die konteks van die ander Mesopotamiese monumente as die historiografiese element wat ʼn integrale rol in die daarstelling van gesag in die monument speel. Die verbale narratief en visuele uitbeelding is gemoeid om ʼn ewige herinnering vir die mense te gee en om sleutelgebeurtenisse daarin op te sluit (Slanski 2000:113). Die koning maak seker dat in die oprigting van so ʼn *narû* net sy nageslag daarop kan aanspraak maak en dat hyself in die geslagte daarna onthou en vereer sal word.[374] Die koning plaas homself direk en onveranderlik binne ʼn "historiese kontinuum".[375]

---

[373] Slanski noem dat die volgende in gedagte gehou moet word:
a. Die Akkadiese woord *kudurru,* wat grens beteken, is nie versoenbaar met wat die monumente na hulself verwys nie. Die woord $^{(na4)}$*narû* is die gereelde Akkadiese term vir steen-stele of steen-monument.
b. Sommige van die inskripsies is in die teenwoordigheid van die gode opgerig. Dit blyk dat die oorspronklike standplaas van hierdie monumente sal in die tempels wees en nie op ʼn landgoed nie (Slanski 2000:96).
c. Ongeveer ʼn derde van die monumente is in Susa in antieke Elam gevind nadat dit as oorlogsprys deur die Elamiete geneem was. Slanski noem dat dit onwaarskynlik is dat die Elamitiese soldate in die landgoed rond sou gaan om goed te versamel en dit al die pad na hul land toe sou neem. Argeologiese- en epigrafiese getuies dui daarop dat monumente soos LH en die Stele van Naram-Sin van Babiloniese tempels weggeneem is
d. Die meeste van die monumente was baie goed gepoleer met ʼn mooi oppervlakte. Dit is onwaarskynlik dat sodanige monumente buite in wind en weer gelaat sal word
e. Daar is onlangse uitgrawings en interpretasie van vroeër uitgrawings wat daarop dui dat die monumente in die oorblyfsels van die antieke tempels gestaan het (Slanski 2000:96-97).

[374] Daar word aan die hand gedoen dat LH *moontlik* soos die Enuma Elish voorgelees kon word (?). In so ʼn geval sou die funksie daarvan seremonieel van aard gewees het.

[375] Veenhof (1995) het melding gemaak van die stele wat in die Oud-Assiriese wette as die "woorde van die stele" na verwys word. Tot vandag nog het ons nog nie die stele ontdek nie, alhoewel dit in ʼn paar dokumente na verwys word as gesag vir optredes.

8.3.4.5 Konkrete aard

Ek is van mening dat wanneer na die unieke kenmerke van die antieke Mesopotamiese regstradisies gelet word kan die oorheersende beklemtoning van die skrif as gesaghebbende medium dalk taan teeonoor die oorheersende mondelingse, simboliese multi-sintuiglike regsoordrag. Stel jou voor ʼn gemeenskap wat meestal ongeletterd is, met ʼn paar hoogaanstaande geleerde mense wat aansien geniet omdat hulle so "slim" is om ʼn skrif te kan bemeester, met die groter aantal gemeenskap wat nie altyd die dienste van hierdie "slim" mense kon gebruik vanweë fondse of geleentheid nie, maar wat op ʼn daaglikse basis voortgaan met transaksies en oordrag van regshandelinge. Hierdie gemeenskap is groepgeoriënteer met die gesinshoof, daarna die paterfamilias en daarna die koning wat die finale seggenskap in besluitneming het. Daar is nie individualisme ter sprake nie. So jy doen wat in groepsbelang is vir die handhawing van harmonie binne die groep.

Ooreenkomste en gebeurlikehede moet onthou en behoorlik oorgedra word, sodat belanghebbendes en getuies weet wat presies gebeur het en wanneer dit gebeur. Hulle het nie die gerief van die bewyswaarde van die geskrewe woord tot hul beskikking gehad nie. Die mondelingse regstradisies in antieke Mesopotamië speel dus ʻn oorheersende belangrike rol. Daar is nie bundels van swaar en omslagtige wetgewing soos ons dit vandag ken of hofsake wat puntenerig aangeteken en gepubliseer word met fyn besonderhede van feite, regsvrae en beslissings nie. In teendeel in antieke Mesopotamië word deurentyd in die hofbeslissings, regsdokumente en ander geskrewe dokumente na simboliese handelinge verwys wat deur die gebruik van al die sintuie deur die lede van die samelewing opgevoer word om ʼn boodskap oor te dra en te onthou.

Daar word aan die hand gedoen dat in ʼn geskrewe wetlike kultuur soos ons hedendaagse wêreld, die hedendaagse mens (met of sonder ʼn regsagtergrond) sal aanvaar dat die wette van staatsweë of ander organe neergeskryf en beskikbaar (gepubliseer) aan die breë publiek gestel sal word wat daaraan moet voldoen. In die gees hiervan is die versamelings en inskripsies ontdek, waar geleerdes, soos Scheil in die begin van die ontdekking ʼn hedendaagse inslag daaraan gegee en dit as hedendaagse wetgewing beskou het. Geleerdes kyk daarna in die lig van ʼn oorheersende geskrewe medium en gee ooreenkomstige betekenisse daaraan. Die onderliggende betekennisse komende van die multi-sintuiglike kommunikasie en simboliek word oorwegend oor die hoof gesien.

8.3.4.6 Bewaring van status quo en instandhouding van harmonie

Bottéro beskou LH as ’n “succession of propositions” wat daar gestel is om die sosiale optrede van Hammurabi se onderdane te reguleer. In hierdie eiesoortige styl verklaar Hammurabi dat hy deur die gode verkies is om militêre glorie en politieke sukses vir die land te verseker. Hy noem ’n reeks oorwinnings en bevestig dat die regering en die toesien na die welstand van die mense van die land deur die gode aan hom as hul verteenwoordiger toegeken is (Bottéro 1992:157–8).

8.3.4.7 Tydloosheid

Roth (1997:71) noem dat dit die tradisies van vroeëre versamelings insluit en sonder twyfel latere versamelings beïnvloed het. Uit die verskillende afskrifte van die skrywerskole blyk LH baie bekend in die Ou Nabye Ooste te gewees het. Net soos die Elamitiese koning wat ag geslaan het op die vloek en waarskuwing dat hy nie aan LH mag verander nie, het LH ook vandag ’n magiese uitwerking op sy gehoor (Roth 1995:23). Die Europese argeoloë het in die begin van die twintigste eeu, LH as een van die trofee beskou en staan in die *Musée du Louvre* in Parys as ’n simbool van “militêre en kulturele oorheersing”. Verder word die vormafdrukke van LH oral in Europa en Amerika uitgestal en Roth noem dat een so ’n model in die depressiejare vir die *Oriental Institute Museum* in Chicago vir ’n groot prys aangeskaf was (Roth 1995:24).

Die oënskynlike bekendheid en gewildheid wat die antieke Mesopotamiese skrywerskole vir LH geopenbaar het, word deur hedendaagse geleerdes voorgesit. Nieteenstaande dit is die werklike doel van hierdie monumentale vonds vir ons nog ’n raaisel, maar dit verhoed nie geleerdes om LH in kleine besonderhede te bestudeer en teenoor ander minder bekende versamelings in vergelykende studies af te speel nie.

8.3.4.8 LH as ’n gesaghebbende bron?

Maloney het in sy kritiese bespreking van die gebruik en beperkinge van rente in die Ou Nabye Ooste genoem dat die versamelings (wat hy *laws* noem) baie “hapax legomena”[376] bevat en daarom is hulle bedoelings nie altyd duidelik nie. Die skade wat aan die oorblyfsels van die tekste deur die eeue aangerig is, maak hulle nog meer moeilik om te interpreteer en dit is baie moeilik om die plek of oorsprong van die datum van die versameling te bepaal. Daarom verlaat

[376] Is ’n meervoudsvorm van hapax legomenan en beteken in die Engelse omgangstaal iets wat net een maal voorkom in ’n werk, taal of ’n boek van die Bybel is.

Maloney hom nie net op ’n bespreking van sy onderwerp net op die versamelings nie, maar vir hom is die gewoontereg en die praktyk baie belangrik (Maloney 1974:1) Hy noem die bepalings van die versameling, maar beskou die belangrikste bronne in die onderwerp die ooreenkomste en kontrakte, wat die gevalle was soos in die praktyk toegepas is en wat ’n duidelike idee gee wat die beperking in die kommersiële en privaatpraktyk was (Maloney 1974:11-12).

8.3.4.9 Samevatting

Dit blyk dat die versamelings en inskripsies ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies en samelewing is, maar dit is nie ’n gesaghebbende en enigste bron nie. Dit het nie meer waarde as enige ander spykerskrif-teks nie. Die aard en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies soos oorsigtelik op LH toegepas is toon wel raakpunte met die funksies van die versameling, maar ’n diepte studie wat nie deel van die omvang hierdie studie is nie, moet onderneem word om dit te toets.

8.4 SAMEVATTING

In die evaluering van sommige tekste blyk die unieke kenmerke van die Mesopotamiese samelewing daarin voor te kom. Dit staan vas dat die inskripsies en versamelings is getuienis van die besonderse regsgevoel wat die antieke Mesopotamiërs gehad het, want die instandhouding van die harmonie in die familie en gemeenskap was ’n ernstige saak.

Alle regsisteme of regstradisies is uniek. Die Mesopotamiese samelewing binne hulle kenmerke het in die algemene gemeenheid met ander volke in die Ou Nabye Ooste ook hulle unieke klemverskuiwing in tyd en plek. Die vraag ontstaan wat is die Mesopotamiese regstradisies en wat was die doel en funksie/s van die Mesopotamiese versamelings en inskripsies? Die skrywerskole se erfenis bied ’n antwoord. Ons fokus is op die beste getuienis wat ons kan vind en dit is die geskrewe bronne. Alhoewel die multi-sintuiglike kommunikasie die toonaangewende kommunikasie was, moet ons dit van ander aspekte van die kulture vanuit die geskrewe dokumente aflei.

Hedendaagse geleerdes sal wanneer gelet word na ’n bron, ’n hiërargiese orde van belangrikheid na minder belangrikheid daaraan gee. Met ander woorde watter bron is regstreeks of onregstreeks van belang. Die bespreking van die kenmerke van die Mesopotamiese regstadisies soos weerspieël in LU en veral LH toon aan dat die Mesopotamiërs holisties en konkreet gedink

het. Abstrakte en logiese denke is eers later ingebring. Dit is duidelik uit die lyste dat die Mesopotamiërs hulle onderwerpe gekategoriseer het, maar ’n liniêre plasing van onderwerpe in plaas van ’n hiërargiese hedendaagse indeling voorgekom het.

Die geskrewe dokumente van die Mesopotamiese regstradisies bied ’n wye verskeidenheid van bronne vir die hedendaagse geleerde en dit is wenslik om die bronne in hul geheel te bestudeer, eerder as om antwoorde te soek in die bestudering van net een of twee geïsoleerde bronne.

HOOFSTUK 9

SLOT

9.1 OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Wanneer die Mesopotamiese regstradisies bestudeer word, moet die posisie van die versamelings en inskripsies aan die hand van die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies in ag geneem word om te bepaal of die versamelings en inskripsies as ’n gesaghebbend bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word. Die posisie van die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies in besonder en in die Mesopotamiese kultuur in die algemeen sal waarskynlik altyd ’n ope vraag bly, maar in die studie is gepoog om in ’n omvattende literatuurstudie die bestaande en nuwe teorieë regswetenskaplik te ondersoek. Die antieke Mesopotamiërs het nie ’n bepaalde wetenskapveld bestudeer, feite gereduseer en daaruit afleidings gemaak, asook konsepte en fenomene abstrak gekategoriseer nie. Die Mesopotamiese wetenskaplike benadering waar onderwerpe lineêr in plaas van hiërargies geplaas is, vind in oorleg plaas met die unieke kenmerke van die Mesopotamiese wetenskapveld in die regsmilieu van die antieke Mesopotamiërs.

Die interpretasie van hedendaagse geleerdes teenoor die versamelings en inskripsies van die Mesopotamiese regstradisies het die afgelope eeu tot vandag geleidelik ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het afgehang van die beskikbaarheid van die bronne deur opgrawings en vertaling, die hedendaagse sienings van geleerdes en eiesoortige metodologie en interpretasies van die geleerdes van die verskillende wetenskapvelde, genaamd Kultuur Studies, Regstudies, Bybelkunde, Argeologie en Antropologie.

Sommige van die bronne van die antieke Mesopotamiese regstradisies, waaronder die versamelings, inskripsies en skolastiese tekste is aan die leser kortliks bekend gestel. Hierdie bronne vorm nie ’n *numerus clausus* van die bronne van die Mesopotamiese regstradisies en kultuurlewe nie. Wanneer afgevra word watter tipe bron die versamelings en inskripsies is, moet onthou word dat hulle boodskap waarskynlik verder gestrek as die geskrewe medium waarop hulle geskryf was. Daar is baie lae van verskillende betekenisse. Die probleem wat ons vandag het is dat ons nie presies kan sê wat hierdie boodskap is nie. Die studie van die aard en kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies kan die uniekheid van hierdie regstradisies

uitbring, sowel as die lae betekenisse van die versamelings en inskripsies ten einde die onderliggende ongeskrewe boodskap te ontdek.

Die afvra van die vraag wat is die reg, en wat kan ’n definisie van die Mesopotamiese regstradisies wees is nodig sodat die unieke kenmerke van die hedendaagse reg nie verwar word met die teenstrydige unieke kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies nie. Die reg vir die antieke Mesopotamiërs is onlosmaaklik deel van al die ander komponente of fenomene van hulle samelewing.

Aspekte soos simboliek en multi-sintuiglik opvoering van regshandeling is vir die hedendaagse juris vreemd. Die reg word afsydig stilisties deur die medium van die geskrewe woord weergegee. In die hedendaagse hof waar inligting mondelings gelewer word, is daar so min as moontlik emosie of ander sintuiglike handelinge in gebruik, behalwe vir die gesproke woord.

Daarenteen bestaan die antieke Mesopotamiese samelewing uit ’n groter persentasie van ongeletterde mense. ’n Geletterde persoon was deel van ’n geslote klein groepie wat hoë aansien geniet het. Die groter gemeenskap moes ander maniere bewerkstellig het om handelinge oor te dra en te verseker dat dit vir ’n redelik lang tyd onthou word. Die antieke Mesopotamiërs het hulle geheue, sintuie van tas, smaak, sig, reuk en gehoor ingespan om deur simboliek voor ander lede van die gemeenskap handelinge op te voer soos ’n hedendaagse verhoogstuk in ’n poging dat hierdie handeling behoorlik oorgedra en onthou sal word.

Die idee van kollektiwiteit waar die individu aan die gemeenskap ondergeskik is, mediasie en rekonsiliasie, simboliese seremonialisme en multi-sintuiglike kommunikasie medium vorm die grondslag van die Mesopotamiese regstradisies.

Die kenmerke van die Mesopotamiese regstradisies bied ’n verband met die versamelings en inskripsies deurdat daar in breë trekke raakpunte is met ideële konsepte soos koningskap, godsdiens en die konsepte in die regsmilieu soos konkrete aard, staties aard, ongespesifiseerdheid en simboliek wat deur skrywers soos Westbrook, (1994,1998, 2000) Roth (1995, 1998, 2001), Malul (1988), Greengus (1995) in hulle bespreking van die versamelings aangeraak is. Die kenmerke wat kortliks uitgelig is, is die ongespesialiseerde beoefening van regstradisies, godsdienstige karakter, tydloosheid, persoonlike aard van die Mesopotamiese regstradisies, groepsoriëntering, koningskap-ideologie of sentrale gesag, konkrete aard,

openlikheid/publieke aard, bewaring van status quo, dinamies mnemoniese strategie en handhawing van harmonie.

’n Definisie van die Mesopotamiese reg kan lig werp op die uniekheid van hierdie regssisteem en daar word voorgestel dat so ’n definisie is as volg: Die totale liggaam van reëls, gebruike en voorskrifte van verskillende volke in Mesopotamië woonagtig in ’n uitgestrekte geografiese gebied oor ’n lang tydperk, komende van ’n lang prehistoriese en historiese mondelingse tradisie van oorlewering van geslag tot geslag met ’n gemeenheid in algemene aard en kenmerke, maar verskillend tot die unieke toestand en omstandighede van die volke in die uitoefening van sankies vir oortredings met die doel om harmonie in die familie in die eng sin en die staat in die wye sin te verseker.

Goetze (1949), Jackson (1968, 1980), Westbrook (1994) en Roth (1995, 2001) se wyse van interpretasie en vergelykende metodologieë is bespreek. Hulle benaderingswyse ten einde die posisie van die versamelings te bepaal is wyduiteenlopend en wys op die verskillende maniere hoe om die versamelings en instruksies te bestudeer en waar die versamelings en inskripsies in die Mesopotamiese regstradisies as ’n bron te plaas.

Daar is met die ontdekking van die fragmente van die versamelings en inskripsies die afgelope eeu baie teorieë en bespiegelinge oor wat die posisie van die versamelings en inskripsies is en hoe dit bestudeer moet word, naamlik óf die versamelings deel van die positiewe reg/regstradisies vorm, óf propaganda van ’n koning, óf ’n produk van ’n skrywerskool is. Vir die inskripsies was daar twee hoofstrome, naamlik óf dit deel van die koning se sosiale hervorming was en óf dit ’n terugkeer na die *status quo* was.

Die verskillende standpunte van die teorieë ten opsigte van die posisie van die inskripsies en versamelings in die Mesopotamiese regstradisies is uiteengesit. Die meeste geleerdes onder bespreking reflekteer die hedendaagse sieninge. Die kritiek van hedendaagse geleerdes op die volume werke van ouer geleerdes is behandel, en daar is veral gelet word op nuwe teorieë en metodologieë wat hulle voorstel en waarvan sommige hedendaagse geleerdes soos Westbrook en Bottéro op “ouer” teorieë voortgebou het.

Die proponente van die positiewe reg-teorie beskou die versamelings as kodifikasies tot bestaande regspraktyke en gewoonteregtelike reëls, wat vir die howe en die regsadministrasie 'n presedent daarstel. Die skrywers van die positiewe reg is dit eens dat die woord *codices/codex*

nie in die hedendaagse sin van die woord beskou moet word nie, maar bly vasstaan dat die versamelings, onder verskillende benaminge as ’n bron van die Mesopotamiese regstradisies beskou moet word. Skrywers soos Westbrook (ed.) (2003), Medenhall (1954) en Sassoon (2001) sien die versamelings as beslissings van die hof of as riglyne om regters by te staan in hul beslissings. Driver & Miles (1956) beskou die paragrawe in die versamelings as veranderings tot die bestaande gewoontereg.

Die teorie van die skrywerskool gebaseer op die konstante oefening van die antieke Mesopotamiërs se geheue help nie net om hulle kennis te bewaar nie, maar hou die antieke Mesopotamiërs se herinneringe in stand soos dit die praktyk van hulle voorvaders in prehistoriese tye was (Sassoon 2001:20). Die teorie dat die versameling en inskripsies ’n produk van die skrywerskool is, wen hedendaags al hoe meer veld. Roth (1995) en Bottéro (1992) is van mening dat deur die geskrewe medium, manifestasies van wetenskaplike verhandelinge of aspekte van die reg in verskillende bronne soos skooloefeninge, hofsake, instruksies, kwytskeldings en in besonder in hierdie geval versamelings gevind kan word. Daar is geen direkte kritiek teen hierdie teorie nie. Wat ook al die uiteindelike doel van die onderskeie versamelings en inskripsies, dit was ’n produk van die skrywerskole. Die gees van geletterdheid is danksy hierdie skole ontwikkel en versprei. Die skrywers was geskoold in die verwysingsraamwerk van die tyd om verskillende tekste op te stel, oor te skryf en daaropvolgende skrywers (geslagte) op te lei.

In die vele studies waarin regsituasies bestudeer word, is daar baie min gevind om ’n verband te bevestig tussen die bepalings van die versamelings en die regspraktyk. Daar is geen hofdokument of kontrak gevind wat direk verwys na enige versameling nie. Roth (1997:5) is van mening dat die versamelings baie min of geen impak op die praktiese toepassing van die reg gehad het. Daar is in die verlede te veel klem gelê dat die versamelings en inskripsies soos die hedendaagse wetgewing bestudeer moet word. Tot die nuwe ontdekking van dokumente oor alledaagse aktiwiteite en regsaktiwiteite waarin daar spesifiek aangedui kan word dat die versamelings en inskripsies as ’n onbetwiste gesaghebbende bron beskou word, is dit ’n ope vraag of die versamelings en inskripsies as oorredende gesag van die Mesopotamiese regstradisies gesien kan word. As ons nie tot ’n groot mate van sekerheid kan bepaal wat die doel van die versamelings en inskripsies was nie, hoe kan ons dit gebruik in die geloof dat die gevolgtrekking van so ’n analise uit hoofde van so ’n bron getrou sal wees?

In die verloop van die geskiedenis van Mesopotamië is daar sekere bronne wat op sekere tye meer prominent, toeganklik of in oorvloed is as ander tye. In so ’n geval moet die hedendaagse geleerde met omsigtigheid omgaan, aangesien ’n geïsoleerde bron wat in oorvloed is, sy eie interpretasie probleme kan hê. Ons moet ons bronne wyer betrek om die inhoud van die antieke Mesopotamiese regstradisie te vind en daarom word bepleit dat die Mesopotamiese inskripsies en versamelings wat as ’n bron tot die Mesopotamiese regstradisies beskou kan word, met die grootste omsigtigheid bejeën moet word en nooit geïsoleerd gebruik moet word om ’n onderwerp van die Mesopotamiese regsmilieu te ondersteun nie.

9.2 VERDERE NAVORSING

In hoofstuk drie is melding gemaak van die verskillende wetenskapvelde en ander velde soos sielkunde. Jackson (1980) het Piaget se studies ten opsigte van kognitiewe analise deurgevoer in die interpretasie van die Mesopotamiese versamelings. Geleerdes van die verskillende wetenskapvelde kan met hulle unieke benaderings en sieninge vanweë hulle verwysingsraamwerke insigte bied aan geleerdes van ander wetenskapvelde. Geleerdes van alle wetenskapvelde behoort saam ’n omvattende studie te doen sodat die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies en spykerskrif-tekste ’n dieper betekenis kan verkry.

In hoofstuk vier is enkele bronne van die Mesopotamiese regstradisies uiteengesit. Daar is heelwat klem gelê op bronne wat lyk soos regstekste. Roth is byvoorbeeld tans besig met navorsing in die Mesopotamiese “hofrekords”. Die meeste van die spykerskrif-tekste kan in massa administrasie tekste gevind word. Stol[377] het heelwat navorsing in die ontleding van administrasie-tekste gedoen. Die ontleding van hierdie geskrifte as ’n bron eerder as die “tradisionele” regsdokumente kan ’n interessante kykie bied nie net in die regsweë en gebruike van die antieke Mesopotamiërs nie, maar ook om die sogenaamde regstekste beter te kan verstaan en moontlik daaraan nuwe interpretasies te gee.

In hoofstuk ses is enkele metodologieë van geleerdes ten opsigte van die verskillende teorieë van die posisie van die versamelings en inskripsies in antieke Mesopotamiese regstradisies uitgelig. Baanbrekerswerk deur Meir Malul (1988), Kruger (1998) en Hibbits (1992) is reeds gedoen. Hulle studies is of beperk tot meestal die Bybelse Studies of oorsigtelike werk deur Malul ten opsigte van sekere simboliese handelinge en die interpretasie daarvan soos gereflekteer in die Ou

[377] Sien 1976(a), 1976(b), 1977-78, 1981, 1982, 1983, 1985(a), 1985(b), 1985(c), 1987(a), 1987(b), 1988, 1990, 1993, 1995.

Nabye Ooste spykerskrif-tekste. Die multi-sintuiglike en simboliese handelinge vorm ʼn integrale deel van die uitlewing van die reg van die Mesopotamiërs en die volke van die Ou Nabye Ooste en ʼn omvattende studie daarvan kan moontlik insigte gee in die regslewe van die antieke Mesopotamiërs. Die nuwe neigings van multi-sintuiglike kommunikasie en simboliek in die bestudering van die Mesopotamiese regstradisies kan in regstudies as ʼn metodologie aangewend word.

Laastens word voorgestel dat ʼn intensiewe studie na elke antieke Mesopotamiese versameling en inskripsie onderneem kan word ten einde op ʼn regswetenskaplike wyse die betekenis en doel daarvan te bepaal eerder as om ʼn vergelykende studie met ander versamelings te maak of dit saam as ʼn kollektiewe groep te beskou.

AFKORTINGS VAN TYDSKRIFARTIKELS

AA	*American Anthropologist*
AfO	*Archiv für Orientforschung*
AJA	*American Journal of Archaeology*
ALER	*American Law and Economics Review*
Am.J.Comp.L.	*American Journal of Comparative Law*
ANES	*Ancient Near Eastern Studies (J B Pritchard) 1955*
Ar Or	*Archiv Orientalni*
ARA	*Annual Review of Anthropology*
Arch	*Archaeology*
AS	*Assyriological Studies*
ASJ	*Acta Sumerologica*
BA	*Biblical Archaeologist*
BASOR	*Bulletin of the American Schools of Oriental Research*
Bib	*Biblica*
BiOR	*Bibliotheca Orientalis*
BJRL	*Bulletin of the John Rylands Library*
BSA	*Bulletin on Sumerian Agriculture*
Buff L. Rev.	*Buffalo Law Review*
CBQ	*Catholic Biblical Quarterly*
Chi.-Kent.L.Rev.	*Chicago-Kent Law Review*
Codicillus	*Codicillus*
Comp Stud Soc Hist	*Comparative Studies in Society and History*
Emory L.J.	*Emory Law Journal*
Expedition	*Expedition*
Harv. L. Rev.	*Harvard Law Review*
Hist Educ Q	*History of Education Quarterly*
HR	*History of Religions*
HUCA	*Hebrew Union College Annual*
IEJ	*Israel Exploration Journal*
Int'l J.L. & Psychiatry	*International Journal of Law and Psychiatry*
Ir. Jur.	*Irish Jurist*
Iraq	*Iraq, London (British School of Archaeology in Iraq)*
Israel L.Rev.	*Israel Law Review*
J.L. Econ.	*Journal of Law and Economics*

JAOS	*Journal of the American Oriental Society*
JBL	*Journal of Biblical Literature*
JBQ	*Jewish Bible Quarterly*
JCS	*Journal of Cuneiform Studies, New Haven*
JEOL	*Jaarbericht Ex Oriente Lux, Leiden 1933-*
JESHO	*Journal of the Economic and Social History of the Orient*
Jewish L.Ann.	*Jewish Law Annual*
JJP	*Journal of Juristic Papyrology*
JNES	*Journal of Near Eastern Studies*
JQR	*Jewish Quarterly Review*
JSem	*Journal for Semitics*
JSOT	*Journal for the Study of the Old Testament*
JSS	*Journal of Semitic Studies*
JTS	*Journal of Theological Studies*
OA	*Oriens Antiquus*
OLP	*Orientalia Lovaniensia Periodica*
Opera Minora	*Opera Minora*
Or	*Orientalia, Rome (Pontificial Biblical Institute)*
Or NS	*Orientalia, Nova Series*
Oxf J Leg Stud	*Oxford Journal of Legal Studies*
Proc Am Phil Soc	*Proceedings of the American Philosophical Society*
RA	*Revue d'Assyriologie, Paris*
RB	*Revue Biblique*
RLA	*Reallexikon der Assyriologi*
Stan. L. Review	*Stanford Law Review*
Sumer	*Sumer, Baghdad*
Tul. L. Review	*Tulane Law Review*
Va Law Rev	*Virginia Law Review*
VT	*Vetus Testamentum*
WA	*World Archaeology*
Yale L.J.	*Yale Law Review*
ZA	*Zeitschrift für Assyriologie*

BIBLIOGRAFIE

Ali, F A 1964. Blowing the horn for official announcement, *Sumer* 20:66-68.

Avalos, H 1995. Legal and Social Institutions in Canaan and Ancient Israel. Pages 615-631 in vol. 1 of *Civilizations of the Ancient Near East.* Edited by Jack M Sasson. 4 vols. New York: Charles Scribner's Sons, 1995.

Barakat, R A 1969. Gesture Systems, *Keystone Folklore Quarterly* 14:105-121.

Barkun, M 1968. *Law without sanctions: order in primitive societies and the world community*. New Haven: Yale University Press.

Bennett, T W 1995. *Human Rights and African Customary Law under the South African Constitution.* Cape Town: Juta and Company Ltd.

Berry, G R 1938. Biblical Criticism and Archaeology, *Journal of Bible and Religion* 6/3:131-132 & 170-171.

Bertman, S 2003. *Handbook to Life in Ancient Mesopotamia*. New York: Facts on File, Inc.

Black, J & Green A 1992. *Gods, Demons and Symbols of Ancient Mesopotamia An Illustrated Dictionary.* London: The British Museum Press.

Boecker, H J 1980. *Law and the Aministration of Justice in the Old Testament and Ancient East*. London: Augsberg publishing House and the Society for Promoting Christian Knowledge.

Bottéro, J 1992. *Mesopotamia Writing, Reasoning, and the Gods.* Chicago: The University of Chicago Press.

Bottéro, J 2001. *Religion in Ancient Mesopotamia.* Chicago: The University of Chicago Press.

Buss, M J 1994. Legal Science and Legislation. Pages 88-90 in Levinson, B M (ed.), *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. Sheffield Academic Press Ltd, England.

Canby, J V 1987. A Monumental Puzzle Reconstructing the Ur-Nammu Stela, *Expedition* 29/1 54-64.

Civil, M 1985. On some texts mentioning Ur-Namma, *Or* 54/1-2:27-45.

Clay, A T 1914. A Sumerian prototype of the Hammurabi Code, *Orientalistische Literaturzeitung* 17/1:1-3.

Cohen, C 1972. Widow, *Encyclopedia Judaica* 16:487-491.

Crawford, H E W 2004. *Sumer and the Sumerians*. New York: Cambridge University Press.

Dalley, S. 1989. *Myths from Mesopotamia Creation, the Flood, Gilgamesh and Others*. Oxford: University Press.

David, M. 1939 De Codex Hammoerabi en zijn verhouding tot de wetsbepalingen in Exodus, *Tijdshrift voor Rechtgeschiedenis* 17:73-98.

David, R & Brierley, J E C 1985. *Major Legal Systems in the World Today: An Introduction to the Comparative Study of Law*. London: Stevens & Sons.

Dembitz, L N 1907. Babylon in Jewish Law, *JQR* 19:109-126.

Diamond, A S 1935. *Primitive Law*. London: Longmans, Green and Co.

Diamond, A S 1957. An eye for an eye, *Iraq* 19:151-155.

Diamond, A.S 1951. *The Evolution of Law and Order*. London: Watts & Co.

Die Bybel. Nuwe Vertaling. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Donbaz, V & Sauren, H 1991. NI 2553 + 2565. a missing link of the Hammurabi Law Code, *OLP* 22:5-26.

Driver, G R & Miles, J C 1952. *The Babylonian Laws.* Oxford: Clarendon Press Ltd.

Driver, G R & Miles, J C 1975. *The Assyrian Laws*. Germany:Scientia Verlag Aalen.

Eichler, B L 1987. Literary Structure in the Laws of Eshunna. Pages 71-84 in Rochberg-Halton F (ed.), *Language, Literature, and History: Philological and Historical Studies presented to Erica Reiner*. American Oriental Society: New Haven, Connecticut.

Ellis, MdJ 1972. Simdatu in the Old Babylonian Sources, *JCS* 24/3:74-82.

Ellickson, R C & Thorland, C DiA 1995. Ancient Land Law: Mesopotamia, Egypt, Israel, *Chi.-Kent.L.Rev* 71:321-411.

Epsztein, L 1986. *Social Justice in the Ancient Near East and the People of the Bible*. London: SCM Press Ltd.

Fensham, F C. 1959. New light on Ex 21:6 and 22:7 from the Laws of Eshnunna, *JBL* 78/2:160-161.

Farber, F. 1995. Witchcraft, Magic, and divination in Ancient Mesopotamia. Pages 1895-1909 in vol. 3 of *Civilizations of the Ancient Near East Volume I.* Edited by Jack M Sasson. 4 vols. Charles Scribner's Sons, New York.

Finkelstein, J J 1961. Ammiṣaduqa's Edict and the Babylonian "Law Codes", *JCS* 15:91-104.

Finkelstein, J J 1966. Sex offences in Sumerian laws, *JAOS* 86:355-372.

Finkelstein, J J 1967(a). A late old Babylonian copy of the laws of Hammurapi, *JCS* 21:39-48.
Finkelstein, J J 1967(b). Ana bīt emim šasū, *RA* 61:127-136.

Finkelstein, J J 1968. Some new misharum material and its implications, *AS* 16:233-246.

Finkelstein, J J 1969(a). The Hammurapi Law tablet BE XXXI 22, *RA* 63:11-27.

Finkelstein, J J 1969(b). The laws of Ur-nammu, *JCS* 22/4:66-82.

Finkelstein, J J 1969(c). The edict of Ammiṣaduqa: a new text, *Revue d' assyriologie et d'archéologie orientale in memoriam, Benno Landsberger* 63:45-64.

Finkelstein, J J 1970. On some recent studies in Cuneiform Law, *JAOS* 90:243-256.

Fish, T 1938. Aspects of Sumerian Civilization in the third dynasty of Ur, *BJRL* 22:160-174.

Fleishman J 2001. Legal Sanctions Imposed on Parents in Old Babylonian Legal Sources, *JAOS* 121/1:93-97.

Foster, B R 1995. Social Reform in Ancient Mesopotamia. Pages 165-177 in Irani, K D and Silver, M (eds), *Social Justice in the Ancient World*. London: Greenwood Press.

Foxvog, D A 1994. A new Lagaš text bearing on Uruinimgina's reforms, *JCS* 46:11-16.

Frayne, D 1990. *Royal Inscriptions of Mesopotamia Early Periods Vol. 4 Old Babylonian Period (2003-1595 BC).* University of Toronto Press: London.

Frymer-Kensky, T S 1980. Tit for tat: the principle of equal retribution in Near Eastern and Biblical Law, *BA* 43:230-234.

Goetze, A 1948(a). The Laws of Eshnunna discovered at Tell Harmal, *Sumer* 4:63-91.

Goetze, A 1949. Mesopotamian Laws and the Historian, *JAOS* 69:115-120.

Goetze. A 1957. Old Babylonian Documents from Sippar in the Collection of the Catholic University of America, *JCS* 11/1:15-40.

Good, E M 1967. Capital punishment and its alternatives in Ancient Near Eastern Law, *Stan. L. Review* 19:947-977.

Greengus, S 1991. Filling gaps: laws found in Babylonia and in the Mishna but absent in the Hebrew Bible, *MAARAV* 7:149-171.

Greengus, S 1994. Some Issues Relating to the Comparability of Laws and the Coherence of the Legal Tradition. Pages 60-87 in Levinson, B M (ed.). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. Sheffield Academic Press Ltd, England.

Greengus, S 1995. Legal and Social Institutions of Ancient Mesopotamia. Pages 469-484 in vol. 1of *Civilizations of the Ancient Near East.* Edited by Jack M Sasson. 4 vols. New York: Charles Scribner's Sons, 1995.

Greenstein, E L 1982. "To grasp the hem" in Ugaritic Literature, *VT* 32/2: 217-218.

Gruber, M I 1980. *Aspects of Nonverbal Communication in the Ancient Near East*. Romae: Pontificio Instituto Bibllico.

Gurney, O R & Kramer, S N 1965. Two fragments of Sumerian Laws, *AS* 16:13-19.

Haase R 1965. *Einführung in das Studium keilschriften Rechtsquellen*. Wiesbaden.

Hall, S 1996. Cultural Studies and its theoretical legacies. Pages 277-294 in Grossberg L, Nelson, C & Treichler, P A, (eds). *Cultural Studies*. London: Routledge.

Hart, H L A 1958. Positivism and separation of law and morals, *Harv. L. Rev* 71/4:593-629.

Heger, P 2005. Source of Law in the Biblical and Mesopotamian Law Collections, *Bib* 86/3:324-342.

Hertz, J H 1928. Ancient Semitic Codes and the Mosaic Legislation, *Journal of Comparative Legislation and International Law* 10/4:207-221.

Hibbits, B J 1992. "Coming to our senses": Communication and legal expression in performance cultures, *Emory L.J.* 41/4:873-960.

Hiemstra, V G & Gonin H L 1981. *Drietalige Regswoordeboek*. Kenwyn: Juta.

Hoebel, E A 1946. Law and Anthropology, *Va Law Rev* 32/4:835-854.

Hoebel, E A 1954. *The Law of Primitive Man A Study in Comparative Legal Dynamics*. London: Harvard University Press.

Inheemse Reg. 1996 Enigste Studiegids vir INR101-Q saamgestel deur L P Vorster, F P v R Whelpton & medewerkers. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Inleiding tot die Regswetenskap. 1986 Studiegids vir IRW100-4 saamgestel deur J Church. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Jackson, B S 1968 Evolution and Foreign Influence in Ancient Law, *Am.J.Comp.L.* 16:372-390.

Jackson, B S 1972. Principles and cases: the theft laws of Hammurabi, *Ir. Jur.* 7:161-170.

Jackson, B S 1980. Historical aspects of legal drafting in the light of modern theories of cognitive, *Int'l J.L. & Psychiatry* 3:349-369.

Jackson, B S 1984. Distraint in the Laws of Eshnunna and Hammurabi, *Studi in onore di Cesare Sanfilippo, Rome* 5:411-419.

Jacobsen, T 1943. Primitive democracy in Ancient Mesopotamia, *JNES* 2:159-172.

Jacobsen, T 1957. Early political development in Mesopotamia, *ZA* 52:91-140.

Jacobsen, T 1963. Cuneiform Studies and the History of Civilization, *Proc Am Phil Soc* 107/6473-484.

Johns, C H W 1903. The Code of Hammurabi, fresh material for comparison with the Mosaic Code, *JTS* 172-183.

Kagan, D 1975. *Problems in Ancient History Volume One The Ancient Near East and Greece.* New York: Macmillan Publishing Co. Inc.

Kaser M Römisches Privatrecht 13e uitgawe vertaal deur Dannenburg R 1984. *Roman Private Law*. 4e uitgawe. Pretoria:Universiteit van Suid-Afrika.

Katz, D 1987. Gilgamesh and Akka: Was Uruk Ruled by Two Assemblies, *RA* 81:105-114.

Klíma, J 1950b. The patria potestas in the light of newly discovered pre-Hammurabian sources of law, *JJP* 4:275-288.

Knapp, B A 1988. *The history and culture of ancient Western Asia and Egypt.* Belmont, California: Wadsworth.

Koschaker P 1917. *Rechtsvergleichende Studien zur Gesetzgebung Hammurapis, Königs von Babylon.* Leipzig.

Koschaker, P 1923-24. Beträge zum altbabylonischen Recht, *ZA* 35:192-212.

Koucourek, A & J H Wigmore, J H 1979. *Evolution of Law: select readings on the origin and development of legal institutions Volume 1 Sources of Ancient and Primitive Law*. Littleton, Colerado: Fred B Rothman & Co.

Kramer, S N & Falkenstein, A 1954. Ur-nammu Law Code*, Or* NS 23:40-51.

Kramer, S N 1949. Schooldays: A Sumerian Composition Relating to the Education of a Scribe, *JAOS*. 69/4:199-215.

Kramer, S N 1964. "Vox populi" and the Sumerian literary documents, *RA* 58:148-156.

Kramer, S N 1983. The Ur-Nammu Law Code: who was its author*, Or* 52/4:453-456.

Kraus F R 1939. Die Babylonischen Termini für Gesetz und Recht in Friedrich J, Lautner J G en Miles Es. (ed.) Symbolae Paulo Koschaker dedicatae (Studia et documenta ad iura orientes antiqui pertinentia. Leiden.

Kraus F R 1960. Ein zentrales Problem des Altmesopotamischen Rechtes: Was war der Codex Hammurabi. Genava VIII:283-296

Kruger, P A 1998. "Nonverbal communication" in the Hebrew Bible: a few comments, *JNSL* 24/1: 141-164.

Landsberger B 1939. Die babylonischen Termini für Gesetz und Recht in Symbolae P Koschaker. Leiden:Brill. 219-234.

Laessøe, J 1950. On the framents of the Hammurabi Code, *JCS* 4:173-197.

Lafont, S 1994. Ancient Near Eastern Laws: Continuity and Pluralism. Pages 91-118 in Levinson, B M (eds), *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. England :Sheffield Academic Press Ltd.

Lambert, W G 1970. The reading of the name uru.KA.gi.na, *Or* 39:419.

Larsen, M T 1995. The Babel/Bible controversy and its aftermath. Pages 95-106 in vol. 1 of *Civilizations of the ancient Near East*. Edited by Jack M Sasson. 4 vols. New York: Charles Scribner's Sons, 1995.

Lehmann, M R 1953. Abraham's purchase of Machpelah and Hittite Law, *BASOR* 129/2:15-18.

Leick, G 2001. *Mesopotamia. The Invention of the City*. Penguin Books:London England.

Lemche, N P 1979. Andurārum and mīšarum: comments on the problem of social edicts and their applications in the Ancient Near East, *JNES* 38/1: 11-22.

Lemche, N P 1995. Justice in Western Asia in atiquity, or: why no laws were needed, Chi.-Kent.L.Rev *70:1695-1716.*

Levinson, B M 1994. The Case for Revision and Interpolation within the Biblical Legal Corpora. Pages 37-59 in Levinson, B M (eds). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. England:Sheffield Academic Press Ltd.

Liagre Böhr, F M T de 1953. King Hammurabi of Babylon in the setting of his time (about 1700 B.C), *Opera Minora* 339-363.

Lieberman, S J 1989. Royal "reforms" of the Amurrite Dynasty, *BiOr* 46/3/4:241-259.

Lipińsky, E 1981. The wife's right to divorce in the light of an ancient near eastern tradition, *The Jewish L. Ann.* 4:9-27.

Lukas, C J 1979. The Scribal Tablet-House in Ancient Mesopotamia, *Hist Educ Q* 19/3:305-332.

Maier, J 1995. The Ancient Near East in modern thought. Pages 107-120 in vol. 1 of *Civilizations of the ancient Near East*. Edited by Jack M Sasson. 4 vols. New York: Charles Scribner's Sons, 1995.

Maloney, R P. 1974. Usury and restrictions on interest-taking in the Ancient Near East, *CBQ* 36:1-20.

Malul, M 1987. Touching the sexual organs as an oath ceremony in an Akkadian letter, *VT* 37/4: 491-492.

Malul, M. 1988. *Studies in Mesopotamian Legal Symbolism.* Neukirchener Verlag Neukirchen-Vluyn:Verlag Butzon & Bercker Kevelaer.

Malul, M 1989. An Ur III Legal Document in the Possession of the Museum of the Kibbutz of Bar-Am, Israel, *ASJ* 11:145-154.

Malul, M 1990. *The Comparative Method in Ancient Near Eastern and Biblical Legal Studies.* Neukirchener Verlag Neukirchen-Vluyn:Verlag Butzon & Bercker Kevelaer.

Marcus, D 1973. Civil Liberties under Israelite and Mesopotamian Kings, *JNES* 5:53-60.

Markarian, E S 1977. "The concept of culture in the system of modern sciences" in Pages 103-117 Bernardi, The concept and dynamics of culture. Chicago: Mouton Publishers.

Masry, A H 1981. Traditions of Archeological Research in the Near East, *WA* 13/2:222-239.

Matthews, V H, Levinson, B M & Frymer-Kensky, T (eds). 1998. *Gender and Law in the Hebrew Bible and the Ancient Near East*. England: Sheffield Academic Press Ltd.

Matthews, V H 1994. The Anthropology of slavery in the Covenant Code. Pages 119-135 in Levinson, B M (eds). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. England:Sheffield Academic Press Ltd.

Mendenhall, G E 1954. Ancient Oriental and Biblical Law, *BA* 17/2:26-46.

Michalowski, P 1977. The death of Šulgi, *Or* 46:220-235.

Michalowski, P 1983. History as charter, *JAOS* 103:237-248.

Muller, V 1944. The prehistory of the "good shepherd", *JNES* 3:87-90.

Myburg, A C 1985. *Papers on indigenous law in Southern Africa*. Pretoria:JL van Schaik.

Nader, L 1965. The Antropological Study of Law Part 2:The Etnography of Law, *AA* 67:3-32.

Nel, P J 1994. The conception of righteousness and the Mesopotamian gods, *JSem* 6/1:1-14.

Oppenheim, A L. 1964. *Ancient Mesopotamia Portrait of a Dead Civilization*. Chicago: The University of Chicago Press.

Oriental Institute. Geplaas 17 April 2000. "Map of Mesopotamia." Online:http://orientalinstitute.uchicago.edu/OI/INFO/MAP/SITE/Iraq_Site_150dpi.html.

Otto, E 1993. Town and rural countryside in Ancient Israelite Law: reception and redaction in Cuneiform and Israelite Law, *JSOT* 57:3-22.

Parisi, F 2001. The Genesis of Liability of Ancient Law, *ALER* 3: 82-124.

Patrick, D 1994. Who is the Evolutionist?. Pages 152-159 in Levinson, B M (eds). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. England: Sheffield Academic Press Ltd.

Paul, S M 1990. Biblical Analogues to Middle Assyrian Law. Pages 333-349 in Frimage, E B, Weiss, B G & Welch, J W (eds.). *Religion and Law: Biblical-Judaic and Islamic Perspectives*. Winona Lakefield:Eisenbrauns.

Pevsner, N. 1956. Studies in art, architecture and design, Chapter XIII The Egyptian Reviva, *The Architectural Review* CXIX:213-235.

Posner, R A 1980. A theory of primitive society, with special reference to law, *J.L. Econ.* 23:1-53.

Price, I M 1932. The Relation of Certain Gods to Equity and Justice in Early Babylonia, *JAOS* 52/2:174-178.

Pritchard, J B (ed.). 1955. *ANES* Princeton: Princeton University Press.

Reiner, E (eds) 1968. *The Assyrian Dictionary of the Oriental Institute of the University of Chicago.* USA, Chicago: Oriental Institute.

Renger, J 1973. Who are all those people?, *Or* 42: 259-273.

Renger, J 1977. Wrongdoing and its sanction on "criminal" and "civil" law in the Old Babylonian period, *JESHO* 20/1:65-77.

Renger, J 2002. Royal Edicts of the Old Babylonian Period in Debt and economic renewal in the ancient Near East. Pages 139-162 in Hudson, M, & Van De Mieroop, M (eds), *Debt and economic renewal in the ancient Near East.* Maryland:CDL Press.

Richland, J B & Deer, S 2004. *Introduction to Tribal Studies Volume I.* Walnt Creek USA: Altamira Press.

Rosen, B L 1977. Some notes on Eshnunna Laws 20 and 21 and a legal reform in the Laws of Hammrapi, *RA* 71:35-38.

Roth M T 1979. *Scholastic Tradition and Mesopotamian Law: A Study of FLP 1287, A Prism in the Collection of The Free Library of Philadelphia*. University of Pennsylvania.

Roth, M T 1980. The scholastic exercise "Laws about a rented oxen", *JCS* 32/3:127-146.

Roth, M T 1987. Age at marriage and the household: a study of Neo-Babylonian and Neo-Assyrian forms, *Comp Stud Soc Hist* 29:715-747.

Roth, M T 1990. On LE ¶¶ 46-47A, *Nouvelles Assyriologiques Brèves et Utilitaires* 70-71.

Roth, M T 1991-1993. The Neo-Babylonian Widow, *JCS* 43-45: 1-26.

Roth, M T 1995. Mesopotamian legal traditions and the laws of Hammurabi, *Chi.-Kent.L.Rev* 71:13-39.

Roth, M T 1997. *Law Collections from Mesopotamia and Asia Minor.* Society of Biblical Literature Scholars Press.

Roth, M T 1998. Gender and Law: a case study from ancient Mesopotamia. Pages 173-84 in in Matthews, V H, Levinson, B M & Frymer-Kensky, T (eds). *Gender and Law in the Hebrew Bible and the Ancient Near East*. Sheffield, England:Sheffield Academic Press Ltd.

Roth. M T 2001. Reading Mesopotamian Law cases PBS 5 100: a question of filiation, *JESHO* 44/3:244-292.

Roux, G. 1992. *Ancient Iraq*. London: Penguin Books.

Rowton, M B 1958. The date of Hammurabi, *JNES* 17/2:97—111.

Sadar, Z & Van Loon, B 2004. *Introduction Cultural Studies*. Royston United Kingdom: Icon Books Ltd.

Saggs, H W F 2000. *People of the Past Babylonians*. Los Angeles: University of California Press.

Sandars, N K 1971. *Poems of Heaven and Hell from Ancient Mesopotamia*. Great Britain: Penguin Books.

Sassoon, J 2001. *Ancient Laws and Modern Problems The balance between justice and a legal system.* London:Third Millennium Publishing.

Sayce, A H 1904. The Legal Code of Babylonia, *The American Journal of Theology* 8:256-266.

Schmandt-Besserant, D 1986. An Ancient Token System: The Precursor to Numerals and Writing, *Arch* 39:32-39.

Schmandt-Besserat. D 1977. An archaic recording system and the origin of writing. *Syro-Mesopotamian Studies* 1:1-32.

Schmidt, C W H 1989. *Bewysreg.* Durban: Butterworths.

Selms Van, A 1950. The goring ox in Babylonian and Biblical Law*, Ar Or* 18/4:321-330.

Slanski, J E 2000. Classification, Historiography and Monumental Authority: The Babylonian Entitlement "narûs (kudurrus)*", JCS* 52:95-114.

Smith, J C & Weisstub D N 1983. *The Western Idea of Law.* London: Butterworth & Co. Ltd.

Solberger, E 1967. The rulers of Lagaš, *JCS* 21:279-291.

Sollberger, E 1965. A new fragment of the Code of Hammurapi, *ZA*. 56:130-132.

Speiser, E A 1958. The muškênum*, Or* NS. 7:19-28.

Speiser, E A 1963. Cuneiform law and the history of civilization, *Proc Am Phil Soc* 107/6:536-541.

Speiser, E A 1942. Ancient Mesopotamia and the Beginnings of Science, *The Scientific Monthly* 55/2:159-165.

Sprunger, K L 1985. The Mesopotamian connection: the Bethel cuneiform tablets and their journey to Kansas, *Mennonite Life* 40/4:14-18.

Steele, F R 1948. The code of Lipit-Ishtar, *AJA* 50:425-450.

Steele, F R 1950. An additional fragment of the Lipit-Ishtar Code Tablet from Nippur, *Ar Or* 18:489-494.

Steinkeller, P 1982. Two Sargonic Sale Documents concerning Women (Tab. XXXI), *Or* 51:355-368.

Stephens, F J 1955. Notes on some economic texts of the time of Urukagina, *RA* 49:129-136.

Stol, M 1976(a). An old Babylonian contract, *RA* 70:55-56.

Stol, M 1976(b). On Ancient Sippar, *BiOr* 3/4:146-154.

Stol, M 1977-78. The Old Babylonian Texts in the Allard Pierson Museum, *JEOL* 25:45-55.

Stol, M 1981. Kanal(isation), *RLA* 5:355-365.

Stol, M 1982. State and private business in the land of Larsa, *JCS* 34:127-230.

Stol, M 1983. Leder (industrie), *RLA* 5:527-543.

Stol, M 1985(a). Beans, peas, lentils and vetches in Akkadian texts, *BSA* 2:127-139.

Stol, M 1985(b). Remarks on the cultivation of sesame and the extraction of its oil, *BSA* 2:119-126.

Stol, M 1985(c). Cress and its mustard, *JEOL* 28:24-32.

Stol, M 1987(a). The cucurbitaceae in the cuneiform texts, *BSA* 3:81-92.

Stol, M 1987(b). Garlic, onion, leek, *BSA* 3:57-80.

Stol, M 1988. Old Babylonian private letter. *Cuneiform texts in the Metropolitan Museum of Art* 1. 87-91.

Stol, M 1990. A cultivation contract, *BSA* 5:197-200.

Stol, M 1993. Milk, butter, and cheese, *BSA* 7:99-113.

Stol, M 1995. Private Life in Mesopotamia. Pages 485-501 in vol 1 of *Civilizations of the Ancient Near East.* Edited by Jack M Sasson. 4 vols. New York:. Charles Scribner's Sons, 1995.

Tamanaha, B Z 1995. An Analytical Map of Social Scientific Approaches to the Concept of Law, *Oxf J Leg Stud* 15/4: 501-535.

Thomas, Ph J 1980. *Essentialia van die Romeinse Reg*. Johannesburg: Lex Patria Uitgewers.

Tinney, S 1999. Ur-Namma the canal-digger: context, continuity and change in Sumerian literature, *JCS* 51:31-54.

Tsukimoto, A 1994. A Testamentary Document from Emar: Akkadian Tablets in the Hirayana Collection (iv), *ASJ* 16:23.

Van de Mieroop, M 2005. *King Hammurabi of Babylon a Bibliography.* Malden, USA: Blackwell Publishing.

Van de Mieroop, M 2007. *A History of the Ancient Near East ca. 3000-323 BC.* Malden, USA: Blackwell Publishing.

Van Hoecke, M & Warrington M 1998. Legal Cultures, Legal Paradigms and Legal Doctrine: Towards a New Model for Comparative Law, *The International and Comparative Law Quarterly* 47/3:495-536.

Van Niekerk, G J 2001. Indigenous law in South-Africa - historical and comparative perspective, *Codicillus*. 42/1:5-13.

Van Zyl, D H 1977. *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg*. Durban: Butterworths.

Van Zyl, F J & van der Vyver, J D 1982. *Inleiding tot die Regswetenskap*. Durban: Butterworths.

Veenhof, K R. 1993. Ancient Mesopotamia and JESHO, *JESHO* 36:120-138.

Veenhof, K R 1995. "In accordance with the words of the stele": evidence for old Assyrian legislation, *Chi.-Kent.L.Rev* 70:1717-1744.

Veenker, R A 1974. An old Babylonian procedure for appeal. Evidence from the tuppi lā ragāmim, *HUCA* 45:1-15.

Vermaak, P S 1990. *Die rol van die groot families in die Ur III-tydperk, JSem* 2/1:112-12.

Vermaak, P S 1992. Die posisie van die temple in Mesopotamië, *JSem* 4/1:51-80.

Vermaak, P S 1991. The relevance of administrative documents for writing ancient Mesopotamian history, *JSem* 3/1:85-104.

Versteeg, R 2000. *Early Mesopotamian Law*. North Carolina: Carolina Academic Press.

Visicato, G 2000. *The Power and the Writing The early Scribes of Mesopotamia.* Bethesda: CDL Press.

Walker, C B F & Kramer, S N 1982. Cuneiform tablets in the collection of Lord Binning, *Iraq* 44:71-86

Weinfeld, M 1995. *Social Justice in Ancient Israel and in the Ancient Near East*. Magness Press, Minneapolis.

Westbrook, R & Wilcke, C 1974-77. The liability of an innocent purchaser of stolen goods in Early Mesopotamian Law, *AfO* 25:111-121.

Westbrook, R 1984. The enforcement of morals in Mesopotamina Law, *JAOS* 104/4: 753-756.

Westbrook, R 1985. Biblical and cuneiform law codes, *RB* 92/2:247-264.

Westbrook, R 1988. The nature and origins of the twelve tablets, *Zeitschrift der Savigny-Stiftung für Rechtsgeschichte (Romanistische Abteilung)* 150:74-121.

Westbrook, R 1989. Cuneiform Law Codes and the origins of legislation, *ZA* 79/2:201-222.

Westbrook, R 1990. Adultery in Ancient Near Eastern Law, *RB* 542-580.

Westbrook, R 1991. The phrase "his heart is satisfied" in Ancient Near Eastern legal sources, *JAOS* 111: 219-224.

Westbrook, R & Owen D I 1992. Tie her up and throw her into the river! An old Babylonian inchoate marriage on the rocks, *ZA* 82:202-207.

Westbrook, R 1993. The adoption laws of Codex Hammurabi, *Journal of the Institute of Archaeology of Tel Aviv University* 1:195-204.

Westbrook, R 1994(a). The old Babylonian term napṭarum, *JCS* 46:41-46.

Westbrook, R 1994. What is the Covenant Code?. Pages 9-14 in Levinson, B M (eds). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law Revision, Interpolation and Development*. England:Sheffield Academic Press Ltd.

Westbrook, R 1995(a). Slave and master in Ancient Near Eastern Law, *Chi.-Kent.L.Rev* 70:1631-1676.

Westbrook, R 1995(b). Social justice in the Ancient Near East. Pages 149-163 in Irani K D & Silver M (eds). *Social Justice in the Ancient World*. Westport:Greenwood Press.

Westbrook, R 1996. A death in the family: Codex Eshnunna 17-18 revisted, *Israel L. Rev.* 29:32-42.

Westbrook, R 1997. A matter of life and death, *JNES* 25:61-70.

Westbrook, R 1998. The Female Slave in Matthews. V H, Levinson, B M & Frymer-Kensky, T (eds), *Gender and Law in the Hebrew Bible and the Ancient Near East*. England:Sheffield Academic Press Ltd.

Westbrook, R 2000. Babylonian diplomacy in the Amarna Letters, *JAOS* 120:377-382.

Westbrook, R (ed.) 2003. *A history of Ancient Near Eastern Law Volume One*. Brill.

Westbrook, R (ed.) 2003. *A history of Ancient Near Eastern Law Volume Two.* Brill.

Westbrook, R 2003. Evidentiary procedure in the Middle Assyrian La*ws, JCS* 55:75-85.

Westbrook, R 2003(c) The case of the elusive debtors: CT 4 6 a and CT 6 34 b, *ZA* 93:199-207.

Westbrook, R 2005. Patronage in the ancient Near East, *JESHO* 48/2:210-233.

Wetsuitleg. 1990. Studiegids vir Regsleer 200 saamgestel deur D C du Toit. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Wilcke, C 2003. *Ancient Near Eastern Law A History of its Beginnings the Early Dynastic and Sargonic Periods.* München: Bayerische Akademie der Wissenshaften München.

Woodman, G R & Obilade A C 1995. *African Law and Legal Theory*. New York: University Press.

Yaron, R 1959. Redemption of persons in the Ancient Near East, *Revue Internationale des Droits de l'antiquite* 6:155-176.

Yaron, R 1962. Forms in the Laws of Eshnunna, *Revue Internationale des Droits de l'antiquité* 9:137-153.

Yaron, R 1963. Matrimonial mishaps at Eshnunna, *JSS* 8:1-16.

Yaron, R 1965. The rejected bridegroom, *Or* 34:23-29.

Yaron, R 1966. The goring ox in near Eastern Laws, *Israel L.Rev.*3:396-406.

Yaron, R 1988. *The Laws of Eshnunna*. 2de uitgawe. Jerusalem-Leiden:The Magnes Press.

Yildiz, F 1981. A tablet of Codex Ur-Nammu from Sippar, *Or* 50:87-97.

Yoffee, N 1988. Aspects of Mesopotamian Land Sales, *AA* 90:119-143.

Zaccagnini, C 1994. Sacred and human components in Ancient Near Eastern Law, *HR* 33:265-286.

AANHANGSEL A TERMINOLOGIE LYS

Romeinse Reg en Latynse uitdrukkings en terminologie

actiones	erkende aksies
aequitas	billikheid
bona fides	goeie trou
Codex van Theodosius	kode uitgevaardig deur Keiser Theodosius (453-467 n.C.)
Codices	wetboek
Corpus Iuris Civilis	keiser Justinianus het dit uitgevaardig, waarvan die *Institutiones* en *Digesta* - volume I is, die *Codex* - volume II en *Novellae* - volume III, deel daarvan vorm
Digesta/*Pandectae*	geskrifte van sekere ou juriste
Edictum Perpetuum	in opdrag van keiser Hadrianus opgestel is en waarvan die inhoud gekodifiseer is
edictum	beteken letterlik om uit te praat
exceptiones	verdedigings
fas	godsdienstige voorskrifte
in camera	private regsbeslissing
ius civile	streng formalistiese regsreëls wat net op die Romeinse burgers van toepassing was
ius commune	gemene reg (verskillende betekenisse)
ius gentium	in hierdie konteks - regsreëls van verskeie volke of gebruike waar daar kontak met andere volke was
ius non scriptum	ongeskrewe reg
ius scriptum	geskrewe reg
ius	regsreëls in die algemeen/ regswetenskap/regsgeleerdheid
Lex Aquila	Aquiliese wet oor vergoeding van skade
Lex Cornelia	’n soort wetgewing wat deur die Romeinse volksvergadering uitgevaardig was
Lex Duodecim Tabularum	beter bekend as Twaalf Tafels, vroegste “wetkode” van die vroeë Romeinse regstradisie
Lex Talionis	reg van vergelding

lex, *legis*	enige geskrewe of ongeskrewe regsreël (sonder inagneming van sy bron)/wet (deur die wetgewer aangeneem)verordening/regsreël/regsvoorskrif/keiserlike '*constitutio*'
mens rea	laakbare gesindheid, misdadige opset
mores maiorum	gebruike van die voorvaders
mos	gewoontereg
nexus	verband
numerus clausus	beperkte getal
per se	op sigself
praetor	Romeinse amp ingestel 367 v.C. *Praetor* se funksie was om die orderlike gang van sake by regsprosesse te verseker deurdat hy moes toesien dat die betrokke partye die korrekte stappe neem en hul geskil behoorlik moes formuleer
prima facie	op die oog af
ratio	rede/grond/oorweging
regscorpora	regsliggaam/regskorpora
trias politica	leerstuk van die skeiding van wetgewende, uitvoerende en regsprekende magte

Antieke Mesopotamiese Kultuur en Regstradisies se terme en begrippe

adda edubba	skoolmeester/-hoof
almattu	weduwee
ama.gi$_4$ e-gar /*andurāram šakānum*	om na die moeder terug te keer en korrespondeer met *andurārum:* om vry te hardloop/vryheid
ana ittišu	skolastiese tekste
andurārum šakānum	om vryheid te bewerkstellig
Anu	hemelgod/vroeër hoofleier/vader van die gode
arad	slaaf
Aššur	god van die Assiriërs, aanvanklik ʼn lokale god van die stad Aššur, later hoofgod van die staat
awīlum	ʼn sekere klas persoon - gewone burger
bar duba	aantal skape: krediet is aangegee teen die rekening van die skaapherders vir skulde op grond van hulle **bar duba** verpligting
dam	vrou
demu edubba	skoliere
dīnān [ša] Hamnurabi	tablet vyf van die wette/besluite van Hammurabi
dīnāt mī šārim	regverdige besluite
dīnāt sharrim	koninklike besluite
dīnšu ul qati u ul šatir	die saak/reg/besluit is nie volledig en is nie (hier) geskryf
dīnu	besluit
di.til.la	hofrekords
dumu edubba	skrywer van die regter
dumu	kind
dumu-munus lú	dogter van die man
edubba/ *bīt-tuppi*	tablet huis
en	Sumeriese amptelike titel: tempel hoof
Enki/*Ea*	god van die vars onderwaters, die *abzu*, geassosieer met kuns, wysheid, magiese
Enlil/*Ellil*	een van die belangrikste gode en word beskryf as koning, vader, skepper, verwoestende storm, wilde bul en handelaar
ensi	Sumeriese amptelike titel: siviele hoof /goewerneur

ezebu	beteken letterlik om te verlaat/'n fisiese beweging te verduidelik /regsterm in die huwelikskonteks dui op egskeiding
gagum	tipe van 'n klooster bewoon deur 'n groep priesteresse
gimeaas = kinātu	kollegas
hirtu	eersterangse vrou
Hittiete	dit was 'n Indo-Europese groep wat in Anatolië - gevestig in 18de eeu v.C. en word later 'n groot militêre mag
***Inana** of Ištar*	mees belangrikste godin in Mesopotamië, persoonlikheid drieledig: godin van liefde en seksuele optrede, oorlogsgodin, planeet Venus die oggend- en aand ster
ĭsku	testikel en seun
kulmašītum	priesteres-groep
kudurru	beteken letterlik grenssteen
kidinnūtu	heffings in die toekoms
Kittu	die stamwoord *kânu* beteken om stewig te vestig/eerlikheid & geregtigheid (eng sin)
lú	man
Marduk	aanvanklik die stadsgod van Babilon, later die hoofgod. opkoms van die god word geassosieer met die opkoms van Babilon van stadstaat tot hoofstad van die ryk
maškim	hofbeampte
me	Sumeriese term: basiese konsep in Sumeriese godsdiens
Middel-Assiriese Periode	(ca.. 1400-1050 v.C.) Assirië het weer opkom as 'n politieke mag na 'n lang verval
mina	geldeenheid
mīšarum (Akkadies)	afkomstig van *eseru* – om reguit te gaan, in die regte weg of om in orde te wees), meer as een element-toestand van goeie orde of bestemming, herstel of vernuwe gepaard met die afkondiging van skuldkwytskelding
muškēnum	'n sekere klas vry persoon van laer status (term nie volledig verstaan nie)
Nabû	Mesopotamiese god van die skrywerskuns
naditu(m)	priesteres-groep

Neo-Assiriese Periode	(ca.. 934-610 v.C.) Assirië het uitgebrei om die dominante krag in die ONO te wees
Neo-Babiloniese Periode	(ca.. 900-539 v.C.) Babilonië het die magtigste staat in ONO geword
narû	steenmonument
níg.si.sá	goeie orde/bestemming/herstel/vernuwe: gepaard met die afkondiging van skuldkwytskelding (handhawing van orde)
Ningirsu	belangrike god vanaf die Vroeë Dinastiese Periode en die mees prominente god van Lagaš
Ninisina	godin wie se naam beteken "dame van Isin", patrones godin van die stad Isin, en veral geassosieer met heling
Nisaba en sy metgesel **Haja**	gode van skrywerskuns
nu di.til.la	'n soort van 'n Sumeriese hofdokument
voortekens	groot verskeidenheid van tegnieke om voortekens te interpreteer en was die taak van hoogsopgeleide skrywers
Oud-Babiloniese Periode	vanaf die einde van Ur III tot die Eerste dinastie van Babilon (ca.. 2000-1600) koning Hammurabi word die beste onthou
šabra/*ugula-e*	tempelhoof
šakkanaku	militêre hoof
Šamaš	songod
šar mīšarum	koning as skaapherder
šešgal	**adda edubba** se assistent
simdat šarrim	die koning se besluit
sukkal-mah	veiligheidshoof
summa	indien/as
terhatum	bruidsprys
tukum-bi	as
tupšarru/ umbisag/ dubsar	skrywer
Ur III- dinastie van Ur	gestig deur koning Ur-Nammu wat 'n gesentraliseerde burokrasie gehad het waarvan Sumeries die geskrewe taalmedium was
Vroeë Dinastiese Periode	tydperk in die derde millennium in suidelike Mesopotamië
zakûtu	private eiendomme

ziggoerat *(ziqqurrātu)*	piramidale tempel torings wat in baie van die stede van suidelike Mesopotamië opgerig was.

Ander terme en begrippe

Multi-sensory communication/ Multi-sensoriese kommunikasie	’n kommunikasiemedium waar al die sintuie betrokke is om 'n boodskap oor te dra
Performance/Opvoering	regshandelinge en ander vorme van handelinge wat soos ’n verhoogstuk deur die lede van ’n samelewing opgevoer, sodat deur die gebruik van al die sintuie die boodskap meer duideliker oorgedra en onthou kan word
Common law/Gemenereg	regstradisies van ’n stam wat van geslag tot geslag deur mondelingse oorlewering oorgedra is
Legal symbolism/Regsimbolisme	behels ’n simboliese handeling of gebaar wat in die gemeenskap opgevoer was om in ’n gegewe konteks vir ’n beperkte tydperk ’n sekere regsresultaat te simboliseer wat verskil van die fisiese resultaat

AANHANGSEL B TYDLYN VAN DIE SKRIF IN ANTIEKE MESOPOTAMIË MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES

Datums (v.C.)	Dinastieë	Sosiale ontwikkeling	Skryfkuns se ontwikkeling	Tipe rekords gevind
Voor ca. 7000	**Ou Steentydperk**	Jag en versameling – stamme. Numeriese inligting nodig vir gemeenskapslewe om aan te teken.	Tel met klippe, Tekeninge en verf.	Tekeninge en verfwerke.
Vanaf ca. 7000	**Neolitiese Tydperk**	Begin van landbou - vee en landerye. Geleidelike verdwyning van jag as primêre voedselbron. Verdeling van landbou produkte was nodig om te beheer, vooruit beplanning belangrik.	Tel met tekens gemaak van gebakte klei, gevorm om kommoditeit aan te dui.	Ongemerkte klei tekens.
ca. 3500 (3500-3000)	**Laat Uruk Periode**	Vroeë stede ontstaan - sommige burokrasieë, pottebakkerswiel en ploeg uitgevind. Die landbou sentrum word groter en meer goedere word geproduseer insluitende metale.	Tekens word ingekerf om kommoditeit aan te dui. Duim-grote klei tablette met nommers en somtyds diersoorte ingekerf.	Ingekeepte tekens. Ingekeepte klei tekens.
ca. 3200 (3000-2900)	**Jamdat Nasr Periode**	Stede word groter. Burokrasieë word meer. Monumentale geboue – tempels/ziggoerat gebruik as platform. Gebruik van koper vermeerder, gode word meer antropomorfies.	Tekenskrif. Sumeries grotendeels monosillabies - teken ’n woord en sillabe. Rebus beginsel word geleidelik bekendgestel.	Vroegste prentjie tablette.

Datums (v.C.)	Dinastieë	Sosiale ontwikkeling	Skryfkuns se ontwikkeling	Tipe rekords gevind
ca. 2600	**Vroeë DinastieIII (a). (2600-2500),** gevolg deur **Vroeë Dinastiese periode III (b) (2500-2371)**	Groei van tempels en koninklike landgoed.	Spykerskrif gee taal weer. Vanaf 2500 word Sumeriese skrif en Sumeriese instellings wyd versprei.	Koninklike inskripsies, verdrae, godsdienstige tekste, literatuur, geskiedkundige optekeninge. Vroegste literêre tablette komende van Abu Salabikh en Fara ontdek.
ca. 2334- 2004 ca. 2300	**Dinastieë van Akkad, en Ur III** Streekskoninkryk van Akkadië - eerste ryk wat deur Sargon begin het en deur sy afstammelinge behou word tot Naram-Sin. Val van Akkadië (ca. 2255).		Spykerskrif word die skryftaal van Akkadies en ander tale van Mesopotamië.	Spykerskriftablette en inskripsies: Inskripsie van koning Enmetena (Sumeries) van Lagaš (ca. 2400), Inskripsie van koning Urukagina (Sumeries) van Lagaš (ca. 2350) Inskripsie van koning Gudea (Sumeries) van Lagaš (ca. 2200), Versameling van koning Bilalama van Ešnunna (ca. 2268 tot 2259)

Datums (v.C.)	Dinastieë	Sosiale ontwikkeling	Skryfkuns se ontwikkeling	Tipe rekords gevind
ca. 2100	Begin van die **Ur III-dinastie** met koning Ur-Nammu	Koning beheer tempel landgoed. Internasionale handel.	Die taal Sumeries begin geleidelik as spreektaal te verdwyn. Skrywerskole	Fragmente van tablette van verskillende versamelings, stele van konings: (ca. 2100) Die Versameling van Ur-Nammu, koning van Ur (beskou as die versameling van sy seun Shulgi) - Sumeries - oorsprong Ur en gevind by Nippur.
ca. 2000 ca. 2000-1600 ca. 2017	Val van Ur III-dinastie (ca. 2004) Isin-Larsa, Oud-Babilonies en Oud-Assiriese periode Begin van die Eerste dinastie van Isin.	Die afbreek van gesentraliseerde regering. Groei van ekonomie buite staat. Begin van dinastie van Amoritiese oorsprong		
ca. 1975 ca. 1934-1924	**Isin Dinastie** Koning Lipit Ishtar van Isin, Eerste dinastievan Isin - vyfde koning.	Sumeriese samelewing duur voort veral by stede Isin en Larša.		Skooloefeninge van die 10 "Wette" Versameling van koning Lipit Ishtar van Isin, -Sumeries - oorsprong Isin(?), gevind by Nippur. Versameling van Ešnunna - Akkadies - oorsprong Ešnunna gevind by Tell Harmal.
ca. 1900	**Eerste dinastie van Babilon (ca. 1900)** (sg. Hammurabi dinastie)	Opgang van Babilon vanaf klein stad tot om een van die grootste magte in noordelike Babilonië te word. Vanaf 1700 opbloei van literatuur en wiskunde.		
ca. 1792-1750	Hammurabi word sesde koning van Hammurabi dinastie.			Versameling van Hammurabi - Akkadies, oorsprong Babilon. Gevind verskeie plekke Oorspronklike monumentale stele van koning Hammurabi uitgestal in Louvre in Parys, met namaaksels daarvan vandag in verskeie museums oor die wêreld heen.
ca. 1646	Ammi-saduqa is die 10de koning van die Hammurabi dinastie.			Inskripsie van koning Ammisi-duqa

Datums (v.C.)	Dinastieë	Sosiale ontwikkeling	Skryfkuns se ontwikkeling	Tipe rekords gevind
ca. 1150-750	**Middel-Babiloniese en Middel Assiriese Periodes**	Probleme om handelsroetes oop te hou. Samelewing goed georganiseer onder streng beheer van koning. Koning vervul pligte in die vorm van ’n kult. Priesterskap groot mag.	Taal: Assiriese dialek van die Akkadiese taal word genoem Oud-Assiries. Sumeries gebruik in literatuur MAL-Versameling is opgestel - kenmerkend die onderdrukkende bepalings teenoor vrouens in die samelewing.	Middel-Assiriese Versameling van Assur (ca. 1076)
ca. 744-539	**Neo-Assiriese en Neo-Babiloniese Periodes**	Aanvanklike aggressiewe uitbreiding, vasale state en geleidelike agteruitgang na Assurbanipal se dood.	Taal: Assiriese dialekte word sterk beïnvloed deur die Aramese taal. Sumeries gebruik in literatuur. Bekende groot biblioteek van Ashurbanipal in Ninevé wat kuns en kultuur bevorder het.	Neo-Babiloniese Versameling van Sippar (ca. 700)

(Sassoon (2001:aanhangsel,19), Roux (1992:aanhangsels), Oppenheim (1964:335-337), Saggs(2000:182-184), Frymer-Kensky (1980:234), Van de Mieroop 2007:302-317).

AANHANGSEL C KAART VAN ANTIEKE MESOPOTAMIË MET PLEKAANWYSING WAAR VERSAMELINGS EN INSKRIPSIES GESKRYF OF ONTDEK IS

Kopiereg © 1998 Oriental Institute, University of Chicago Hersien: April 17, 2000
(http://orientalinstitute.uchicago.edu/OI/INFO/MAP/SITE/Iraq_Site_150dpi.html)

Inskripsies

Inskripsie van koning Enmetena (Sumeries) van **Lagaš** (ca. 2400)

Inskripsie van koning Gudea (Sumeries) van **Lagaš** (ca. 2200)

Inskripsie van koning Urukagina (Sumeries) van **Lagaš** (ca. 2350)

Inskripsie van Ammi-saduqa (Hammurabi dinastie) van **Babilon** (ca.1646-1626)

Versamelings

Versameling van koning Bilalama van **Ešnunna** (ca. 2268 tot 2259)

Versameling van **Ešnunna** (ca. 2268-2259)

Versameling van Ur-Nammu/Šhulgi (Sumeries) van **Ur** (ca. 2112-2095)

Versameling van Lipit-Ishtar (Sumeries) van **Isin (ca.** 1934-1924)

Versameling van **Ešnunna** (Babilonies), (ca. 1900)

Versameling van Hammurabi (Babilonies) van **Babilon** (ca. 1792-1750)

Middel-Assiriese Versameling van **Assur (**ca. 1076)

Neo-Babiloniese Versameling van **Sippar** (ca. 700)

Ana ittišu of skolastiese tekste van die skrywerskole gevind orals in die ONO

Versameling van X (ca. 2050-1800)

Sumeriese Regsoefening Tablet (ca. 1800)

Wette Rondom 'n Verhuurde Os

Sumeriese Handboek van Vorme (Laat-Babilonies) (ca. 1700)

Alle datums is voor Christus
Ešnunna is Tell Asmar
Onderstreping op kaart is eie beklemtoning